

DIE PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA  
MET SPESIALE VERWYSING NA DIE  
FINANSIERING DAARVAN

deur

MATTHYS JOHANNES VAN REENEN

Aangebied ter voldoening aan die vereistes vir die graad

DOCTOR COMMERCII

(EKONOMIE/GELD- EN BANKWESE/BEDRYFSEKONOMIE)

aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike  
Hoër Onderwys.

Promotor: Prof. D.J.L. Jacobs

Pretoria

Januarie 1975

V O O R W O O R D

Hiermee wens ek die volgende persone en instansies te bedank vir hulle hulp met hierdie proefskrif:

- Prof. D.J.L. Jacobs, my promotor, vir sy waardevolle wenke, opbouende kritiek en geduld met die deurlees van die manuskrip.
- Die besture van die verskillende primêre sitruskooperasies wat goedgunstiglik inligting beskikbaar gestel het.
- Die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings vir addisionele inligting aan my beskikbaar gestel.
- My eggenote vir die tik van die manuskrip en die finale proefskrif, maar veral vir haar morele ondersteuning en aanmoediging.

M.J. van Reenen

Pretoria  
Januarie 1975

I N H O U D

Bladsy

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

A.	DIE EKONOMIESE AARD EN DOEL VAN LANDBOU-KOÖPERASIES . . . . .	1
1.	Inleiding .. . . .	1
2.	Die hoofkenmerke van 'n onderneming .. . . .	3
3.	Die koöperasie as onderneming of nie .. . . .	5
a.	Die koöperasie as selfstandige ekonomiese subjek .. . . .	5
b.	Die koöperasie en funksionering op 'n kontinue grondslag .. . . .	9
c.	Die koöperasie en kapitaalrisiko's .. . . .	10
d.	Die koöperasie en wins .. . . .	11
e.	Gevolgtrekking .. . . .	22
B.	PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE STUDIE .. . . .	23
C.	METODE .. . . .	27
D.	INDELING .. . . .	29

HOOFSTUK 2

ENKELE TEORETIESE ASPEKTE IN VERBAND  
MET DIE FINANSIERING VAN  
'N ONDERNEMING

A.	INLEIDING .. . . .	31
B.	DIE BEGRIP FINANSIERING .. . . .	32
1.	Inleiding .. . . .	32
2.	Die tradisionele beskouing .. . . .	32
3.	Die moderne beskouing .. . . .	33
4.	Gevolgtrekking .. . . .	34

	Bladsy
C. DIE KAPITAALBEHOEFTE VAN DIE ONDERNEMING .. ..	35
1. Die aard van die kapitaalbehoefte .. .. .	35
a. Inleiding .. .. .	35
b. Die vaste en die vlottende kapitaal .. .. .	35
(1) Die terminologie .. .. .	35
(2) Die onderskeid tussen vaste en vlottende kapitaal .. .. .	36
c. Die duursame en die wisselende kapitaal .. ..	38
2. Die omvang van die kapitaalbehoefte .. .. .	39
a. Die faktore wat die omvang van die kapitaal- behoefte bepaal .. .. .	39
b. Die kwantifisering van die kapitaalbehoefte	43
(1) Inleiding .. .. .	43
(2) Die korttermynbegroting .. .. .	43
(3) Die langtermynbegroting (projekbegroting)	46
c. Samevatting .. .. .	46
D. DIE BRONNE VAN KAPITAAL VIR DIE ONDERNEMING IN MAATSKAPPYVORM .. .. .	47
1. Die indeling van die bronne .. .. .	47
a. Die interne en die eksterne kapitaal .. .. .	47
b. Die eie, vreemde en halfvreemde kapitaal .. .	47
c. Die lang-, middel- en korttermynkapitaal .. .	48
2. Die gewone aandelekapitaal .. .. .	48
a. Aanspraak op wins .. .. .	49
b. Seggenskap in die leiding .. .. .	49
c. Die koste van gewone aandelekapitaal .. .. .	50
d. Termyn van beskikbaarstelling .. .. .	50
e. Sekerheid van rendement en risiko van kapi- taalverlies .. .. .	51
3. Vreemde langtermynkapitaal - die obligasielening	51
a. Inleiding .. .. .	51
b. Die obligasielening .. .. .	52
(1) Aanspraak op wins .. .. .	52
(2) Seggenskap in die leiding .. .. .	53
(3) Die koste van obligasiekapitaal .. .. .	53
(4) Termyn van beskikbaarstelling .. .. .	53
(5) Sekerheid van rendement en risiko van ka- pitaalverlies .. .. .	54

	Bladsy
4. Slotopmerkings .. .. .	55
E. DIE FINANSIERINGSBELEID VAN DIE ONDERNEMING ..	56
1. Inleiding .. .. .	56
2. Die doelstelling(s) van die onderneming en sy finansieringsbeleid .. .. .	56
3. Die rentabiliteitsoorweging .. .. .	56
a. Inleiding .. .. .	56
b. Die kombinering van vreemde lang- en kortter- mynkapitaal . . . . .	57
(1) Die finansiering van die duursame kapi- taalbehoefte .. .. .	57
(2) Die finansiering van die wisselende kapi- taalbehoefte .. .. .	57
c. Die kombinering van eie kapitaal met vreemde of halfvreemde kapitaal . . . . .	58
4. Die likiditeitsoorweging .. .. .	60
a. Die begrip likiditeit .. .. .	60
b. Die finansiering van die duursame kapitaal- behoefte . . . . .	61
c. Die finansiering van die wisselende kapitaal- behoefte . . . . .	62
5. Die solvabiliteitsoorweging .. .. .	63
a. Die begrip solvabiliteit .. .. .	63
b. Besondere sekerhede . . . . .	64
c. Die aard van die bates . . . . .	65
d. Die soort vreemde kapitaal . . . . .	65
e. Die omvang van die eie kapitaal . . . . .	66
f. Gevolgtrekking .. .. .	66
6. Die winsverwagtinge .. .. .	66
7. Gevolgtrekking .. .. .	67

F. DIE BEOORDELING VAN DIE FINANSIERINGSDOELTREF- FENDHEID DEUR GEBRUIK VAN FINANSIËLE VER- HOUDINGSGETALLE .. .. .	68
1. Die begrip finansiële verhoudingsgetalle .. ..	68
2. Die toepassingsgebied en gebruik van finansiële verhoudingsgetalle .. .. .	69
3. Die vergelykingsmaatstawwe .. .. .	70
4. Die verskillende finansiële verhoudingsgetalle	72
a. Likiditeitsverhoudingsgetalle .. .. .	72
(1) Die vlottende verhouding .. .. .	73
(2) Die vuurproefverhouding . . . . .	74
(3) Die kontantverhouding .. .. .	74
(4) Ander likiditeitsverhoudings .. .. .	75
b. Solvabiliteitsverhoudingsgetalle .. .. .	75
(1) Die skuldverhouding .. .. .	75
(2) Die rentedekkingsverhouding .. .. .	76
(3) Die skulddekkingsverhouding .. .. .	77
c. Rentabiliteitsverhoudingsgetalle .. .. .	77
(1) Die ondernemingsrentabiliteit . . . . .	77
(2) Die rentabiliteit van die bedryfswerk- same kapitaal .. .. .	78
(3) Die rentabiliteit van buitebeleggings ..	78
(4) Die rentabiliteit van vreemde kapitaal ..	78
(5) Die rentabiliteit van eie kapitaal .. ..	79
d. Aktiwiteits- of bestuursdoeltreffendheids- verhoudingsgetalle .. .. .	79
(1) Die verhouding tussen omset en totale kapitaal .. .. .	80
(2) Die verhouding tussen omset en vaste ka- pitaal . . . . .	80
(3) Die omsetsnelheid van vlottende kapitaal	80
(4) Die omsetsnelheid van voorrade .. .. .	81
(5) Die omsetsnelheid van debiteure .. .. .	81
(6) Die omsetsnelheid van kontant . . . . .	82
5. Beperkinge op die gebruik van finansiële ver- houdingsgetalle .. .. .	82
G. SLOT	83

## HOOFSTUK 3

DIE ROL, DOEL, FUNKSIES EN EIENSKAPPE VAN  
DIE PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES IN  
SUID-AFRIKA

A.	INLEIDING .. .. .	84
B.	DIE ORGANISATORIESE SAMESTELLING VAN DIE SITRUSBEDRYFSTAK EN DIE ROL VAN DIE PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES DAARIN .. .. .	84
	1. Inleiding .. .. .	84
	2. Die Sitrusraad .. .. .	85
	3. Die Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Sitrusbeurs Beperk .. .. .	86
	4. Die primêre sitruskoöperasies .. .. .	87
	5. Die sitrusprodusente .. .. .	87
	6. Slot .. .. .	88
C.	DIE FUNKSIES EN DOEL VAN DIE PRIMÊRE SITRUS- KOÖPERASIES .. .. .	88
	1. Inleiding .. .. .	88
	2. Die funksies van die primêre sitruskoöperasies .	88
	a. Inleiding .. .. .	88
	b. Sitrusbemarkingsfunksies .. .. .	89
	(1) Inleiding .. .. .	89
	(2) Gehaltetoetse .. .. .	90
	(3) Pluk .. .. .	90
	(4) Vervoer .. .. .	91
	(5) Opberging .. .. .	91
	(6) Gradering .. .. .	92
	(7) Verpakking .. .. .	92
	(8) Verspreiding .. .. .	92
	(9) Finansiering .. .. .	93
	(10) Dra van die risiko .. .. .	93
	(11) Sitrusverwerking .. .. .	94
	(12) Samevatting .. .. .	94
	c. Sitrusproduksiefunksies .. .. .	95
	d. Verskaffing van boerderybenodigdhede .. .. .	95
	e. Diverse funksies .. .. .	95

	Bladsy
f. Die funksies van die individuele sitrus- koöperasies .. .. .	96
g. Die relatiewe belang van die funksies by die individuele sitruskoöperasies .. .. .	98
h. Samevatting .. .. .	100
3. Die doel van die primêre sitruskoöperasies .. ..	101
D. INDIVIDUELE EIENSKAPPE VAN DIE PRIMÊRE SITRUS- KOÖPERASIES .. .. .	101
1. Inleiding .. .. .	101
2. Die bestaansjare .. .. .	102
3. Die ligging .. .. .	103
4. Die ledetalle .. .. .	105
5. Die getal sitrusbome .. .. .	107
6. Die massa en aard van die sitrusvrugte gehan- teer .. .. .	109
a. Die massa sitrusvrugte gehanteer .. .. .	109
b. Die aard van die sitrusvrugte gehanteer .. ..	112
7. Die groottes van die omsette .. .. .	114
a. Inleiding .. .. .	114
b. Die groottes van die totale omsette per koöpe- rasie .. .. .	114
c. Die groottes van die sitrusomsette per koöpe- rasie .. .. .	115
d. Die verband tussen die groottes van die sitrus- omsette en die massa sitrusvrugte gehan- teer .. .. .	116
e. Slot .. .. .	119
8. Die duur van die sitrusverpakkingseisoene .. ..	119
9. Die strekking van die finansiële jare .. .. .	121
E. SAMEVATTING .. .. .	122

## HOOFSTUK 4

DIE KAPITAALINVESTERING DEUR DIE PRIMÊRE  
SITRUSKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA

A.	INLEIDING .. .. .	124
B.	FAKTORE WAT DIE AARD EN OMVANG VAN DIE KAPITAALINVESTERING DEUR DIE SITRUSKOÖPERASIES KAN BEÏNVLOED .. .. .	125
1.	Die groottes van die koöperasies .. .. .	125
2.	Die funksies van die koöperasies .. .. .	126
a.	Die vaste kapitaalinvestering .. .. .	126
b.	Die vlottende kapitaalinvestering . . . . .	127
(1)	Die verpakking van sitrusvrugte .. .. .	127
(2)	Die vervoer en pluk van sitrusvrugte .. .. .	130
(3)	Die verskaffing van boerderybenodigdhede .. .. .	130
(4)	Ander funksies . . . . .	131
3.	Die vestigingsplekke van die koöperasies .. .. .	131
4.	Die ledetalle van die koöperasies . . . . .	132
5.	Die bestaansjare van die koöperasies . . . . .	133
6.	Die sitrusboomgetalle en die potensiële oesopbrengs per sitrusboom .. .. .	134
7.	Die samestelling van die sitrusoeste en die duur van die sitrusverpakkingseisoene .. .. .	135
8.	Die beleid van die koöperasies . . . . .	136
9.	Die kapasiteitsbesetting . . . . .	137
10.	Slot .. .. .	139
C.	DIE AARD EN OMVANG VAN DIE KAPITAALINVESTERING DEUR DIE SITRUSKOÖPERASIES . . . . .	140
1.	Die omvang van die kapitaalinvestering .. .. .	140
2.	Die aard van die kapitaalinvestering . . . . .	141
a.	Die vaste kapitaalinvestering .. .. .	141
b.	Die vlottende kapitaalinvestering . . . . .	143
c.	Die verhouding tussen die vaste en die vlottende kapitaalinvestering . . . . .	145

	Bladsy
3. Afleidingsbeperkings .. .. .	147
a. Die depresiasiebeleide .. .. .	147
b. Die strekking van die finansiële jare .. .. .	149
D. DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE KAPITAALINVESTERING DEUR DIE SITRUSKOÖPERASIES .. .. .	149
1. Inleiding .. .. .	149
2. Die verhouding tussen totale omset en vaste bates	152
3. Die verhouding tussen vaste bates en sitrusboom- getalle .. .. .	156
4. Die verhouding tussen vaste bates en die massa sitrusvrugte gehanteer .. .. .	158
5. Samevatting en evaluering van resultate .. .. .	160
6. Die vlottende kapitaalinvestering .. .. .	164
E. BEGROTINGS AS HULPMIDDEL VIR DOELTREFFENDER KAPITAALINVESTERING .. .. .	165
1. Inleiding .. .. .	165
2. Korttermynbegrotings .. .. .	166
3. Langtermynbegrotings .. .. .	168
4. Samevatting .. .. .	169
F. GEVOLGTREKKING .. .. .	169

## HOOFSTUK 5

### DIE KAPITAAL EN KAPITAALSTRUKTURE VAN DIE PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA

A. INLEIDING .. .. .	171
B. DIE AARD EN INDELING VAN DIE KOÖPERASIE- KAPITAAL .. .. .	171
C. DIE LEDEBYDRAES .. .. .	183
1. Inleiding .. .. .	183

	Bladsy
2. Die eie kapitaal .. .. .	183
a. Die eie kapitaal op onbepaald lang termyn (interne middele) .. .. .	183
(1) Ingehoue winste .. .. .	183
(a) Die algemene reserwefonds .. .. .	183
(i) Toekennings uit jaarlikse winste	184
(ii) Verbeurdverklaarde aandele .. ..	185
(iii) Boetes .. .. .	185
(iv) Onopgeëiste aandelegelde, lede- heffingsfondse, rente en bonusse .. .. .	188
(v) Verbeurdverklaarde roterende ledeheffingsfondse .. .. .	190
(vi) Kapitale winste .. .. .	191
(b) Reserwes vir gebeurlikhede .. .. .	196
(c) Geheime reserwes .. .. .	200
(2) Afskrywingsbedrae .. .. .	202
(3) Onverdeelde winste .. .. .	205
(4) Slot .. .. .	206
b. Die eie kapitaal op bepaald lang termyn (aan- delekapitaal) .. .. .	208
(1) Inleiding .. .. .	208
(2) Die nominale waarde van die aandele en die aanspreeklikheid tot betaling daarvan ..	209
(3) Die grondslag van aandelesbesit .. .. .	213
(a) Inleiding .. .. .	213
(b) Die getal sitrusbome per lid .. .. .	214
(c) Die sitrusvrugtelewerings per lid .. ..	229
(d) Die waarde van sake per lid .. .. .	235
(e) 'n Kombinasie van sitrusbome en sitrusvrugtelewerings per lid .. ..	236
(f) 'n Kombinasie van sitrusbome en die waarde van sake per lid .. .. .	240
(g) 'n Voorgeskrewe spesifieke minimum aandeelhouding per lid .. .. .	241
(h) Geen voorskrifte met betrekking tot aandeelhouding .. .. .	242
(i) Beoordeling en samevatting .. .. .	242
(4) Voorwaardelike aanspreeklikheid .. .. .	254
(5) Seggenskap in die leiding .. .. .	255
(6) Aanspraak op wins en koste .. .. .	260
(7) Termyn van beskikbaarstelling en die ri- siko van kapitaalverlies .. .. .	265

	Bladsy
c. Die belangrikheid van die verskillende tipes eie kapitaal .. .. .	276
3. Die verwante kapitaal .. .. .	278
a. Verwante langtermynkapitaal .. .. .	278
(1) Inleiding .. .. .	278
(2) Roterende ledeheffingsfondse .. .. .	282
(a) Algemeen .. .. .	282
(b) Die benaming van die fondse .. .. .	282
(c) Die grondslag van heffings teen lede	283
(d) Die omvang van heffings teen lede ..	286
(e) Die doeleindes van aanwending .. ..	289
(f) Die koste van die kapitaal .. .. .	290
(g) Die termyn van beskikbaarheid en die risiko van kapitaalverlies .. ..	295
(h) Moontlike aanpassings .. .. .	304
(3) Roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse .. .. .	306
(4) Lenings van lede .. .. .	308
(5) Die belangrikheid van die verskillende vorme van verwante langtermynkapitaal	310
b. Verwante korttermynkapitaal .. .. .	310
D. DIE VREEMDE KAPITAALBRONNE .. .. .	312
1. Vreemde kapitaal op die lang termyn .. .. .	313
a. Die Landbank .. .. .	313
(1) Inleiding .. .. .	313
(2) Paaieimentslenings vir normale kapitaaluitgawes .. .. .	314
(3) Paaieimentslenings as kapitaalbron .. ..	315
b. Obligasie-uitgiftes .. .. .	320
c. Ander langtermynlenings .. .. .	321
d. Die belangrikheid van die verskillende vorme van vreemde langtermynkapitaal .. .. .	321
2. Vreemde kapitaal op die kort termyn .. .. .	322
a. Die Landbank .. .. .	322
(1) Algemeen .. .. .	322
(2) Sekerheidstelling deur die Landbank vereis .. .. .	323
(3) Prosedure vir die aangaan van Landbankkorttermynlenings .. .. .	324
(4) Landbankkorttermynlenings as kapitaalbron .. .. .	324



	Bladsy
(1) Die verwante langtermynkapitaal .. .. .	372
(a) Die verpligte verwante langtermyn- kapitaal .. .. .	375
(b) Die vrywillige verwante langtermyn- kapitaal .. .. .	380
(2) Die verwante korttermynkapitaal .. .. .	380
c. Slot .. .. .	381
2. Die vreemde kapitaal .. .. .	384
D. SAMEVATTING .. .. .	385

HOOFSTUK 7

<u>ALGEMENE SAMEVATTING</u>	390
BIBLIOGRAFIE	401
BYLAE I : NAAM- EN ADRESLYS VAN DIE PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA SOOS OP 1 JANUARIE 1971	405
BYLAE II : VRAEBOOG	408

---

LYS TABELLE EN FIGURE

<u>Tabel/Figuur</u>	<u>Opskrif</u>	<u>Bladsy</u>
1.1	Aanvanklike reaksie van die primêre sitruskoöperasies op die versoeke om samewerking	29
1.2	Metodes waarop inligting oor die indiwiduele primêre sitruskoöperasies verkry is .	29
2.1	Skematiese voorstelling van die hulp- en hoofbegrotings van 'n fabrieksonderneming .	44
3.1	Skematiese voorstelling van die funksies van die sitruskoöperasies wat op 1 Januarie 1971 in Suid-Afrika geregistreer was . . . .	97
3.2	'n Vergelyking van die persentasiebydraes van verskillende aktiwiteite tot die totale jaarlikse omset van agtien sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare . . . . .	99
3.3	Die bestaansjare van die 21 sitruskoöperasies wat op 1 Januarie 1971 in Suid-Afrika geregistreer was . . . . .	103
3.4	Die ligging en die verband tussen die ligging en die bestaansjare van die sitruskoöperasies wat op 1 Januarie 1971 in Suid-Afrika geregistreer was . . . . .	104
3.5	Die ledetalle van die sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare . . . . .	105
3.6	Die getal sitrusbome by sestien sitruskoöperasies ingeskryf aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar . . . . .	107
3.7	Korrelasietabel (%) van sestien sitruskoöperasies volgens die ledetalle en sitrusboomgetalle aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar . . . . .	108
3.8	Die gemiddelde jaarlikse massa sitrusvrugte per koöperasie gedurende die 1968- en die 1969-sitrusbemarkingseisoene gehanteer . . .	109
3.9	Korrelasietabel (%) van sestien sitruskoöperasies volgens die boomgetalle en die gemiddelde jaarlikse massa sitrusvrugte gedurende die 1968- en 1969-sitrusbemarkingseisoene gehanteer . . . . .	110
3.10	Die gemiddelde samestelling van die totale sitrusoes by sewentien sitruskoöperasies vir die 1968- en die 1969-sitrusbemarkingseisoene . . . . .	113

	Bladsy	
3.11	Die groottes van die gemiddelde jaarlikse totale omsette van negentien sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. .. .	115
3.12	Die groottes van die gemiddelde jaarlikse sitrusomsette van twintig sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. .. .	116
3.13	Die gemiddelde massa sitrusvrugte deur sewentien sitruskoöperasies gedurende die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare gehanteer om een rand sitrusomset te lewer .. .	117
3.14	Die normale sitrusverpakkingseisoene van sestien sitruskoöperasies .. .. .	120
3.15	Die strekking van die finansiële jare van die sitruskoöperasies .. .. .	121
4.1	Die maksimum en minimum personeelbehoefte van dertien sitruskoöperasies vir die 1969-sitrusverpakkingseisoen .. .. .	129
4.2	Die beraamde graad van maksimum kapasiteitsbesetting van sitrusverpakkingsmasjinerie by dertien sitruskoöperasies vir die 1968- en 1969-sitrusverpakkingseisoene .. .	139
4.3	Die boekwaardes van die totale bates van die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar .. .. .	141
4.4	Die persentasiesamestelling van die vaste bates van die sitruskoöperasies bereken volgens boekwaardes aan die einde van die 1968/69 en die 1969/70 finansiële jare .. .	142
4.5	Die persentasiesamestelling van die vlot-tende bates van die sitruskoöperasies volgens boekwaardes aan die einde van die 1968/69 en die 1969/70 finansiële jare .. .	144
4.6	Die verhouding van die vaste tot die vlot-tende bates by die sitruskoöperasies volgens boekwaardes aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. .	145
4.7	'n Vergelyking tussen die kospryse en boekwaardes van die vaste bates by 'n aantal sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar .. .. .	148
4.8	'n Vergelyking van die gemiddelde jaarlikse verhoudings tussen die totale jaarlikse omsette en die vaste bates by 'n aantal sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. .. .	153

	Bladsy	
4.9	'n Vergelyking van die gemiddelde jaarlikse verhoudings tussen die vaste bates en die sitrusbome by 'n aantal sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. . . . . .	156
4.10	'n Vergelyking van die gemiddelde jaarlikse verhoudings tussen die vaste bates en die massa sitrusvrugte gehanteer by 'n aantal sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. . . . . .	158
4.11	Evaluering van die vaste kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid by 'n aantal sitruskoöperasies op grond van die afwyking vanaf die gemiddeld van die bedryfstak .. . . .	161
5.1	Skematiese voorstelling van die belangrikste kapitaalvorme tot die beskikking van landboukoöperasies in Suid-Afrika .. . . .	181
5.2	Veranderings in die waardes van die algemene reserwefondse van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika tussen die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. . . .	192
5.3	Veranderings in die waardes van die reserwes vir gebeurlikhede by die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika tussen die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. . . .	198
5.4	Die afskrywingsbeleide van enkele sitruskoöperasies in Suid-Afrika .. . . . . .	200
5.5	Opgehoopte afskrywingsbedrae tot die beskikking van 'n aantal primêre sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. . . . . .	204
5.6	Die samestelling van die eie kapitaal op onbepaald lang termyn by die primêre sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. . . .	207
5.7	Die opbetaalde aandelekapitaal van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika as persentasie van die nominale waarde van die uitgereikte aandelekapitaal aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar .. . . .	210
5.8	'n Vergelyking tussen die aandeelhouing by die primêre sitruskoöperasies en hulle ledetalle, sitrusbome, vrugtelewerings en omset .. . . . . .	251
5.9	Die verband tussen die grondslag van aandeelhouing by die sitruskoöperasies en hulle ligging .. . . . . .	253

	Bladsy	
5.10	Die hoogste bedrag van die voorwaardelike aanspreeklikheid verbonde aan die aandele van die primêre sitruskoöperasies .. .. .	254
5.11	Die toekenning van stemreg aan lede deur die primêre sitruskoöperasies .. .. .	256
5.12	Die rentekoerse op aandelekapitaal betaalbaar deur en aan die primêre sitruskoöperasies .. .. .	261
5.13	Die samestelling van die eie kapitaal by die primêre sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar . . .	276
5.14	Die maksimum jaarlikse bydraes wat die primêre sitruskoöperasies van lede tot die roterende ledeheffingsfondse kan verg . . .	287
5.15	Rentekoerse op die roterende ledeheffingsfondse deur die primêre sitruskoöperasies aan lede betaalbaar . . . . .	290
5.16	Die omvang van die verwante korttermynkapitaal by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar . . .	312
5.17	Die persentasiesamestelling van die vreemde korttermynkapitaal by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar .. .. .	328
5.18	Die persentasiesamestelling van die hoofvorme van kapitaal by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare .. .. .	331
5.19	Eenvoudige korrelasietabel van 21 sitruskoöperasies volgens bestaansjare en relatiewe belangrikheid van eie tot totale kapitaal aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar .. .. .	334
5.20	Eenvoudige korrelasietabel van 21 sitruskoöperasies ten opsigte van die aandeleoproepe en die relatiewe belangrikheid van eie tot totale kapitaal aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar .. .. .	335
6.1	Die likiditeit van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare ..	357
6.2	Die verband tussen die omvang van die interne kapitaal en die kapitaalinvesterings in grond en geboue by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar .. .. .	361

6.3	Die mate waarin die primêre sitruskoöperasies hulle interne kapitaal aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar sou moes verhoog om 75 persent dekking en volle dekking van hulle investering in grond en geboue deur interne kapitaal te verseker .. .. .	364
6.4	Die verband tussen die eie kapitaal en die kapitaalinvesterings in vaste bates by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar .. .. .	366
6.5	Veranderings nodig in die huidige (1969/70) omvang van die opbetaalde aandelekapitaal van die primêre sitruskoöperasies om die opbetaalde aandelekapitaal gelyk te bring aan of die totale investering in vaste bates minus 75 persent van die investering in grond en geboue of die totale investering in vaste bates minus die huidige (1969/70) omvang van die interne kapitaal	369
6.6	Vereiste veranderings in die hoeveelhede uitgereikte aandele deur die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar ten einde die koöperasies in staat te stel om aan sekere kriteria vir doeltreffende finansiering te voldoen . . .	371
6.7	Die rol van die verwante langtermynkapitaal in die finansiering van die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar .. .. .	373
6.8	Veranderings nodig in die omvang van verpligte verwante langtermynkapitaal by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar ten einde die omvang daarvan gelyk te stel aan twintig persent van die koöperasies se investerings in vaste bates .. .. .	379
6.9	Die netto invloed van voldoening aan die gestelde kriteria van doeltreffende finansiering op die omvang van die verpligte langtermynledebydraes by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar .. .. .	382
6.10	Vereiste aanpassings in die kapitaalstrukture van die primêre sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar om aan die gestelde kriteria vir 'n doeltreffende finansieringsbeleid te kan voldoen .. .. .	386

## HOOFSTUK 1

### ALGEMENE INLEIDING

#### A. DIE EKONOMIESE AARD EN DOEL VAN LANDBOUKOÖPERASIES

##### 1. Inleiding

As gevolg van 'n verskeidenheid redes is dit vir boerdery-ondernemings dikwels onmoontlik om op 'n individuele grondslag alle ondernemingsfunksies ekonomies en tegnies doeltreffend uit te voer.<sup>1)</sup> Gevolglik gaan sodanige boerderyondernemings dan meesal oor tot die stigting van landboukoöperasies. Die hoofdoel van so 'n landboukoöperasie is om op 'n gesamentlike, vrywillige en kontinue grondslag sommige boerderyondernemingsfunksies geheel of gedeeltelik volgens die ekonomiteitsbeginsel namens die deelnemende boerderyondernemings (lede) te verrig om sodoende die winsgewendheid van hierdie boerderyondernemings te verhoog. Benewens hierdie hoofdoelstelling, wat geheel en al ekonomies gefundeerd is, kan landboukoöperasies ook 'n verskeidenheid newedoelstellings van 'n etiese, politieke, opvoedkundige en sosiale aard nastreef. By die landboukoöperasies bly hierdie ander doelstellings egter altyd ondergeskik aan die ekonomiese doelstelling.<sup>2)</sup>

Daar bestaan algemene eenstemmigheid dat 'n koöperasie se hoofdoelstelling ekonomies gefundeerd is. Meningsverskil heers egter oor die vraagstuk of 'n koöperasie 'n onderneming is of

- 
- 1) Helm, F.C. *The economics of co-operative enterprise*. London: University of London Press, 1968, p.30-31, gee 'n beknopte, dog volledige uiteensetting van die beweegredes vir die stigting van landboukoöperasies.
- 2) Coetzee, F.J.J. *Landboukoöperasies in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering*. (D.Comm.-proefskrif) Leiden: 1957, p.13-14; Helm, F.C. *op.cit.*, p.22 en Don, Y. "Economic analysis of agricultural co-operation" in *Year book of agricultural co-operation 1960*, Oxford: Basil Blackwell, 1960, p.57-58.

nie.<sup>1)</sup> In dié opsig is daar twee breë denkrigtings. Die een denkrigting sien 'n koöperasie slegs as 'n onselfstandige hulporgaan of *verlengstuk* van sy lede se bedrywighele. Die ander groep beskou die koöperasie as 'n *onderneming* wat soortgelyk aan, maar nie dieselfde as die „gewone” ondernemings is nie.<sup>2)</sup>

Soos uit die titel blyk is dit nie die doel van hierdie studie om in die meningsverskille oor die ekonomiese aard van koöperasies betrokke te raak nie. Dit is egter van primêre belang om in 'n studie van die koöperasiewese standpunt oor hierdie vraagstuk in te neem, want eers dan kan die probleemstelling, doel en bevindings van die studie in die regte perspektief beoordeel word.

Daar is reeds aangetoon dat die doel van 'n koöperasie *ekonomies gefundeerd* is. In die volgende subparagrafe sal standpunt oor die ekonomiese aard van die koöperasie in *werklikheidsvorm* en nie van die koöperasie in *ideaaltipiese vorm* ingeneem

- 
- 1) Jacobs, D.J.L. *Die aard van koöperasie*. (Ongepubliseerde M.Comm.-skripsie). Potchefstroom: P.U. vir C.H.O., 1966; en Aucamp, C.F. *Koöperatiewe denke*. (Ongepubliseerde M.Comm.-verhandeling). Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch, 1966, gee oorsigtelike samevattinge oor die vroeëre denke in hierdie verband.
- 2) Die verlengstukteorie word in een of ander vorm aangehang deur o.a. Robotka, F. „A theory of cooperation” in *Journal of farm economics*. Vol. 29, Februarie 1947, p.95-113; Phillips, R. „Economic nature of the cooperative association” in *Journal of farm economics*. Vol.35, 1953, p.75-87 en Don, Y., *op.cit.*, p.47-75. Die koöperasie word as 'n onderneming beskou deur o.a. Helm, F.C., *op.cit.*; Smith, L.P.F. *The evolution of agricultural co-operation*. Oxford: Basil Blackwell, 1961; Savage, J.K. „Comment on economic nature of the cooperative association” in Abrahamsen, M.A. en C.L. Scroggs. red. *Agricultural cooperation; selected readings*. Minneapolis: University of Minnesota Press, 1957.

word.<sup>1)</sup>

## 2. Die hoofkenmerke van 'n onderneming

By die ontleding van die vraag of 'n koöperasie 'n onderneming is of nie moet die uitgangspunt wees om 'n aanvaarbare definisie van 'n onderneming te vind en die koöperasie daaraan te toets.

So 'n definisie moet nie slegs 'n sekere soort onderneming soos die publieke maatskappy tipeer nie, maar moet vir alle soorte ondernemings geld. Dit is byvoorbeeld nutteloos om die koöperasie aan 'n definisie van die publieke maatskappy te toets en daaruit te konkludeer dat die koöperasie, omdat hy van die publieke maatskappy verskil, nie 'n onderneming is nie. Sou hierdie metode toegepas word dan sal die private maatskappy, die vennootskap en die eenmansaak ook nie ondernemings wees nie, want almal verskil grootliks van mekaar en van die publieke maatskappy. Die definisie moet ook sodanig wees dat dit nie beskou kan word as 'n doelbewuste poging om een of ander gedagterigting waarop vooraf besluit is, te akkommodeer nie.

Verskillende definisies van 'n onderneming bestaan in die literatuur. Aandag word hier aan enkeles geskenk.

Rädel en Reynders<sup>2)</sup> beskou 'n onderneming as 'n selfstandige ekonomiese subjek wat se „hoofkenmerke is die dra van risiko, die

- 1) Dit het vir die doel van hierdie studie weinig nut om soos Don, Y., *op.cit.*, 'n teoretiese model te ontleed, en dan soos volg te moet toegee nie: „The co-operative analysed above, is a purely theoretical model. No exact imitation of such an association may exist in real life". (*Ibid.*, p.72) en „One can either concentrate on a functional analysis of existing economic institutions ... or one can seek to analyse something truly co-operative but possibly non-existent. Here the latter method of inquiry has been chosen". (*Ibid.*) en „The validity of the theory ... is confined to a certain type or to a limited range of types of co-operative association". (*Ibid.*, p.73).
- 2) Rädel, F.E. en H.J.J. Reynders. red. *Inleiding tot die bedryfs- ekonomie*. Pretoria: Van Schaik, 1965, p.9.

renderend maak van kapitaal en die kontinuïteit".

Phillips<sup>1)</sup> sien die aangeleentheid so: „A firm is a sovereign business unit which pursues its own economic career and which makes its own business decisions".

Don<sup>2)</sup> laat hom soos volg uit: „We regard a capitalistic enterprise as an acquisitive economic unit whose main and ultimate aim is profit maximization".

Draheim<sup>3)</sup> sien as wesenskenmerk van die onderneming „die toepassing van die ekonomiteitsprinsipe en die dra van risiko's."

De Vries<sup>4)</sup> omskryf die onderneming „as 'n selfstandige ekonomiese subjek wat ten doel het om die daarin belegde kapitaal winsgewend te maak deur, in antispasie op die vraag en met die daaraan verbonde kapitaalrisiko, goedere en dienste op die mark aan te bied".

- 1) Aangehaal deur Don, Y., *op.cit.*, p.59-60.
- 2) Don, Y., *op.cit.*, p.59. Hierdie definisie van 'n onderneming is te eng in dié sin dat 'n onderneming nie noodwendig winsmaksimering nastreef nie. Castle, et al. *Farm business management; the decision-making process*. New York: Macmillan, 1972, p.3-5 toon m.i. heeltemal tereg aan dat die boerderyonderneming in die vorm van die eenmansaak en die vennootskap wel 'n winsstrewende het maar dikwels nie winsmaksimering as hoofdoelstelling sien nie. 'n Gelukkige gesinslewe, vrye tyd en 'n lewe na aan die natuur mag swaarder weeg as winsmaksimering. Daar bestaan selfs geen volkome eenstemmigheid dat die winssoekende onderneming in die vorm van die publieke maatskappy na winsmaksimering streef nie. Kyk byvoorbeeld Rädcl, F.E. „What is wrong with profit maximisation?" in *Gevorderde bemarkingsvraagstukke*. (Studiegids) Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, 1972-73, p.1-13 waarin verskillende standpunte oor die aangeleentheid ter sprake kom.
- 3) Draheim, G. soos aangehaal in die *Verslag van die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede*. RP. 78/1967. Pretoria: Departement Landbou-ekonomie en -bemarking, 1967, p.57. Die siening van Draheim is te breed want die ekonomiteitsprinsipe geld oral waar rasioneel opgetree word.
- 4) De Vries, F. soos aangehaal deur die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.58.

Op grond van die voorafgaande definisies kan die volgende hoofkenmerke van die onderneming onderskei word:

- a. Dit moet 'n selfstandige ekonomiese subjek wees;
- b. dit moet op 'n kontinue grondslag funksioneer;
- c. dit moet 'n kapitaalrisiko loop; en
- d. dit moet die daarin belegde kapitaal winsgewend wil maak.

Die vraag is of die koöperasie hierdie kenmerke besit. Vervolgens word gepoog om 'n antwoord hierop te verstrek.

### 3. Die koöperasie as onderneming of nie

#### a. Die koöperasie as selfstandige ekonomiese subjek

Daar is eenstemmigheid daaroor dat 'n koöperasie 'n afsonderlike regspersoon is, maar dit maak die koöperasie nog nie 'n selfstandige ekonomiese subjek nie. Robotka<sup>1)</sup> en Don<sup>2)</sup> gee byvoorbeeld toe dat daar met die stigting van 'n koöperasie 'n nuwe regspersoonlikheid en besluitnemingsliggaam tot stand kom en alhoewel die bestaan van so 'n besluitnemingsliggaam volgens hulle 'n wesenskenmerk van die onderneming is, maak dit die koöperasie nog nie 'n onderneming nie, omdat in die woorde van Don<sup>3)</sup> „This power (of decision-making) has been granted to the co-operative by each member firm by a previous mutual agreement according to which each individual member firm has voluntarily surrendered to the association his power of decision in certain pre-designated affairs“. Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede<sup>4)</sup> merk in hierdie verband tereg soos volg op: „Dit is nie in te sien hoe (die) betoog omtrent die aangaan van 'n sekere

---

1) Robotka, F. „A theory of cooperation“ in Abrahamsen, M.A. en C.L. Scroggs, *op.cit.*, p.131-132. Die inhoud van hierdie artikel verskil in sekere opsigte van die artikel met dieselfde titel in *Journal of farm economics* wat vroeër aangehaal is.

2) Don, Y., *op.cit.*, p.60-61.

3) *Ibid.*, p.61.

4) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.54-55.

ooreenkoms deur die deelnemende bedryfshuishoudings die ontstaan van 'n onderneming uitsluit nie. Iedere onderneming waaraan meerdere regspersoonlikhede deelneem, soos dié in die vorm van die vennootskap of die maatskappy, berus op 'n ooreenkoms waarby die deelnemers onder andere beding dat hulle seggenskap in die leiding van die onderneming sal hê".

Wat gebeur in die praktyk in Suid-Afrika by die stigting van 'n koöperasie? 'n Nuwe regspersoonlikheid kom tot stand wat binne die breë raamwerk van die regulasies soos deur die lede op die stigtingsvergadering goedgekeur en enige latere wysigings daaraan (goedgekeur deur 'n twee-derde meerderheid van die lede wat in eie persoon of deur gevolmagtigdes hulle stemme op 'n spesiale algemene vergadering uitbring)<sup>1)</sup> deur 'n raad van direkteure (deur die lede met 'n gewone meerderheid van stemme verkies) en 'n personeel (deur die raad van direkteure aangestel) bestuur word. Die breë beleid word dus deur die meerderheid van die lede bepaal wat ook 'n raad van direkteure aanstel wat binne die raamwerk van die breë beleid, beslissings neem wat op al die lede van die koöperasies bindend is. Die raad van direkteure stel weer 'n personeel aan wat ook binne die raamwerk van hulle opdragte beslissings in die normale loop van sake neem wat verreikende gevolge vir die afsonderlike lede kan hê.

Die raad van direkteure stel in Suid-Afrika byvoorbeeld binne perke die minimum bedrag wat op die algemene reserwefonds geplaas word, vas<sup>2)</sup> en kan byvoorbeeld ook lenings tot 'n maksimum van die helfte van die opbetaalde aandelekapitaal van 'n koöperasie met beperkte aanspreeklikheid sonder goedkeuring van die lede aangaan.<sup>3)</sup> As die meerderheid van die lede nie met die optrede van die raad van direkteure tevrede is nie kan hulle 'n nuwe

---

1) *Die Wet op Koöperatiewe Verenigings.* (Wet 29 van 1939, soos gewysig). Pretoria: Staatsdrukker, artikel 19.

2) *Die Modelstatuut vir Koöperatiewe Landboumaatskappye met beperkte aanspreeklikheid.* Pretoria: Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, 1972, artikel 106.

3) *Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, op.cit.,* artikel 25.

raad oor 'n tydperk kies. Dit verander egter nie daaraan dat die besluite wat geneem is bindend op al die lede is nie.

Die raad van direkteure delegeer sekere bevoegdhede aan die personeel van die koöperasie. So mag die personeel die bevoegdheid besit om by 'n inkoopkoöperasie voorrade na goeddunke aan te koop en by 'n afsetkoöperasie om te besluit na watter marke produkte gestuur moet word. Foutiewe besluite oor sodanige aspekte kan vanselfsprekend nadelige gevolge vir sommige of al die lede hê.

Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede konkludeer soos volg oor die koöperasie as selfstandige ekonomiese subjek: „Die koöperasie, altans as ideaaltipiese konstruksie, dien weliswaar slegs die belange van sy lede, maar dit beteken geensins dat sy handelingde deurgaans beheers word deur beleidsbeslissinge waarmee al sy lede ... dit eens is nie. Inteendeel, deur die ontstaan van die koöperasie as vaste en duurzame instelling kom 'n nuwe sentrum van wils- en beleidsvorming naas dié van die samewerkende bedryfs- of verbruikshuishoudings tot stand. In die koöperasie geld 'n nuwe wil, die meerderheidswil, en die ekonomiese uitwerking kan, en sal ook dikwels, anders wees as dié by geleentheidsamewerking, ... want by laasgenoemde moet almal dit eens wees voordat die samewerking kan plaasvind"<sup>1)</sup> en „In die eerste plaas is ook die koöperasie selfstandig, in die sin dat hy op iedere moment beskik oor 'n afsonderlike kapitaalfonds en dat hy dié aanwend volgens die beslissinge van 'n afsonderlike leiding. Dat die geldmiddelle van die koöperasie vir 'n meer of minder groot deel op ander voorwaardes as byvoorbeeld dié van die onderneming in maatskappyvorm aangetrek word, is op hierdie vlak van geen wesenlike belang nie: van wesenlike belang is hier slegs dat daar 'n afgeskeie hoeveelheid in geld uitgedrukte beskikkingsmag oor produksiemiddelle is wat die koöperasie na eie goeddunke kan uitoefen".<sup>2)</sup>

---

1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.54.

2) *Ibid.*, p.58.

By die stigting van 'n koöperasie kom 'n nuwe sentrum van wils- en beleidsvorming dus tot stand. Breë of primêre beleidsbeslissings word nie deur die gesamentlike wil van die deelnemende lede nie, maar deur die meerderheidswil (en soms, soos hierna aangetoon sal word, deur 'n minderheidswil) gemaak. Sekondêre (maar nie noodwendig minder belangrike) beleidsbeslissings word deur enkele lede (die raad van direkteure) en vreemdes (die personeel) gemaak. Dit behoort dus duidelik te wees dat die koöperasie as 'n selfstandige ekonomiese subjek afsonderlik van die wil van elk van sy deelnemende lede funksioneer. Daar is ook nie sprake van 'n *gesamentlike* wil nie, slegs van 'n *meerderheidswil*. Hiermee word nie beweer dat die bande tussen die lid en sy koöperasie nie gewoonlik nouer is as dié tussen die aandeelhouer en die groot publieke maatskappy nie. Die bande is inderdaad by veral die kleinere koöperasies baie nou. Dieselfde kan egter ook by die private maatskappy en by „familiesake“ in die algemeen geld.<sup>1)</sup>

Nog enkele opmerkings oor die meerderheidswil as besluitnemer by die koöperasie. In Suid-Afrika gebeur dit dikwels dat die algemene vergaderings van koöperasies deur die lede van die koöperasies swak bygewoon word.<sup>2)</sup> Die kworumvereistes wat gestel word is dan ook besonder laag.<sup>3)</sup> By 'n koöperasie met 100 lede is die kworumvereiste byvoorbeeld tien lede wat in eie persoon teenwoordig is of wat deur gevolmagtigdes verteenwoordig word. Dit is dus prakties moontlik dat tien of minder lede van 'n koöperasie met 100 lede op 'n algemene vergadering in eie persoon teenwoordig is en dan wettige, bindende besluite kan neem

---

1) Helm, F.C., *op.cit.*, p.20 en die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.58, erken ook dat daar meesal 'n noue band tussen die koöperasie en sy lede bestaan, maar Helm skryf „the co-operative must be considered a separate entity despite the close economic ties with members“.

2) Die Koöperatiewe Raad. *Inleiding tot die koöperasiewese*. Pretoria: Koöperasiepers, 1966, p.85.

3) Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*, artikel 37(3).

as ses van die lede ten gunste daarvan is. Dit is ook moontlik om byvoorbeeld die regulasies op 'n spesiale algemene vergadering te wysig as sewe van die tien lede ten gunste daarvan is. Die praktiese situasie in Suid-Afrika is dus dat die minderheid van die lede van 'n koöperasie breë beleidsbesluite kan neem wat bindend op al die lede is.

b. Die koöperasie en funksionering op 'n kontinue grondslag

Daar kan min, indien enige twyfel bestaan dat die koöperasie gestig word om op 'n kontinue grondslag te funksioneer. Koöperasies soos hulle vandag bekend is, word nie vir 'n eenmalige geleentheidsamewerking gestig nie.

Boshoff<sup>1)</sup> vestig die aandag daarop dat die koöperasie van die winsonderneming daarin verskil dat die winsonderneming oor 'n groter kontinuïteit as die koöperasies beskik. Horryng het ook die aandag van die Kommissie van Onderzoek<sup>2)</sup> op die groter soepelheid van die gewone onderneming in vergelyking met die koöperasie gevestig. In die algemeen is dit so dat die gewone onderneming oor groter soepelheid as die koöperasie beskik en dus makliker as die koöperasie 'n ander produksierigting kan inslaan. Vir die langtermynvoortbestaan is hierdie groter soepelheid belangrik. Om hieruit egter te konkludeer dat die koöperasie nie op 'n kontinue grondslag funksioneer nie en dus nie 'n onderneming is nie, sal foutief wees. Vroeër in hierdie subparagraaf is die aandag reeds daarop gevestig dat die koöperasie, soos ook die ondernemings in maatskappy-, vennootskap- en eenmanvorm, gestig word om op 'n kontinue grondslag te funksioneer. As iets onvoorsiens gebeur wat hierdie kontinuïteit en dus die voortbestaan van die koöperasie beëindig, dan wil dit nog nie sê dat die koöperasie nie 'n onderneming was nie. Die onderneming in vennootskapsvorm en die eenmansaak word immers beëindig by die

- 
- 1) Boshoff, C.H. *Die finansiering van landboukoöperasies in Suid-Afrika.* (Ongepubliseerde D.Comm.-proefskrif) Potchefstroom: P.U. vir C.H.O., 1971, p.39.
- 2) Horryng, J. aangehaal deur die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.59.

afsterwe van 'n vennoot of die eienaar (wat nie met die koöperasie gebeur nie) en baie gevalle is ook bekend van maatskappye wat om een of ander rede gelikwideer is. Kontinuïteit beteken nie voortbestaan tot in die verre verskiet nie; die begrip word in teenstelling met enkelmalige geleentheidstransaksies gebruik.

c. Die koöperasie en kapitaalrisiko's

Daar bestaan 'n redelike mate van eenstemmigheid daaroor dat die koöperasie, soos die „gewone” onderneming 'n kapitaalrisiko loop. Don<sup>1)</sup> laat hom in hierdie verband so uit: „Consequently a new risk-bearing body has come into existence, which is bound to bear the responsibility and the risk attaching to its decision”. Robotka<sup>2)</sup> en Rädcl en Reynders<sup>3)</sup> beweer ook dat die koöperasie 'n risikodraende liggaam is en Helm<sup>4)</sup> merk soos volg op: „The management of the society must develop its own initiative anticipating members' needs and expanding the business in various directions, thus taking risks”.

Die Kommissie van Ondersoek<sup>5)</sup> vat die hele vraagstuk soos volg baie duidelik saam: „... ook die koöperasie (loop) 'n kapitaalrisiko, want hy antisipeer op die vraag van die mark, of dié nou uit derdes dan wel uit lede bestaan ... Misgis hy hom, dan is daar kapitaalverlies, dit wil sê verlies van 'n meer of minder groot deel van die kapitaalfonds waaroor hy die beskikking gehad het. Dat in beginsel sy lede die verlies kan of moet dra, verander aan die wese van die saak niks - dit is by die gewone ondernemingsvorme nie anders nie”.

Dat die koöperasie 'n kapitaalrisiko, soos die „gewone” ondernemings dra kan dus moeilik in twyfel getrek word.

- 
- 1) Don, Y., *op.cit.*, p.61.
  - 2) Robotka, F. in *Journal of farm economics*, *op.cit.*, p.103-104.
  - 3) Rädcl, F.E. en H.J.J. Reynders, *op.cit.*, p.202.
  - 4) Helm, F.C., *op.cit.*, p.20.
  - 5) Die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.58.

d. Die koöperasie en wins

Daar bestaan uiteenlopende menings oor die vraagstuk of 'n koöperasie 'n winsstrewe het of nie en of 'n koöperasie inderdaad 'n wins of verlies maak of kan maak. Die aandag word hier slegs op drie menings in hierdie verband gevestig, waarna 'n eie mening oor die aangeleentheid uitgespreek sal word.

Don<sup>1)</sup> beweer dat 'n koöperasie wat slegs met sy lede handel geen eie inkomste of eie uitgawe het nie en dus geen wins of verlies kan maak nie. Die koöperasie is bloot 'n verlengstuk van sy lede en alle inkomste kom die lede toe en die lede is aanspreeklik vir die delging van alle uitgawes. Die koöperasie lewer diens teen kosprys en 'n surplus van inkomste bo uitgawe wat mag ontstaan is die gevolg van oorvorderings in die geval van inkoopkoöperasies en onderbetalings in die geval van afsetkoöperasies. Hierdie surplus word aan elke lid in presiese ooreenstemming met die oorvorderings teen óf die onderbetalings aan hom terugbetaal. In die geval van 'n tekort, dus waar die uitgawes die inkomste oorskry, beteken dit in die geval van die inkoopkoöperasie dat ondervorderings of, in die geval van afsetkoöperasies, oorbetalings gemaak is. Elke lid moet dan aan die koöperasie die presiese bedrag van die ondervordering of oorbetalings terugbetaal. Don<sup>2)</sup> gee egter toe dat die koöperasie wat met nie-lede handel 'n wins of verlies realiseer en dan word die koöperasie volgens hom 'n onderneming.

Afgesien van sekere wesenlike besware teen hierdie siening van Don wat nie hier ter sprake is nie, kan dit moeilik ingesien word hoe oor- en ondervorderings en oor- en onderbetalings in die praktyk presies na elke individuele lid teruggevoer word.

In die praktyk word 'n surplusinkomste, na sekere aftrekkings vir rente op aandele en reserwes,<sup>3)</sup> as 'n omsetbonus van

---

1) Don, Y., *op.cit.*, p.60-71.

2) *Ibid.*, p.71.

3) Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 106.

sê vyf persent onder alle lede verdeel. Dit is ondenkbaar dat die onderbetaling of oorvordering ten opsigte van alle lede presies dieselfde persentasie van hulle omsette met die koöperasie sal bedra.<sup>1)</sup> Deur hierdie metode van surplusverdeling te volg is dit maklik denkbaar dat 'n lid wat reeds te min betaal het of aan wie reeds te veel uitbetaal is, nog 'n terugbetaling van die koöperasie ontvang. Van bediening teen kosprys is hier dan geen sprake nie. Waarvan wel sprake is, is dat daar van een lid geneem en aan 'n ander gegee word. Ongelukkig is die metode van surplusverdeling die enigste koöperatief korrekte metode wat in die praktyk toegepas kan word en teen die metode is daar dan ook geen beswaar nie. Die beswaar is daarteen dat die metode van surplusverdeling beskou word as 'n metode om, in die geval van 'n surplus, bediening teen kosprys te verseker.

Don beweer ook dat 'n tekort presies van elke lid verhaal word om weer eens bediening teen kosprys te verseker. Hoe dit in die lig van die voorgaande opmerkings elders in die wêreld in die praktyk kan geskied is ook ondenkbaar. In Suid-Afrika geskied dit nie. Hier word 'n tekort ('n oorskot van uitgawes bo inkomste) wat in 'n besondere jaar ontstaan na die volgende jaar oorgedra en van die surplus (indien enige) van daardie jaar verhaal voordat enige verdere omsetbonusse verklaar kan word. Hoe daar in die koöperatiewe praktyk dus nog enige sprake van bediening teen kosprys kan wees is onverstaanbaar.

Boshoff merk in hierdie verband soos volg op:<sup>2)</sup> „Die koöperasie kan net 'n onselfstandige hulporgaan bly indien dit byvoorbeeld die lid se produk bemark en die opbrengs na aftrekking van kostes en reserwes<sup>3)</sup> aan die lid terugbesorg. Daarom is <sup>4)</sup> die koöperasie nie belasbaar nie (maak hy dus nie 'n wins nie).

1) Die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.63-64, vestig ook die aandag op hierdie drogredenasie wat so dikwels in die koöperatiewe literatuur en deur praktiese koöperateurs gevolg word.

2) Boshoff, C.H., *op.cit.*, p.34.

3) Dit is nie duidelik hoe die vorming van reserwes met die beginsel van bediening teen kosprys te versoen is nie.

4) Invoeging deur skrywer.

Sodra die lid 'n bonus (wat deel van 'n prys is) ontvang wat voortspruit uit ander aktiwiteite as sy eie, is die koöperasie nie meer 'n onselfstandige hulporgaan (verlengstuk van die lid se boerdery) nie en is dit in dié opsig belasbaar (maak dit dus 'n wins)<sup>1)</sup>."

As oplossing vir hierdie probleem van bonusbetalings aan 'n lid uit 'n surplus wat nie uit sy eie aktiwiteite voortvloei nie, stel Boshoff<sup>2)</sup> die betaling van differensiële bonusse en die hou van meerdere afsonderlike poele vir byvoorbeeld verskillende grade, kwaliteite en variëteite sitrusvrugte voor.

Alhoewel die betaling van differensiële bonusse en meerdere afsonderlike poele die probleem dat 'n lid voordeel kan trek uit aktiwiteite waaraan hy nie deel het nie sekerlik kan *verminder* sal hierdie probleem in die praktyk nooit *uitgeskakel* kan word nie. Dit is immers prakties onmoontlik om die presiese koste verbonde aan en die presiese inkomste uit elke artikel wat 'n groot inkoopkoöperasie hanteer te bepaal. Dit is net so prakties onmoontlik en ekonomies seker nie geregverdig, om presies rekord te hou van elke afsonderlike item wat elke lid by die koöperasie aankoop nie.

Verpoeling impliseer dat op gemiddelde uitgawes en gemiddelde inkomste gewerk word en dit is ook seker die enigste praktiese metode wat 'n afsetkoöperasie in die geval van baie landbouprodukte kan toepas. Dit is immers 'n onmoontlike taak om die presiese uitgawes en inkomste verbonde aan die afset van elke deelnemende lid se produkte te bepaal. Dit is egter duidelik dat elke lid onder 'n stelsel van verpoeling nie slegs die inkomste en uitgawes verbonde aan sy besondere produk (aktiwiteite) ontvang en dra nie. Volgens Boshoff se beredenerings is 'n koöperasie in die praktyk dus nie 'n onselfstandige hulporgaan nie en maak dit 'n wins.

---

1) *Ibid.*

2) Boshoff, C.H., *op.cit.*, p.34-35.

Boshoff beweer ook dat 'n koöperasie nie 'n winsstrewe het nie. Hy definieer wins in die fundamenteel-ekonomiese betekenis van die woord korrek as „die positiewe verskil tussen 'n bepaalde produksie-opbrengs en die koste aangegaan om hierdie opbrengs te verkry”,<sup>1)</sup> en gaan dan verder deur te sê „Wel moet die koöperasie hierdie kapitaal sodanig gebruik dat die koste nie hoër as die opbrengs van die aktiwiteit is nie. Hierdie strewe na die gunstigste verskil tussen die koste en die opbrengs by 'n koöperasie beteken nie 'n winsstrewe nie. Dit behels slegs die metode van handeling, naamlik dat die koöperasie sy funksie as hulpbedryf so ekonomies moontlik moet uitvoer. Die winsonderneming bereik sy doel ook langs dieselfde weg van die mees ekonomiese optrede, maar sy doel verskil van die van die koöperasie, wat wins nie as doel het nie”.<sup>2)</sup>

Dit is moeilik om die beredenering van Boshoff te kan aanvaar. Per definisie het die koöperasie 'n winsstrewe, maar omdat wins nie sy doel (hoofdoel) is nie kan dit nie as 'n winsstrewe beskou word nie. By die een (die gewone onderneming) is die strewe om 'n eie wins te maak die hoofdoel.<sup>3)</sup> By die koöperasie is die strewe na wins 'n middel tot 'n doel (in die geval van byvoorbeeld landbou-afsetkoöperasies om die winsgewendheid van die lede se boerderye te verhoog). So ook kan die een boerelid daarna streef om uit sy boerdery soveel moontlik wins te maak sodat hy sy boerdery-aktiwiteite verder kan uitbrei om nog meer wins te maak. Die ander boerelid mag die wins uit sy boerdery as middel tot 'n ander hoofdoel sien, byvoorbeeld om sy kinders na 'n universiteit te kan stuur. Hierdie verskillende doelstellings verander egter niks daaraan dat beide boerelede winsstrewes het nie. Hierdie winsstrewe van die koöperasie beteken nie noodwendig, soos later aangetoon sal word, dat hy ook 'n wins in die rekeningkundige en fiskale betekenis van die woord

---

1) *Ibid.*, p.31.

2) *Ibid.*, p.38-39.

3) Vroeër in hierdie hoofstuk is die aandag daarop gevestig dat al die gewone ondernemings nie noodwendig die strewe na wins as hoof- of enigste doelstelling het nie. Kyk voetnoot p.4.

hoef te maak nie.

Die Kommissie van Onderzoek<sup>1)</sup> skenk heelwat aandag aan die vraagstuk van die koöperasie en wins en kom tot die volgende gevolgtrekkings:

- (1) Die koöperasie het 'n winsstrewe in die fundamenteel-ekonomiese betekenis van die woord en moet dit hê om sy stigting ekonomies sinvol te maak.
- (2) Die koöperasie as selfstandige ekonomiese subjek maak 'n wins in algemeen-ekonomiese sin.
- (3) In rekeningkundige, fiskale en ook bedryfsekonomiese sin moet die koöperasie geen wins te maak nie, maar hy maak meesal tog 'n sekere wins. Hy moet geen wins te maak wanneer hy deur die geslaagde toepassing van die kostedekkingsbeleid sy wins, in algemeen-ekonomiese sin, in die vorm van 'n prysvoordeel aan lede deurgee. Hy moet egter gewoonlik wel 'n wins wanneer hy deur owerheidsweë belet word om die kostedekkingsbeleid volledig toe te pas en veral wanneer hy wins vir sy finansiering inhou.
- (4) Die koöperasie se wins in rekeningkundige en bedryfsekonomiese<sup>2)</sup> sin kan uit die volgende elemente bestaan:
  - (a) Die surplus waaruit bonusse betaal word;
  - (b) rentebetalinge op aandele;
  - (c) die bedrag wat op die algemene reserwe geplaas word;
  - (d) by afset en verwerkingskoöperasies dié deel waarmee die voorskotte plus die agterskot die maksimum of absolute pryse wat deur die owerheid vasgestel is, oorskry; en
  - (e) die bedrae wat in spesifieke reserwes, soos reserwes vir onvoorsiene gebeurlikhede, steek, asook in kostereserwes soos

1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.58-65.

2) Wins in die rekeningkundige en bedryfsekonomiese sin is nie noodwendig dieselfde nie. Daar word egter nie hier op moontlike verskille ingegaan nie.

wanneer oormatige afskrywing van vaste bates geskied (die vorming van geheime reserwes).

In breë trekke word daar met die bogenoemde siening van die Kommissie saamgestem. Sekere van die redes hiervoor is reeds by die bespreking van die vorige twee skrywers se sienings verstrekk. Daar sal nou verder gepoog word om die eie siening aan die hand van vereenvoudigings van die praktiese situasie by 'n primêre sitrusafsetkoöperasie te motiveer en te verduidelik.

Daar word eers gelet op die regulasiebepalings insake die betaling aan lede vir sitrusvrugte aan 'n sitruskoöperasie gelewer en die verdeling van die wins of surplus wat uit die werksaamhede van die koöperasie mag voortvloei:<sup>1)</sup> „Die raad van direkteure kan na goeë dunde die sitrusvrugte van lede verpoel ... en van die hand sit ... Van die totale bedrag deur die maatskappy ontvang vir die verkoop van die sitrusvrugte in elke poel word 'n som afgetrek gelyk aan:

(1) Alle direkte koste in verband met die verwerk, bewerk en verpoeling;

(2) alle direkte verkoopkoste; ...

(3) 'n bedrag deur die raad van direkteure bepaal maar wat nie meer as R0,10 per twintig kilogram sitrusvrugte gehanteer, sal bedra nie, om administratiewe koste te dek (insluitende voorsiening vir waardevermindering, reserwes, rente op aandelekapitaal en bonusse).<sup>2)</sup> Die oorskot van die opbrengs ten opsigte van elke poelrekening, na aftrekking van die bovermelde onkoste en kommissie word dan verdeel onder lede in verhouding met die hoeveelheid van die sitrusvrugte deur elk aan die poel gelewer... Die wins of surplus voortvloeiende uit die verrigtings van die maatskappy gedurende enige boekjaar, word, nadat voorsiening

---

1) Die regulasiebepalings is dié van 'n bestaande sitruskoöperasie en stem ooreen met die bepalinge van die Modelstatuut, *op.cit.*, artikels 95, 96 en 106.

2) Deur skrywer beklemtoon.

gemaak is vir waardevermindering van die eiendom van die maatskappy en vir enige onvoorsiene aanspreeklikheid vir verlies, in onderstaande volgorde aangewend kragtens 'n besluit geneem op die jaarlikse algemene vergadering vir daardie jaar:-

- (1) Aan lede word rente betaal (teen hoogstens ses persent per jaar) op die bedrag wat hulle op hul onderskeie aandele opbetaal het;
- (2) 'n bedrag wat nie minder mag wees, as wat deur die raad van direkteure aanbeveel word nie, word in die reserwefonds gestort;
- (3) aan lede word 'n bonus betaal in verhouding met die waarde van die sake wat hulle gedurende die jaar met die maatskappy gedoen het".

Daar moet veronderstel word dat die maksimum toegelate kommissie van tien sent per twintig kilogram sitrusvrugte waarna hiervoor verwys is, 'n *ekonomiese prys* vir die meerderheid lede is om aan administrasiekoste en depresiasie te betaal. Teen hierdie koers (prys) is dit dus vir die meerderheid lede nog ekonomies voordelig om van die koöperasie se dienste gebruik te maak. Teen 'n hoër prys is dit nie meer die geval nie en die koöperasie moet dan self die addisionele koste dra.

Dit kan natuurlik ook wees dat hierdie koers geen verband met 'n ekonomiese prys hou nie, maar dan moet veronderstel word dat die meerderheid van die koöperasie se lede irrasioneel dink en dit sal verregaande wees. Daar kan eerder geredeneer word dat hierdie prys konserwatief vasgestel is om as aansporing tot groter doeltreffendheid vir die koöperasie te dien.

Sou die koöperasie daarin slaag om sy indirekte koste (insluitende depresiasie) benede hierdie ekonomiese prys te hou dan verkry hy beskikkingsmag oor 'n wins in algemeen-ekonomiese sin wat binne die raamwerk van die regulasies na goeddunke van sy raad van direkteure aangewend kan word.

Die winsstrewe van die koöperasie in algemeen-ekonomiese sin, die gedeelte van die wins in algemeen-ekonomiese sin waaroor die koöperasie beskikkingsmag verkry, die koöperasiewins in rekeningkundige en bedryfsekonomiese sin en die verdeling van hierdie wins kan soos volg aan die hand van 'n vereenvoudigde praktiese voorbeeld verduidelik word:

Beskrywing van poste (100 000 eenhede)	Situasie I	Situasie II	Situasie III	Situasie IV
a. Bruto inkomste teen R4,00 per eenheid R'	400 000	400 000	400 000	400 000
b. Direkte koste teen R1,00 per eenheid R'	100 000	100 000	100 000	100 000
c. Kommissie R'	10 000 (@ 10c)	8 000 (@ 8c)	4 000 (@ 4c)	10 000 (@ 10c)
d. Betaalbaar aan lede deur voor- en agterskot d = [a - (b + c)] R'	290 000	292 000	296 000	290 000
e. Indirekte koste plus depre- siasie R'	4 000	4 000	4 000	11 000
f. Koöperasiewins (-verlies) R' f = (c - e)	6 000	4 000	-	(1 000)
g. Winsverdeling				
(i) Gebeurlikheidsreser- wes R'	1 600	-	-	-
(ii) Rente op R10 000 aan- delekapitaal R'	400 (@ 4%)	500 (@ 5%)	-	-
(iii) Algemene reserwe R'	4 000	1 000	-	-
(iv) Omsetbonus R'	-	2 500	-	-

As uitgangspunt is veronderstel dat die sitruskoöperasie waarna vroeër verwys is in 'n besondere boekjaar 100 000 eenhede sitrusvrugte van twintig kilogram elk hanteer. Met die behulp van die voorgaande vereenvoudigde koste- en inkomstesituasies kan die winsstrewes, wins en winsverdeling van die koöperasie soos volg verduidelik word:

(1) Die winsstrewes van die koöperasie in algemeen-ekonomiese sin is daarin geleë dat hy na die gunstigste verskil tussen opbrengs en kostes  $[a - (b + e)]$  streef. Hierdie strewes kan bereik word deur kostebesparings (die kleinste totaal van  $b + e$ ) en/of deur 'n verhoging van die inkomste (a). Op die markprys het die primêre sitruskoöperasie, soos later in hoofstuk 3 sal blyk, geen direkte invloed nie want hy ontvang 'n poelprys van die Sitrusraad af. Hy kan egter wel 'n invloed op die bruto inkomste wat hy van die Sitrusraad af ontvang, uitoefen wanneer hy byvoorbeeld 'n keuse maak tussen die uitvoer- of plaaslike bemarking van die sitrusvrugte en die bemarking van sitrusvrugte tydelik vertraag in antisipasie op beter pryse (die Sitrusraad werk volgens 'n stelsel van tydpoele). Die koöperasie kan ook deur doeltreffende hanteringsmetodes verhoed dat die vrugte bederf en vir verkoop afgekeur word. Kostebesparings kan op verskillende wyses geskied, maar daar moet vanselfsprekend steeds gepoog word om 'n balans tussen besparingsmaatreëls en doeltreffendheid te behou. Die koöperasie realiseer hierdie winsstrewes (maak 'n wins in algemeen-ekonomiese sin) wanneer hy daarin slaag om 'n groter positiewe balans tussen opbrengs en kostes te realiseer as wat sy lede in staat sal wees om op enige ander wyse te doen. Die koöperasie streef na die maksimering van die wins.

(2) Hierdie winsstrewes van die koöperasie kan in twee komponente verdeel word:

(i) Die strewes na die gunstigste verskil tussen opbrengs (a) en direkte kostes (b). Die wins wat hier gerealiseer word, vloei altyd in totaal direk na die lede in die vorm van prysvoordele en die koöperasie verkry self geen beskikkingsmag daarvoor nie.

(ii) Die strewe na die gunstigste verskil tussen die maksimum kommissiekoers ( $c =$  tien sent) en die indirekte koste ( $e$ ). Die koöperasie verkry beskikkingsmag oor die wins wat uit hierdie strewe gerealiseer word, maar dit word altyd weer tot voordeel van die lede aangewend. Die strewe hier is dus om die indirekte koste so laag as moontlik te hou. In die voorgaande syfervoorbeeld is hierdie wins in situasies I, II en III gelyk aan R6 000 (R10 000 - R4 000).

(3) Die koöperasie kan besluit om die wins in algemeen-ekonomiese sin waaroor hy die beskikkingsmag het, nie of nie ten volle in die rekeningkundige en bedryfsekonomiese sin te realiseer nie. [ $c = e <$  tien sent per eenheid of  $c > e <$  tien sent per eenheid]. Die koöperasie verdeel dus sy wins in algemeen-ekonomiese sin geheel of gedeeltelik onder sy lede in die vorm van 'n prysvoordeel. In die voorgaande voorbeeld is daar in situasie III besluit om die hele wins in algemeen-ekonomiese sin (R6 000) onder die lede in die vorm van 'n prysvoordeel te verdeel

( $c = e =$  R4 000). In situasie II is besluit om die wins in algemeen-ekonomiese sin (R6 000) gedeeltelik in die vorm van 'n prysvoordeel onder lede te verdeel en die res as wins in rekeningkundige en bedryfsekonomiese sin te realiseer. Die kommissie beloop dus R8 000 (aght sent per eenheid) en nie die volle R10 000 nie - R2 000 van die R6 000 wins in algemeen-ekonomiese sin is onder die lede in die vorm van 'n prysvoordeel verdeel. Die oorblywende R4 000 is as wins in die rekeningkundige en bedryfsekonomiese sin gerealiseer.

(4) Die koöperasie kan besluit om die wins in algemeen-ekonomiese sin waaroor hy beskikkingsmag het ten volle as wins in die rekeningkundige en bedryfsekonomiese sin te realiseer. Die maksimum kommissiekoers word dan teen die opbrengs van die sitrusvrugte gehef soos in situasie I hiervoor.

(5) Die verdeling van die wins in rekeningkundige en bedryfsekonomiese sin geskied binne die raamwerk van die regulasies volgens oordeel van die direksie. Alternatiewe wyses van verdeling is in situasies I en II geïllustreer. Die wins word in alle geval-

le tot voordeel van die lede aangewend. Direk, maar nie op dieselfde grondslag, as rente op die opbetaalde aandelekapitaal (in beperkte mate) en 'n omsetbonus en indirek deur die oordrag daarvan na gebeurlikheidsreserwes en die algemene reserwe. [Die omsetbonus word volgens die waarde van die sake wat elke lid met die koöperasie gehad het, verdeel. Die wins waaruit die omsetbonus betaal word, word gerealiseer op 'n eenheidsgrondslag. Al die eenhede het nie dieselfde waarde nie (verskille in gehalte) en daar is dus geen sprake van bediening teen kosprys nie].

(6) Die koöperasie maak 'n verlies wanneer sy indirekte koste hoër as die maksimum kommissiekoers (ekonomiese prys) is. (Kyk situasie IV). Hierdie verlies word oorgedra en nie van die lede teruggevorder nie en weer eens is daar dus geen sprake van bediening teen kosprys nie.

Na aanleiding van die voorafgaande uiteensetting kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat 'n koöperasie 'n winsstrewende het en dat hy inderdaad 'n wins in algemeen-ekonomiese sin moet maak as hy sy bestaan wil regverdig. Die koöperasie kan, maar hoef nie 'n wins in rekeningkundige en bedryfsekonomiese sin te maak nie. Die wins van die koöperasie word in alle gevalle tot voordeel van sy lede wat ook sy klante is, aangewend.

#### e. Gevolgtrekking

Daar is meningsverskil oor die vraag of 'n koöperasie 'n onderneming is of nie. Die hoofkenmerke van 'n onderneming is dat dit 'n selfstandige ekonomiese subjek is wat 'n kapitaalrisiko loop en wat ten doel het om op 'n kontinue grondslag die daarin belegde kapitaal winsgewend te maak.

'n Koöperasie besit hierdie kenmerke en is dus 'n onderneming. Die koöperasie verskil wel in sommige opsigte van ander ondernemingsvorme soos die ander ondernemingsvorme inderdaad ook van mekaar verskil. Die landboukoöperasie verskil byvoorbeeld van die onderneming in die vorm van die publieke maatskappy daarin dat laasgenoemde se hoofdoelstelling die maksimering van 'n

eie wins (in rekeningkundige sin) op lang termyn is wat op kapitaalgrondslag onder sy aandeelhouders, wat in die reël nie sy klante is, verdeel word. Die landboukoöperasie se hoofdoelstelling is die voortdurende lewering van dienste aan sy lede (aandeelhouders) ten einde die winsgewendheid van die lede se boerderye te verhoog. Hierdie verhoogde winsgewendheid word verkry deur prysvoordele en/of doeltreffender dienste wat uit die aksies van die koöperasie voortspruit en hoofsaaklik op 'n ondersteunings- of transaksiegrondslag na die lede vloei. Om in sy doel te kan slaag moet die koöperasie na die maksimering van wins in algemeen-ekonomiese sin streef en moet hy inderdaad 'n wins in hierdie sin maak om sy bestaan te regverdig. Die maak van 'n wins is by die koöperasie egter nie 'n doel opsigself nie, maar slegs 'n middel tot die bereiking van 'n doel.

#### B. PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE STUDIE

Of 'n landboukoöperasie in sy doel (verhoogde winsgewendheid van sy lede se boerderye op 'n kontinue grondslag) sal slaag hang grootliks van die goeie onderlinge verhouding tussen die koöperasie en sy lede af en die skepping en handhawing van hierdie goeie onderlinge verhouding plaas verpligtinge op die lede sowel as die koöperasie.<sup>1)</sup>

Die lid van 'n koöperasie verkry dus nie slegs regte uit sy verbintenis met die koöperasie nie, maar daar vloei ook verpligtinge teenoor die koöperasie uit hierdie verbintenis voort.

Die regte van die lede van 'n koöperasie sluit die volgende in:

1. Die reg op ekonomiese voordele op 'n transaksiegrondslag en op 'n kontinue basis tydens hulle verbintenis met die koöperasie.
2. Die reg van seggenskap in die leiding van die koöperasie op 'n demokratiese grondslag. Onder „demokraties" word hier nie

1) Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.9-12 en Helm, F.C., *op.cit.*, p.22-25.

noodwendig die beginsel van „een-man-een-stem" bedoel nie, maar wel 'n beperking van die aantal stemme wat een lid kan verkry.

3. Die reg op 'n billike, maar beperkte vergoeding op die kapitaal wat hulle tot die beskikking van die koöperasie stel.

4. Die reg van vrywillige deelname aan die koöperasie en in aansluiting hierby, die reg om by uittrede uit die koöperasie die kapitaal wat tot die beskikking van die koöperasie gestel is, terug te ontvang. Kapitaaldeelneming begin en eindig dus in beginsel met die lidmaatskap.<sup>1)</sup>

5. Die reg op gelyke behandeling met ander lede onder dieselfde omstandighede.

Die verpligtinge van die lid teenoor sy koöperasie bestaan in hoofsaak daarin dat hy die koöperasie aktief moet ondersteun deur 'n kapitaalbydrae na die beste van sy vermoë te maak, sy produkte aan die koöperasie te lewer en/of die ander fasiliteite wat die koöperasie bied, te gebruik en om bereid te wees om aan die bestuur van die koöperasie deel te neem.<sup>2)</sup>

Die koöperasie as onderneming moet na kontinuïteit strewen nieteenstaande wisselende lidmaatskap<sup>3)</sup> en terselfdertyd poog om die groots moontlike ekonomiese voordeel aan sy lede te bied. Kaarletho<sup>4)</sup> beweer dat die koöperasie geen ander doelstellings behoort te hê as die belange van sy lede nie.

Hierdie twee strewes van die koöperasie is in der waarheid in konflik tot mekaar.<sup>5)</sup> Enersyds kan die voortbestaan en die interne versterking van die koöperasie, dus sy kontinuïteit, as

1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.138-139 en Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.10-11.

2) Helm, F.C., *op.cit.*, p.24.

3) Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.11.

4) Kaarletho, P. *On the economic nature of cooperation*. Stockholm: 1956.

5) Polak, N.J. *Enige grondslagen voor de financiering der onderneming*. Haarlem: Bohn, 1950, p.90.

hoofdoel gesien word, met die gevolg dat die wins nie in die vorm van 'n prysvoordeel, rente op kapitaal en omsetbonusse na die lede toe gaan nie, maar vir reservering aangewend word. Die koöperasie kan in hierdie opsig ook onnodige hoë eise in die vorm van aandelekapitaal en ander ledefondse aan sy lede stel. Andersyds kan die lewering van onmiddellike ekonomiese voordele aan lede as die hoofdoel gesien word, as gevolg waarvan winsreservering, algemene finansieringsbeleid, instandhouding en noodsaaklike vervangings van die vaste produksie-apparaat verwaarloos word. Gevolglik word die kontinuïteit van die onderneming in gevaar gestel. 'n Gesonde balans tussen die strewes is dus noodsaaklik en dit vereis rasionele bedryfsvoering en die opvoeding van lede.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die skepping en handhawing van die goeie onderlinge verhouding tussen koöperasie en lede ook sy beslag in die finansiering van die koöperasie vind. As onderneming moet die koöperasie sorg dat hy sowel veilig (uit die oogpunt van kontinuïteit) as voordelig (uit die oogpunt van ekonomiese voordele aan lede) gefinansier is. Op die lede rus weer die verpligting om voldoende en in die regte vorm tot die kapitaal van die koöperasie by te dra ten einde hom in staat te stel om sy doelstellings te bereik. Hierdie kapitaalbydraes deur die lede moet teen billike voorwaardes vir beide lid en koöperasie geskied.

In die verlede is daar dikwels kritiek teen die finansiering van koöperasies in die algemeen uitgespreek.<sup>1)</sup> Die kritiek het meesal een of meer van die volgende vorms aangeneem:

1. Daar vind ondoeltreffende kapitaalinvestering deur die koöperasies plaas as gevolg van 'n onversadigbare uitbreidingsdrang

- 1) Kyk onder andere
- a. Coetzee, F.J.J., *op.cit.*
  - b. Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, hoofstukke 14 en 15.
  - c. *Report of the Financial Policy Committee.* London: Co-operative Union Ltd., 1951.
  - d. Die Koöperatiewe Raad, *op.cit.*, hoofstuk VIII.

en/of ondoeltreffende bestuur in die algemeen.

2. Die voorwaardes waarop die koöperasies kapitaal aantrek is vir die lede nadelig. Die voorwaardes wat hier ter sprake is, is onder andere dié wat betrekking het op die toekomstige aanspreeklikheid van lede vir die onopbetaalde gedeelte van hulle aandelebesit; die risiko wat lede loop om hulle kapitaal wat tot die beskikking van die koöperasie gestel is te kan verbeur; die vergoeding aan lede betaalbaar vir kapitaal wat aan die koöperasie beskikbaar gestel is; en die seggenskap wat lede in die bestuur van hulle koöperasies kan verkry.

3. Die koöperasies is oormatig veilig gefinansier in die sin dat hulle oor 'n oormaat ledekapitaal in die vorm van interne kapitaal en/of aandelekapitaal en/of verwante kapitaal beskik.<sup>1)</sup> Gevolglik kry lede nie die prysvoordeel waarop hulle geregtig is nie en/of hulle word ontnem van kapitaal wat in hulle eie bedrywe meer winsgewend aangewend kan word.

4. Die koöperasies is swak gefinansier in die sin dat die eie kapitaal van 'n onvoldoende omvang en/of stabiliteit is. Gevolglik word die kontinuïteit van die koöperasies bedreig en/of is die koöperasies nie in staat om uitbreidingskanse en/of hulle bestaande produksiepotensiaal ten volle te benut nie.

Sou dit die posisie wees dat enige van hierdie punte van kritiek op die finansiering van 'n besondere koöperasie van toepassing is, het dit tot gevolg dat die ideale onderlinge verhouding tussen die koöperasie en die lede, wat 'n voorvereiste vir doeltreffende funksionering van die koöperasie is, versteur word.

Hierdie studie het ten doel om te bepaal of enige van hierdie punte van kritiek wat oor die koöperatiewe finansiering in die algemeen uitgespreek word, ook op die finansiering van die

---

1) Kyk hoofstuk 5 vir 'n indeling van die ledekapitaal.

primêre sitruskoöperasies<sup>1)</sup> in Suid-Afrika van toepassing is, en indien wel, om aanbevelings ter verbetering van die bestaande toestand te maak. Anders gestel, kan die doel van die studie ook omskryf word as 'n poging om vas te stel of die finansiering van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika doelmatig is en om waar nodig, aanbevelings ter verbetering van die situasie te maak.

### C. METODE

Die metode wat met hierdie studie gevolg is, is kortliks soos volg:

1. 'n Studie van die toepaslike beskikbare literatuur oor die finansieringsvraagstuk, veral met betrekking tot koöperasies in Suid-Afrika, is gedoen om te kan dien as verwysingsraamwerk en as vergelykingsmaatstaf vir die studie.
2. 'n Veldondersoek is onderneem om oorspronklike gegewens by die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika in te win.
3. Die versamelde inligting is verwerk en binne die raamwerk van die probleemstelling (doel van die studie) geïnterpreteer.

Op 1 Januarie 1971 was daar 32 geregistreerde primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika.<sup>2)</sup> Met die aanvang van die ondersoek is by al hierdie koöperasies navraag gedoen of hulle bereid

- 
- 1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.14 kom tot die gevolgtrekking dat die uitdrukking „plaaslike” koöperasie misleidend en die benaming „primêre” koöperasie verkieslik is. 'n Primêre koöperasie word dan gedefinieer as „'n koöperasie wat deur individue gestig word om deur gemeenskaplike optrede sekere belange te behartig van die produksiehuishoudings (as hulle bv. boere is) of die verbruikshuishoudings (as hulle konsumente is) wat hulle verteenwoordig”. In hierdie studie word die benaming „primêre” koöperasie dan ook deurgaans gebruik i.p.v. die meer bekende „plaaslike” koöperasie.
  - 2) Kyk bylae I vir 'n volledige naam- en adreslys van hierdie koöperasies. Die besonderhede daarin vervat is verstrekk deur die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

sou wees om inligting vir die studie beskikbaar te stel. In antwoord op die navrae het 28 koöperasies hulle tot samewerking bereid verklaar, een koöperasie was onbereidwillig en drie koöperasies het nieteenstaande verskeie versoeke geen antwoord verstrek nie.

Na 'n voorlopige ondersoek by die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings het dit geblyk dat elf van die primêre sitruskoöperasies slegs beperkte funksies verrig en dat hierdie koöperasies vir die doel van die studie buite rekening gelaat kan word.<sup>1)</sup> Die koöperasie wat nie tot samewerking bereid was nie en twee van die drie wat geen antwoord op die oorspronklike navrae verstrek het nie, val in hierdie groep van elf koöperasies.

Vyf van die oorblywende 21 koöperasies is persoonlik met 'n voorlopige vraelys besoek, waarna 'n verbeterde vraelys<sup>2)</sup> aan die vyftien wat tot samewerking bereidwillig was, geops is. Voltooide vraelyste is van elf van hierdie koöperasies terugontvang terwyl vier, na herhaalde pogings, geen reaksie getoon het nie. Besonderhede aangaande die aktiwiteite van hierdie vier koöperasies, sowel as ten opsigte van dié een wat nie tydens die oorspronklike navrae gereageer het nie, is vir sover dit beskikbaar was by die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings verkry.

Opsommend was die aanvanklike reaksie van en die metodes waarop gegewens vir die doel van hierdie studie oor die primêre sitruskoöperasies verkry is, dus soos volg:

- 
- 1) Kyk hoofstuk 3 vir 'n volledige verduideliking van die funksies van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika en vir 'n motivering vir die weglating van die koöperasies met beperkte funksies vir die doeleindes van hierdie studie.
  - 2) Kyk bylae II vir 'n voorbeeld van die vraelys.

Tabel 1.1

Aanvanklike reaksie van die primêre sitruskoöperasies op die versoeke om samewerking

Tipe koöperasie	Bereid	Onbereid-willig	Geen reaksie	Totaal
Koöperasie met „beperkte” funksies	8	1	2	11
Koöperasie met „volledige” funksies	20	-	1	21
Totaal	28	1	3	32

Tabel 1.2

Metodes waarop inligting oor die individuele primêre sitruskoöperasies verkry is

Tipe koöperasie	Persoonlik	Vraelys	Registrateur	Totaal
Koöperasie met „beperkte” funksies	-	-	11	11
Koöperasie met „volledige” funksies	5	11	5	21
Totaal	5	11	16	32

#### D. INDELING

Die indeling van die studie is soos volg: In hoofstuk 2 word enkele teoretiese aspekte in verband met die finansiering van die onderneming in die algemeen bespreek om as verwysingsraamwerk vir die ontledings in die latere hoofstukke te dien, terwyl die rol, doel, funksies en eienskappe van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika in hoofstuk 3 bespreek word. Kennis van hierdie aspekte is nodig om die finansieringsdoelmatigheid van die koöperasies te kan beoordeel. Hoofstuk 4 bevat 'n ontleding van die doeltreffendheid van die kapitaalinvesterings deur die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika, terwyl die

bronne waaruit en die voorwaardes waarop hierdie koöperasies kapitaal kan aantrek, in hoofstuk 5 krities ontleed word. In hoofstuk 6 word die toepaslike aspekte van die finansiële strukture van die primêre sitruskoöperasies krities beoordeel en aanbevelings ter verbetering van die heersende situasie gedoen. Ten slotte word die belangrikste gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die studie voortgevloei het in hoofstuk 7 saamgevat.

---

## HOOFSTUK 2

ENKELE TEORETIESE ASPEKTE IN VERBAND MET DIE  
FINANSIERING VAN 'N ONDERNEMINGA. INLEIDING

Die finansiering van 'n onderneming in maatskappyvorm verskil in sekere belangrike opsigte van die finansiering van 'n koöperasie omdat, soos uit hoofstuk 1 geblyk het, die aard en doel van die twee ondernemingsvorme in sekere opsigte verskil. Dit sal dus verkeerd wees om al die finansieringsbeginsels wat vir die onderneming in maatskappyvorm geld en waaroor daar 'n uitgebreide literatuur bestaan, sonder meer op die koöperatiewe ondernemingsvorm toe te pas. Dit sal egter net so verkeerd wees om by die finansiering van 'n koöperasie alle finansieringsbeginsels wat op 'n onderneming in maatskappyvorm van toepassing is te ignoreer, want sommige grondliggende beginsels en verskynsels geld vir die finansiering van beide ondernemingsvorme. Die uitgebreide finansieringskennis en -literatuur oor die onderneming in maatskappyvorm kan dus met vrug op die finansiering van die koöperasie toegepas word, mits daar rekening met die wesenlike verskille wat daar wel bestaan, gehou word.

Hierdie hoofstuk het ten doel om duidelikheid oor die betekenis van die begrip *finansiering* en finansieringsbegrippe soos dit in hierdie studie gebruik gaan word, te verkry en om enkele teoretiese aspekte wat vir die finansiering van die onderneming in maatskappyvorm geld, toe te lig. Hierdie toeligting sal die ontledings in die latere hoofstukke van hierdie studie vergemaklik. Uit dié ontledings sal ook punte van verskil en ooreenkomst tussen die finansiering van die onderneming in maatskappyvorm en die koöperatiewe ondernemingsvorm tot uiting kom en dit behoort 'n beter begrip van die sitruskoöperasies se finansieringsprobleme en die oplossings wat daarvoor aan die hand gedoen word, tot gevolg te hê.

## B. DIE BEGRIP FINANSIERING

### 1. Inleiding

Die betekenis wat aan die begrip *finansiering* geheg word, hang in die eerste plek af vanuit watter oogpunt dit beskou word. Gesien vanuit die oogpunt van die kapitaalverskaffer is dit die *beskikbaarstelling* van kapitaal aan die onderneming (aktiewe finansiering). Uit die oogpunt van die onderneming beskou is dit die *aantrekking* van kapitaal (passiewe finansiering) en die daarmee samehangende aspekte. In hierdie studie word die begrip hoofsaaklik in die laasgenoemde betekenis gebruik.

Afgesien van hierdie verskil in betekenis is daar in die finansieringsliteratuur ook nie eenstemmigheid oor wat die begrip finansiering, gesien vanuit die oogpunt van die onderneming, presies behels nie. Die verskillende denkrigtings in hierdie verband kan in twee groepe verdeel word, naamlik die tradisionele en die moderne beskouing.

### 2. Die tradisionele beskouing

Die tradisionele finansieringsliteratuur het in hoofsaak gewentel om die aantrekking van kapitaal deur die onderneming en 'n beskrywing van die finansieringsvorme en -bronne.<sup>1)</sup> Guthmann en Dougall<sup>2)</sup> baken in die inleiding tot hulle boek die finansieringsveld byvoorbeeld soos volg af: "...Primary emphasis will be placed upon how business *acquires* the funds or property with which it operates. ... Our predominant concern is with the sources of *more permanent* types of capital as opposed to *temporary* supplies ... The use of the funds obtained is the general managerial problem of operating the business rather than a financial problem ... Consequently our subject has in general come to exclude *internal* financial problems".

---

1) Reynders, H.J.J. red. *Finansiële bestuur*. Pretoria: Van Schaik, 1971, p.10.

2) Guthmann, H.G. en H.E. Dougall. *Corporate financial policy*. New York: Prentice-Hall, 1952, p.2.

Hierdie beskouing is ook in die ouere koöperatiewe finansieringsliteratuur gehuldig. Coetzee<sup>1)</sup> omskryf byvoorbeeld finansiering as „die proses waardeur die onderneming die beskikingsmag verkry om in sy behoeftes te voorsien“. Dié benadering word ook deur die Koöperatiewe Raad<sup>2)</sup> gevolg en in beide gevalle word die daaropvolgende besprekings dan aan die verkryging of aantrekking van kapitaal deur die landboukoöperasies in Suid-Afrika gewy. In beide werke word die noue verband tussen kapitaalverkryging en die aanwending daarvan om in die behoeftes te voorsien wel erken, maar die klem word steeds op die kapitaalverkryging geplaas.

### 3. Die moderne beskouing

Die moderne betekenis wat aan die begrip finansiering geheg word, is breër en meer dinamies as die tradisionele betekenis en die begrip finansiering word al meer met die begrip *finansiële bestuur* in die finansieringsliteratuur vervang. Finansiering in sy tradisionele betekenis vorm dan 'n onderdeel van finansiële bestuur.

Reynders<sup>3)</sup> skryf oor die tradisionele en die moderne beskouings soos volg: „Uit die voorgaande moet dit duidelik wees dat die vroeëre beskouings van die vraagstuk in die algemeen die klem laat val het op die lastekant van die balans - te veel aandag dus aan die aantrekking van kapitaal en te min aan die gebruik en die samehang tussen aantrekking en gebruik ... Die jongste beskouings beklemtoon *analise* vir die optimale aantrekking *en* gebruik van middele, op die besluitvorming grondliggend aan die gebruik van fondse en die gebruik van bepaalde finansieringsvorme en -bronne. Daar is dus twee ineengestrengelde vrae:

- Hoeveel en watter soort bates moet ons aanskaf met die oog op die doel?

---

1) Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.77.

2) Die Koöperatiewe Raad, *op.cit.*, p.147.

3) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.12-14.

- Hoe moet die finansiering<sup>1)</sup> geskied - in welke vorm, wanneer, van wie - met die oog op die doel? ...

.... Die primêre taak (van die finansiële bestuur) bly egter die optimale aantrekking en aanwending van kapitaal met as hoofmaatstawwe die rentabiliteit, die likwiditeit en die solvabiliteit gesien uit die hoek van die ondernemingsdoelwit ..."

Cohen en Robbins<sup>2)</sup> merk in hierdie verband weer soos volg op: „The traditional approach thus focused on sources of funds and was too often largely concerned with specific procedural details. The newer, broader approach aims at formulating rational policies for the optimal use, procurement, and allocation of funds.”

Die moderne benadering het ook in die nuwere koöperatiewe finansieringsliteratuur inslag gevind, want Helm<sup>3)</sup> skryf in hierdie verband soos volg: „The problems involved in financing co-operative enterprise are threefold: 1. The assessment of the financial requirements of a co-operative society according to their quantity and quality. 2. The search for sources to secure sufficient funds to fulfil these requirements. 3. The subsequent application and control.”

#### 4. Gevolgtrekking

Die moderne breë betekenis wat aan die begrip finansiering geheg word is verkieslik bo die eng tradisionele beskouing wat slegs een sy, naamlik die kapitaalaantrekking, beklemtoon het. In hierdie studie sal finansiering in navolging van die moderne beskouinge gesien word as:

- 
- 1) Die woord *finansiering* word hier in die tradisionele betekenis van kapitaalaantrekking gebruik.
  - 2) Cohen, J.B. en S.M. Robbins. *The financial manager; basic aspects of financial administration*. New York: Harper & Row, 1966, p.7.
  - 3) Helm, F.C., *op.cit.*, p.196.

- a. Die bepaling van die aard en omvang van die kapitaalbehoef-tes;
- b. 'n ontleding van die beskikbare kapitaalbronne; en
- c. die aantrekking van kapitaal uit die toepaslike bronne op so 'n wyse dat dit kwalitatief en kwantitatief „reg" by die be-hoefte aanpas. Laasgenoemde impliseer 'n doeltreffende finan-sieringsbeleid waarby met die rentabiliteits-, likiditeits- en solvabiliteitsoorwegings, asook met die wins- of toekomsverwag-tinge en die doelstelling(s) van die betrokke onderneming reke-ning gehou word.

## C. DIE KAPITAALBEHOEFTE VAN DIE ONDERNEMING

### 1. Die aard van die kapitaalbehoefte

#### a. Inleiding

'n Onderneming het 'n behoefte aan vaste en vlottende en aan duursame en wisselende kapitaal. Die begrippe word eers gedefinieer, terwyl die betekenis van die onderskeid vir die be-paling van die kapitaalbehoefte en die finansieringsbeleid la-ter in die hoofstuk ter sprake sal kom.

#### b. Die vaste en die vlottende kapitaal

##### (1) Die terminologie

Voordat 'n onderskeid tussen die vaste en vlottende kapi-taal getref word, is dit nodig om duidelikheid oor die termino-logie te verkry.

Oor die begrip *vaste kapitaal* („fixed capital") bestaan daar geen verwarring nie en dit word deurgaans deur verskillende skrywers in dieselfde betekenis gebruik. Die verwarring tree egter na vore by die begrip *vlottende kapitaal*.

In die Engelse literatuur word vir die begrip *vlottende kapitaal* verskillende terme gebruik soos „working capital“<sup>1)</sup>, „operating capital“<sup>2)</sup>, „current capital“<sup>3)</sup>, en „circulating capital“<sup>4)</sup>. Gewoonlik word aan die bogenoemde terme dieselfde betekenis geheg, maar die uitdrukkings „working capital“ en „operating capital“ word ook in die sin van die totale kapitaal (vas en vlottend) wat in die onderneming se bedryf aangewend word, (dus bedryfswerksame kapitaal) gebruik - dit in teenstelling met die kapitaal wat hy buite sy bedryf (byvoorbeeld in die effekte van ander ondernemings) belê.

In die Afrikaanse literatuur<sup>5)</sup> word die terme „bedryfskapitaal“, „vlottende kapitaal“ en „sirkulerende kapitaal“ aangetref. „Bedryfskapitaal“ word egter soms ook in die sin van die voorge-noemde bedryfswerksame kapitaal gebruik. „Sirkulerende kapitaal“ kan weer die indruk skep dat net hierdie deel van die kapitaal in die onderneming omloop, wat, soos hierna aangetoon sal word, nie die geval is nie. Om dus enige verwarring uit te skakel word die begrip *vlottende kapitaal* in teenstelling met *vaste kapitaal* in hierdie studie gebruik.

## (2) Die onderskeid tussen vaste en vlottende kapitaal

Verskillende maatstawwe om tussen vaste en vlottende kapitaal te onderskei, is in gebruik.<sup>6)</sup>

(a) Die *fisiese eienskappe* van die bates. Die vaste kapitaal is dan die vaste goedere en die vlottende kapitaal die losgoedere.

---

1) Helm, F.C., *op.cit.*, p.197.

2) *Ibid.*

3) Guthmann, H.G. en H.E. Dougall, *op.cit.*, p.373.

4) *Ibid.*, p.374.

5) Herbst, W. *Gevorderde finansiële vraagstukke*. (Studiegids). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, 1974-76, p.112.

6) Vir 'n vollediger en kritiese uiteensetting van die verskillende maatstawwe ky Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.45-47.

(b) Die *realiseerbaarheid* van die bates waarin die kapitaal geïnvesteer is. Die vlottende kapitaal is dan geïnvesteer in die bates wat maklik en sonder verlies op kort termyn verhandel kan word, terwyl die vaste kapitaal geïnvesteer is in bates wat moeiliker verhandelbaar is.

(c) Die *omlooptyd* van die kapitaal. Die vlottende kapitaal is geïnvesteer in bates wat bestem is om in 'n kort tyd tot geld gemaak te word en vaste kapitaal in bates wat nie so bestem is nie.

(d) Die *omloopwyse* van die kapitaal. Vaste kapitaal is kapitaal wat glad nie omloop nie (byvoorbeeld kapitaal wat geïnvesteer is in die fabriekperseel) of broksgewys omloop (dan is dit geïnvesteer in bates soos masjinerie en gereedskap waarop periodiek bedrae afgeskryf word). Die vlottende kapitaal loop telkens in sy geheel om en is geïnvesteer in bates soos grondstowwe. Hierdie maatstaf word deur Polak verkies.<sup>1)</sup>

(e) Die *funksies* wat die bates in die onderneming vervul. Die vaste bates is dan die aktiewe produksiemiddele wat aktief meewerk aan die voortbrenging van goedere en dienste wat vir verkoop bestem is of wat gebruik word om ander bates mee te produseer. Die vlottende bates is die passiewe produksiemiddele wat self in die produksieproses verwerk word en bestem is om in een of ander vorm van die hand gesit te word.

Alhoewel al hierdie maatstawwe onder sekere omstandighede meriete het en onder ander omstandighede aan kritiek onderhewig is, is die *omlooptyd* en *omloopwyse* van kapitaal waarskynlik die beste maatstawwe. In hierdie studie sal voorkeur aan die *omloopwyse* van kapitaal as maatstaf vir die onderskeid tussen vaste en vlottende kapitaal gegee word omdat dit na skrywer se mening in die algemeen aan die minste kritiek onderhewig is.

---

1) Polak, N.J., *op.cit.*, p.48.

c. Die duursame en die wisselende kapitaal

Die *duursame* (konstante) kapitaal is daardie gedeelte van die kapitaal waaroor 'n onderneming blywend moet beskik om sonder moeilikheid lonend werksaam te wees. Die duursame kapitaalbehoefte bestaan uit twee komponente, naamlik:

(1) Al die kapitaal benodig vir investering in vaste bates soos grond, geboue, masjinerie en gereedskap; en

(2) 'n gedeelte van die kapitaal benodig vir die aanskaffing van vlottende bates.

Oor hierdie deel van die vlottende kapitaal moet die onderneming voortdurend beskik om die nodige uitgawes aan byvoorbeeld grondstowwe, lone, brandstof en salarisse aan te gaan ten einde die beste besetting van sy produksiekapasiteit te verseker.

Die *wisselende* (variabele) kapitaal is daardie gedeelte van die kapitaal wat skommel bo die duursame kapitaal. Die onderneming kan periodiek sonder hierdie kapitaal klaarkom sonder om sy kapasiteit te verminder.

Die wisseling in die kapitaalbehoefte kan volgens Herbst<sup>1)</sup> vier hooforsake hê, naamlik

(1) seisoensinvloede;

(2) konjunktuurveranderinge;

(3) struktuurveranderinge wat tot die duursame inkrimping of uitbreiding van die onderneming lei; en

(4) die toeval.

Onder statiese toestande is die skeidslyn tussen die duursame en die wisselende kapitaalbehoefte bepaalbaar. Die wisselende kapitaalbehoefte is in so 'n toestand die ekstra of addisionele kapitaalbehoefte wat gedurende seisoenspitse ontstaan,

---

1) Herbst, W., *op.cit.*, p.118.

terwyl die duursame kapitaalbehoefte die res is, dit wil sê dié deel wat blywend aanwesig is vir so lank as wat die onderneming sy bestaande tegniese produksievermoë handhaaf en gebruik. By 'n uitbreiding van die produksievermoë verhoog die duursame kapitaalbehoefte as gevolg van addisionele vaste en vlottende bates wat nodig is om die vergroete produksievermoë te gebruik.

In 'n dinamiese toestand is dit moeilik om 'n prakties hanterbare maatstaf te bepaal. 'n Verskeidenheid invloede (seisoens-, konjunktuur- en strukturebewegings asook die toeval) is ineengestremel en in so 'n toestand „is dit eenvoudig onmoontlik om 'n algemene reël neer te lê en moet elke onderneming vir homself die saak uitmaak oor welke deel van sy kapitaalbehoefte hy duursaam nodig het".<sup>1)</sup>

## 2. Die omvang van die kapitaalbehoefte

### a. Die faktore wat die omvang van die kapitaalbehoefte bepaal

Die faktore wat die omvang van die kapitaalbehoefte van 'n onderneming bepaal, word slegs aangestip omdat 'n volledige algemene bespreking van die moontlike invloed van elke faktor op die omvang van die kapitaalbehoefte van 'n onderneming geen doel in hierdie studie kan dien nie. By die kwantifisering van sy kapitaalbehoefte is dit vir die individuele onderneming egter nodig dat hy volledige kennis dra van die besondere faktore wat die omvang van sy kapitaalbehoefte beïnvloed en dat hy die moontlike invloed van elke faktor in aanmerking moet neem.

Reynders<sup>2)</sup> noem die volgende faktore wat die omvang van die kapitaalbehoefte van die lopende onderneming bepaal:

- (1) Die funksionele plek van die onderneming in die hele produksieproses;
- (2) die produksiemetode;

---

1) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.47.

2) *Ibid.*, p.194-208.

- (3) die duur van die tegniese produksieproses;
- (4) die produksie-, bedryfs- en ondernemingsomvang;
- (5) die diversiteitsverskynsel;
- (6) die aard van die bedryfstak;
- (7) die produksiekapasiteit;
- (8) die moontlikheid van besuinigingsmaatreëls; en
- (9) konjunktuur- en struktuurveranderings wat tot uitbreiding of inkrimping lei.

Herbst<sup>1)</sup> noem weer die volgende faktore:

- (1) Die bedryfstak;
- (2) die omlooptyd van die kapitaal;
- (3) die intensiteit van die gebruik van die saak se produksiekragte;
- (4) diverse besnoeiingsmaatreëls; en
- (5) konjunktuur- en struktuurveranderings.

Bonnievale, et al.<sup>2)</sup> bespreek die volgende faktore wat die vlottende kapitaalbehoefte van 'n onderneming beïnvloed:

- (1) Die aard van die onderneming;
- (2) die omloopsnelheid van voorrade en debiteure;
- (3) die verhouding tussen aankoop- en verkoopvoorwaardes;
- (4) seisoensinvloede;
- (5) die normale uitbreidingskoers van die verkope; en
- (6) die verhouding met bankiers.

---

1) Herbst, W., *op.cit.*, p.120-123.

2) Bonnievale, J.H. et al. *Organizing and financing business*. New Jersey: Prentice-Hall, 1959, p.213.

Die *diversiteitsverskynsel* wat deur Reynders onderskei word, verdien op hierdie stadium nadere toeligting. Die diversiteitsverskynsel wat veral in die Nederlandse bedryfsekonomiese literatuur wye aandag geniet<sup>1)</sup> is 'n verskynsel wat hom by die behoefte aan vaste kapitaal sowel as by dié aan vlottende kapitaal voordoën. Die verskynsel ontstaan omdat die kapitaalbehoefte vir die verskillende soorte bates maksimum en minimum punte toon wat nie met mekaar saamval nie. As 'n onderneming byvoorbeeld 'n groep masjiene van dieselfde lewensduur wil aankoop dan kan hy op die totale kapitaalbehoefte bespaar deur die masjiene nie gelyktydig nie, maar wel met tussenposes aan te koop. Die totale kapitaal wat daarin steek sal dan kleiner wees as die som van die bedrae wat by aankoop ineens nodig is. Anders gestel, as 'n onderneming 'n groep masjiene met dieselfde lewensduur maar van yerskillende leeftyd besit, dan sal die totale kapitaal wat daarin steek kleiner wees as die som van die bedrae wat op die tydstippe van vervanging van die masjiene nodig is.

In 'n onderneming wat produseer om voorraad op te bou en aan seisoenskommeling onderhewig is, sal die beweging in voorrade, debiteure en kontant (die vlottende kapitaalbehoefte) in 'n aansienlike mate vir mekaar kompenseer. Reynders<sup>2)</sup> gee die volgende sprekende voorbeeld en verduideliking hiervan wat aan Van der Meulen en Bakker ontleen is:

---

1) Kyk o.a. Polak, N.J., *op.cit.*, p.124-130 en Meij, J.L. *Leerboek der bedrijfseconomie*. Vierde druk. 'S-Gravenhage: N.V. Uitgevers, 1951, deel II, hoofstuk III. In hierdie werke word die diversiteitsverskynsel volledig bespreek en met syfer- en grafiese voorbeelde verduidelik.

2) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.201.

Beskikkingsmag vasgelê in:	Eerste kwartaal	Tweede kwartaal	Derde kwartaal	Vierde kwartaal	Maksimum behoefte	Minimum behoefte
Grondstowwe	100	70	50	80	100	50
Halfprodukte	20	70	60	70	70	20
Eindprodukte	10	50	80	40	80	10
Debiteure	20	30	40	50	50	20
Kontant	40	10	10	20	40	10
Totaal (R'000)	190	230	240	260	340	110

Die maksimumbehoefte van die kapitaalkomponente gesamentlik (totaal vierde kwartaal) blyk aansienlik laer te lê as die som van die afsonderlike maksimumbehoefte (260 < 340). Maar die minimumbehoefte van die kapitaalkomponente gesamentlik (totaal eerste kwartaal) lê aansienlik hoër as die som van die afsonderlike minimumbehoefte (190 > 110). 'n Bedrag van R190 000 moet dwarsdeur die jaar vasgelê word, maar die totale kapitaalbehoefte wissel oor die jaar tussen R190 000 en R260 000. Diversiteit bring dan 'n duursame vlottende kapitaalbehoefte van R190 000 wat belangrik meer is as die R110 000 minimumbehoefte, tewens 'n wisselende vlottende kapitaalbehoefte wat tussen R0 en R70 000 (R260 000 minus R190 000) lê en wat nie gedurende die hele jaar benodig is nie; ook veroorsaak dit dat die maksimum van die vlottende kapitaalbehoefte (R260 000 = duursame en wisselende behoefte) aansienlik kleiner is as die som van die afsonderlike maksima, naamlik, R340 000".

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die diversiteitsverskynsel 'n nivellerings-effek op die omvang van die kapitaalbehoefte het. Die werklike omvang van die kapitaalbehoefte van 'n onderneming kan onder sekere omstandighede aansienlik kleiner wees as die som van die verskillende komponente van die bates.

## b. Die kwantifisering van die kapitaalbehoefte

### (1) Inleiding

Die noodsaaklikheid daarvan om die kapitaalbehoefte van 'n onderneming noukeurig te bepaal, is ooglopend. In die literatuur word daar verskeie tegnieke bespreek wat in die praktyk toegepas word.<sup>1)</sup> Hiervolgens kan onderskei word tussen tegnieke met 'n retrospektiewe inslag, dit wil sê dié waarvolgens die historiese bedryfsresultate ontleed en finansiële prognoses op die bevindings gegrond word en die tegnieke met 'n prospektiewe inslag waarvolgens die verwagte kapitaalbehoefte rasioneel bereken en beplan word.

Weens die dinamiese karakter van die bedryfslewe is dit redelik vanselfsprekend dat 'n tegniek met 'n prospektiewe inslag verkieslik is en die doeltreffendste tegniek is 'n volledige stelsel van begrotingsbeheer, mits so 'n stelsel natuurlik ekonomies geregverdig is.

In hierdie verband moet daar 'n onderskeid tussen korttermynbegrotings en langtermynbegrotings getref word. Eersgenoemde strek gewoonlik oor 'n tydperk van een jaar terwyl laasgenoemde betrekking het op die eersvolgende vyf tot tien jaar.

### (2) Die korttermynbegroting

Die korttermynbegroting strek, soos reeds gesê, meesal oor 'n tydperk van een jaar en staan ook bekend as die kontantbegroting.


In figuur 2.1 word duidelikheidshalwe 'n skematiese oorsig gegee van die verskillende hulpbegrotings, hoe hulle gebruik word om die hoofbegroting op te stel en waar die kontantbegroting inpas.

---

1) Vergelyk Weston, J.F. en E.F. Brigham. *Managerial finance*. 3rd. edition. London: Holt, Rinehart & Winston, 1970, hoofstuk 5 en Howard, B.B. en M. Upton. *Introduction to business finance*. New York: McGraw-Hill, 1953, deel II.

Fig. 2.1

Skematiese voorstelling van die hulp- en hoofbegrotings van 'n fabrieksonderneming<sup>1)</sup>



Die begroting van die verkoopshoeveelheid (1) is gewoonlik die beginpunt van die begrotingstelsel omdat dit die beperkende faktor is. Na voltooiing van hierdie begroting word die begroting van die produksiehoeveelheid (2) opgestel. Dit verskil van eersgenoemde weens voorraadvorming binne die onderneming en die verskil in die produksie- en verkoopsiklusse. Hierdie twee begrotings vorm die grondslag vir die beraming van die bedryfskoste wat in die verskillende kostebegrotings (5) opgeneem word. Hierdie kostebegrotings word saamgevat in die begrotings van die totale koste (6) en van laasgenoemde af word die kontantbegroting gekrediteer met die bedrae wat aan koste uitbetaal gaan word. Op hierdie stadium bevat die kontantbegroting dus alle begrote ontvangste wat in die toekomstige begrotingstydperk gaan binne-vloei, asook die begrote koste wat uitbetaal gaan word.

'n Ander belangrike uitbetalingspos is egter nog die kapitaaluitgawes wat in die begrotingstydperk betaal moet word. Hierdie inligting word verkry uit die begroting waarin die verwagte kapasiteitsbesetting (3) bereken word.

In die gevalle waar bepaalde duursame produksiemiddele binnekort in so 'n mate oorbeset gaan wees dat hulle die produksiestroom gaan vertraag, sal 'n uitbreiding moet plaasvind. Die nodige aankope word opgeneem in die begroting van kapitaaluitgawes (4) wat natuurlik die kontantposisie van die onderneming in die besonder raak.

Die kontantbegroting is dus niks anders as 'n geprojekteerde rekening van ontvangste en betalings, of anders gestel, 'n begrote kasboek nie. Dit behoort ook duidelik te wees dat 'n kontantbegroting wat in besonderhede en op kort termyn opgestel word, 'n besondere nuttige dokument vir 'n doeltreffende finansieringsbeleid vorm. Helm<sup>1)</sup> onderskei tussen twee tipes kontantbegrotings wat oor verskillende termyne strek, naamlik:

---

1) Helm, F.C., *op.cit.*, p.213-214.

(a) 'n Kontantbegroting wat oor die volgende nege of twaalf maande strek; en

(b) 'n kontantbegroting vir die eersvolgende week of veertien dae. Uit die aard van die saak behoort dit duidelik te wees dat hoe korter die termyn is hoe meer akkuraat die begroting sal wees. Die geleentheid om oordeelsfoute te maak is dan geringer omdat daar minder onsekerhede bestaan.

(3) Die langtermynbegroting (projekbegroting)

In die vorige paragraaf is daar op die bepaling van die kapitaalbehoefte vir die eersvolgende kostetydperk deur middel van kontantbegrotings gelet. Daar bly egter 'n ander belangrike terrein van finansiering oor en dit is die kapitaalbehoefte wat ontstaan as 'n groot nuwe projek aangepak gaan word of as daar 'n groot algemene uitbreiding van die huidige kapasiteit voorsien word. In die kontantbegroting of korttermynbegroting (wat 'n herhalende karakter het) word daar wel vir geleidelike uitbreiding voorsiening gemaak. Die aanpakking van 'n nuwe projek of 'n groot algemene sprongsgewyse uitbreiding vereis egter beplanning oor 'n langer termyn (vyf tot tien jaar) en dit is die terrein van die langtermynbegroting.

Uit die aard van die saak is so 'n begroting aan veel meer onsekerhede as die korttermynbegroting onderhewig, want 'n beraaming van ekonomiese, sosiale en tegnologiese tendense oor die periode moet gemaak word en dit bly 'n uiters moeilike taak. So 'n sprongsgewyse uitbreiding of die aanpakking van 'n groot nuwe projek vereis egter groot bedrae kapitaal en moet in detail beplan word. Die beskikbare tegnieke val egter buite die bestek van hierdie studie en word nie verder behandel nie.

c. Samevatting

Uit die voorgaande het dit geblyk dat daar verskeie faktore bestaan wat 'n invloed op die omvang van die kapitaalbehoefte kan uitoefen. 'n Kennis van hierdie faktore is nodig indien die omvang van die kapitaalbehoefte redelik noukeurig bepaal

wil word. Daar bestaan verskeie tegnieke waarvolgens die kapitaalbehoefte na aard en omvang bepaal kan word - die beste waarvan 'n geïntegreerde begrotingbeheerstelsel skyn te wees. Soos later sal blyk is hierdie gevolgtrekkings ook op die sitruskoöperasies in Suid-Afrika van toepassing.

#### D. DIE BRONNE VAN KAPITAAL VIR DIE ONDERNEMING IN MAATSKAPPYVORM

##### 1. Die indeling van die bronne

Die beskikbare bronne van kapitaal vir die onderneming in maatskappyvorm kan op verskillende wyses ingedeel word:

##### a. Die interne en die eksterne kapitaal

Die *interne* kapitaal van die onderneming in maatskappyvorm bestaan uit

- (1) afskrywingsbedrae;
- (2) onverdeelde winste wat nie uitgekeer word nie; en
- (3) ingehoue winste of reserwes.

Die *eksterne* kapitaal is die kapitaal wat van buite die onderneming aangetrek word en bestaan uit

- (1) gewone aandelekapitaal ;
- (2) voorkeuraandelekapitaal;
- (3) obligasiekapitaal en verband- en ander lenings op lang termyn; en
- (4) 'n verskeidenheid lenings en krediet op die kort en middel termyn soos handelskrediet.

##### b. Die eie, vreemde en halfvreemde kapitaal

Die *eie* kapitaal omvat al die interne kapitaal plus die gewone aandelekapitaal. Die *vreemde* kapitaal bestaan uit die eksterne kapitaal minus die gewone en voorkeuraandelekapitaal. Die voorkeuraandelekapitaal is 'n *mengvorm* tussen die eie en vreemde kapitaal en staan daarom ook soms as *halfvreemde* kapi-

taal bekend.

c. Die lang-, middel- en korttermynkapitaal<sup>1)</sup>

Die *langtermynkapitaal* bestaan uit eie kapitaal, halfvreemde kapitaal en vreemde langtermynkapitaal (obligasiekapitaal<sup>2)</sup>) en verband- en ander lenings op lang termyn. Die *kort- en middeltermynkapitaal* bestaan dan uit die res van die vreemde kapitaal.

Aangesien hierdie hoofstuk ten doel het om 'n beter begrip van die finansiering van die sitruskoöperasies moontlik te maak, is dit nie nodig om die aard en eienskappe van elk van die bogenoemde bronne van kapitaal te ontleed nie omdat sekere bronne (byvoorbeeld handelskrediteure) in dieselfde vorm en onder dieselfde voorwaardes tot die sitruskoöperasies se beskikking is, terwyl ander bronne (voorkeuraandele) gladnie deur koöperasies in Suid-Afrika aangewend word nie. Met die doel van hierdie hoofstuk in gedagte word slegs die eienskappe van die gewone aandelekapitaal en die vreemde langtermynkapitaal dus in meer besonderhede ontleed.<sup>3)</sup>

2. Die gewone aandelekapitaal

Die gewone aandelekapitaal is die belangrikste vorm van eienaarsdeelname by die maatskappy en word opgebou uit die uitgifte van gewone aandele. Die belangrikste kenmerke van die gewone aandeel kan soos volg saamgevat word:

- 
- 1) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.5 toon aan dat daar in Suid-Afrika, soos in meeste ander lande, geen vaste gebruik vir die ondersied tussen die drie termyne is nie en definieer die termyne dan soos volg: *Korttermynkapitaal* is vir korter as een jaar, *middeltermynkapitaal* vir tussen een jaar en vyf jaar (soms tien jaar) en *langtermynkapitaal* dan vir langer as vyf of tien jaar beskikbaar.
  - 2) Obligasiekapitaal kan, afhangende van die termyn daarvan, ook as middeltermynkapitaal geklassifiseer word.
  - 3) Hierdie ontleding is hoofsaaklik gegrond op Herbst, W., *op.cit.*, p.144-152.

a. Aanspraak op wins

Die gewone aandeelhouders het 'n *onbeperkte aanspraak* op die restant van die wins na voorsiening vir vaste renteverpligtinge, voorkeurd dividende en belasting. Of die hele netto wins in die vorm van 'n dividend op aandele uitgekeer gaan word of nie hang van die beleid van die onderneming en die besluit van die aandeelhouders op die algemene jaarvergadering af. Die *winsuitkering* geskied op grond van die *aandelebesit* van elke aandeelhouer.

b. Seggenskap in die leiding

Die gewone aandeelhouders van 'n maatskappy moet in die vermoë verkeer om die bedryfsresultate van die onderneming te beïnvloed omdat

(1) hulle inkomste uit die maatskappy, afgesien van die dividendbeleid, van die bedryfsresultate van die onderneming afhang; en

(2) die waarde van hulle aandelebesit in die onderneming en die eventuele realiseerbaarheid daarvan ook van die bedryfsresultate afhanklik is. Elke gewone aandeelhouer het dan ook 'n *seggenskap* (stemreg) in die maatskappy wat *eweredig* aan sy *aandelebesit* is.

In die praktyk hoef die gewone aandeelhouders hierdie regte nie uit te oefen nie en kan die direksie of bestuurders die mag hê. Dit is so omdat die aandeelhouders in groot ondernemings nie genoeg kontak met die onderneming het om voldoende invloed uit te oefen nie. Hulle woon miskien te ver om aan die algemene vergadering deel te neem, of word deur hulle eie werk te besig gehou om dit te doen, of het so 'n klein aandelebesit in 'n hele reeks ondernemings dat dit die koste en moeite nie loon om die algemene vergaderings by te woon nie. Dit neem egter nie daarvan weg dat die gewone aandeelhouders die fundamentele reg besit om die leiding van die onderneming in verhouding met hulle aandelebesit te beïnvloed nie. Wanneer sake verkeerd

loop, doen hulle dit ook dikwels deur teen die voorstelle van die direksie te stem of 'n nuwe direksie te kies.

c. Die koste van gewone aandeelkapitaal

Die gewone aandeel word dikwels as baie goedkoop beskou omdat 'n dividend nie betaal hoef te word nie. Hierdie sienswyse is egter foutief. Die gewone aandeelhouers verwag 'n beloning vir die tydelike afstanddoening van die beskikkingsmag en die hoë risiko ten opsigte van die gedeeltelike of algehele verlies van die hoofsom en is normaalweg slegs tevrede met 'n hoër opbrengs as die rentekoers op die vreemde kapitaal. As dit nie vir hierdie eis was nie sou baie min aandeelkapitaal getrek kon word. Die gemiddelde onderneming moet, as hy wil slaag, 'n betreklike hoë dividend betaal op die gewone aandeelkapitaal. Vir dieselfde rede is die bestaande aandeelhouers altyd onwillig om nuwe aandele op gelyke voet met die bestaande aandele te laat uitreik aangesien dit hulle opbrengs verwater.

In gevalle waar daar weer 'n beroep op die kapitaalmark gemaak sal moet word, moet die dividendkoers dikwels hoër gehou word as wat eintlik geregverdig is ten einde 'n latere uitreiking te laat slaag. Die verskil tussen die „geregverdigde koers" en die huidige hoë koers is die koste van die gewone aandeelkapitaal.

d. Termyn van beskikbaarstelling

Uit die standpunt van die aandeelhouer word kapitaal aan die onderneming beskikbaar gestel totdat die aandeel aan iemand anders verkoop word wat *bereid* is om die huidige aandeelhouer op te volg. Die huidige houer kry dan die beskikkingsmag terug wat hy kan verteer of elders belê. Die nuwe aandeelhouers begin juis dan met spaar. Die kringloop staan bekend as die *opvolging van die spaarders*. Die graad van oordraagbaarheid word bepaal deur die verhandelbaarheid van die aandeel wat weer van die winsvooruitsig afhang. Soms beperk die statute die oordraagbaarheid en moet verhandeling deur die direksie goedgekeur word. Gedurende opgaande konjunktuur is die vraag na aandele groot met

die gevolg dat die markwaarde skerp appresieer. Die effektebeurs is gewoonlik baie gevoelig vir plaaslike sowel as internasionale ekonomiese en politieke spanning.

Een van die belangrikste eienskappe van die aandeel uit die ondernemingsoogpunt is dat die aandelekapitaal op *onbepaald lang termyn* (permanent) beskikbaar is omdat daar altyd 'n opvolging van spaarders is. Die onderneming kan aandelekapitaal hou vir solank as wat hy dit goed kan gebruik.

#### e. Sekerheid van rendement en risiko van kapitaalverlies

Daar bestaan *geen sekerheid* in die sin van 'n waarborg dat die gewone aandeelhouer enige dividend sal ontvang en dat hy die bedrag wat hy vir die aandele betaal het ooit sal terugkry nie. 'n Dividend is slegs betaalbaar indien daar 'n wins deur die onderneming gemaak is. Sou die onderneming verliese ly dan moet die gewone aandeelhouders dit in beginsel opvang aangesien verliese by gebrek aan reserwes en onverdeelde winste teen die aandelekapitaal afgeskryf word. By likwidasië het die gewone aandeelhouders die laaste vordering teen die bates en die likwidasië-waarde van die gewone aandeel is gewoonlik van min betekenis omdat die onderneming onder sodanige omstandighede gewoonlik nie oor enige noemenswaardige oorskot sal beskik nie. Die gewone aandelekapitaal loop dus in die eerste plek die kapitaalrisiko wat eie aan die winssoekende onderneming is.

### 3. Vreemde langtermynkapitaal - die obligasielening

#### a. Inleiding

Vreemde kapitaal op lang (en tussen) termyn kom in verskillende vorme voor. Die bekendste is:

- (1) 'n Langtermynlening teen sekerheid van borgtog;
- (2) 'n langtermynlening teen verband op vaste goedere; en
- (3) 'n obligasielening.

Die eerste soort lening speel in die gewone bedryfslewe nie 'n groot rol nie. Dit kom wel voor by kleinere familiesake, waar kennisse en verwante as borge kan optree. Die tweede vorm is veral in die landbou en in die woningbou van groot betekenis. Ook in die handel en industrie het dit 'n sekere betekenis, onder andere wanneer bougenootskappe of versekeringsmaatskappye lenings vir die koop van persele en die oprigting van geboue verstrekk. Die obligasielening speel in die gewone bedryfslewe dikwels 'n belangrike rol en die aandag word verder daarop toegespits.

#### b. Die obligasielening

Die obligasie is 'n geskrewe skuldbewys met 'n belofte om jaarliks vir 'n sekere aantal jare 'n vaste rente op die geleende bedrag te betaal en die lening daarna, of broksgewyse oor die tydperk terug te betaal. Die aantrekking van vreemde kapitaal is slegs geregverdig as die winsvooruitsigte so rooskleurig is dat daar 'n redelike verwagting bestaan dat die beskikkingsmag betyds aan die eienaars terugbesorg sal word. Obligasies word gewoonlik in eenhede net soos aandelekapitaal uitgegee. By uitgifte is daar gewoonlik twee kontrakte, naamlik:

- 1) Die primêre kontrak tussen die onderneming en die individuele obligasiehouer; en
- 2) die kontrak tussen die onderneming en die trustee van die obligasiehouers. Die trustee moet voortdurend 'n oog hou oor die belange van die obligasiehouers en sorg dat hulle belange beskerm word. In regsgekille tree die trustee namens die obligasiehouers op.

##### (1) Aanspraak op wins

Aanspraak op die wins is *bepêrk maar baie definitief*. Die obligasie is anders as die gewone aandeel 'n vaste rente-effek. Of 'n wins gemaak is of nie, die obligasierente moet betaal word. Sodra die rente agterstallig is kan die trustee namens die obligasiehouers optree en die onderneming indien no-

dig likwieder. Hierdie kenmerk hou groot gevare vir die onderneming met 'n swak winsvooruitsig of sterk skommelende winsvooruitsigte in.

## (2) Seggenskap in die leiding

Die obligasiehouers het *geen seggenskap* in die leiding van die maatskappy nie en kan nie die bedryfsresultate beïnvloed nie. Sodra die rente egter vir 'n sekere termyn agterstallig is, verkry die obligasiehouers gewoonlik stemreg en kan hulle oor sekere aspekte, soos likwidasië, besluit.

## (3) Die koste van die obligasiekapitaal

Die koste van die obligasiekapitaal vir die onderneming hang van talle faktore soos die vraagstuk van kapitaalleegloop<sup>1)</sup> en die risiko in die bedryfstak waarin die onderneming hom bevind, af. Indien daar deur die foutiewe gebruik van obligasiekapitaal 'n kapitaalleegloop gedurende die jaar sou plaasvind, dan beteken dit dat die koste van die obligasiekapitaal hoër as net die obligasierente is. 'n Onderneming wat in 'n bedryfstak met groot risiko's optree sal 'n aantrekliker rentekoers of ander voorwaardes moet aanbied om 'n suksesvolle obligasie-uitgifte te verseker.

Die koste word ook beïnvloed deur faktore soos die koers waarteen afgelos gaan word. Ses persent obligasies kan byvoorbeeld uitgereik word teen 90 sent met die belofte om dit later teen 100 sent af te los. Die effektiwige rentekoers is dan veel hoër as wat met die eerste oogopslag sou blyk.

## (4) Termyn van beskikbaarstelling

Obligasies kan uitgereik word vir enige tydperk van vyf tot 30 jaar en langer. Uit die oogpunt van die obligasiehouer is die obligasie 'n langtermynbelegging wat hy slegs kan terugkry as hy die obligasie sou verkoop of by verstryking van die lewensduur van die obligasie. Die onderneming verkry beheer oor die

1) Die begrip kapitaalleegloop en die betekenis daarvan vir die onderneming word later in hierdie hoofstuk vollediger behandel. Kyk p. 57-58.

kapitaal vir 'n bepaalde lang of tussen termyn.

(5) Sekerheid van rendement en risiko van kapitaalverlies

Die *rentesekerheid is absoluut* tensy die onderneming heeltemal tot niet gaan en sy bates niks oplewer nie, wat hoogs onwaarskynlik is. Die vernaamste sekerheid is die winsverwagting en die hoeveelheid eie kapitaal wat dien as eerste linie teen verliese. Hoe groter die eie kapitaal, hoe groter is die kapitaal wat die winste kan kweek.

Daar is ook 'n belofte om die hoofsom na 'n sekere tydperk terug te betaal of in paaiemente terug te betaal. Die tydperk en voorwaardes van terugbetaling asook die prys waarteen aflossing sal geskied word in die skuldbewys gemeld. Die korttermynkrediteure het gewoonlik 'n voorkeureis bo die obligasiehouers en kan ook gouer optree as die obligasiehouers. Die kort- en langtermynkrediteure het dus teenstrydige belange.

'n Ander belangrike sekerheidstelling gaan om die vraag of die onderneming die reg het om nog meer obligasies uit te gee met dieselfde regte as die bestaande obligasies. Somtyds is daar 'n verbod op die uitreiking van verdere soortgelyke of selfs voorkeurobligasies ten einde die sekerheid nie af te water nie. Gewoonlik is daar 'n bepaling in die obligasiekontrak dat verdere obligasies slegs uitgegee mag word na raadpleging en met die goedkeuring van die bestaande obligasiehouers.

Soms word 'n spesifieke verband op bepaalde bates van die onderneming ten gunste van die obligasiehouers geregistreer. Die verband het slegs waarde as die bates waarde het. Die verband verhoed die verbrokkeling van die bates maar plaas 'n baie ernstige beperking op die beweeglikheid van die onderneming in geval van nood en die behoefte om sekere bates tot geld te maak ten einde die moeilikhede die hoof te bied.

'n Algemene verband ("floating mortgage") word soms geregistreer oor alle bates van die onderneming. Die onderneming

het dan die reg om bates te verkoop vir sover dit die normale gang van sake betref. By likwidasië egter geniet die regte van die obligasiehouers voorkeur selfs bo die korttermynkrediteure. Soms word effekte of aandele wat die betrokke maatskappy in ander maatskappye hou by die trustee of sy verteenwoordiger gedeponeer as waarborg. Word die uitreikingsvoorwaardes nie nagekom nie het die trustee dan die reg om die effekte of aandele tot geld te maak en die rente en obligasies daaruit af te los. Soms kan 'n derde persoon 'n waarborg gee. Die moedermaatskappy waarborg byvoorbeeld die rente en delging van die obligasies uitgereik deur die dogtermaatskappy.

#### 4. Slotopmerkings

Die kapitaalvorme wat tot die beskikking van landboukoöperasies in Suid-Afrika is, word in hoofstuk 5 in besonderhede ontleed. Soos sal blyk is die lede van koöperasies in die algemeen onwillig om 'n groot getal aandele in hulle koöperasies op te neem. Die redes hiervoor is onder andere dat die koöperasie-aandeel, in teenstelling met die gewone maatskappy-aandeel slegs 'n beperkte aanspraak op wins gee, seggenskap in die koöperasie in beginsel nie met aandeelbesit verband hou nie en ook omdat die koöperasie-aandeel nie in waarde kan appresieer nie. Laasgenoemde is een van die redes waarom koöperasielede nie ten gunste van winsreservering deur hulle koöperasies is nie.

Anders as die gewone aandeelkapitaal van die maatskappy is die aandeelkapitaal van 'n koöperasie slegs op bepaald lang termyn tot sy beskikking en dus in wese aan skommelings onderhewig. Dit is so omdat die aandeelkapitaal van 'n koöperasielid onder sekere omstandighede aan hom terugbetaalbaar is en daar by die koöperasie nie noodwendig 'n opvolging van spaarders plaasvind nie.

Hierdie eienskappe van die koöperasie-aandeel lewer probleme by die finansiering van die koöperasie op en hierop word die aandag later in die studie gevestig.

## E. DIE FINANSIERINGSBELEID VAN DIE ONDERNEMING<sup>1)</sup>

### 1. Inleiding

In die bespreking tot dusver is die aandag op die kapitaalbehoefte en die bronne waaruit kapitaal aangetrek kan word, gevestig. Dit bly nou nog vir die onderneming oor om die kapitaal uit die beskikbare bronne op so 'n wyse aan te trek dat dit kwalitatief en kwantitatief „reg" by die behoeftes aangepas is. Ten einde hierin te kan slaag moet die onderneming by die opstelling van sy finansieringsbeleid rekening hou met sy doelstellings, die rentabiliteits-, likiditeits- en solvabiliteitsoorwegings, asook met sy winsverwagtinge.

In die volgende paragrafe sal die betekenis van hierdie oorwegings in soverre dit op die aanwending van verskillende tipes kapitaal ter bevrediging van die kapitaalbehoefte betrekking het, bespreek word.

### 2. Die doelstelling(s) van die onderneming en sy finansieringsbeleid

Dit word redelik algemeen aanvaar dat die winssoekende onderneming in maatskappyvorm daarna streef om die rentabiliteit<sup>2)</sup> van die eie kapitaal oor die lang termyn te maksimeer. Die finansieringsprobleem wentel dan om die vraag of daar 'n finansiële struktuur is wat die rentabiliteit van die eie kapitaal, met behoud van die solvabiliteit en likiditeit en met die inagneming van die winsverwagtinge, sal maksimeer.

### 3. Die rentabiliteitsoorweging

#### a. Inleiding

In hierdie subparagraaf word die finansiële struktuur wat

- 1) Hierdie gedeelte is in hoofsaak gebaseer op Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.305 e.v. en Herbst, W., *op.cit.*, hoofstuk 9.
- 2) Die begrip *rentabiliteit* verwys na die persentuele verhouding tussen 'n gegewe kapitaal en die wins (rendement) wat daarmee gedurende 'n bepaalde tydperk verdien word.

op die duur die hoogste rentabiliteit van die eie kapitaal sal verskaf, behandel. Dit hoef natuurlik nog nie die ideale finansiële struktuur te wees nie want die ander oorewegings moet ook by die finale beslissing in ag geneem word.

Dié vraag oor watter finansiële struktuur die rentabiliteit van die eie kapitaal sal maksimeer kan die beste benader word deur agtereenvolgens na die beste kombinasie van vreemde lang- en korttermynkapitaal en die beste kombinasie van eie kapitaal (interne plus aandelekapitaal) en vreemde of halfvreemde kapitaal te soek.

b. Die kombinerings van vreemde lang- en korttermynkapitaal

(1) Die finansiering van die duursame kapitaalbehoefte

Vir sover vreemde kapitaal daarvoor in aanmerking kom is dit *in die reël* voordeliger om die duursame kapitaalbehoefte met vreemde langtermynkapitaal eerder as met vreemde korttermynkapitaal te finansier omdat obligasiekapitaal in die algemeen goedkoper as leweransiers- en bankkrediet is. Ook is dit moontlik dat die korttermynkredietverskaffers hulle rentekoerse nog verder sal verhoog namate hulle meer krediet voorskiet en verdere krediet selfs kan weier omdat hulle sekerheid al kleiner word. Wanneer kontantkortings nie ter sprake kom nie is leweransierskrediet egter goedkoper as obligasiekapitaal en kan dit voordelig vir die finansiering van ten minste 'n deel van die duursame kapitaalbehoefte aangewend word.

(2) Die finansiering van die wisselende kapitaalbehoefte

Omdat daar met die gebruik van langtermynkapitaal vir die finansiering van die wisselende kapitaalbehoefte 'n kapitaal-leegloop plaasvind, is die gebruik van korttermynkrediet waarvan die termyn presies by die duur van die behoefte aangepas is, in die algemeen die voordeligste vir hierdie doel selfs al is die rentekoers op korttermynkrediet meesal hoër as wat dit die geval met langtermynlenings is. Dit hoef egter nie noodwendig

die geval te wees nie, want soos Polak<sup>1)</sup> tereg aantoon, hang dit van die termyn waarvoor die wisselende kapitaalbehoefte bestaan asook van die heersende rentekoerse waarteen die onderskeie tipes kapitaal aangetrek en surpluskapitaal herbelê kan word, af, of die gebruik van lang- of korttermynkapitaal vir die finansiering van die wisselende kapitaalbehoefte die goedkoopste sal wees. Indien rentekoerse konstant is, kan die volgende formule<sup>2)</sup> aangewend word om die sogenoemde kritiese termyn (die tyd-stip waarop die gebruik van lang- of korttermynkapitaal eweveel sal kos) te bepaal:

$$N = M \left( \frac{PL - PC}{PK - MC} \right)$$

waar N = kritiese termyn

M = maande, weke of dae in 'n jaar

PL = rentekoers van langtermynleningskapitaal

PK = rentekoers van korttermynleningskapitaal

PC = rentekoers waarteen surplusfondse herbelê kan word.

Indien veronderstel word dat PL = ses persent, PK = agt persent en PC = vier persent, dan beteken dit dat dit uit 'n koste-oogpunt voordelig sal wees om langtermynleningskapitaal aan te wend indien die wisselende kapitaalbehoefte vir 'n langer tydperk as ses maande duur en omgekeerd.  $[N = 12 \left( \frac{6 - 4}{8 - 4} \right) = 6 \text{ maande}]$ .

### c. Die kombinerings van eie kapitaal met vreemde of halfvreemde kapitaal

By die vraag oor die juiste kombinerings van eie kapitaal met vreemde en halfvreemde kapitaal uit 'n rentabiliteits-oogpunt kom die *finansiële hefboomverskynsel* ter sprake. Die effek van hierdie verskynsel op die rentabiliteit van die eie kapitaal kan

---

1) Polak, N.J., *op.cit.*, p.144.

2) *Ibid.*

soos volg opgesom word:<sup>1)</sup>

(1) Wanneer die ondernemingsrentabiliteit (die persentuele verhouding tussen die netto wins plus alle rente op vreemde kapitaal en alle kapitaal deur die onderneming gebruik) gelyk aan die gemiddelde koste van die vreemde en/of halfvreemde kapitaal is, dan word die rentabiliteit van die eie kapitaal nie deur die aantrekking van vreemde en/of halfvreemde kapitaal beïnvloed nie.

(2) Wanneer die ondernemingsrentabiliteit hoër as die gemiddelde koste van die vreemde en/of halfvreemde kapitaal is, dan word die rentabiliteit van die eie kapitaal bo die ondernemingsrentabiliteit verhoog en wel progressief namate meer vreemde en/of halfvreemde kapitaal gebruik word.

(3) Wanneer die ondernemingsrentabiliteit laer as die gemiddelde koste van die vreemde en/of halfvreemde kapitaal is, dan daal die rentabiliteit van die eie kapitaal benede die ondernemingsrentabiliteit en wel progressief namate meer vreemde en/of halfvreemde kapitaal gebruik word.

Hierbo is na vreemde en halfvreemde kapitaal in dieselfde verband verwys. Alhoewel die gebruik van hierdie twee kapitaalvorme in die algemeen dieselfde invloed op die rentabiliteit van die eie kapitaal uitoefen, is daar in besonderhede egter verskille tussen die twee vorme, soos die feit dat die koste van voorkeuraandele in die reël hoër is as dié van vreemde langtermynkapitaal. Dit is egter nie nodig om hier op die verskille in te gaan nie.

Gesien bloot uit die oogpunt van die maksimum rentabiliteit op eie kapitaal is dit dus voordelig om vreemde en halfvreemde kapitaal aan te trek solank die ondernemingsrentabiliteit hoër

---

1) Die finansiële hefboomverskynsel geniet in die finansieringsliteratuur wye bespreking. Kyk o.a. Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.115 en p.309-312, Weston, J.F. en E.F. Brigham, *op.cit.*, hoofstuk 9 en Curran, W.S. *Principles of financial management*. New York: McGraw-Hill, 1970, p.240-254.

as die gemiddelde koste van die vreemde en halfvreemde kapitaal is.<sup>1)</sup> Dit moet egter onthou word dat die onderneming se strewe die maksimering van die rentabiliteit op eie kapitaal oor die lang termyn is. Die oormatige gebruik van vreemde en halfvreemde kapitaal stel die winsgewende langtermynvoortbestaan van die onderneming egter in gevaar en vir die behoud hiervan is dit nodig dat aandag aan die likiditeits- en solvabiliteitseise, asook aan die winsverwagtinge van die onderneming geskenk word.

#### 4. Die likiditeitsoorweging

##### a. Die begrip likiditeit

Die begrip *likiditeit* verwys na die vermoë van die onderneming om te alle tye sy finansiële verpligtinge na buite te kan nakom en die nodige uitgawes (lone, grondstowwe, ens.) ter voortsetting van sy bedryf in die gewenste omvang te kan aangaan.

Die finansieringsbeleid van die onderneming moet vir likiditeitshandhawing sorg. Verwaarlosing van likiditeit gee nie net aanleiding tot onnodige koste ('n onderneming in likiditeitsnood moet dikwels hoë rentekoers betaal) nie, maar dit skaad ook die kredietwaardigheid van die onderneming en kan ook beteken dat die onderneming nie op kapasiteit kan werk nie omdat hy nie oor die nodige fondse ter betaling van sy lopende uitgawes beskik nie.

---

1) Namate 'n onderneming meer en meer vreemde kapitaal gebruik verminder die sekerheid van 'n rendement op die vreemde kapitaal en verhoog die risiko van 'n kapitaalverlies. Die verskaffers van vreemde kapitaal sal onder sodanige omstandighede of hulle rentekoerse verhoog om vir die groter risiko's te kompenseer of nie langer bereid wees om kapitaal te verskaf nie. Op een of ander stadium sal die verdere aantrekking van vreemde kapitaal dus nie meer lonend of moontlik wees nie.

In die ouere finansieringsliteratuur<sup>1)</sup> is as algemene likiditeitseis vir die vervaardigingsonderneming gestel dat die termyn van kapitaalaantrekking moet aanpas by die termyn van kapitaalinvestering. Dit sou dan onder andere beteken dat die bates waarin die kapitaal nie omloop nie (byvoorbeeld grond) met eie kapitaal gefinansier moet word, terwyl die bates waarin die kapitaal broksgewys omloop (veral masjinerie) ewe goed met obligasieleninge of eie kapitaal gefinansier kan word, solank net gesorg word dat die aflossingstermyne langer as die termyn is waarbinne die reproduksiesomme vrykom. Hierdie benadering word deesdae bevraagteken en daar word aangevoer dat die onderneming hierdie ouere likiditeitseis mag verwaarloos solank hy daarop kan reken dat daar op die vervaldag van een lening 'n ander lening aangegaan kan word. Hoeveel ondernemings kan egter met sekerheid op so iets reken? Dit blyk dus gerade te wees om by die aantrekking van kapitaal ten minste die termyn van investering in gedagte te hou.

Daar word voorts kortliks op die finansiering van die duursame en die wisselende kapitaalbehoefte uit 'n likiditeitsoogpunt gelet.

#### b. Die finansiering van die duursame kapitaalbehoefte

Uit 'n likiditeitsoogpunt gesien is dit die veiligste om die duursame kapitaalbehoefte van die vervaardigingsonderneming met langtermynkapitaal te finansier. Die gebruik van korttermynkrediet is nie heeltemal uitgesluit nie, maar dan moet daar *volkome* sekerheid van voortdurende beskikbaarheid wees. Uit 'n rentabiliteitsoogpunt is die gebruik van korttermynkrediet egter in die algemeen ongewens. Die verdere vraag is nou in hoeverre kapitaal op bepaald (langtermynleningskapitaal) en onbepaald lang termyn (eie kapitaal) ter finansiering van die duursame kapitaalbehoefte uit likiditeitsoogpunt geskik is. Herbst<sup>2)</sup>

1) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.316-320, Herbst, W., *op.cit.*, p.179 en Polak, N.J., *op.cit.*, hoofstuk V.

2) Herbst, W., *op.cit.*, p.180.

verskaf die volgende goeie antwoord op die vraag:

„(i) Ook wanneer dit die veiligste is om eie kapitaal aan te wend, kan die duursame kapitaalbehoefte uit likwiditeitsoogpunt *tydelik* met obligasiekapitaal gefinansier word indien die onderneming op voldoende afskrywingsmiddele en winsmiddele kan reken om mettertyd vir die vervanging van die kapitaalgoedere en vir die aflossing van die obligasielening te sorg. Hier sal daar intussen gewaak moet word teen nadelige konjunktuurwisselinge. Eintlik gebruik die onderneming meer obligasiekapitaal as wat hy volgens sy normale finansieringsplan beoog: die vreemde kapitaal is slegs 'n oorbruggingslening.

(ii) Die konstante kapitaalbehoefte kan uit likwiditeitsoogpunt *duursaam* met obligasiekapitaal gefinansier word indien die onderneming op 'n standhoudende mark vir sy obligasies kan reken. Die gebruik van obligasiekapitaal sal sy likwiditeit met ander woorde nie in gevaar stel as hy daarop kan reken dat hy sy lening telkens in 'n ander lening sal kan omsit nie. Dit veronderstel 'n betreklik stabiele rendement, soos 'n mens byvoorbeeld by versorgingsondernemings - onder meer elektrisiteitsvoorsieningsondernemings - teenkom.

(iii) Ondernemings wat nie op 'n standhoudende mark vir hulle obligasies kan reken nie, doen uit likwiditeitsoogpunt die beste deur die duursame kapitaalbehoefte vir die oorgrote deel te finansier met gewone aandelekapitaal en ingehou winsmiddele en eventueel met voorkeuraandelekapitaal".

### c. Die finansiering van die wisselende kapitaalbehoefte

Uit 'n likiditeitsoogpunt beskou kan die wisselende kapitaalbehoefte met langtermynkapitaal gefinansier word. Die rentabiliteitsoorweging dwing die onderneming egter om korttermynkrediet te gebruik as dit goedkoper as langtermynkapitaal is. Die gebruik van korttermynkrediet hou geen likiditeitsgevaar vir die onderneming in nie. Leweransiers- en bankkrediet kom veral vir die finansiering van die wisselende kapitaalbehoefte in aan-

merking. Bankkrediet is dikwels goedkoper as leweransierskrediet maar omdat leweransiers nie so maklik as die banke krediet-fasiliteite intrek nie, is die gebruik van leweransierskrediet vir die finansiering van die grootste gedeelte van die wisselende kapitaalbehoefte verkieslik. Bankkrediet is veral geskik om in onvoorsiene spitsbehoefte te voorsien en wanneer 'n onderneming met die bank oor sy beskikkingsruimte onderhandel moet hy dit so ruim moontlik probeer maak om sodoende vir die gedeeltelike finansiering van sy normale wisselende kapitaalbehoefte en onvoorsiene spitsbehoefte te voorsien.

## 5. Die solvabiliteitsoorweging

### a. Die begrip solvabiliteit

Solvabiliteit word nie deur alle skrywers op dieselfde wyse gedefinieer nie alhoewel die grondliggende betekenis wat aan die begrip geheg word, ooreenstem.

Reynders<sup>1)</sup> skryf: „In ... het dit reeds geblyk dat solvabiliteit te doen het met die oorwaarde van die besittinge en vorderinge van die onderneming bo sy skulde, en is dit omskryf as die vermoë van die onderneming om selfs by eventuele likwidasië aan al sy skulde te voldoen.”

Die Kommissie<sup>2)</sup> skryf weer soos volg: „Solvabel bly 'n onderneming slegs solank as sy eie kapitaal voldoende is om die groots moontlik kapitaalverlies op te vang waaraan hy - afgesien van rampe - blootstaan”.

Die Koöperatiewe Raad<sup>3)</sup> merk in hierdie verband soos volg op: „Die solvabiliteit van die onderneming is daarin geleë dat by eventuele onbinding daar voldoende kontant gerealiseer moet

---

1) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.322.

2) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, paragraaf 646.

3) Die Koöperatiewe Raad, *op.cit.*, p.148.

word om ten minste die eksterne laste te kan vereffen. Dit raak veral die verhouding van eie tot vreemde kapitaal en die aard van die bates. Baie bates het alleen hulle volle waarde in die kontinue onderneming en as dit by likwidasië verkoop word realiseer dit veel minder ... Kredietgewers sal veral let op hierdie aspek".<sup>1)</sup>

Na aanleiding van die voorafgaande definisies kan dit gestel word dat die solvabiliteit van 'n onderneming verwys na die sekerheid wat die verskaffers van vreemde kapitaal (leningskapitaal) aan die onderneming het, dat hulle hul kapitaal by die eventuele ontbinding van die onderneming sal terugkry, of anders gestel, of daar by die eventuele ontbinding van die onderneming voldoende kontant gerealiseer sal kan word om die leningskapitaal terug te betaal. Hierdie sekerheid van die verstrekkers van vreemde kapitaal hang af van

- (1) die besondere sekerheid of voorregte wat die vreemde kapitaal geniet;
- (2) die aard van die bates waaroor die onderneming beskik;
- (3) die soort vreemde kapitaal;
- (4) die omvang van die aanwesige eie kapitaal; en
- (5) die winsverwagtings.<sup>2)</sup>

#### b. Besondere sekerhede

Soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk geblyk het, kan die vreemde kapitaal teen onderpand van sekere of alle goedere in die onderneming aangetrek word. Die sekerheid wat so 'n onderpand bied hang van die opbrengs af wat dit by eventuele verkoop

- 
- 1) Die gebruik van die term *eksterne laste* in die definisie, is verwarrend, want dit veronderstel die bestaan van *interne laste* wat vreemd in die finansieringsliteratuur en -denke is. Die skrywer gebruik die term waarskynlik as sinoniem vir die verstrekkers van vreemde (lenings-) kapitaal soos later in die definisie tot uiting kom wanneer na die verhouding van eie tot vreemde kapitaal verwys word.
  - 2) Op die invloed van die winsverwagtings op die finansieringsbeleid word later in hierdie hoofstuk gelet.

sal oplewer en dit hang weer af van die vraag daarna. Afgesien van konjunkturoorwegings, is dit duidelik dat by kapitaalgoedere die vraag groter sal wees namate die goedere minder spesifiek is; dus vir meerdere doeleindes gebruik kan word en by verbruiksgoedere, of dit 'n weeldeartikel of goedere vir algemene gebruik is. 'n Onderneming met persele wat vir meer as een doel geskik is en met produkte waarna daar 'n ruime en stabiele vraag bestaan sal meer vreemde kapitaal kan aantrek as 'n saak wat in 'n taamlik afgeleë gebied 'n fabriek het wat op die produksie van slegs sekere goedere ingestel is.

#### c. Die aard van die bates

In die voorafgaande paragraaf is reeds op die invloed van die aard van die bates by die sekerheidstelling in die geval van onderpand gewys. Dieselfde opmerkings geld ook wanneer daar geen besondere sekerheidstelling aan die verskaffers van vreemde kapitaal gegee is nie.<sup>1)</sup>

#### d. Die soort vreemde kapitaal

Reynders<sup>2)</sup> wys daarop dat daar 'n sekere antipatie tussen kort- en langtermynkrediet bestaan. Tensy die vreemde langtermynkapitaal besondere sekerhede geniet, besit die korttermynkredietgewers 'n voorsprong en kan hulle hul krediet intrek sodra hulle merk dat dit minder goed met die onderneming gaan.

Ondernemings wat korttermynkrediet in groot omvang aanwend is vir die verskaffers van vreemde langtermynkapitaal dus minder aanvaarbaar tensy hulle besondere sekerhede kan verkry. Laasgenoemde plaas natuurlik weer die verskaffers van korttermynkrediet in 'n swakker posisie.

---

1) Kyk ook die definisie van die Koöperatiewe Raad onder subparagraaf a., p.63-64.

2) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.325.

#### e. Die omvang van die eie kapitaal

Vir sover die verstrekkers van vreemde kapitaal nie op die sekerheid van saaklike onderpand kan reken nie, moet hulle steun op die sekerheid wat die aanwesigheid van voldoende eie kapitaal bied. Immers, tree verlies in, dan word dit in eerste plek deur die eie kapitaal geabsorbeer. Om voldoende sekerheid aan die vreemde kapitaal te verskaf moet die eie kapitaal minstens net so groot wees as die redelik moontlike verlies op die totale kapitaal.

#### f. Gevolgtrekking

Die solvabiliteit van 'n onderneming verwys na die sekerheid wat die vreemde kapitaalverstrekkers besit dat hulle hul kapitaal selfs by die eventuele ontbinding van die onderneming sal terugkry. Solvabiliteitshandhawing is vir die onderneming dus belangrik want dit bepaal of, en indien wel, hoeveel vreemde kapitaal (dus betreklik goedkoop kapitaal) die onderneming kan aantrek.

#### 6. Die winsverwagtinge

In die bespreking tot dusver is daar by verskeie geleenthede by implikasie of direk na die moontlike invloed van die winsverwagtinge van die onderneming op sy finansieringsbeleid, veral wat die likiditeits- en solvabiliteitsoorwegings betref, verwys. Enkele samevattende opmerkings oor die betekenis van die winsverwagtinge in soverre dit die finansieringsbeleid van die onderneming raak, is ten slotte nodig.

In die ouere literatuur is as likiditeitseis gestel dat die termyn waarop kapitaal aangetrek word ten minste met die termyn van aanwending moet ooreenstem. In die praktyk sou dit beteken dat die duursame kapitaalbehoefte met eie kapitaal (kapitaal wat permanent beskikbaar is) gefinansier moet word. In die vroeëre bespreking is daarop gewys dat die onderneming uit likiditeits-oogpunt egter ook bepaald langtermynkapitaal (byvoorbeeld obliga-

sies) en selfs korttermynkrediet (indien uit rentabiliteitsoogpunt geregverdig) vir die finansiering van sy duursame kapitaalbehoefte kan gebruik *mits hy daarop kan reken dat hy by die vervaldatum van een lening 'n ander kan vind om dit mee te vervang.* Hierdie sekerheid kan alleen bestaan wanneer die onderneming rooskleurige winsverwagtinge het, want die verstrekkers van vreemde kapitaal wil sekerheid besit dat hulle hul rente betyds sal ontvang en nie 'n kapitaalverlies sal ly nie. Goeie stabiele winste verskaf in hierdie opsig belangrike sekerheid. Selfs al sou 'n onderneming in tydelike geldnood verkeer kan hy reken op die toegeeflikheid van kredietverskaffers solank hy oor goeie toekomsverwagtinge beskik. Die evaluering van winsverwagtinge is egter 'n subjektiewe proses en die ondernemingsleiding moet waak teen te groot optimisme wanneer hy vreemde kapitaal wil aantrek.

## 7. Gevolgtrekking

Die finansieringsbeleid van die winssoekende onderneming moet daarop ingestel wees om op die lang duur die grootste rentabiliteit van sy eie kapitaal met behoud van die likiditeit en solvabiliteit van die onderneming te verseker. Om hierin te kan slaag moet die onderneming met inagneming van sy kapitaalbehoefte die optimale kombinasie tussen eie en vreemde of halfvreemde kapitaal en tussen vreemde kort- en langtermynkapitaal vind. Ver al die kombinasie tussen eie en vreemde of halfvreemde kapitaal lewer probleme op.

Die voorafgaande beskouinge oor die hoofoorweging wat by die bepaling van die juiste finansieringsbeleid ter sprake kom, het laat blyk dat twee daarvan (die rentabiliteitsoorweging en winsverwagting) in die rigting van 'n ruime gebruik van vreemde kapitaal lei, terwyl die ander twee (die solvabiliteits- en die likiditeitsoorweging) hulle teen die ruime gebruik van vreemde kapitaal verset. Die probleem is om die ewewigspunt te vind waar hierdie oorwegings met mekaar versoen word. Reynders<sup>1)</sup>

1) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.327.

vat die posisie so duidelik saam wanneer hy sê: „Ons het by die finansiering met grense te doen of 'n sone waarbinne die oplossing lê. Die *onderste grens* lê daar waar die verdere gebruik van vreemde kapitaal die rentabiliteit van die beherende kapitaal nadelig sal begin tref maar die solvabiliteit en veral die likiditeit nog ongeskonde laat; die *boonste grens* is dié waar die solvabiliteit en veral die likiditeit in gevaar kom hoewel die rentabiliteit van die beherende kapitaal nog verhoog kan word deur nog meer vreemde kapitaal te gebruik - ons kom te na aan die risiko van bankrotskap. Tussenin lê allerlei moontlikhede, maar telkens, en veral by die boonste grens, is die winsverwagtings deeglik en op verantwoorde wyse te ontleed. En laasgenoemde is makliker gesê as gedaan vanweë die bestaan van onsekerhede; en die meeste wat ons kan doen is om op verantwoorde wyse met die konjunktuur, vraagveranderings en -verskuivings en dergelike aspekte rekening te hou, hoewel die skattings uiteindelik op 'n subjektiewe beskouing bly berus”.

Reynders<sup>1)</sup> konkludeer dan verder: „Kortom, daar blyk wel vir 'n *gegewe omstandigheid* 'n optimale kombinasie van skuld en eie kapitaal bepaalbaar te wees; tot by dié punt styg die rentabiliteit van die beherende kapitaal sterker as die risiko's, maar daarna is die ekstra risiko's verbonde aan die hefboomwerking groter as die ekstra voordele wat daaruit te behaal is”.

Soos uit die bespreking in hoofstuk 6 sal blyk, geld die bogenoemde oorwegings benewens enkele andere ook in beginsel by die bepaling van die juiste finansieringsbeleid van 'n koöperasie. As gevolg van die verskil in doelstellings is daar egter 'n klemverskuiwing.

## F. DIE BEOORDELING VAN DIE FINANSIERINGSDOELTREFFENDHEID DEUR GEBRUIK VAN FINANSIËLE VERHOUDINGSGETALLE

### 1. Die begrip finansiële verhoudingsgetalle

Dit is algemeen bekend dat die finansiële rekenings en ba-

---

1) *Ibid.*

lansstate van ondernemings in absolute geldwaardes uitgedruk word. Alhoewel die verskillende poste daarin onder spesifieke hoofde en subhoofde geklassifiseer word (byvoorbeeld vaste en vlottende bates en lang- en korttermynverpligtinge) word die *verhouding* tussen hierdie poste nie in die rekeninge en state uitgewys nie en dit kan alleen deur die gebruik van finansiële verhoudingsgetalle gedoen word. Poste wat in funksionele verband tot mekaar staan word dus teenoor mekaar gestel en hulle onderskeie geldwaardes word tot 'n verhoudingsgetal gereduseer.

Die vlottende bates van 'n onderneming verteenwoordig byvoorbeeld die bron waaruit korttermynverpligtinge gedelg moet word. Deur die ooreenstemmende geldwaardes na 'n verhoudingsgetal te reduseer vind die finansiële bestuurder byvoorbeeld dat sy onderneming oor 'n verhouding van 2 : 1 beskik. Dit toon dat die onderneming oor twee rand vlottende bates beskik vir elke een rand korttermynverpligtinge. So 'n verhoudingsgetal stel hom in staat om in 'n *oogopslag* vergelykings te kan tref, wat nie op grond van absolute geldwaardes moontlik sou wees nie.

Elke belangrike pos in die balansstaat en handels-, wins- en verliesrekening het so 'n funksionele verwantskap tot een of meer ander poste en wanneer die betrokke poste se absolute geldwaardes in verhoudingsgetalle uitgedruk word, word finansiële verhoudingsgetalle verkry.

## 2. Die toepassingsgebied en gebruik van finansiële verhoudingsgetalle

Die toepassingsgebied van finansiële verhoudingsgetalle is wyd. Dit kan gebruik word by die finansiële ontleding van een onderneming vir een finansiële jaar; by die ontleding van een onderneming oor 'n aantal jare om te bepaal of die tendens oor die jare gunstig of ongunstig was; by die vergelyking van verskillende afdelings van een onderneming binne een periode of oor 'n tydperk; by die vergelyking van die eie onderneming met ander ondernemings vir een periode of oor 'n tydperk; en by voor-

uitskattings of die beplanning van die onderneming se toekomstige finansiële optrede.

Finansiële verhoudingsgetalle is natuurlik nie net vir die onderneming as sodanig van belang nie. Ook die huidige en potensiële kapitaalverstrekkers van die onderneming gebruik dit om die finansiële posisie van die onderneming te beoordeel.

'n Finansiële verhoudingsgetal op sigself beskou het min betekenis. Om betekenis daaraan te verleen moet dit met 'n norm of norme vergelyk word en selfs dit is 'n relatiewe maatstaf wat tussen ondernemings en bedryfstakke kan wissel na gelang van besondere omstandighede wat kan geld.

Die waarde van die gebruik van finansiële verhoudingsgetalle lê daarin dat dit 'n *aanduiding van moontlike finansiële knelpunte gee*. Dit bring nie die oorsake en betekenis van sodanige knelpunte tot uiting nie en dit verskaf ook nie 'n oplossing om die knelpunte uit die weg te ruim nie. Finansiële verhoudingsgetalle word gebruik as 'n soort „gesondheidstoets" op die onderneming. Deur die gebruik van finansiële verhoudingsgetalle word die bestaan van moontlike siektetoestande wat 'n meer diepgaande ondersoek verg, aangedui. Reynders<sup>1)</sup> vat die gebruik van finansiële verhoudingsgetalle soos volg goed saam: „Ons moet ook beklemtoon dat 'n verhoudingsyfer net 'n *aanduiding* kan gee van iets wat verkeerd is. Om die ware oorsake en betekenis van die verskynsel en die remedie vas te stel, is altyd *nadere ondersoek* nodig".

### 3. Die vergelykingsmaatstawwe

In die vorige paragraaf is aangetoon dat 'n finansiële verhoudingsgetal slegs betekenis verkry wanneer dit met 'n bepaalde norm of norme vergelyk word, met ander woorde as dit aan een of ander maatstaf gemeet word. Daar bestaan verskillende sodanige

---

1) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.139.

maatstawwe waarvan die volgende drie die bekendste is:

a. 'n *Vooruitgekalkuleerde maatstaf* van wat die resultate onder bepaalde omstandighede volgens logiese beredenerings behoort te wees. Dit is in vele opsigte die beste maatstaf om te gebruik omdat dit sowel die ervaring van die onderneming as sy beplanning vir die verbetering van die historiese prestasies beliggaam. Met hierdie maatstaf word daar vasgestel in welke mate daar aan die beplanning voldoen is. Dit is egter net vir die onderneming wat 'n behoorlike omvattende begrotingsbeheerstelsel in werking het, beskikbaar.

b. Die *maatstaf van ooreenstemmende gegewens van ander gelyksoortige ondernemings* (standaardverhoudingsgetalle<sup>1)</sup>). Hierdie maatstaf word bereken deur die verlangde finansiële verhoudingsgetal vir die groots moontlike aantal vergelykbare ondernemings te bepaal en daaruit 'n gemiddelde te bereken. Dit kan ook bereken word deur die twee absolute geldwaardes in die verhoudingsgetal vir elke onderneming te bepaal, die twee reekse waardes op te tel en die verhouding uit die totaal te bereken. Die so berekende verhoudingsgetal verteenwoordig dan 'n geweegde gemiddelde wat in sekere gevalle verkieslik mag wees. Die individuele onderneming vergelyk nou sy verhoudingsgetal met die gemiddelde verhoudingsgetal en soek die redes vir afwykings wat daar mag wees.

Standaardverhoudingsgetalle vir verskillende bedryfstakke word ook soms gepubliseer<sup>2)</sup> en sodanige gepubliseerde verhoudingsgetalle kan ook 'n baie nuttige maatstaf wees.

c. Die *maatstaf van empiries-aanvaarde standaarde*. Daar bestaan heelwat sodanige standaarde wat op grond van ervaring deur veral die bankpraktyk ontwikkel is. As gevolg van die algemene

---

1) *Ibid.*, p.97.

2) In Suid-Afrika publiseer die Buro vir Finansiële Analise van die Universiteit van Pretoria en die Raad van Handel en Nywerheid byvoorbeeld sodanige standaardverhoudingsgetalle.

aard van hierdie empiries-aanvaarde standarde is afwykings daarvan of voldoening daaraan deur 'n onderneming nie baie veel-seggend nie. Die maatstaf neem verskille tussen ondernemings en bedryfstakke nie in ag nie.

Die moontlikheid bestaan natuurlik ook, en dit mag selfs noodsaaklik wees, om aldrie bogenoemde maatstawwe gesamentlik of 'n kombinasie van sommige te gebruik.<sup>1)</sup>

#### 4. Die verskillende finansiële verhoudingsgetalle

Daar bestaan 'n groot aantal finansiële verhoudingsgetalle wat deur die onderneming intern of deur die eksterne analitikus gebruik kan word. Die verhoudingsgetalle wat gebruik behoort te word hang van die doel van die analise af. In hierdie paragraaf word die aandag slegs op 'n aantal van die gebruiklikste finansiële verhoudingsgetalle gevestig. Sommige hiervan sal ook later in die studie op die primêre sitruskoöperasies toegepas word. Die verskillende finansiële verhoudingsgetalle wat hier bespreek gaan word kan in die volgende vier hoofgroepe ingedeel word:

- a. Likiditeitsverhoudingsgetalle;
- b. solvabiliteitsverhoudingsgetalle;
- c. rentabiliteitsverhoudingsgetalle; en
- d. aktiwiteits- of bestuursdoeltreffendheidsverhoudingsgetalle.

##### a. Likiditeitsverhoudingsgetalle

'n Onderneming is likied as hy voortdurend oor die vermoë beskik om betyds alle betalings te doen wat nodig is vir die voortsetting van sy bedryf in die gewenste omvang.<sup>2)</sup> Daar bestaan 'n aantal verhoudingsgetalle wat die likiditeit van 'n onderneming toelig.<sup>3)</sup> Die aandag word hier slegs op enkeles ge-

1) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.100.

2) Kyk ook paragraaf 4.a., p. 60.

3) Kyk byvoorbeeld Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.104-105.

vestig:

(1) Die vlottende verhouding

Die vlottende verhouding is 'n *algemene* maatstaf van likiditeit en dui die mate aan waarin die korttermynverpligtinge deur bates gedek word wat in min of meer dieselfde tydperk as dié waarin die korttermynverpligtinge nagekom moet word, tot geld gemaak sal kan word. Dit is dus die verhouding tussen alle vlottende bates en alle korttermynverpligtinge, dus

$$\text{Vlottende verhouding} = \frac{\text{Vlottende bates}}{\text{Korttermynverpligtinge}}$$

As die resultaat groter as een is, is die onderneming *veronderstel* om in staat te wees om sy korttermynverpligtinge te kan nakom soos en wanneer hulle verval. As 'n maatstaf vir likiditeit het hierdie verhoudingsgetal egter veral twee ernstige beperkinge:

(a) Alle vlottende bates word onder dieselfde kam geskeer en daar word nie tussen die realisasiewaarde van voorrade, debiteure en kontant onderskei nie. Kontant lewer in hierdie opsig geen probleem nie. Daar bestaan egter geen sekerheid dat debiteure en veral voorrade hulle boekwaarde sal realiseer nie.

(b) Die tydfaktor word nie in ag geneem nie. Kan die onderneming byvoorbeeld sy verpligtinge nakom as hy sy krediteure binne 30 dae moet vereffen terwyl dit hom 90 dae neem om sy debiteure in te vorder en ses of nege maande om sy voorrade tot kontant te maak?

Om hierdie redes word 'n vlottende verhouding van kleiner as 2 : 1, wat die algemene vuisreël in die bankpraktyk is, met suspisie benader. 'n Verhouding van 2 : 1 kan, afhangende van omstandighede, egter ook 'n gevaarlike of 'n te konserwatiewe veralgemening wees.

(2) Die vuurproefverhouding

Die vuurproefverhouding word bereken deur die waarde van die voorrade van die waarde van die vlottende bates af te trek en die resultaat met die waarde van die korttermynverpligtinge te deel, dus

$$\text{Vuurproefverhouding} = \frac{(\text{Vlottende bates} - \text{voorrade})}{\text{Korttermynverpligtinge}}$$

Voorrade is gewoonlik die minste likied (neem die langste om in kontant te omskep) van 'n onderneming se vlottende bates en die meeste onderhewig aan verliese by likwidasië en markverwakking en word by hierdie likiditeitsmaatstaf buite rekening gelaat. Volgens empiriese standaarde behoort die vuurproefverhouding minstens 1 : 1 te wees. 'n Kleinere verhouding toon dat dit ook nodig sal wees om voorrade te likwideer ten einde die korttermynverpligtinge te kan nakom. 'n Verhouding van 1 : 1 toon egter nog nie dat die nakoming van die verpligtinge noodwendig volkome en betyds sal plaasvind nie, want daar mag verliese by die invordering van debiteure wees en/of die invordering mag oor 'n langer periode as wat die aflossing vereis, geskied.

(3) Die kontantverhouding

Die kontantverhouding word verkry deur alle kontant en kwasikontant met die korttermynverpligtinge te deel, dus

$$\text{Kontantverhouding} = \frac{(\text{Kontant} + \text{kwasikontant})}{\text{Korttermynverpligtinge}}$$

Die verhouding toon aan in welke mate die korttermynverpligtinge deur kontant en kwasikontant gedek word. Hieruit kan ook afgelei word in watter mate debiteure of debiteure en voorrade gelikwideer sal moet word om vir die kontanttekort (die mate waarin die korttermynverpligtinge die kontant en kwasikontant oorskry) te vergoed. Die volgende formule kan hiervoor gebruik word:

$$a = \left[ \frac{\frac{(100 - x)}{100} \times y}{z} \right]$$

waar a = die persentasie van die debiteure of debiteure en voorrade wat gelikwideer moet word om vir die kontanttekort te vergoed

x = die kontantdekking

y = die totale korttermynverpligtinge

z = die waarde van debiteure of die waarde van debiteure en voorrade.

#### (4) Ander likiditeitsverhoudings

Enkele ander verhoudings kan nog aangewend word om spesifieke aspekte van die likiditeit toe te lig. By die bespreking van die vlottende en die vuurproefverhoudings is daar byvoorbeeld op die belang van die tydsfaktor by die verkoop van korttermynverpligtinge gewys. Hierdie aspekte kan verder toegelig word deur die voorraadomsetsnelheid, die debiteure-invorderingstermyn en die krediteure-betalingstermyn te bereken.

#### b. Solvabiliteitsverhoudingsgetalle

Solvabiliteit verwys na die sekerheid van vreemde kapitaalverskaffers dat hulle hul kapitaal wat aan die onderneming geleen is by eventuele likwidasië sal kan terugkry. Die volgende is die bekendste verhoudingsgetalle waaraan die solvabiliteit van 'n onderneming getoets kan word:

##### (1) Die skuldverhouding

Hierdie verhouding toon die persentasie van die totale kapitaal wat deur vreemdes voorsien word aan en word soos volg bereken:

$$\text{Skuldverhouding} = \frac{\text{Totale vreemde kapitaal}}{\text{Waarde van totale bates}} \times \frac{100}{1}$$

Die verskaffers van vreemde kapitaal verkies 'n lae verhouding, want hoe laer die verhouding hoe groter is hulle sekerheid dat hulle hul geld sal terugkry. Die eienaars daarenteen mag 'n hoë verhouding verkies omdat hulle beheer wil behou (as hulle aandele sou uitgee kan hulle beheer verloor) en omdat hulle van die voordele van die hefboomeffek gebruik wil maak. 'n Baie hoë skuldverhouding kan tot onverantwoordelike optrede deur die eienaars lei omdat dit hulle aanmoedig om te spekuleer omrede hulle min het om te verloor.

Die skuldverhouding kan ook so bereken word:

$$\frac{\text{Eienaarsbelang}}{\text{Totale vreemde kapitaal}}$$

Die beperkinge op afleidings uit die skuldverhouding is duidelik wanneer in gedagte gehou word wat reeds vroeër in hierdie hoofstuk oor die solvabiliteitsvraagstuk geskryf is.<sup>1)</sup> Die verhouding gee geen aanduiding van enige besondere sekerhede wat sommige vreemde kapitaalverstrekkers mag geniet nie en dit bevat ook geen aanduiding van die aard van die bates, die metode van waardering van bates, die tipes vreemde kapitaal wat gebruik word en die winsverwagtinge van die onderneming nie.

## (2) Die rentedekkingsverhouding

Die rentedekkingsverhouding word bereken deur die ondernemingswins voor belasting met die renteverpligtinge te deel, dus

$$\text{Rentedekkingsverhouding} = \frac{\text{Ondernemingswins voor belasting}}{\text{Renteverpligtinge}}$$

Die verhouding toon aan in welke mate die renteverpligtinge deur die ondernemingswins voor belasting gedek word. Belastingaanspreeklikheid kom nie in aanmerking nie omdat renteverpligtinge voorkeur bo belastingverpligtinge geniet.

---

1) Kyk p. 63-66.

(3) Die skulddekkingsverhouding

Die skulddekkingsverhouding toon die vermoë van die onderneming om sy *vaste finansiële verpligtinge* (rente + huur + skuld- delging) na te kom. Die skulddekkingsverhouding word soos volg bereken:

$$\frac{\text{Ondernemingswins voor belasting + huur}}{\text{Rente + huur + } \left( \frac{\text{Skulddelging}}{1 - \text{belastingvoet}} \right)^{1)}$$

Beide die dekkingsverhoudings het afleidingsbeperkinge. Die winssyfer wat gebruik word is byvoorbeeld nie dieselfde as die kontantstroom nie en dit (die kontantstroom) is van groot belang by die vraag of die onderneming sy vaste verpligtinge kan nakom.

c. Rentabiliteitsverhoudingsgetalle

Die volgende rentabiliteitsverhoudingsgetalle wat elkeen 'n besondere aspek van rentabiliteit toelig kan van belang wees:

- (1) Die ondernemingsrentabiliteit;
- (2) die rentabiliteit van bedryfswerksame kapitaal;
- (3) die rentabiliteit van buitebeleggings;
- (4) die rentabiliteit van vreemde kapitaal; en
- (5) die rentabiliteit van eie kapitaal.

(1) Die ondernemingsrentabiliteit

Die ondernemingsrentabiliteit is die persentuele verhouding tussen die ondernemingswins en die ondernemingskapitaal. Die ondernemingswins is die netto wins voor belasting plus alle rente op geleende kapitaal en die ondernemingskapitaal is alle kapitaal

---

1) Die bedrag van die skulddelging is nie soos rente vir belastingdoeleindes aftrekbaar nie. Die onderneming se „voorbelasting-wins" moet dus voldoende wees om die belasting op die bedrag van die skulddelging sowel as die skulddelging te dek.

(eie, sowel as vreemde) of die waarde van die totale bates, dus

$$\text{Ondernemingsrentabiliteit} = \frac{\text{Ondernemingswins}}{\text{Ondernemingskapitaal}} \times \frac{100}{1}.$$

(2) Die rentabiliteit van die bedryfswerksame kapitaal

'n Deel van die onderneming se kapitaal kan buite sy eintlike bedryf belê wees en vir sekere doeleindes mag dit nodig wees om te weet wat die rentabiliteit is van die kapitaal wat in die eintlike bedryf geïnvesteer is.

Rentabiliteit van bedryfswerksame kapitaal

$$= \frac{\text{Ondernemingswins} - \text{inkomste uit buitebeleggings}}{\text{Ondernemingskapitaal} - \text{buitebeleggings}} \times \frac{100}{1}.$$

(3) Die rentabiliteit van buitebeleggings

Die rentabiliteit van buitebeleggings is die persentuele verhouding tussen die inkomste uit buitebeleggings en die geldwaarde van die buitebeleggings, dus

$$\frac{\text{Inkomste uit buitebeleggings}}{\text{Waarde van buitebeleggings}} \times \frac{100}{1}.$$

Sou hierdie rentabiliteit laer wees as die rentabiliteit op die bedryfswerksame kapitaal dan sou dit beter wees om die kapitaal, indien moontlik, in die eie bedryf aan te wend en omgekeerd.

(4) Die rentabiliteit van vreemde kapitaal

Dit is die persentuele verhouding tussen die rente op geleende fondse en die geldwaarde van die geleende fondse en dui op 'n koste vir die onderneming.

Rentabiliteit van vreemde kapitaal

$$= \frac{\text{Rente op geleende fondse}}{\text{Waarde van geleende fondse}} \times \frac{100}{1}.$$

Sou hierdie rentabiliteit laer wees as die ondernemingsrentabiliteit dan dui dit op die voordelige aanwending van vreemde kapitaal. Die rentabiliteit van die eie kapitaal word deur mid-

del van die hefboomeffek verhoog. Die teenoorgestelde geld natuurlik ook.

(5) Die rentabiliteit van eie kapitaal

Die rentabiliteit van die eie kapitaal is die persentuele verhouding tussen die netto wins (dus na betaling van alle rente) en die eie kapitaal of suiwere vermoë („net worth“).

Die rentabiliteit van eie kapitaal

$$= \frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Eie kapitaal}} \times \frac{100}{1}$$

of

$$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Eie kapitaal}} \times \frac{100}{1}.$$

d. Aktiwiteits- of bestuursdoeltreffendheidsverhoudingsgetalle

Die aktiwiteits- of bestuursdoeltreffendheidsverhoudingsgetalle gee 'n aanduiding van hoe doeltreffend die onderneming die daarin geïnvesteerde kapitaal aanwend.<sup>1)</sup> Vir hierdie doel kan 'n hele aantal verhoudings bereken word, die bekendste waarvan die volgende:

- (1) Die verhouding tussen omset en totale kapitaal (bates<sup>2)</sup>);
- (2) die verhouding tussen omset en vaste kapitaal (vaste bates<sup>3)</sup>);
- (3) die omsetsnelheid van vlottende kapitaal (vlottende bates);

---

1) Weston, J.F. en E.F. Brigham, *op.cit.*, p.54 en Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.107.

2) en 3) Dikwels word daarna verwys dat hierdie verhoudings die *omsetsnelheid* van die kapitaal aantoon. Westwick, C.A. „The use of ratios in measuring asset utilization” in *The accountant*, 23 Desember 1967, p.815, merk in hierdie verband egter volgens skrywer se mening tereg soos volg op: „Some, with the writer, will find it bordering on the ridiculous to talk of 'turning over' such assets as land and buildings either so many times a year or in so many days. Others, perhaps with less pictorial imaginations may not, however, find this irritating”.

- (4) die omsetsnelheid van voorrade;
- (5) die omsetsnelheid van debiteure; en
- (6) die omsetsnelheid van kontant.

(1) Die verhouding tussen omset en totale kapitaal

Die verhouding tussen die jaarlikse omset van 'n onderneming en sy totale kapitaal ( $\frac{\text{Jaarlikse omset}}{\text{Totale bates na afskrywing}}$ )<sup>1)</sup> toon die jaarlikse omset in rand per een rand geïnvesteerde kapitaal aan. 'n Hoë verhouding dui op 'n meer produktiewe aanwending van kapitaal as 'n laer verhouding. 'n Lae verhouding dui dus op oor-investering of onvoldoende verkope of albei.

By die gebruik van hierdie verhouding en die verhoudings wat die omsetsnelheid van vlottende kapitaal, voorrade, debiteure en kontant aandui, moet dit in gedagte gehou word dat die kapitaal wat in die betrokke bates steek gedurende die periode onder beskouing kan skommel. Die mees realistiese syfer om te gebruik is dus die gemiddelde van die kapitaal wat gedurende die periode vir die verskillende doeleindes gebruik is.<sup>2)</sup>

(2) Die verhouding tussen omset en vaste kapitaal

Die verhouding tussen die jaarlikse omset en die vaste kapitaal ( $\frac{\text{Jaarlikse omset}}{\text{Vaste bates teen boekwaarde}}$ ) toon die jaarlikse omset in rand per een rand kapitaal wat in vaste bates geïnvesteer is, aan. 'n Hoë verhouding dui weer eens op groter doeltreffendheid as 'n lae verhouding. 'n Te hoë verhouding kan natuurlik ook dui op onderkapitalisasie met die daarmee gepaardgaande nadele.

(3) Die omsetsnelheid van vlottende kapitaal

Die omsetsnelheid van die vlottende kapitaal word verkry

---

1) Reynders, H.J.J., *op.cit.*, p.109.

2) *Ibid.*, p.108-112.

deur die omset te deel met die gemiddelde investering in vlottende bates ( $\frac{\text{Omset}}{\text{Vlottende bates}}$ ).

'n Buitengewone lae syfer in vergelyking met die norm kan aandui dat die investering in vlottende bates te hoog is of dat die verkope (omset) te laag is. 'n Baie hoë syfer kan toon dat die onderneming oor ontoereikende vlottende kapitaal beskik. Om 'n duideliker beeld van die doelmatigheid van die gebruik van die vlottende kapitaal te verkry en om moontlike knelpunte beter te kan afbaken is dit raadsaam om ook die omsetsnelheid van voorrade, debiteure en kontant te bereken.

#### (4) Die omsetsnelheid van voorrade

Die omsetsnelheid van voorrade word bereken deur die *kosprys* van die verkope te deel met die gemiddelde voorraad, dit wil sê:

$$\text{Omsetsnelheid van voorrade} = \frac{\text{Kosprys van verkope}}{\frac{1}{2}(\text{beginvoorraad} + \text{eindvoorraad})}$$

of

$$\frac{\text{Kosprys van verkope}}{\text{gemiddelde maandelikse voorraad}}$$

Die laasgenoemde syfer sal verkieslik wees omdat voorrade gedurende die periode baie kan skommel. Die omloopsnelheid van voorrade word deur soveel faktore beïnvloed dat 'n gunstige (hoë) of ongunstige (lae) syfer op sigself geen aanduiding van doeltreffendheid gee nie.<sup>1)</sup>

#### (5) Die omsetsnelheid van debiteure

Die omsetsnelheid van debiteure word bereken deur die kredietverkope vir die periode onder behandeling te deel met die debiteure aan die einde van die periode, of verkieslik met die gemiddelde maandelikse debiteure ( $\frac{\text{Kredietverkope}}{\text{Debiteure}}$ ). Die doel

---

1) *Ibid.*, p.111.

van hierdie verhoudingsgetal is om te help bepaal of daar 'n oorbelegging in debiteure is. Dit lei dan tot 'n verdere ondersoek van die kredietverlenings- en die debiteure-invorderingsbeleid.

Wat die gebruiksmoontlikhede van hierdie verhouding betref merk Reynders<sup>1)</sup> soos volg op: „Allerlei probleme word ook by die berekening van die omset van handelsvorderinge ondervind ... Die interne analis kan hierdie probleme probeer oorkom ... Vir die eksterne analis is sulke aanpassings onmoontlik.”

#### (6) Die omsetsnelheid van kontant

$$\text{Die omsetsnelheid van kontant} = \frac{\text{Omset}}{\text{Kontant} + \text{kwasikontant}}$$

Reynders<sup>2)</sup> laat hom soos volg uit oor die beheer van kontant: „Die beheer oor kontant vereis 'n fyn ewewig: aan die een kant moet so min moontlik kontant gehou word omdat dit renteverlies meebring en aan die ander kant moet daar genoeg wees vir die doen van normale sowel as onvoorsiene uitgawes. Die berekening van die omloopsnelheid van kontant is een manier om 'n aanduiding te gee ... van die doeltreffendheid van kontantgebruik. Ander nuttige verhoudingsyfers wat dit kan aanvul, is dié van kontant tot vlottende bates en kontant tot vlottende laste ...

Hierdie historiese verhoudingsyfers kan egter net sekere aspekte van kontantgebruik toelig ... meer omvattende beheer (kan) uitgeoefen word deur die staat van die historiese kontantstroom periodiek met die kontantbegroting te vergelyk”.

#### 5. Beperkinge op die gebruik van finansiële verhoudingsgetalle

Uit die bespreking van die gebruik van finansiële verhoudingsgetalle het 'n aantal beperkinge op die aanwending daarvan

---

1) *Ibid.*, p.111-112.

2) *Ibid.*, p.112.

reeds tot uiting gekom. Enkele van die belangrikste algemene beperkinge word ten slotte beklemtoon:

- a. Finansiële verhoudingsgetalle op sigself verskaf geen diagnose nie, maar bied net 'n uitgangspunt daarvoor.
- b. Finansiële verhoudingsgetalle is nutteloos sonder betroubare vergelykingsmaatstawwe.
- c. Die meeste finansiële verhoudingsgetalle kry eers nut as 'n vergelyking oor 'n tyd getref word of as 'n groep verwante getalle in samehang beskou word.
- d. Finansiële verhoudingsgetalle verskaf meesal net 'n statiese analise en dit plaas beperkings op die aanwending daarvan vir beplanningsdoeleindes.

Afgesien van die beperkinge kan finansiële verhoudingsgetalle tog nuttig gebruik word om 'n aanduiding van knelpunte in die finansieringsbeleid van 'n onderneming te gee. Dit geld ook vir koöperasies, alhoewel die groot verskil in eienskappe tussen koöperasies<sup>1)</sup> in dieselfde bedryfstak 'n verdere beperking op die vergelykbaarheid van finansiële verhoudingsgetalle tussen koöperasies onderling plaas.<sup>2)</sup>

#### G. SLOT

In hierdie hoofstuk is 'n aantal finansieringsbegrippe, -beginsels en -verskynsels bespreek en verduidelik. Met dit as verwysingsraamwerk en die ontleding van die eienskappe, doel, rol en funksies van die primêre sitruskoöperasies in hoofstuk 3 as agtergrond, kan die finansiering van die primêre sitruskoöperasies krities ontleed word.

---

1) Kyk byvoorbeeld die bespreking in hoofstuk 3.

2) Kyk ook hoofstuk 4, p.150-151 waar enkele spesifieke beperkings ten opsigte van die sitruskoöperasies uitgewys word.

## HOOFSTUK 3

DIE ROL, DOEL, FUNKSIES EN EIENSKAPPE VAN DIE  
PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA

A. INLEIDING

Uit hoofstuk 2 het dit geblyk dat die aard, doel en funksies van 'n onderneming 'n direkte invloed op die finansiering daarvan het. Die funksies wat 'n onderneming verrig het byvoorbeeld 'n invloed op die aard en omvang van die kapitaalbehoefte van daardie onderneming, terwyl die risiko's waaraan die onderneming blootgestel is, 'n invloed het op die relatiewe omvang en samestelling van die vreemde kapitaal wat deur die onderneming aangewend behoort te word. Alvorens dit dus moontlik is om 'n verantwoordelike mening oor die finansieringsdoelmatigheid van 'n besondere onderneming te kan uitspreek, is dit nodig om volkome duidelikheid te verkry oor, onder andere, die aard, doel en funksies van daardie onderneming.

In hierdie hoofstuk word die rol, doel, funksies en eienskappe van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika ontleed met die doel om as agtergrond te dien vir die beoordeling van die finansieringsdoelmatigheid van hierdie koöperasies in die latere hoofstukke.

B. DIE ORGANISATORIESE SAMESTELLING VAN DIE SITRUSBEDRYFSTAK EN DIE ROL VAN DIE PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES  
DAARIN

1. Inleiding

Vier afsonderlike organisatoriese eenhede kan in die Suid-Afrikaanse sitrusbedryfstak onderskei word, naamlik die Sitrusraad, die Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Sitrusbeurs Beperk, die primêre sitruskoöperasies en die sitrusprodusente. Die besondere rol van elk van hierdie eenhede sal nou kortliks agtereen-

volgens geskets word.

## 2. Die Sitrusraad<sup>1)</sup>

Die Sitrusraad is in 1940 ingestel deur die Sitruskema wat kragtens die Bemarkingswet in 1939 afgekondig is.

Die doelstelling van die Sitruskema is in breë trekke om deur middel van 'n eenkanaalpoelskema die ordelike en gekoördineerde bemarking van sitrus op die buitelandse en binnelandse mark te bewerkstellig.

Om hierdie basiese doelstelling te bereik beskik die Sitrusraad oor 'n aantal bevoegdhede wat deur die Sitruskema aan hom toegeken is. Die belangrikste bevoegdhede waarvan die Sitrusraad gebruik kan maak is die volgende:

- a. Die beheer van die bemarking van sitrusvrugte wat vir uitvoer en plaaslike verbruik bestem is.
- b. Die bestuur van afsonderlike poele vir uitvoer en plaaslike sitrusverkope ten einde die opbrengste van alle sitrusvrugte wat die sitrusprodusente deur die Sitrusraad bemark, op 'n regverdige grondslag onder die betrokke sitrusprodusente te verdeel.
- c. Die vordering van 'n heffing op die sitrusvrugte deur hom bemark om daardeur sy werksaamhede te finansier.

Die Sitrusraad beskik ook oor die bevoegdheid om binnelandse sitruspryse vas te stel, maar maak nie daarvan gebruik nie. Die klem word eerder gelê op gekoördineerde verspreiding en moderne bemarkingstegnieke, om sodoende die gunstigste pryse onder die gegewe plaaslike markomstandighede te verkry.

---

1) *Jaarverslag van die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking vir die tydperk 1 Julie 1969 tot 30 Junie 1970.*  
R.P.23/71. Pretoria: Departement Landbou-ekonomie en -bemarking, p.102-106.

Alle sitrusproduksiegebiede in Suid-Afrika is sedert 1967 onder volle beheer van die Sitrusraad gebring.

### 3. Die Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Sitrusbeurs Beperk

Die Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Sitrusbeurs Beperk, hierna die Sitrusbeurs genoem, is 'n Sentrale Koöperatiewe Landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid wat op 31 Augustus 1926 geregistreer is.<sup>1)</sup> Sy lede bestaan uit die individuele primêre sitruskoöperasies.

Die belangrikste funksies van die Sitrusbeurs is onder andere dat dit optree as

- a. sekretarisse van die Sitrusraad;
- b. alleenverkoopagent van die Sitrusraad in soverre dit die verspreiding en verkoop van alle nie-uitvoerbare sitrusvrugte aanbetref;
- c. mondstuk van die koöperatief-georganiseerde sitrusprodusente in verband met alle aangeleenthede rakende die bemarking en produksie van Suid-Afrikaanse sitrusvrugte. Dit dien daarop gelet te word dat die koöperatief-georganiseerde sitrusprodusente nege lede, waaronder die voorsitter, van die negentien lede van die Sitrusraad het.<sup>2)</sup> Hierdie nege verteenwoordigers word op die Algemene Jaarvergadering van die Sitrusbeurs verkies en dit behoort gevolglik duidelik te wees dat hierdie prosedure verseker dat die betrokke sitrusprodusente deur hulle onderskeie verteenwoordigers groot seggenskap in die sitrusbedryfstak in Suid-Afrika uitoefen.

Afgesien van die bogenoemde funksies lewer die Sitrusbeurs ook 'n groot aantal dienste aan die ledekoöperasies. Dit sluit

- 
- 1) Allwright, Winston J. *Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Sitrusbeurs Beperk; sy geskiedenis, beleid en prestasies*. Pretoria: s.j., p.52.
  - 2) *Jaarverslag van die Sitrusraad 1970/71*. Pretoria: Sitrusraad, p.1.

die verskaffing van sitrusverpakkingsmateriaal en boerderybenodigdhede, die lewering van navorsingsdienste en tegniese advies in verband met die bemarking en produksie van sitrusvrugte in.

#### 4. Die primêre sitruskoöperasies<sup>1)</sup>

Die primêre sitruskoöperasies verteenwoordig die individuele sitrusprodusente op die Sitrusbeurs en vervul gewoonlik ook 'n aantal addisionele funksies, die belangrikste waarvan die uitvoering van die plaaslike fisiese bemarkingsfunksies van vervoer, opberging, gradering en verpakking.

#### 5. Die sitrusprodusente

Die sitrusprodusente kan in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik die koöperatief- en die nie-koöperatief-georganiseerde produsente. Die nie-koöperatief-georganiseerde produsente, soos die naam aandui, het geen formele koöperatiewe skakeling met die Sitrusbeurs nie - die skakeling is direk met die Sitrusraad of met die Sitrusbeurs as sekretarisse of alleenverkoopagent van die Sitrusraad. Hierdie produsente is self verantwoordelik vir die uitvoering van die plaaslike fisiese bemarkingsfunksies soos hierbo genoem.

Die koöperatief-georganiseerde produsente kan ook in twee groepe verdeel word, naamlik dié wat hoofsaaklik slegs vir sitrusproduksie verantwoordelik is en die uitvoering van die plaaslike fisiese bemarkingsfunksie geheel of grotendeels oorlaat aan die primêre sitruskoöperasies (sitruskoöperasies met volledige funksies) en dié wat primêre sitruskoöperasies (sitruskoöperasies met beperkte funksies) gestig het met die hoofdoel om daardeur verteenwoordiging op die Sitrusbeurs te bekom. Die laasgenoemde sitrusprodusente is self verantwoordelik vir die uitvoering van die plaaslike fisiese bemarkingsfunksies.

---

1) Die funksies van die primêre sitruskoöperasies word hierna in meer besonderhede aangetoon.

## 6. Slot

Met die voorafgaande kort uiteensetting van die organisatoriese samestelling van die sitrusbedryfstak as agtergrond, kan die aard en funksies van die individuele primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika nou in meer besonderhede ontleed word.

## C. DIE FUNKSIES EN DOEL VAN DIE PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES

### 1. Inleiding

In die hieropvolgende paragrafe word die funksies wat deur die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika verrig word, eers ontleed. Met inagneming van hierdie funksies en na aanleiding van wat reeds in hoofstuk 1 oor die doel van landboukoöperasies in die algemeen geskryf is, word die doel van die sitruskoöperasies daarna geformuleer.

### 2. Die funksies van die primêre sitruskoöperasies

#### a. Inleiding

Die funksies van die primêre sitruskoöperasies word eers in die algemeen ontleed en daarna word daarop gelet in welke mate die individuele sitruskoöperasies al, of sommige van hierdie funksies uitvoer.

Die funksies van die sitruskoöperasies kan onder die volgende hoofde geklassifiseer word:

- (1) Sitrusbemarkingsfunksies;
- (2) sitrusproduksiefunksies;
- (3) Verskaffing van boerderybenodigdhede; en
- (4) diverse funksies.

b. Sitrusbemarkingsfunksies

(1) Inleiding

In navolging van Rädcl en Reynders<sup>1)</sup> kan die volgende agt bemarkingsfunksies onderskei word:

- (a) Opsporing van die verbruiker;
- (b) herordening;
- (c) standaardisasie en gradering;
- (d) opberging;
- (e) vervoer;
- (f) finansiering;
- (g) dra van die risiko; en
- (h) verkoop.

Die bemarkingsfunksies wat deur die sitruskoöperasies uitgevoer word, kan onder die bogenoemde hoofde bespreek word. Ten einde 'n groter mate van duidelikheid te verkry oor die presiese aard van die funksies asook om latere vergelykings tussen die werksaamhede van die individuele sitruskoöperasies te vergemaklik, word die sitrusbemarkingsfunksies van die sitruskoöperasies egter soos volg ingedeel:

- (a) Gehaltetoetse ;
- (b) pluk;
- (c) vervoer;
- (d) opberging;
- (e) gradering;
- (f) verpakking;
- (g) verspreiding;

---

1) Rädcl, F.E. en H.J.J. Reynders , *op.cit.*, p.515-517.

- (h) finansiering; en
- (i) dra van die risiko.

Bogenoemde indeling geld ten opsigte van die bemarking van vars sitrusvrugte. Enkele sitruskoöperasies onderneem addisioneel ook die verwerking van sitrusvrugte na sitrussap en die bemarking van hierdie sitrussap. Aan laasgenoemde aspek sal 'n afsonderlike paragraaf gewy word.

Alvorens daar tot 'n bespreking van hierdie funksies oorgegaan word, moet die aandag daarop gevestig word dat die bespreking hoofsaaklik dien as basis om die finansieringsdoelmatigheid van die koöperasies te beoordeel en om aardverskille tussen die individuele sitruskoöperasies aan te toon, en as sodanig nie die volle omvang van die uitvoering van elke funksies sal aantoon nie.

## (2) Gehaltetoetse

Alvorens Suid-Afrikaanse sitrusvrugte bemark mag word moet dit aan sekere standaardrypheidsvereistes voldoen.<sup>1)</sup> Hierdie vereistes geld ten opsigte van eksterne voorkoms (veral kleur) en interne aspekte soos sappehalte, suur- en suikerinhoud. Die bepaling van die interne aspekte vereis 'n mate van gespesialiseerde kennis en apparaat en die toetsing daarvan word deur die koöperasies onderneem.

## (3) Pluk

Indien die vrugte aan die nodige vereistes, soos hierbo ge-

1) Daar bestaan verskillende sitrusvariëteite naamlik nawellemoene, valensialemoene, middelseisoenlemoene (ook bekend as protea- en disavariëteite), suurlemoene, pomelo's (verskillende tipes) en nartjies. Binne hierdie variëteite word verder onderskei tussen verskillende grade. Vir elk van hierdie variëteite en grade bestaan daar standaardrypheidsvereistes. Die verskillende variëteite word op verskillende stadiums „ryp" ahangende van die streek waarin dit geproduseer word en die stadium van rypwording kan van seisoen tot seisoen verskil as gevolg van klimaatomstandighede. Verskillende variëteite word altyd afsonderlik hanteer.

noem, voldoen, kan oorgegaan word tot die pluk daarvan. Die plukproses behoort versigtig te geskied want die vrugte is teer en beserings aan die vrugte gee aanleiding tot latere bederf. Plukkers dra handskoene en elke vrug moet afsonderlik met 'n plukskêr van die boom afgeknip word. In sommige gevalle word die pluk van die vrugte deur die sitruskoöperasies onderneem, maar as gevolg van probleme wat die koöperasies ondervind om die nodige arbeid te bekom, word dit meesal deur die lede met hulle eie arbeiders onderneem.

#### (4) Vervoer

Die vervoer van die sitrusvrugte behels twee aspekte:

(a) Die vervoer van die vrugte vanaf die boorde na die koöperatiewe pakhuis. In die verlede is die vervoer meesal deur die lede met hulle eie of gehuurde voertuie onderneem. In die jongste tyd is die neiging egter al meer tot 'n massavervoersistiem wat deur die sitruskoöperasies self onderneem word. Hiervolgens word die vrugte in standaardgrootte sleepwaens met trekkers vervoer. Die sleepwaens word soms deur die sitruskoöperasies vir eie rekening aangekoop en in ander gevalle deur die lede self. In sekere gevalle word die vervoer ook deur die sitruskoöperasies met hulle eie of gehuurde vervoer onderneem.

(b) Die vervoer vanaf die koöperatiewe pakhuis na die naaste spoorwegaansluiting. Hierdie aspek word nie verder bespreek nie aangesien alle sitruskoöperasies wat sitrusbemarking doen, dit moet onderneem. Dit dien net daarop gelet te word dat heelwat van die sitruskoöperasies oor private sylyne beskik sodat daar in hierdie gevalle nie sprake van werklike deurlopende fisiese vervoer deur die betrokke koöperasies self is nie.

#### (5) Opberging

Van opberging deur die sitruskoöperasies in die werklike betekenis van die begrip is daar nie sprake nie omdat die vrugte uiters bederfbaar is. Nadat die geplukte vrugte vanaf die boorde ontvang is, (in sleepwaens of in plukkiste) word dit hoogstens

vir 'n paar dae in die betrokke houers op die ontvangsvloer geborg voordat dit gegradeer, verpak en versprei word.

#### (6) Gradering

Die gradering van die sitrusvrugte vind hierna plaas.

Die gradering geskied volgens sekere standaardspesifikasies. Gedurende die eerste fase word die sitrusvrugte, nadat dit gewas en chemies behandel is, met die hand, op grond van eksterne voorkoms in die verskillende toepaslike grade gesorteer waarna elke graad afsonderlik op meganiese graderingstafels in die verskillende toepaslike groottes gegradeer word. Inspeksie, beide wat die interne en eksterne vereistes betref, geskied met tussenposes gedurende die hele graderingsproses.

#### (7) Verpakking

Die verpakking van die sitrusvrugte wat vir uitvoer bestem is, geskied met die hand in standaardgrootte kartonne of kissies volgens 'n standaardpatroon wat verseker dat elke houer 'n spesifieke getal vrugte bevat. Die houers word hierna meganies geseël of toegemaak en die nodige verskeppingsmerke daarop aangebring waarna dit vir verspreiding gereed is.

Die sitrusvrugte wat vir die plaaslike mark bestem is, word meganies in standaardsakkies of in massahouers geplaas afhangende van die doel waarvoor dit bestem is.

#### (8) Verspreiding

Die verspreiding van die verpakte sitrusvrugte geskied volgens opdragte wat van die Sitrusbeurs ontvang word, wat inhoud dat die uitvoervrugte na een van die uitvoerhawens verspoor en die vrugte wat vir plaaslike bemarking bestem is, na spesifieke munisipale marke, myne, fabriek, ensovoorts, versend word.

(9) Finansiering

Die aard en omvang van die finansiering, in soverre dit die bemerking van die sitrusvrugte aanbetref, hang vanselfsprekend ten nouste saam met die besondere fisiese bemerkingsfunksies wat deur die betrokke sitruskoöperasie uitgevoer word en die metode waarop hy dit uitvoer. Indien 'n sitruskoöperasie byvoorbeeld die pluk en vervoer van sy lede se vrugte onderneem sal dit vanselfsprekend addisionele kapitaalvereistes aan hom stel in vergelyking met 'n soortgelyke sitruskoöperasies wat nie die funksies onderneem nie. Eersgenoemde koöperasie sal byvoorbeeld 'n addisionele behoefte aan vaste kapitaal vir die aankoop van voertuie en plukuitrusting en 'n behoefte aan vlottende kapitaal vir die betaling van plukarbeiders hê.

Aangesien die finansieringsvraagstuk in die latere besprekings volledige aandag sal geniet, kan dit op hierdie stadium daar gelaat word met die opmerking dat die sitruskoöperasie die funksies wat hy verrig, moet finansier.

(10) Dra van die risiko

Soos in die geval van die finansiering, hang die aard en omvang van die risiko's wat daar vir die sitruskoöperasies bestaan, ten nouste saam met die funksies wat hy verrig. Namate 'n koöperasie meer bemerkingsfunksies onderneem, neem sy risiko's toe. Sekere van hierdie risiko's, byvoorbeeld brand- en stormskade, kan deur versekering verdeel word, terwyl andere soos bederf van die sitrusvrugte voor verpakking en/of voor finale verkoop en afkeurings as gevolg van swak of verkeerde gehalte deur doeltreffende bestuur verminder of uitgeskakel kan word.<sup>1)</sup>

---

1) In die Bedryfsekonomie word daar onderskei tussen die *verdeling* van risiko's (byvoorbeeld deur versekering), die *vermindering* of *uitskakeling* van risiko's (deur doeltreffende voorsorgmaatreëls en bestuur) en die *verskuiwing* van risiko's (deur byvoorbeeld verskansing). Kyk in dié opsig Rädcl, F.E. en H.J.J. Reynders, *op.cit.*, p.531.

Die belangrike aspek is egter dat die sitruskoöperasie sekerre bemarkingsrisiko's dra en dat hierdie risiko's ten nouste saamhang met die funksies wat hy verrig. Daar dien hier ook daarop gelet te word dat die risiko's verbonde aan vraag- en prysveranderings nie deel vorm van die bemarkingsrisiko's waarteen die sitruskoöperasies direkte maatreëls kan tref nie, want die funksies van opsporing van die verbruiker en verkoop word nie deur die sitruskoöperasies onderneem nie.

#### (11) Sitrusverwerking

Soos reeds genoem, onderneem sekere sitruskoöperasies ook die verwerking van vars sitrusvrugte na sitrussap en die bemar-king van die sap. In soverre dit dié bemarkingsfunksies aanbe- tref beteken dit dat die betrokke sitruskoöperasie(s), benewens 'n uitbreiding van die reeds genoemde funksies, ook nog die funk- sies van opsporing van die verbruiker en die verkoop van die si- trussap moet onderneem, omdat geen deel van die bemar-king van hierdie sitrussap deur die Sitrusbeurs en die Sitrusraad gedoen word nie.

#### (12) Samevatting

Samevattend kan gestel word dat daar 'n hele aantal bemar- kingsfunksies bestaan wat deur die sitruskoöperasies uitgevoer kan word. Sekere van hierdie funksies is komplementêr van aard en die uitvoering van die een beteken outomaties die aanvaarding van die ander. Om hierdie rede sal daar by die ontleding van die mate waarin die individuele sitruskoöperasies die funksies uitvoer, na die funksies van gehaltetoetse, vervoer van die ver- pakte vrugte na die spoorwegaansluiting, opberging, gradering, verpakking en verspreiding verwys word as „sitrusverpakking”. Die funksies van pluk, vervoer van die vrugte vanaf die boorde na die koöperasie en sitrusverwerking is dus opsioneel en sal af- sonderlik onderskei word, terwyl die funksies van finansiering en die dra van die risiko's nie afsonderlik onderskei sal word nie, omdat die aanvaarding daarvan onafskeidbaar gekoppel is aan die uitvoering van die ander bemarkingsfunksies (hierbo genoem) en in omvang toeneem namate 'n koöperasie meer van die individuele sitrusbemarkingsfunksies onderneem.

c. Sitrusproduksiefunksies

Sommige van die sitruskoöperasies verrig ook sekere produksiefunksies namens hulle lede. Die belangrikste van hierdie funksies is:

- (1) Tegniese advies aan lede in verband met produksie-aangeleenthede soos bemesting, bespuiting, besproeiing en algemene bewerking van die sitrusboorde;
- (2) die bespuiting van lede se sitrusboorde;
- (3) die bewerking van lede se sitrusboorde; en
- (4) die hou van sitruskwekerie waaruit boompies deur lede aangekoop kan word.

d. Verskaffing van boerderybenodigdhede

Die verskaffing van boerderybenodigdhede aan lede is vir 'n aantal van die sitruskoöperasies 'n belangrike aktiwiteit. Die belangrikste items wat verskaf word is gereedskap, bemesting- en spuitstowwe. Die benodigdhede word uit voorraad en/of op 'n direkte bestellingsbasis aan lede verskaf.

e. Diverse funksies

Diverse funksies wat deur die sitruskoöperasies namens hulle lede onderneem word, sluit die volgende in:

- (1) Versekering;
- (2) tabaksortering;
- (3) werkswinkelfasiliteite; en
- (4) die verwerking en/of bemerking van ander vrugtesoorte.

Daar bestaan ook sitruskoöperasies wat bloekomplantasies besit en ook wat dienste, soos drukwerk en koelkameropberging, vir die Sitrusbeurs verrig.

Ten slotte is dit nodig om weer eens die aandag daarop te

vestig dat die individuele sitruskoöperasies almal lede is van die Sitrusbeurs met die daarmee samehangende verteenwoordiging en ander voordele vir die lede van die koöperasies.<sup>1)</sup>

f. Die funksies van die individuele sitruskoöperasies

In die voorafgaande bespreking is kortliks aandag geskenk aan die funksies wat die sitruskoöperasies in Suid-Afrika verrig. Samevattend is dit ook nodig om te kyk in watter mate al, of sommige, van hierdie funksies deur die individuele sitruskoöperasies in Suid-Afrika onderneem word. Dit word in tabel 3.1 skematies aangetoon.

---

1) Kyk ook paragraaf B.3, p.86-87.



Tabel 3.1 is grotendeels selfbeskrywend. Nogtans moet die aandag op sekere aspekte gevestig word aangesien dit belangrik vir die verdere besprekings in hierdie studie is.

(1) Sitruskoöperasies 22 - 32 se hooffunksie is om verteenwoordiging namens hulle lede op die Sitrusbeurs te verkry. Sommige van hierdie sitruskoöperasies onderneem wel ook sekere addisionele administratiewe funksies soos die bestelling van pakmateriaal en boerderybenodigdhede namens hulle lede. Hierdie goedere word egter nie fisies deur die betrokke koöperasies hanteer nie. Hierdie sitruskoöperasies neem dus nie daadwerklik fisies aan die bemerking van sitrusvrugte deel nie - hulle beskik nie oor enige grond, geboue, voertuie en verpakkingsmasjinerie nie, dra ook geen voorrade nie, en hulle lede „verpak" individueel of in „los" groepe die sitrusvrugte, terwyl die sitruskoöperasies slegs as skakel tussen die lede en die Sitrusbeurs dien. Waar hierdie studie ten doel het om na te gaan of die finansiering van die primêre sitruskoöperasies sodanig is dat dit die noodsaaklike goeie onderlinge verhoudings tussen lede en koöperasies bevorder en in stand hou, en waar daar in die geval van hierdie elf koöperasies weinig sprake van finansiering is (beperkte kapitaalbehoefte hoofsaaklik van 'n vlottende aard), word hierdie groep koöperasies vir die doel van hierdie studie verder buite rekening gelaat.

(2) Die res van die sitruskoöperasies (21) behartig die verpakking van hulle lede se sitrusvrugte en is lede van die Sitrusbeurs; sestien verskaf boerderybenodigdhede, vyftien onderneem ook op een of ander wyse die vervoer van lede se vrugte, terwyl elf hulle lede met tegniese advies bedien. Sommige van die sitruskoöperasies onderneem ook een of meer addisionele funksies tot die voorgenoemde, soos die voorsiening van werkswinkelfasiliteite, kwekerydienste en tabaksortering.

#### g. Die relatiewe belang van die funksies by die individuele sitruskoöperasies

Die relatiewe belang van die verskillende funksies by die individuele sitruskoöperasies kan bepaal word deur 'n vergelyking

van die betrokke omsetsyfers. Dit word in tabel 3.2 gedoen.

Tabel 3.2

'n Vergelyking van die persentasiebydraes van verskillende aktiwiteite tot die totale jaarlikse omset van agtien sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare<sup>1)</sup>

Koöperasies	Persentasiebydraes tot totale omset							
	Sitrusbemarking		Verskaffing van boerderybenodigdhede		Diverse		Totaal	
	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70
1	92,5	93,4	6,5	5,9	1,0	0,7	100,0	100,0
2	89,9	92,5	7,3	5,5	2,8	2,0	100,0	100,0
3	76,3	67,9	19,9	28,0	3,8	4,1	100,0	100,0
4	96,4	97,5	Geen	Geen	3,6	2,5	100,0	100,0
5	91,2	90,2	6,3	6,3	2,5	3,5	100,0	100,0
7	53,1	60,0	19,0	24,4	27,9	15,6	100,0	100,0
8	94,0	91,7	4,6	6,8	1,4	1,5	100,0	100,0
9	80,0	81,6	18,7	17,4	1,3	1,0	100,0	100,0
10	78,2	77,9	19,3	20,0	2,5	2,1	100,0	100,0
11	83,0	91,8	16,6	7,9	0,4	0,3	100,0	100,0
12	98,8	97,5	Geen	Geen	1,2	2,5	100,0	100,0
13	67,7	84,6	32,3	15,4	Geen	Geen	100,0	100,0
14	91,9	92,5	8,1	7,5	Geen	Geen	100,0	100,0
15	92,0	95,1	8,0	4,9	Geen	Geen	100,0	100,0
16	96,9	97,1	Geen	Geen	3,1	2,9	100,0	100,0
17	98,0	97,8	Geen	Geen	2,0	2,2	100,0	100,0
18	96,3	94,7	3,7	5,3	Geen	Geen	100,0	100,0
21	80,8	72,7	Geen	Geen	19,2	27,3	100,0	100,0
Gemiddelde persentasie per koöperasie vir alle sitruskoöperasies	86,5	87,6	9,5	8,6	4,0	3,8	100,0	100,0

Dit blyk uit tabel 3.2 dat, op omset geoordeel, die bemarking van sitrusvrugte op verre na die belangrikste funksies van die primêre sitruskoöperasie in Suid-Afrika is. Gemiddeld per sitruskoöperasie het die omset uit die bemarking van sitrusvrugte

1) Betroubare inligting kon slegs ten opsigte van agtien van die 21 sitruskoöperasies verkry word.

in 1968/69 en in 1969/70 onderskeidelik 86,5 persent en 87,6 persent van die totale omset van die betrokke sitruskoöperasies be- dra. In geval van die sitruskoöperasies afsonderlik, het die sitrusomset as persentasie van die totale omset, in 1968/69 ge- wissel tussen 98,8 persent (sitruskoöperasies 12) en 53,1 per- sent (sitruskoöperasie 7). Die ooreenstemmende persentasies vir die 1969/70 finansiële jaar was 97,8 persent (sitruskoöpera- sie 17) en 60,0 persent (sitruskoöperasie 7).

Die verskaffing van boerderybenodigdhede het gemiddeld per koöperasie die volgende belangrikste bydrae tot die totale omset van die sitruskoöperasies gelewer, naamlik onderskeidelik 9,5 persent en 8,6 persent gedurende die betrokke finansiële jare. Gemiddeld per koöperasie het die bydrae van ander bronne tot die totale omset van die sitruskoöperasies gedurende die 1968/69 en die 1969/70 finansiële jare onderskeidelik gewissel tussen 4,0 persent en 3,8 persent.

#### h. Samevatting

Uit die voorgaande bespreking van die funksies van die si- truskoöperasies in Suid-Afrika het dit geblyk dat daar 'n hele aantal funksies bestaan wat deur die sitruskoöperasies verrig word. Elf van die sitruskoöperasies se funksies is egter be- perk in die sin dat hulle nie aktief aan die bemarking van si- trusvrugte deelneem nie, maar hoofsaaklik slegs as skakel tussen die Sitrusbeurs en hulle lede optree. Hierdie groep koöperasies verrig verder slegs sekere administratiewe dienste vir hulle le- de. Vir die verdere doel van hierdie studie word hierdie groep koöperasies buite rekening gelaat.

Die oorblywende 21 sitruskoöperasies neem almal in 'n min- dere of meerdere mate aktief aan die sitrusbemarkingsproses deel, verskaf meesal ook boerderybenodigdhede aan lede en verrig ge- woonlik ook een of meer ander funksies vir hulle lede. Die be- marking van sitrusvrugte is egter op verre na die belangrikste aktiwiteit van hierdie koöperasies.

### 3. Die doel van die primêre sitruskoöperasies

Uit die bespreking tot dusver volg dit dat die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika deur sitrusprodusente gestig word met die hoofdoel om op 'n gesamentlike, vrywillige, kontinue en transaksiegrondslag die winsgewendheid van hulle onderskeie sitrusbedrywe te verhoog. Ten einde hierdie verhoogde winsgewendheid aan die ledebedrywe te bied, verrig die sitruskoöperasies sitrusbemarkingsfunksies en een of meer addisionele funksies (sitrusproduksiefunksies, die verskaffing van boerderybenodigdhede en diverse dienste) namens die lede waardeur hulle (die lede) hoop om prysvoordele en verhoogde tegniese doeltreffendheid te behaal wat nie deur individuele optrede behaal sou kon word nie.

Enkele aspekte moet hier ten slotte beklemtoon word:

- a. Die lede verwag uit hulle verbintenis met die koöperasie ekonomiese voordele vir hulle sitrusbedrywe bo die wat hulle deur individuele optrede sou kon behaal.
- b. Hierdie ekonomiese voordele moet op 'n transaksiegrondslag na hulle vloei.
- c. Die koöperasie moet in staat wees om hierdie ekonomiese voordele op 'n kontinue grondslag aan hulle te bied.
- d. Die lede se verbintenis met die koöperasie is vrywillig van aard.

## D. INDIVIDUELE EIENSKAPPE VAN DIE PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES

### 1. Inleiding

Alhoewel die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika 'n gemeenskaplike doel, soos hierbo geformuleer, het, beskik elke koöperasie oor sekere eienskappe wat hom onderskei van al die ander koöperasies. Sommige van hierdie eienskappe kan 'n direkte invloed op die finansiering van daardie koöperasie uitoefen

en dit is dus nodig om van hierdie besondere eienskappe kennis te dra ten einde die finansieringsdoelmatigheid van die individuele koöperasies te kan beoordeel.

Vroeër in hierdie hoofstuk<sup>1)</sup> is daar reeds aangetoon dat die sitruskoöperasies nie almal dieselfde funksies verrig nie en dat die relatiewe belang van funksies by verskillende koöperasies wat dieselfde funksies verrig ook verskil. Afgesien van verskille met betrekking tot die aard en belangrikheid van die funksies wat verrig word kan die individuele sitruskoöperasies onder meer ook met betrekking tot die volgende aspekte van mekaar verskil:

- a. Bestaansjare;
- b. ligging;
- c. ledetalle;
- d. getal sitrusbome;
- e. massa en aard van die sitrusvrugte gehanteer;
- f. groottes van die omsette;
- g. die duur van die sitrusverpakkingseisoene; en
- h. die strekking van die finansiële jare.

## 2. Die bestaansjare

Die bestaansjare van die individuele primêre sitruskoöperasies word in tabel 3.3 aangetoon.

---

1) Kyk paragrawe C.2.f. en g., p.96-100.

Tabel 3.3

Die bestaansjare van die 21 sitruskoöperasies wat op 1 Januarie 1971 in Suid-Afrika geregistreer was

Stigtingsjaar	Getal sitruskoöperasies	Bestaanstydperk op 31 Desember 1970 in jare of gedeeltes daarvan
1922	1	49
1924	2	47
1925	1	46
1926	2	45
1927	1	44
1928	2	43
1946	1	25
1955	2	16
1956	1	15
1957	3	14
1958	1	13
1959	3	12
1960	1	11
Gemiddelde bestaanstydperk per sitruskoöperasie	N.v.t.	27,8

Dit blyk uit tabel 3.3 dat die oudste sitruskoöperasie in 1922 gestig is en tans (1970) 49 jaar lank bestaan, terwyl die jongste in 1960 gestig is en aan die einde van 1970 vir elf jaar bestaan het. Nege van die koöperasies is in die tydperke 1922-1928 gestig, een in 1946 en elf in die periode 1955-1960. Die gemiddelde bestaansperiode van die betrokke sitruskoöperasies was 27,8 jaar aan die einde van 1970.

### 3. Die ligging

Die sitruskoöperasies in Suid-Afrika kan in verskillende streke ingedeel word, soos uit tabel 3.4 blyk.

Tabel 3.4

Die ligging en die verband tussen die ligging en die bestaansjare van die sitruskoöperasies wat op 1 Januarie 1971 in Suid-Afrika geregistreer was

Streek	Getal sitruskoöperasies	Bestaanstydperke in jare	Gemiddelde bestaans-tydperk in jare
Natal	2	14 en 46	30,0
Noord-Transvaal	5	11,12,12,13 en 25	14,6
Oos-Kaap-provinsie	5	15,43,45,47 en 49	40,0
Oos-Transvaal	6	14,14,16,16,44 en 47	25,2
Wes-Kaap-provinsie	1	45	45,0
Wes-Transvaal	2	12 en 43	27,5
Totaal	21	583	27,8

Volgens tabel 3.4 is die grootste getal (ses) sitruskoöperasies in die Oos-Transvaal geleë, gevolg deur vyf elk in Noord-Transvaal en Oos-Kaapprovinsie. Natal en Wes-Transvaal beskik elk oor twee sitruskoöperasies terwyl daar een in Wes-Kaapprovinsie gevestig is.

Die sitruskoöperasies in die Noord-Transvaal bestaan vir 'n relatief kort tydperk (gemiddeld 14,6 jaar) en die bestaansjare van die afsonderlike koöperasies wissel tussen elf en 25 jaar. Die koöperasie in die Wes-Kaapprovinsie bestaan reeds 45 jaar, terwyl die oudste bestaande sitruskoöperasie (49 jaar) in die Oos-Kaapprovinsie geleë is. Gebaseer op die gemiddelde bestaansperiodes, is die jongste sitruskoöperasies in die Noord-Transvaal (14,6 jaar) en in Oos-Transvaal (25,2 jaar) geleë, terwyl die oudste sitruskoöperasies in die Wes-Kaapprovinsie (45,0 jaar) en Oos-Kaapprovinsie (40,0 jaar) geleë is. Die rede vir hierdie

verskynsel is dat sitrusboerdery in die Oos-, en veral die Noord-Transvaal, eers later as in die ander streke werklik inslag gevind het.

#### 4. Die ledetalle

Die ledetalle van die sitruskoöperasies word in tabel 3.5 aangetoon.

Tabel 3.5

Die ledetalle van die sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Ledetalle	Getal sitruskoöperasies		Progressiewe totaal	
	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70
0-24	2	3	2	3
25-49	5	4	7	7
50-99	6	6	13	13
100-149	4	4	17	17
150-199	1	1	18	18
200-249	1	1	19	19
250-299	1	1	20	20
300-349	1	1	21	21
Totale ledetal	2 102	2 079		
Gemiddelde ledetal per koöperasie	100	99		

Dit blyk uit tabel 3.5 dat die gemiddelde ledetal per koöperasie onderskeidelik 100 en 99 aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare was. Dertien van die 21 sitruskoöperasies het minder as 100 lede gehad, terwyl sewentien minder as 150 lede gehad het. Slegs drie koöperasies het meer as 200, en slegs een meer as 300 lede, gehad.

In die algemeen het die sitruskoöperasies dus klein ledetalle en die omvang van die ledetalle het tussen die twee jare ook min verandering getoon. Die klein ledetalle moet hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat die produksie van sitrusvrugte plekgebonde is en dat die sitrusvrugte bederfbaar is en dus nie oor lang afstande tussen die plase en die koöperatiewe pakhuis vervoer kan word nie.

Alhoewel dit nie in die tabel aangetoon is nie, is dit interessant om daarop te let dat die drie sitruskoöperasies met ledetalle van meer as 200 almal in die Kaapprovinsie geleë is, dat beide die sitruskoöperasies in Natal minder as 25 lede het en dat nie een van die vyf in Noord-Transvaal meer as 100 lede het nie. Wat Oos-Transvaal aanbetref, het drie van die koöperasies tussen 100 en 149 lede, twee het 'n ledetal van tussen 25 en 49 en een 'n ledetal van tussen 50 en 99. Die twee koöperasies in Wes-Transvaal se ledetalle is in die intervalle 100-149 en 150-199. Die koöperasie met die kleinste ledetal en dié met grootste ledetal is beide in die Oos-Kaapprovinsie geleë.

Die koöperasies in die Kaapprovinsie en Wes-Transvaal beskik oor die grootste ledetalle (onderskeidelik gemiddeld 146 en 145 lede per koöperasie). Die gemiddelde ledetal per kooperasie in Natal is twintig, terwyl dit in die Noord-Transvaal en Oos-Transvaal onderskeidelik 59 en 84 is. Hierdie gemiddeldes verberg egter in die meeste gevalle aansienlike verskille in die ledetalle van die koöperasies wat in dieselfde gebied of streek geleë is.

Daar bestaan ook geen of weinig verband tussen die bestaansjare van die koöperasies en hulle ledetalle. So het koöperasies wat onderskeidelik vir 49 jaar en 46 jaar bestaan, 64 en agtien lede teenoor ledetalle van onderskeidelik 67 en 102 vir koöperasies wat vir dertien jaar en twaalf jaar bestaan. Daarenteen het 'n koöperasie wat vir 47 jaar bestaan 324 lede en een wat vir vyftien jaar bestaan slegs sewentien lede.

### 5. Die getal sitrusbome

Die getal sitrusbome wat by die sitruskoöperasies ingeskryf is, het 'n belangrike invloed op die potensiële hoeveelheid sitrusvrugte wat deur die koöperasies gehanteer moet word en gevolglik ook op die kapitaalbehoefte van die koöperasies. Dit was dus moeilik te begryp om tydens die versameling van inligting by die sitruskoöperasies te moes vind dat sommige koöperasies oor geen of slegs baie gebrekkige rekords in verband met die sitrusboomgetalle van hulle lede beskik. Tabel 3.6 bevat besonderhede van die ingeskrewe sitrusboomgetalle by die sitruskoöperasies wat wel in staat was om gegewens in hierdie verband te verstrek.

Tabel 3.6

Die getal sitrusbome by sestien sitruskoöperasies ingeskryf aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Getal sitrusbome '000	Getal sitruskoöperasies
51-100	4
101-150	3
151-200	2
201-250	3
251-300	1
301-350	-
351-400	1
Meer as 400	2
Totaal	16
Totale getal sitrusbome '000	4 217,9
Gemiddelde getal sitrusbome per koöperasie '000	263,6

Die gegewens in tabel 3.6 vereis min verduideliking. Sewe van die individuele sitruskoöperasies ( $\pm 44\%$ ) beskik oor tussen 50 000 en 150 000 ingeskrewe sitrusbome terwyl 75 persent (twaalf sitruskoöperasies) oor tussen 50 000 en 250 000 sitrus-

bome beskik. Slegs twee van die sitruskoöperasies het meer as 400 000 ingeskrewe sitrusbome, terwyl die gemiddeld per sitruskoöperasie ongeveer 264 000 sitrusbome beloop het.

Vervolgens word die moontlike verband tussen die sitrusboomgetalle en die ledetalle van die sitruskoöperasies waarvoor die nodige gegewens beskikbaar is, ontleed.

Tabel 3.7

Korrelasietabel (%) van sestien sitruskoöperasies volgens die ledetalle en sitrusboomgetalle aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Sitruskoöperasie	Persentasie-afwyking vanaf die gemiddelde	
	Ledetalle	Sitrusboomgetalle
14	-82,8	-78,4
3	-81,8	-80,3
13	-76,7	-75,0
17	-63,6	-33,6
4	-57,5	-49,9
15	-56,5	+4,3
11	-54,4	-45,0
12	-42,3	-60,5
2	-35,2	-64,0
5	+3,3	-6,3
16	+9,4	-34,7
1	+24,6	-8,6
10	+27,6	-13,9
8	+89,4	+42,2
7	+168,4	+72,6
6	+228,1	+431,1

Dit blyk uit die tabel dat daar in die algemeen gesproke weinig verband tussen die ledetalle en die sitrusboomgetalle by die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika bestaan. 'n Groter ledetal kan dus, maar het nie noodwendig, 'n groter getal ingeskrewe sitrusbome by die koöperasie tot gevolg nie. Die stelling word gestaaf deur die feit dat die gemiddelde getal bome per lid by die individuele koöperasies wissel tussen  $\pm 1\ 500$  sitrusbome en  $\pm 6\ 400$  sitrusbome. Daar is in dié verband ook min ooreenkoms tussen die sitruskoöperasies wat in die-

selfde streek geleë is. Die gemiddelde getal sitrusbome per lid wissel byvoorbeeld by die koöperasies in die Oos-Transvaal tussen  $\pm 1\ 600$  en  $\pm 4\ 900$ , in die Oos-Kaapprovinsie tussen  $\pm 1\ 500$  en  $\pm 4\ 300$  en in Noord-Transvaal tussen  $\pm 1\ 800$  en  $\pm 6\ 400$ .

Daar bestaan ook nie enige verband tussen die bestaansjare van die sitruskoöperasies en die getal sitrusbome nie. Die oudste koöperasie se lede beskik byvoorbeeld oor  $\pm 95\ 000$  bome en die jongste se lede oor  $\pm 275\ 000$  bome. Daarenteen beskik die derde oudste koöperasie se lede oor  $\pm 227\ 000$  bome terwyl die derde jongste se lede oor  $\pm 104\ 000$  bome beskik.

## 6. Die massa en aard van die sitrusvrugte gehanteer

### a. Die massa sitrusvrugte gehanteer

In tabel 3.8 word die gemiddelde jaarlikse massa sitrusvrugte wat deur sewentien sitruskoöperasies gedurende die 1968- en die 1969-sitrusbemarkingseisoene gehanteer is, aange-  
toon.

Tabel 3.8

Die gemiddelde jaarlikse massa sitrusvrugte per koöperasie gedurende die 1968- en die 1969-sitrusbemarkingseisoene gehanteer

Massa '000 kg	Getal sitruskoöperasies	
	Per interval	Progressief
2 001 - 4 000	2	2
4 001 - 6 000	4	6
6 001 - 8 000	2	8
8 001 - 10 000	1	9
10 001 - 12 000	2	11
12 001 - 14 000	-	11
14 001 - 16 000	-	11
16 001 - 18 000	4	15
18 001 - 20 000	1	16
20 001 - 50 000	-	16
50 001 - 60 000	1	17
Totale gemiddelde jaar- likse massa '000 kg	192 398,8	
Gemiddelde jaarlikse massa per sitruskoöpe- rasie '000 kg	11 317,6	

Tabel 3.8 toon dat nege van die sewentien sitruskoöperasies ( $\pm 53\%$ ) minder as tien miljoen kilogram en vyftien van die sewentien koöperasies minder as agtien miljoen kilogram sitrusvrugte gehanteer het. Slegs twee van die sitruskoöperasies het dus meer as agtien miljoen kilogram sitrusvrugte gehanteer en slegs een meer as 50 miljoen kilogram. Die gemiddelde jaarlikse massa per sitruskoöperasie het vir die sewentien sitruskoöperasies ongeveer 11 317 600 kilogram sitrusvrugte beloop.

Daar kan verwag word om 'n verband tussen die getal sitrusbome wat by 'n koöperasie ingeskryf is en die massa sitrusvrugte wat deur daardie koöperasie gehanteer word, te vind. Vervolgens word die moontlike bestaan van so 'n verband in tabel 3.9 ondersoek.

Tabel 3.9

Korrelasietabel (%) van sestien sitruskoöperasies volgens die boomgetalle en die gemiddelde jaarlikse massa sitrusvrugte gedurende die 1968- en 1969- sitrusbemarkingseisoene gehanteer

Sitruskoöperasie	Persentasie-afwyking vanaf die gemiddeld	
	Boomgetalle	Massa sitrusvrugte
3	-80,3	-82,7
14	-78,4	-83,5
13	-75,0	-40,0
2	-63,9	-63,0
12	-60,5	-53,0
4	-49,9	-22,7
11	-45,0	-59,7
16	-34,7	-2,0
17	-33,6	+60,4
10	-13,9	-1,3
1	-8,5	+38,2
5	-7,0	-45,7
15	+4,4	-65,5
8	+42,3	+42,3
7	+72,7	+38,2
6	+431,3	+340,0

Die gegewens in tabel 3.9 dui op 'n gebrek aan korrelasie tussen die sitrusboomgetalle en die massa sitrusvrugte wat deur die sitruskoöperasies gehanteer word. Dit is dus duidelik dat die gemiddelde sitrusopbrengs per sitrusboom in 'n groot mate tussen die koöperasies verskil. Die gemiddelde sitrusopbrengs per sitrusboom in geval van sitruskoöperasie 1 was byvoorbeeld 69,9 kg teenoor 26,7 kg by sitruskoöperasie 5 en 15,3 kg by sitruskoöperasie 15. Die gemiddelde sitrusopbrengs per sitrusboom verskil ook vir die sitruskoöperasies binne dieselfde streek, alhoewel daar by koöperasies in dieselfde streek in sommige gevalle 'n sterk ooreenkoms is. Vyf koöperasies in die Oos-Transvaal het die volgende gemiddelde sitrusopbrengste per sitrusboom gehad - 71,3 kg, 69,1 kg, 69,9 kg, 52,7 kg, en 111,7 kg. Die koöperasies in die Oos-Kaap het gemiddelde sitrusopbrengste per sitrusboom van 35,9 kg, 44,8 kg, 36,9 kg en 38,2 kg getoon. In Wes-Transvaal wissel die gemiddelde opbrengs per boom egter tussen 26,7 kg en 46,1 kg, terwyl dit by die koöperasies in Natal 41,2 kg en 111,2 kg per sitrusboom was. Die gemiddelde sitrusopbrengs per boom by die koöperasies in Noord-Transvaal was onderskeidelik 15,3 kg, 33,6 kg en 54,3 kg per koöperasie.

Die gebrekkige korrelasie tussen sitrusboomgetalle en sitrusopbrengs by die koöperasies kan aan een of meer van die volgende faktore toegeskryf word:

- (1) Verskille in die ouderdomme van die sitrusbome wat by die verskillende sitruskoöperasies ingeskryf is. Sitrusbome van verskillende ouderdomme lewer normaalweg nie dieselfde opbrengs per boom nie.
- (2) Verskillende verhoudings kan by die onderskeie sitruskoöperasies tussen verskillende sitrusvariëteite bestaan. Sekere sitrusvariëteite lewer hoër sitrusopbrengste per boom as ander.
- (3) Sekere streke lewer 'n hoër sitrusproduksie per boom as ander streke as gevolg van klimaats- en ander faktore.

In die algemeen kan dit dus gestel word dat die sitruskoöperasies in Suid-Afrika aansienlik van mekaar verskil in soverre dit die massa sitrusvrugte wat deur hulle gehanteer word, aanbetref. Die verskille is nie slegs 'n funksie van verskille in die getal sitrusbome wat by die onderskeie koöperasies ingeskryf is nie, maar ander faktore is ook daarvoor verantwoordelik.

b. Die aard van die sitrusvrugte gehanteer

Die aard van die sitrusvrugte wat deur die sitruskoöperasies gedurende die 1968- en die 1969-sitrusbemarkingseisoene gehanteer is, word in tabel 3.10 aangetoon.

Tabel 3.10

Die gemiddelde samestelling van die totale sitrusoes by sewentien sitruskoöperasies vir die 1968- en die 1969-sitrusbemarkingseisoene

Streek/ Koöperasie	Benaderde persentasiesamestelling van die totale sitrusoes						
	Nawel- lemoene %	Middel- seisoen- lemoene %	Valensia- lemoene %	Pomelo's %	Suurle- moene %	Nartjies %	Totaal %
<u>Oos-Kaap- provinsie</u>							
2	96	-	3	1	-	-	100
6	36	4	33	23	4	-	100
7	60	1	32	6	1	-	100
14	90	-	10	-	-	-	100
<u>Oos- Transvaal</u>							
1	8	14	65	1	12	-	100
4	20	13	65	-	2	-	100
10	18	14	67	-	1	-	100
16	5	19	61	13	2	-	100
17	1	1	55	42	1	-	100
<u>Natal</u>							
3	29	6	65	-	-	-	100
13	5	7	8	78	2	-	100
<u>Wes-Kaap- provinsie</u>							
9	50	1	44	2	3	-	100
<u>Wes- Transvaal</u>							
5	20	6	40	-	4	30	100
8	52	2	39	-	7	-	100
<u>Noord- Transvaal</u>							
11	50	10	40	-	-	-	100
12	3	2	95	-	-	-	100
15	37	1	60	-	2	-	100
Gemiddeld per ko- operasie:							
Oos-Kaap- provinsie	71	1	19	8	1	-	100
Oos- Transvaal	10	12	63	11	4	-	100
Natal	17	7	36	39	1	-	100
Wes-Kaap- provinsie	50	1	44	2	3	-	100
Wes- Transvaal	36	4	40	-	5	15	100
Noord- Transvaal	30	4	65	-	1	-	100
Suid- Afrika	34	6	46	10	2	2	100

Dit blyk uit tabel 3.10 dat daar aansienlike verskille tussen die koöperasies bestaan in soverre dit die samestelling van hulle onderskeie sitrusoeste aanbetref. So verteenwoordig die nawellemoenvariëteit 96 persent van sitruskoöperasie 2 se totale sitrusoes, terwyl dit slegs 3 persent van sitruskoöperasie 12 se sitrusoes uitmaak. By die koöperasies in sommige streke is daar egter 'n sterk ooreenkoms in die samestelling van die sitrusoeste te bespeur. Vergelyk in hierdie verband die koöperasies in die Oos-Kaapprovinsie wat oorwegend die nawellemoenvariëteit hanteer, met dié in die Oos-Transvaal, wat oorwegend die valensialemoenvariëteit hanteer. In ander streke is daar egter weer min ooreenkoms. Vergelyk in hierdie verband die koöperasies in Natal, die Noord-Transvaal en die Wes-Transvaal. In die algemeen skyn die posisie egter te wees dat daar in sekere streke op die produksie van 'n besondere variëteit(e) gekonsentreer word. Die redes hiervoor is in die besondere klimaatsomstandighede en die grondgeaardhede van 'n streek te vinde.

## 7. Die groottes van die omsette

### a. Inleiding

Die omsette van die sitruskoöperasies het reeds in 'n mate die aandag geniet by die vroeëre bespreking van die funksies van die sitruskoöperasies. In hierdie paragraaf word die aspek vollediger behandel. Die volgende aangeleenthede sal spesifieke aandag geniet:

- (1) Die groottes van die totale en die sitrusomsette van die sitruskoöperasies; en
- (2) die verband tussen die groottes van die sitrusomsette en die massa sitrusvrugte gehanteer.

### b. Die groottes van die totale omsette per koöperasie

Die groottes van die totale omsette van die sitruskoöperasies word in tabel 3.11 aangedui.

Tabel 3.11

Die groottes van die gemiddelde jaarlikse totale omsette van negentien sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Omset R'000	Getal sitruskoöperasies	
	Per interval	Progressief
151-200	3	3
201-400	5	8
401-600	4	12
601-800	1	13
801-1 000	2	15
1 001-1 200	1	16
1 201-1 400	-	16
1 401-1 600	1	17
1 601-1 800	1	18
1 801-2 000	-	18
2 001-3 000	-	18
3 001-4 000	1	19
Gemiddelde jaarlikse totale omset vir alle sitruskoöperasies R'000	15 027,7	
Gemiddelde jaarlikse totale omset per sitruskoöperasie R'000	790,9	

Die gegewens in tabel 3.11 is redelik vanselfsprekend. Twaalf (63%) van die negentien sitruskoöperasies se jaarlikse gemiddelde totale omset vir 1968/69 en 1969/70 was benede R600 000, terwyl net vier 'n gemiddelde jaarlikse totale omset van meer as R1 000 000 gehad het. Die gemiddelde jaarlikse totale omset per sitruskoöperasie het ±R790 900 beloop.

c. Die groottes van die sitrusomsette per koöperasie

Uit tabel 3.2 het dit geblyk dat sitrusbemarking vir ongeveer 87 persent van die totale omset van die sitruskoöperasies verantwoordelik is. In tabel 3.12 word gelet op die groottes van die gemiddelde jaarlikse sitrusomsette van die sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare.

Tabel 3.12

Die groottes van die gemiddelde jaarlikse sitrusomsette van twintig sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Omset R'000	Getal sitruskoöperasies	
	Per interval	Progressief
101-200	3	3
201-400	7	10
401-600	3	13
601-800	-	13
801-1 000	2	15
1 001-1 200	3	18
1 201-1 400	1	19
1 401-3 000	-	19
3 001-3 500	1	20
Gemiddelde jaarlikse sitrusomset vir alle sitruskoöperasies	13 965,0	
Gemiddelde jaarlikse sitrusomset per koöperasie	698,3	

Dit blyk uit tabel 3.12 dat tien (50%) van die sitruskoöperasies 'n gemiddelde jaarlikse sitrusomset van minder as R400 000 gehad het, terwyl vyftien (75%) se sitrusomset kleiner as R1 000 000 was. Die gemiddelde jaarlikse sitrusomset per sitruskoöperasie het ± R698 300 beloop.

d. Die verband tussen die groottes van die sitrusomsette en die massa sitrusvrugte gehanteer

Oppervlakkig geoordeel kan 'n hoë direkte korrelasie tussen die massa sitrusvrugte wat deur die afsonderlike sitruskoöperasies gehanteer is en die sitrusomsette van daardie koöperasies vermag word.

Indien 'n hoë korrelasie tussen die twee veranderlikes by die verskillende sitruskoöperasies bestaan, sal die massa sitrusvrugte wat benodig word om een rand sitrusomset te lewer 'n hoë mate van ooreenkoms by die verskillende koöperasies toon.

In tabel 3.13 word gevolglik 'n vergelyking getref tussen die massa sitrusvrugte wat deur die verskillende sitruskoöperasies gehanteer is om een rand sitrusomset te lewer.

Tabel 3.13

Die gemiddelde massa sitrusvrugte deur sewentien sitruskoöperasies gedurende die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare gehanteer om een rand sitrusomset te lewer

Streek/ Sitruskoöperasie	Gemiddelde massa sitrus- vrugte kg	Persentasie-afwyking vanaf die gemiddeld per koöperasie	
		Vir die streek	Vir alle sitrus- koöperasies
<u>Oos-Kaapprovinsie</u>			
2	14,3	-3,2	-19,8
6	15,3	+3,5	-14,6
7	16,4	+11,0	-8,0
14	13,1	-11,3	-26,5
<u>Oos-Transvaal</u>			
1	18,4	-10,2	+3,2
4	19,0	-7,3	+6,6
10	23,7	+15,6	+32,9
16	21,3	+3,9	+19,5
17	20,1	-2,0	+12,8
<u>Natal</u>			
3	19,4	+2,4	+8,8
13	18,5	-2,4	+3,8
<u>Wes-Kaapprovinsie</u>			
9	13,7	-	-23,1
<u>Wes-Transvaal</u>			
5	21,7	+11,9	+21,7
8	17,1	-11,9	-4,0
<u>Noord-Transvaal</u>			
11	15,9	-6,6	-10,8
12	20,9	+22,7	+17,3
15	14,3	-16,1	-19,8

Die gegewens in tabel 3.13 toon dat die sitruskoöperasies verskillende massas sitrusvrugte benodig het om een rand sitrusomset te lewer. Hierdie verskille is in sekere gevalle aansienlik. So het sitruskoöperasie 14 slegs 13,1 kg sitrusvrugte

(26,5% minder as die gemiddeld vir alle sitruskoöperasies) vir elke een rand sitrusomset gehanteer. Sitruskoöperasie 10 daarenteen het 23,7 kg sitrusvrugte (32,9% meer as die gemiddeld vir alle sitruskoöperasies) vir elke een rand sitrusomset gehanteer. Die koöperasies in sommige streke, byvoorbeeld Natal en die Oos-Kaapprovinsie, toon in hierdie opsig egter 'n redelike neiging tot ooreenstemming.

Verskillende faktore kan gesamentlik of afsonderlik vir die bogenoemde tendense verantwoordelik wees, onder andere:

(1) Die samestelling van die sitrusoeste wat deur die onderskeie sitruskoöperasies gehanteer is.<sup>1)</sup> Daar is gewoonlik aansienlike prysverskille op die mark tussen die verskillende sitrusvariëteite. Die samestelling van 'n koöperasie se sitrusoes in die verskillende sitrusvariëteite het dus 'n belangrike invloed op die massa sitrusvrugte wat daardie koöperasie moet hanteer om een rand sitrusomset te verkry.

(2) Die kwaliteit sitrusvrugte wat deur die onderskeie sitruskoöperasies gehanteer is. Kwaliteitsverskille gee aanleiding tot prysverskille op die mark, wat verskillende omsette vir dieselfde massa sitrusvrugte tot gevolg het. Die kwaliteit van die sitrusvrugte word beïnvloed deur grondgeaardhede, klimaatsomstandighede, die ouderdomme van die sitrusbome en deur bewerkingspraktyke.

(3) Bemarkingstye.<sup>2)</sup> Die markpryse van dieselfde variëteit en kwaliteit sitrusvrugte verskil op verskillende tydstippe gedurende die sitrusbemarkingseisoen. Die tydperke waarin die onderskeie sitruskoöperasies hulle sitrusvrugte bemark verskil ook as gevolg van klimaats- en ander omstandighede.

---

1) Kyk tabel 3.10, p.113.

2) Kyk tabel 3.14, p.120.

e. Slot

Uit die voorafgaande ontledings is dit duidelik dat daar dikwels aansienlike verskille tussen die onderskeie sitruskoöperasies bestaan met betrekking tot die groottes van hulle totale omsette, sitrusomsette en die verhoudings tussen die massa sitrusvrugte gehanteer en die sitrusomsette. Hierdie verskille is die gevolg van die wisselwerking tussen verskeie faktore en die presiese invloed van elkeen van hierdie faktore kan nie geïsoleer word nie.

8. Die duur van die sitrusverpakkingseisoene

Die duur van die normale sitrusverpakkingseisoene verskil ook tussen die sitruskoöperasies. Hierdie verskille is hoofsaaklik toe te skryf aan verskille in die klimaat van die verskillende streke waarin die koöperasies geleë is asook aan die verskillende sitrusvariëteite wat deur die onderskeie sitruskoöperasies gehanteer word. Die duur van die sitrusverpakkingseisoen beïnvloed die aard en omvang van die kapitaalbehoefte van die sitruskoöperasies aangesien daar gedurende hierdie periode 'n versnelling in die aktiwiteite toetree.<sup>1)</sup> Soos reeds genoem, het dit ook 'n invloed op die pryse wat die sitrusvrugte behaal.

In tabel 3.14 word die normale sitrusverpakkingseisoene<sup>2)</sup> van sestien sitruskoöperasies aangetoon.

---

1) Kyk ook hoofstuk 4, p.127-130.

2) Daar word na 'n „normale“ sitrusverpakkingseisoen verwys aangesien sekere abnormale klimaatsomstandighede afwykings tot gevolg kan hê.

Tabel 3.14

Die normale sitrusverpakkingseisoene van sestien sitrus-koöperasies

Seisoen Streek	Maart- Septem- ber	April- Septem- ber	April- Okto- ber	Mei- Okto- ber	Mei- Septem- ber	Mei- Novem- ber	Totaal
Oos-Transvaal	2	3					5
Oos-Kaap				2	2		4
Natal					1		1
Wes-Transvaal			1	1			2
Noord-Transvaal		2	1				3
Wes-Kaap						1	1
Totaal	2	5	2	3	3	1	16

Die gegewens in tabel 3.14 is voor die handliggend en benodig nie verdere verduideliking nie. Daar dien egter op gelet te word dat die verpakingsaktiwiteite van die sitruskoöperasies nie altyd eweredig oor die duur van die verpakkingseisoene versprei is nie. Die verspreiding hang van die sitrusvariëteite wat gehanteer word, asook van die verhouding tussen die verskillende variëteite af. 'n Sitruskoöperasie wat byvoorbeeld nawellemoene, middelseisoenlemoene en valensialemoene in dieselfde verhouding hanteer, se aktiwiteite sal, as gevolg van die verskillende rywordingstadia, min of meer eweredig oor die sitrusverpakkingseisoen versprei wees. Daarenteen sal 'n sitruskoöperasie wat 90 persent nawellemoene en tien persent valensialemoene hanteer baie aktief wees gedurende Mei en Junie, 'n slapte ondervind gedurende Julie en weer meer aktief wees gedurende Augustus/September.

Daar bestaan dus verskillende sitrusverpakkingseisoene vir die sitruskoöperasies en binne hierdie seisoene kan daar as gevolg van verskillende sitrusvariëteite en verskillende verhoudings in die samestelling van die variëteite meer of minder druk periodes deur die koöperasies ondervind word.

### 9. Die strekking van die finansiële jare

Die finansiële jare van die sitruskoöperasies strek nie almal oor dieselfde periode nie, soos in tabel 3.15 aangetoon word.

Tabel 3.15

Die strekking van die finansiële jare van die sitruskoöperasies

Finansiële jare Streek	Januarie- Desember	Februarie- Januarie	Maart- Februarie	April- Maart	Desember- November	Totaal
Oos-Transvaal			6			6
Oos-Kaap	2		2	1		5
Natal		2				2
Wes-Transvaal		2				2
Noord-Transvaal		2	3			5
Wes-Kaap					1	1
Totaal	2 <sup>1)</sup>	6	11	1	1 <sup>2)</sup>	21

Dit blyk uit tabel 3.15 dat al ses sitruskoöperasies wat in die Oos-Transvaalse streek geleë is, se finansiële jare oor die periode 1 Maart tot 28/29 Februarie strek. Beide die sitruskoöperasies in Natal se finansiële jare strek oor die tydperk 1 Februarie tot 31 Januarie. Dieselfde geld vir die twee koöperasies wat in Wes-Transvaal geleë is. Die koöperasies in die Noord-Transvaal se finansiële jare strek oor die periode 1 Februarie tot 31 Januarie (twee) en 1 Maart tot 28/29 Februarie (drie), terwyl dié in die Oos-Kaap se finansiële jare vanaf 1 Januarie tot 31 Desember (twee), 1 Maart tot 28/29 Februarie

- 
- 1) Aangesien die gegewens wat in hierdie studie gebruik word hoofsaaklik betrekking het op die 1968- en die 1969-sitrusbemarkingseisoene sal verwysings na die 1968/69 en die 1969/70 finansiële jare in die geval van hierdie twee sitruskoöperasies in effek verwys na die 1968 en die 1969 finansiële jare.
  - 2) Om dieselfde rede as onder die voetnoot hierbo genoem is die ooreenstemmende finansiële jare in die geval van hierdie koöperasie die 1967/68 en die 1968/69 finansiële jare.

(twee) en 1 April tot 30 Maart (een) duur. Die sitruskoöperasie in die Wes-Kaap se finansiële jaar is vanaf 1 Desember tot 30 November. In die algemeen toon die koöperasies in dieselfde streek dus 'n aansienlike ooreenkoms in soverre dit die strekking van hulle finansiële jare betref.

Word die gegewens in tabel 3.15 verder met dié in tabel 3.14 vergelyk dan blyk dit dat die finansiële jare van al die sitruskoöperasies buite hulle sitrusverpakkingseisoene, dus gedurende relatief stil periodes eindig.

#### E. SAMEVATTING

Uit die bespreking in hierdie hoofstuk het dit geblyk dat die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika uit 'n funksionele oogpunt beskou in twee hoofgroepe ingedeel kan word, naamlik die groep wat fisies aan die bemarking van sitrusvrugte deelneem en die ander groep wat nie met die fisiese hantering van sitrusvrugte te doen het nie. Vir die verdere doel van hierdie studie is die laasgenoemde groep buite rekening gelaat.

Die sitruskoöperasies wat wel fisies aan die sitrusbemarkingsproses deelneem, stem met mekaar ooreen in die sin dat hulle 'n gemeenskaplike doel het (verhoogde winsgewendheid van hulle lede se sitrusbedrywe op 'n kontinue basis) en dat hulle die verpakking van hulle lede se sitrusvrugte onderneem om in hierdie doel te slaag. Die onderskeie sitruskoöperasies in hierdie hoofgroep verskil egter van mekaar ten opsigte van een of meer van die volgende aspekte:

1. Die uitvoering van addisionele funksies tot die verpakking van sitrusvrugte;
2. bestaansjare;
3. ligging of streke waarin geleë;
4. ledetalle;
5. getalle sitrusbome;

6. massa en aard van die sitrusvrugte gehanteer;
7. groottes van omsette;
8. die duur van die sitrusverpakkingseisoene; en
9. die strekking van die finansiële jare.

Ten opsigte van enkele van hierdie aspekte, soos die aard van die sitrusvrugte gehanteer, die duur van die sitrusverpakkingseisoene en die strekking van die finansiële jare, toon die sitruskoöperasies wat in dieselfde streek geleë is 'n redelike mate van ooreenkoms. In die algemeen besit elke sitruskoöperasie egter eienskappe wat hom van alle ander sitruskoöperasies onderskei.

---

## HOOFSTUK 4

DIE KAPITAALINVESTERING DEUR DIE PRIMÊRE  
SITRUSKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKAA. INLEIDING

'n Koöperasie moet soos enige ander onderneming oor die „regte“ hoeveelheid en samestelling van bates beskik om doeltreffend te kan funksioneer. Indien 'n koöperasie oor te veel of te min bates beskik dan versteur dit die noodsaaklik goeie onderlinge verhouding tussen koöperasie en lid. 'n Koöperasie moet dus sy kapitaalbehoefte na aard en omvang korrek bepaal, want oor- of onderinvestering beteken dat die koöperasie nie sy funksies op die mees ekonomiese of tegniese doeltreffendste wyse verrig nie en kan in die geval van oorinvestering beteken dat 'n koöperasie oormatige kapitaaleise aan sy lede stel en hulle sodoende van kapitaal wat in hulle eie bedrywe of elders winsgewend aangewend kan word, ontnem. Hierdie hoofstuk het ten doel om vas te stel of die kapitaalinvestering deur die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika sodanig is dat dit hulle doeltreffendheid nie benadeel nie.

Ten einde die doeltreffendheid van die kapitaalinvestering deur 'n onderneming te kan beoordeel, is die analitikus toegewys op finansiële verhoudingsanalises, wat beteken dat verhoudings tussen die kapitaalinvestering in die betrokke onderneming en sekere veranderlikes, wat 'n korrelasie met die kapitaalinvestering behoort te toon, bepaal en vergelyk word met die gemiddelde van die soortgelyke verhoudings vir ander ondernemings in dieselfde bedryfstak. Sou hierdie verhoudings ten opsigte van die betrokke onderneming belangrike afwykings vanaf die gemiddelde verhoudings vir die bedryfstak toon, dan gee dit 'n aanduiding van *moontlike* ondoeltreffende kapitaalinvestering deur die betrokke onderneming.<sup>1)</sup> Afwykings beteken egter nie sonder meer

---

1) Kyk ook hoofstuk 2, p.70-72 en p.79-82.

ondoeltreffende kapitaalinvesterings nie omdat daar by elke onderneming faktore teenwoordig kan wees wat onder andere sy kapitaalbehoefte verskillend maak van dié van die ander ondernemings in die bedryfstak.<sup>1)</sup> Alvorens die doeltreffendheid van die kapitaalinvesterings deur die sitruskoöperasies op grond van die resultate van 'n verhoudingsanalise beoordeel kan word, is dit dus nodig om eers kennis van die faktore te neem wat „normale afwykings” in die kapitaalinvesterings tussen die onderskeie sitruskoöperasies kan veroorsaak.

## B. FAKTORE WAT DIE AARD EN OMVANG VAN DIE KAPITAALIN- VESTERING DEUR DIE SITRUSKOÖPERASIES KAN BEÏNVLOED

Die volgende faktore kan normale afwykings in die aard en omvang van die kapitaalinvesterings tussen die individuele sitruskoöperasies tot gevolg hê:

### 1. Die groottes van die koöperasies

Die absolute grootte van 'n sitruskoöperasie het uit die aard van die saak 'n invloed op die omvang van daardie sitruskoöperasie se kapitaalbehoefte. Ter illustrasie kan die volgende twee uiterste gevalle gebruik word: As alle ander faktore dieselfde is, sal 'n sitruskoöperasie wat twintig miljoen kilogram sitrusvrugte per jaar moet verpak 'n veel groter verpakkingskapasiteit en dus kapitaal benodig, as 'n sitruskoöperasie wat een miljoen kilogram sitrusvrugte moet verpak.

Afgesien van die absolute grootte bestaan daar egter ook die baie belangrike faktor van die optimum- of ideale grootte, waar die kapasiteite van al die produksiefaktore presies op mekaar afgestem is. Alhoewel dié grootte in 'n sekere mate slegs teoreties bereikbaar is, beteken dit dat hoe nader 'n sitruskoöperasie

---

1) Wanneer die verhoudings vir 'n bepaalde onderneming ooreenstem met die gemiddelde verhoudings vir die bedryfstak, beteken dit egter nie noodwendig doeltreffende kapitaalinvesterings deur die betrokke onderneming nie, want die ondernemings in die bedryfstak kan in die algemeen tot oor- of onderinvesterings neig.

of enige ander onderneming aan hierdie ideale grootte funksioneer, hoe geringer is die kapitaalbehoefte in vergelyking met die produksieresultaat en hoe gunstiger sal so 'n onderneming in geval van 'n verhoudingsanalise vergelyk.

## 2. Die funksies wat die koöperasie verrig

In hoofstuk 3 is daarop gewys dat die sitruskoöperasies almal die verpakking van lede se sitrusvrugte onderneem en meesal ook nog een of meer ander funksies verrig. Die aard en hoeveelheid van die funksies wat 'n koöperasie verrig en die onderlinge belang van daardie funksies beïnvloed die aard en omvang van sy besondere kapitaalbehoefte. Aangesien die sitruskoöperasies van mekaar verskil ten opsigte van die funksies wat hulle verrig,<sup>1)</sup> en aangesien die onderlinge belang van die funksies by die verskillende koöperasies ook nie dieselfde is nie<sup>2)</sup> kan daar aansienlike verskille in die aard en omvang van die kapitaalinvestering tussen die onderskeie sitruskoöperasies verwag word.

Duidelikheidshalwe word die moontlike *afsonderlike* invloede van die verrigting van verskillende funksies op die aard en omvang van 'n sitruskoöperasie se kapitaalinvestering kortliks geskets.

### a. Die vaste kapitaalinvestering

Vir die verpakking van sitrusvrugte benodig die sitruskoöperasies verpakkingsmasjinerie, gereedskap, vervoermiddels vir die vervoer van die verpakte sitrusvrugte na die naaste spoorwegaansluiting (privaatsylyn, vragmotors, trekkers en sleepwaens) en kantooruitrusting. Die koöperasie benodig ook 'n perseel en geboue vir die huisvesting van bogenoemde masjinerie en ander uitrusting en vir die voorsiening van kantooruimte en opbergruimte vir die opberging van sitrusvrugte en pakkemateriaal. Die verskaffing van boerderybenodighede en die vervoer van lede se sitrusvrugte vereis vaste kapitaal vir die aanskaffing van op-

1) Kyk tabel 3.1, p.97.

2) Kyk tabel 3.2, p.99.

berggeriewe en vervoermiddels. Sitrusverwerking en die verskaffing van werkswinkelfasiliteite sal vaste kapitaal vir addisionele masjinerie en gereedskap en waarskynlik vir geboue vereis, terwyl die bespuiting en bewerking van lede se boorde en die lewering van tegniese dienste die aanskaffing van vaste apparaat sal noodsaak.

Namate 'n koöperasie meer funksies onderneem sal sy vaste kapitaalinvestering dus styg. Waar twee koöperasies dieselfde funksies onderneem en in totaal dieselfde omset het, maar die onderlinge belang van die funksies verskil, sal die samestelling en omvang van die vaste kapitaalinvestering ook verskil. Die uitvoering van sekere funksies, byvoorbeeld sitrusverpakking, vereis meer en andersoortige vaste bates as byvoorbeeld die verskaffing van boerderybenodigdhede.

#### b. Die vlottende kapitaalinvestering

Die vlottende kapitaal waaroor 'n sitruskoöperasie moet beskik, bestaan, soos by enige onderneming, uit 'n duursame en 'n wisselende komponent.<sup>1)</sup>

Voorts word die moontlike invloed van die verrigting van verskillende funksies op die vlottende kapitaalbehoefte van die sitruskoöperasies ten opsigte van elke funksie afsonderlik in die algemeen geskets.

##### (1) Die verpakking van sitrusvrugte

By die verpakking van sitrusvrugte word vlottende kapitaal benodig vir die aanskaffing van verpakkingsmateriaal, die betaling van lone en salarisse, en uitgawes aan byvoorbeeld herstelwerk, krag, drukwerk en brandstof.

Soos reeds in hoofstuk 3 aangetoon, vind die verpakking van sitrusvrugte oor 'n tydperk van hoogstens sewe maande gedurende die tydperk Maart-November plaas.

---

1) Kyk hoofstuk 2, p.38-39.

Aan die einde van 'n besondere verpakkingseisoen in September, Oktober of November, beskik die sitruskoöperasies oor 'n voorraad verpakingsmateriaal wat na die nuwe seisoen oorgedra word. Aflewering van die komende verpakkingseisoen se verpakingsmateriaalbenodigdhede begin in ongeveer Oktober/November en vind gewoonlik geleidelik tot ongeveer Mei/Junie plaas met enkele kleinere laataflewering. Betaling vir die pakmateriaal geskied gewoonlik binne 30 - 60 dae na aflewering.

Die verpakkingseisoen begin in Maart, April of Mei en voorskotbetalings vir die eerste verpakte vrugte word ongeveer drie of vier weke na verpakking van die Sitrusraad ontvang. Die grootte van die voorskotbetalings hang van die heersende pryse af maar is normaalweg nie, of net voldoende om die pakmateriaalkoste verbonde aan die verpakking van die betrokke sitrusvrugte te dek. Addisionele betalings word hierna periodiek vanaf die Sitrusraad ontvang. Van hierdie addisionele betalings word die balans van die pakmateriaalkoste (indien enige) plus alle ander direkte koste en die koöperasiekommissie<sup>1)</sup> verhaal. Nadat al hierdie kostes gedek is, kom die balans van die betalings wat van die Sitrusraad ontvang word die lede wat die sitrusvrugte gelewer het, toe.

Indien 'n koöperasie vir die duur van sy sitrusverpakkingseisoen gelykmatig beset is (gelyke hoeveelhede van die verskillende sitrusvariëteite hanteer) sal sy vlottende kapitaalbehoefte vir verpakingsmateriaal in ongeveer November uit die eindvoorraad van die pas afgelope verpakkingseisoen bestaan. Hierna sal die behoefte geleidelik toeneem namate voorrade pakmateriaal vir die komende seisoen ontvang word. Hierdie geleidelike toename duur voort totdat die eerste voorskotbetalings van die Sitrusraad ontvang word, waarna die behoefte weer geleidelik begin afneem totdat die punt van minimumvoorraadhouding weer aan die einde van die betrokke sitrusverpakkingseisoen bereik is.

---

1) Kyk hoofstuk 1, p.16 vir 'n verduideliking van die begrippe „ander direkte koste" en „koöperasiekommissie".

Die samestelling van die sitrusoes in die verskillende sitrusvariëteite is egter nie gelykmatig versprei nie en afhangende daarvan of die vroeë- of laatvariëteite oorheersend is, sal die vlottende kapitaalbehoefte vroeër of later 'n hoogtepunt bereik en vinniger of stadiger daal.

Wat die betaling van lone en salarisse betref, is daar 'n groot verskil in die minimum en maksimum behoeftes van veral nie-blanke, maar ook in 'n mate vir blanke personeel, soos duidelik uit tabel 4.1 blyk.

Tabel 4.1

Die maksimum en minimum personeelbehoefte van dertien sitruskoöperasies vir die 1969-sitrusverpakkingseisoen

Koöperasie	Personeelbehoefte					
	Blank			Nie-blank		
	Minimum	Maksimum	Persentasie toename in seisoen	Minimum	Maksimum	Persentasie toename in seisoen
1	16	20	25	150	400	167
4	9	10	11	250	300	20
5	13	15	15	45	130	189
6	40	60	50	80	400	400
7	28	53	89	50	250	400
8	19	32	68	220	620	182
10	10	14	40	60	270	350
12	5	7	40	150	200	33
13	3	4	33	30	130	333
14	2	3	50	10	150	1 400
15	4	7	75	20	330	1 550
16	6	8	33	40	350	775
17	12	13	8	25	200	700

Met die afsluiting van die voorafgaande seisoen word 'n groot gedeelte van die personeel gewoonlik ontslaan sodat die sitruskoöperasies vanaf ongeveer Oktober/November tot Maart/April, afhangende van die duur van die verpakkingseisoen, oor 'n minimum arbeidsmag beskik. Gedurende die verpakkingseisoen word weer meer personeel in diens geneem. Die behoefte aan vlottende ka-

pitaal vir die betaling van lone en salarisse neem dus geleidelik toe met die aanvang van die verpakkingseisoen, waarna dit skerp styg totdat betalings van die Sitrusraad ontvang word en daarna weer afplat. Verskillende samestellings van die sitrusvariëteite wat hanteer word kan verskillende tendense in die loop van die seisoen veroorsaak.

Die behoefte aan vlottende kapitaal vir die betaling van uitgawes aan byvoorbeeld brandstof en krag volg in breë trekke dieselfde patroon as wat die geval met lone en salarisse is. Waar die uitgawes aan hierdie items egter verander met pro-rata veranderings in die druktheid van werksaamhede gedurende die verpakkingseisoen en dus aan groter skommeling gedurende die verpakkingseisoen onderhewig is, bly die uitgawes aan lone en salarisse redelik konstant tydens die periode van verpakking omdat personeel nie een dag ontslaan en die volgende dag weer in diens geneem kan word nie. 'n Gedeelte van die personeel kan slegs aan die einde van die seisoen ontslaan word omdat dit dan 'n paar maande duur voordat hulle weer benodig word.

## (2) Die vervoer en pluk van sitrusvrugte

Indien 'n sitruskoöperasie ook die vervoer en pluk van lede se sitrusvrugte onderneem, styg die behoefte aan vlottende kapitaal gedurende die verpakkingseisoen vir die finansiering van hierdie aktiwiteite. Die koste verbonde aan die verrigting van hierdie funksies word wel van die lede verhaal. Die verhaling geskied egter nie in onmiddellike kontant nie, maar wel uit die betrokke lede se oesopbrengste.

## (3) Die verskaffing van boerderybenodigdhede

Die vlottende kapitaalbehoefte vir die verskaffing van boerderybenodigdhede is hoofsaaklik saamgestel uit behoeftes vir voorraadhouding, kredietverlening en lone en salarisse. Die betaling van lone en salarisse vir hierdie doel bly min of meer konstant gedurende die jaar, terwyl voorraadhouding en debiteure aan seisoenswisseling onderhewig is. Bespuiting en bemesting (materiaal hiervoor verteenwoordig die grootste deel van die be-

trokke omset) vind in die nie-verpakkingseisoen plaas wat groter voorraadhouding gedurende sekere periodes impliseer. Die verkope geskied gewoonlik op krediet en betaling kan eers vanuit die volgende oesopbrengs verwag word.

#### (4) Ander funksies

Die verrigting van funksies, soos bewerking van boorde, tabaksortering en bespuiting van boorde, is daarop gemik om die arbeid wat nie in die buiteseisoenperiode ontslaan word nie te beset, of dit het ten doel om minder arbeid te ontslaan en dit het die uitwerking van 'n verhoogde, maar 'n meer konstante behoefte aan vlottende kapitaal.

Die verwerking van lede se sitrusvrugte en die bemarking van die verwerkte produkte laat die vlottende kapitaalbehoefte (duursaam en wisselend) styg. Verwerking geskied gedurende die verpakkingseisoen terwyl die afset geleidelik oor die jaar plaasvind.

### 3. Die vestigingsplekke van die koöperasies

Die vestigingsplekke van die sitruskoöperasies kan 'n belangrike invloed op die kapitaalinvesterings deur die onderskeie koöperasies tot gevolg hê en in hierdie opsig verskil al die sitruskoöperasies in 'n mindere of meerdere mate van mekaar. Aspekte wat in hierdie verband die uiteindelijke kapitaalinvesterings kan beïnvloed is die volgende:

- a. Die grondpryse in verskillende streke en ten opsigte van verskillende persele in dieselfde streek;
- b. die beskikbaarheid van nasionale of munisipale water- en elektrisiteitsvoorsiening;
- c. die beskikbaarheid van munisipale woongeriewe vir blanke en nie-blanke personeel; en
- d. die afstand en aard van spoorweg- en hawegeriewe.

dit natuurlik ook moontlik vir sitruskoöperasie A om die sitrusvrugte oor 'n langer tydperk te verpak (wat 'n groter behoefte aan vlottende kapitaal skep). As gevolg van die bederfbare aard van die sitrusvrugte word daar egter definitiewe grense aan die tydperk van verpakking gestel.

Alle sitruskoöperasies volg nie hierdie metode nie. Om tydverlies tussen die verpakking van verskillende lede se sitrusvrugte te voorkom, het verskeie koöperasies in die jongste tyd oorgeskakel na 'n stelsel van *monstergradering*. Hiervolgens word 'n lid se poeldeelname bepaal deur 'n monster van sy vrugte by aflewering te trek en dit te gradeer. 'n Stelsel van monstergradering bring ook kapitaalbehoefte vir die aankoop van sekere vaste uitrusting en addisionele administratiewe uitgawes mee. Die koste van die twee stelsels moet dus teenoor mekaar opgeweeg word en hier speel die ledetal ook 'n rol. Min lede sal 'n klein tydverlies veroorsaak en die koste aan monstergradering nie loon nie. Baie lede sal 'n groot tydverlies veroorsaak en dit wel lonend maak. Watter stelsel van poeldeelnamebepaling dus ookal gevolg word, 'n groter ledetal bring groter kapitaalbehoefte mee.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat verskillende ledetalle verskille in die aard en omvang van die kapitaalinvestering deur die onderskeie sitruskoöperasies tot gevolg kan hê.

##### 5. Die bestaansjare van die koöperasies

Verskillende bestaansjare van die sitruskoöperasies kan ook verskille in hulle normale kapitaalinvestering veroorsaak. Dit is 'n bekende feit dat die pryse van grond, geboue en masjinerie steeds styg. 'n Koöperasie wat 50 jaar gelede tot stand gekom het sou dus in alle waarskynlikheid veel minder kapitaal in 'n perseel geïnvesteer het as wat die geval sal wees met 'n koöperasie wat twaalf jaar gelede 'n soortgelyke perseel sou moes aankoop.

#### 4. Die ledetalle van die koöperasies

Wat die ledetalle betref moet daarop gelet word dat, uitgaande van die veronderstelling dat alle ander faktore gelyk is, 'n sitruskoöperasie met 'n groter ledetal 'n groter behoefte aan kapitaal sal hê as in die omgekeerde geval. Enkele voorbeelde behoort die bewering te staaf:

a. Dit is voor die handliggend dat die uitbetaling van voorskotte op gelewerde sitrusvrugte en die verskaffing van boerderybenodigdhede aan 100 lede meer administratiewe werk as vir tien lede verg. Dit beteken meer administratiewe personeel (of 'n langer tyd met dieselfde personeel), meer fakture, rekenings, tjekvorms, ensovoorts, en gevolglik 'n groter behoefte aan vlottende kapitaal ter bestryding van hierdie uitgawes vir die sitruskoöperasie met die groter ledetal.

b. 'n Groter ledetal kan ook op 'n ander wyse die kapitaalbehoefte van die sitruskoöperasies beïnvloed. Dit kan aan die hand van 'n vereenvoudigde voorbeeld verduidelik word:

Gestel daar is twee sitruskoöperasies A en B; sitruskoöperasie A beskik oor 100 lede en sitruskoöperasie B oor tien lede wie se sitrusvrugte verpak moet word. In totaal is die massa sitrusvrugte wat verpak moet word en alle ander faktore dieselfde.

In die praktyk is dit so dat daar tussen die verpakking van twee lede se sitrusvrugte 'n tydperk van sê tien tot twintig minute kan verloop. Dit is nodig ten einde die poeldeelname van die betrokke lede met 'n redelike mate van akkuraatheid te kan bepaal. In die geval van koöperasie A sal daar dus baie meer onderbrekings van hierdie aard in die produksieproses wees as in die geval van koöperasie B. Om die sitrusvrugte in dieselfde tydperk te kan verpak sal koöperasie A dus oor 'n groter produksiekapasiteit as koöperasie B moet beskik (koöperasie A sal 'n groter behoefte aan vaste en vlottende kapitaal as koöperasie B hê) of koöperasie A sal ekstra skofte moet werk (meer vlottende kapitaal as koöperasie B benodig). In 'n mate is

## 6. Die sitrusboomgetalle en die potensiële oesopbrengs per sitrusboom

Die boomgetalle wat by 'n besondere sitruskoöperasie ingeskryf is en die potensiële oesopbrengs per sitrusboom bepaal in die eerste plek die omvang van die kapitaalbehoefte van daardie sitruskoöperasie. Dit geld veral ten opsigte van die vaste kapitaalbehoefte en die duursame behoefte aan vlottende kapitaal (minimum verpakkingsmateriaalvoorraad, personeel, ensovoorts) en in 'n mindere mate ten opsigte van die wisselende behoefte aan vlottende kapitaal. Indien 'n sitruskoöperasie byvoorbeeld oor 400 000 ingeskrewe sitrusbome met 'n potensiële oesopbrengs van 50 kilogram vrugte per sitrusboom per jaar beskik, sal die sitruskoöperasie hom sodanig moet inrig dat hy oor die grond, geboue, verpakkingsmasjinerie, verpakkingsmateriaal, ensovoorts beskik om die potensiële sitrusoes van twintig miljoen kilogram te kan hanteer.

Die boomgetalle en die potensiële oesopbrengs per sitrusboom bepaal dus in 'n baie groot mate die omvang van die duursame en in 'n geringer mate die wisselende kapitaalbehoefte van die sitruskoöperasies vir die „verpakking" van die sitrusvrugte en die daarmee samehangende sitrusbemarkingsfunksies. Verskille tussen die potensiële en die werklike oesopbrengs in 'n besondere jaar is hoofsaaklik die gevolg van toevallighede en het veral op die omvang van die wisselende kapitaalbehoefte 'n invloed.

As gevolg van 'n hele reeks faktore (klimaatsomstandighede, grondgeaardhede, boomouderdomme) verskil die potensiële oesopbrengs per sitrusboom van dieselfde sitrusvariëteit van sitruskoöperasie tot sitruskoöperasie en gevolglik kan dit verskille in die aard en omvang van die normale kapitaalinvestering veroorsaak.

## 7. Die samestelling van die sitrusoeste en die duur van die sitrusverpakkingseisoene

Verskille in die samestelling van die sitruskoöperasies se sitrusoeste en die duur van hulle sitrusverpakkingseisoene beïnvloed ook die aard en omvang van hulle normale kapitaalinvesterings soos in 'n mate reeds uit die vorige besprekings geblyk het. Die aandag word hier slegs op enkele toepaslike adisionele aspekte gevestig om die belangrikheid van hierdie faktor duideliker te illustreer.

Veronderstel dat daar drie sitruskoöperasies bestaan wat dieselfde massa sitrusvrugte hanteer en in alle opsigte behalwe vir die duur van hulle sitrusverpakkingseisoene en die samestelling van hulle sitrusoeste, dieselfde is. Koöperasie A se sitrusoes bestaan uit gelyke dele van die verskillende sitrusvariëteite en sitrusverpakking geskied gelykmatig gedurende die periode Maart/September. Koöperasie B se sitrusoes bestaan in totaal uit die nawellemoenvariëteit wat gedurende die periode Maart/April verpak word en koöperasie C se sitrusoes bestaan in totaal uit die valensialemoenvariëteit wat in die periode Augustus/September verpak word.

Wat die behoefte aan vaste kapitaal vir die daarstelling van die verpakkingsfasiliteite betref sal koöperasies B en C veel groter behoeftes toon as koöperasie A omdat hulle dieselfde sitrusoes in twee maande moet verpak as wat A in sewe maande moet doen. Hulle verpakkingskapasiteite moet dus ongeveer drie en 'n half keer groter as dié van koöperasie A wees. Wat die vlottende kapitaalbehoefte betref is die posisie heelwat meer gekompliseerd en moeilik te veralgemeen. Die algemene tendense van die vlottende kapitaalbehoefte van die sitruskoöperasies onder verskillende omstandighede is reeds vroeër aangetoon en hoef nie weer herhaal te word nie. Met die agtergrond wat reeds gestel is behoort dit egter duidelik te wees dat koöperasies B en C aan groter wisselinge in hulle vlottende kapitaalbehoefte onderhewig sal wees as wat die geval met koöperasie A is. Koöperasie B, veral gesien die algemene beleid in verband

met die aflewering van verpakkingsmateriaal en die uitbetalings vir die bemarkte sitrusvrugte, sal 'n kleiner behoefte aan vlottende kapitaal hê as koöperasie C wat sy maksimum voorraad verpakkingsmateriaal vir 'n veel langer periode moet dra. Soos reeds gesê is veralgemening as gevolg van die groot aantal moontlike veranderlikes egter onmoontlik.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die samestelling van die sitrusoes in verskillende sitrusvariëteite en die duur van die sitrusverpakkingseisoen die aard en omvang van die sitruskoöperasies se kapitaalbehoefte beïnvloed.

#### 8. Die beleid van die koöperasies

Die beleid wat deur die sitruskoöperasies gevolg word, het 'n belangrike invloed op die aard en omvang van die koöperasies se kapitaalinvestering. Beleidsaspekte wat hier ter sprake kom en die moontlike invloede van alternatiewe beleidsrigtings is onder andere die volgende:

- a. Die uitvoering van addisionele funksies tot sitrusverpakking wat reeds vroeër in hierdie paragraaf behandel is.
- b. Kredietverlening aan lede wat die behoefte aan vlottende kapitaal verhoog.
- c. Voorraadhouding. Groter voorrade verhoog die behoefte aan vlottende en vaste kapitaal (vaste kapitaal vir opbergingsruimte) maar verminder die risiko's van verliese as gevolg van tekorte aan byvoorbeeld verpakkingsmateriaal wanneer die sitrusvrugte verpak moet word.
- d. Huur van vaste bates teenoor die aankoop daarvan. Deur sommige van die benodigde vaste bates te huur kan 'n sitruskoöperasie op sy behoeftes aan vaste kapitaal bespaar maar dit sal sy vlottende kapitaalbehoefte verhoog.
- e. Die werk van ekstra skofte sal dieselfde invloed op die kapitaalbehoefte hê as wat onder die vorige punt genoem is.

f. Dit is algemene praktyk by vervaardigingsondernemings om vir reserwekapasiteit te begroot.<sup>1)</sup> Dit word gedoen om in abnormale vraag te kan voorsien en is dus 'n veiligheidsgrens. By die sitruskoöperasies behoort dit nie anders te wees nie want die koöperasies behoort steeds in staat te wees om die lede se aanbod van sitrusvrugte te hanteer. Die sitruskoöperasies hoef volgens hulle regulasies egter nie vir reserwekapasiteit te begroot nie.<sup>2)</sup> Is dit die beleid om wel vir reserwekapasiteit te begroot dan verhoog dit die kapitaalinvesterings van die koöperasies wat dit wel doen teenoor die wat dit nie of in 'n geringer mate doen.<sup>3)</sup> Die verhoogde kapitaalinvesterings kan in vaste sowel as vlottende bates, byvoorbeeld verpakkingsmasjinerie en pakmateriaalvoorrade wees.

Bostaande voorbeelde illustreer moontlike invloede van verskillende beleidsrigtings op die aard en omvang van 'n sitruskoöperasie se kapitaalinvesterings.

## 9. Die kapasiteitsbesetting

Onbenutte kapasiteit verhoog die kapitaalinvesterings per eenheid produk. Faktore wat die *gedwonge* onderbesetting van produksiefaktore tot gevolg kan hê en wat nog nie vroeër in hierdie bespreking vermeld is nie, is onder andere die volgende:

a. Afwykings tussen die potensiële en die werklike oesopbrengs per sitrusboom as gevolg van besondere naturomstandighede soos hael, droogtes en plae. Aansluitend hierby kan gevind word

---

1) Herbst, W., *op. cit.*, p.121.

2) Die Modelstatuut, *op. cit.*, artikel 87, bepaal dat 'n lid verplig is om al sy produkte ... aan die koöperasie te lewer *mits die koöperasie in staat is om daarmee te handel*. Hierdie bepaling is in die regulasies van al die sitruskoöperasies opgeneem en impliseer dat die koöperasie nie in staat hoef te wees om daarmee te handel nie.

3) Die begrote reserwekapasiteit moet beperk wees in die sin dat dit verband moet hou met die omvang van 'n moontlike abnormale aanbod. As dit buite verband is dan beteken dit ondoeltreffende bestuur en dus ondoeltreffende kapitaalinvesterings.

dat, as gevolg van veranderings in die graderingsvereistes, 'n koöperasie homself in die posisie bevind dat 'n gedeelte van die sitrusvrugte van sy lede nie langer aan die vereistes voldoen nie en dus nie vir bemarking ingelewer word nie. Die invloed van hierdie faktor op kapasiteitsbenutting is vanselfsprekend en vereis nie verdere verduideliking nie.

b. Ekonomiese oorwegings by die aanskaffing van vaste produksieapparaat. As gevolg van besondere gunstige aankoopvoorwaardes mag 'n koöperasie besluit om op 'n spesifieke stadium apparaat aan te skaf wat eers oor 'n jaar of twee ten volle beset sal kan word.

c. In aansluiting by die voorgenoemde gebeur dit as gevolg van tegniese beperkings dat sekere apparaat net in sekere groottes beskikbaar is. Waar 'n uitbreiding van kapasiteit dus nodig is, kan dit gebeur dat 'n koöperasie verplig is om byvoorbeeld 'n veel groter masjien aan te koop as wat op daardie stadium benodig word met gevolglike onbenutte kapasiteit. Dieselfde geld ten opsigte van opgeleide personeel.

Wat die benutting van kapasiteit betref kan daar ten slotte gelet word op die beraamde kapasiteitsbesetting van sitrusverpakkingsmasjiene by 'n aantal sitruskoöperasies.<sup>1)</sup>

---

1) Die beramings is verstrek deur die besture van die betrokke sitruskoöperasies.

Tabel 4.2

Die beraamde graad van maksimum kapasiteitsbesetting van sitrusverpakkingsmasjinerie by dertien sitruskoöperasies vir die 1968- en 1969-sitrusverpakkingsseisoene

Sitruskoöperasie	Graad van kapasiteitsbesetting	
	1968-sitrusverpakkingsseisoen %	1969-sitrusverpakkingsseisoen %
1	80	90
2	55	55
3	92	92
4	40	40
5	60	60
6	40	60
7	80	70
8	70	85
9	80	80
10	50	50
12	95	60
15	65	73
16	66	61
Gemiddeld per koöperasie	67	67

Dit blyk uit tabel 4.2 dat daar aansienlike verskille tussen die maksimum kapasiteitsbesetting by verskillende sitruskoöperasies was en dat dit verskille in die kapitaalinvestering per eenheid produk tot gevolg sal hê.<sup>1)</sup>

#### 10. Slot

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat daar 'n hele aantal faktore bestaan wat gesamentlik en/of afsonderlik daarvoor verantwoordelik kan wees dat daar „normale” afwykings in die kapitaalinvestering tussen die sitruskoöperasies bestaan. Wanneer daar gevolgtrekkings oor die doeltreffendheid van die

1) Die verskille in die maksimum kapasiteitsbesetting soos in die tabel aangetoon is nie noodwendig slegs die gevolg van „natuurlike” en onbeheerbare faktore nie, maar is ook 'n funksie van die doeltreffendheid van die bestuur van die betrokke koöperasies.

kapitaalinvestering deur die sitruskoöperasies op grond van die resultate van 'n verhoudingsanalise gemaak word moet daar deeglik met die moontlike invloede van hierdie faktore rekening gehou word. Dit word by die beoordeling van die kapitaalinvesteringsoeltreffendheid van die individuele sitruskoöperasies later in hierdie hoofstuk gedoen. Eerstens word die bedryfstakverhoudings as vergelykingsmaatstaf gebruik en hierdie norm sluit byvoorbeeld die gemiddelde begrote reserwekapasiteit vir alle sitruskoöperasies in. Om egter vir verdere geregverdigde beleids- en ander „normale" verskille te voorsien word daar by die evaluering van die individuele koöperasies ook „normale" afwykingsgrense toegelaat.<sup>1)</sup>

### C. DIE AARD EN OMVANG VAN DIE KAPITAALINVESTERING DEUR DIE SITRUSKOÖPERASIES

Die omvang en aard van die kapitaalinvestering deur die sitruskoöperasies op balansstaatdatums word vervolgens agtereenvolgens ontleed en die aandag op enkele afleidingsbeperkings rakende hierdie gegewens gevestig.

#### 1. Die omvang van die kapitaalinvestering

Die omvang van die kapitaalinvestering deur die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar word in tabel 4.3 aangetoon.

---

1) Kyk tabel 4.11, p.161 en die daarmee samehangende bespreking.

Tabel 4.3

Die boekwaardes van die totale bates van die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Boekwaarde van totale bates R'000	Getal sitruskoöperasies	
	Per interval	Progressief
1-100	3	3
101-200	2	5
201-300	5	10
301-400	1	11
401-500	5	16
601-700	2	18
701-800	1	19
1 001-1 200	1	20
1 601-1 800	1	21
<b>Totale boekwaarde alle sitruskoöperasies</b> R'000	<b>9 153,3</b>	
<b>Gemiddelde boekwaarde van totale bates per sitruskoöperasie</b>	<b>435,9</b>	

Dit blyk uit tabel 4.3 dat die boekwaardes van die totale bates van die meerderheid sitruskoöperasies (elf of 52,4%) aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar minder as R400 000 bedra het en dat in geval van sestien sitruskoöperasies (76,2%) die totale bates se boekwaarde minder as R500 000 was. Slegs twee sitruskoöperasies het totale bates van meer as een miljoen rand gehad. Die totale bates van alle sitruskoöperasies het ± R9,2 miljoen beloop, wat 'n gemiddelde batewaarde van ± R435 900 per koöperasie beteken.

## 2. Die aard van die kapitaalinvestering

Die vaste en vlottende kapitaalinvestering deur die sitruskoöperasies word eers afsonderlik ontleed en daarna word gelet op die verhouding tussen die vaste en die vlottende kapitaalinvestering.

### a. Die vaste kapitaalinvestering

Die aard van die vaste kapitaalinvestering deur die sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële iare word in tabel 4.4 aangetoon.

Tabel 4.4

Die persentasiesamestelling van die vaste bates van die sitruskoöperasies bereken volgens boekwaardes aan die einde van die 1968/69 en die 1969/70 finansiële jare

Koöperasie	Persentasiesamestelling van vaste bates											
	Grond*		Geboue*		Grond en geboue		Masjinerie		Ander		Totaal	
	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %
1	8,2	8,6	49,2	52,3	57,4	60,9	33,6	33,7	9,0	5,4	100,0	100,0
2	2,5	2,7	28,1	29,6	30,6	32,3	58,7	56,4	10,7	11,3	100,0	100,0
3	31,9	31,2	39,2	37,2	71,1	68,4	20,6	22,3	8,3	9,3	100,0	100,0
4	14,0	13,9	56,7	56,7	70,7	70,6	19,9	19,1	9,4	10,3	100,0	100,0
5	0,9	1,0	38,5	40,4	39,4	41,4	48,0	49,5	12,6	9,1	100,0	100,0
6	Nie beskikbaar		Nie beskikbaar		49,4	51,3	38,1	37,8	12,5	10,9	100,0	100,0
7	do		do		71,3	72,2	16,0	15,2	12,7	12,6	100,0	100,0
8	do		do		58,0	59,2	30,6	29,4	11,4	11,4	100,0	100,0
9	do		do		64,9	67,0	18,0	16,7	17,1	16,3	100,0	100,0
10	10,6	11,4	41,2	42,3	51,8	53,7	41,7	42,3	6,5	4,0	100,0	100,0
11	0,6	0,7	55,5	56,4	56,1	57,1	30,5	30,6	13,4	12,3	100,0	100,0
12	3,2	3,1	30,7	29,0	33,9	32,1	32,1	32,1	34,0	35,8	100,0	100,0
13	1,1	1,1	33,4	34,7	34,5	35,8	56,8	56,3	8,7	7,9	100,0	100,0
14	Nie beskikbaar		Nie beskikbaar		35,4	39,2	49,5	49,0	15,1	11,8	100,0	100,0
15	5,0	4,4	61,4	53,3	66,4	57,7	22,5	21,5	11,1	20,8	100,0	100,0
16	2,7	2,6	43,6	43,7	46,3	46,3	34,4	34,0	19,3	19,7	100,0	100,0
17	5,4	5,8	36,8	37,2	42,2	43,0	41,0	37,5	16,8	19,5	100,0	100,0
18	Nie beskikbaar		Nie beskikbaar		18,4	18,0	75,2	75,7	6,4	6,3	100,0	100,0
19	do		do		38,0	40,2	60,9	58,3	1,1	1,5	100,0	100,0
20	do		do		52,9	47,2	34,6	33,5	12,5	19,3	100,0	100,0
21	do		do		66,7	89,3	31,6	10,7	1,7	-	100,0	100,0
Gemiddelde per- sentasie per koöperasie	7,2	7,2	42,9	42,7	50,3	51,5	37,8	36,3	11,9	12,2	100,0	100,0

\*Die sitruskoöperasies was nie almal in staat om afsonderlike gegewens vir die investering in grond en geboue te verstrek nie.

Volgens die gegewens in tabel 4.4, het grond en geboue gemiddeld per koöperasie ongeveer die helfte (50,3% en 51,5%) van die vaste bates van die sitruskoöperasies verteenwoordig. Die investering in masjinerie het onderskeidelik gemiddeld 37,8 persent en 36,3 persent per koöperasie beloop, terwyl alle ander vaste bates (voertuie, meubels, gereedskap, pluk- en spuituitrusting, ens.) slegs onderskeidelik 11,9 persent en 12,2 persent van die totale investering in vaste bates verteenwoordig het. Die gemiddelde investering per koöperasie in grond, ten opsigte van die twaalf sitruskoöperasies wat 'n afsonderlike syfer daarvoor verstrek het, het 7,2 persent en dié in geboue 42,9 persent en 42,7 persent van die totale investering in vaste bates bedra.

Die samestelling van die vaste bates by die individuele sitruskoöperasies toon egter groot verskille, soos die volgende voorbeelde illustreer: Aan die einde van 1968/69 verteenwoordig grond en geboue 18,4 persent van die totale vaste bates van koöperasie 18 en 71,3 persent by koöperasie 7. In geval van koöperasie 7 verteenwoordig die waarde van masjinerie 16,0 persent van die totale waarde van die vaste bates teenoor 75,2 persent in die geval van koöperasie 18.

b. Die vlottende kapitaalinvestering

Die aard van die vlottende kapitaalinvestering deur die sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare word in tabel 4.5 aangetoon.

Tabel 4.5

Die persentasiesamestelling van die vlottende bates van die sitruskoöperasies volgens boekwaardes aan die einde van die 1968/69 en die 1969/70 finansiële jare

Sitrus- koöperasies	Persentasiesamestelling van vlottende bates							
	Voorrade		Debiteure		Kontant		Totaal	
	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %
1	28,7	26,4	2,7	11,9	68,6	61,7	100,0	100,0
2	52,7	42,5	24,0	17,1	23,3	40,4	100,0	100,0
3	58,9	41,6	6,2	14,1	34,9	44,3	100,0	100,0
4	49,3	27,0	6,5	11,5	44,2	61,5	100,0	100,0
5	51,4	45,5	48,4	54,4	0,2	0,1	100,0	100,0
6	75,7	33,6	18,6	9,2	5,7	57,2	100,0	100,0
7	32,0	20,3	56,5	74,2	11,5	5,5	100,0	100,0
8	16,2	22,9	24,8	25,5	59,0	51,6	100,0	100,0
9	33,6	14,4	39,7	27,7	26,7	57,9	100,0	100,0
10	19,8	23,0	16,0	17,1	64,2	59,9	100,0	100,0
11	12,6	9,9	38,5	30,8	48,9	59,3	100,0	100,0
12	28,5	13,9	37,1	63,5	34,4	22,6	100,0	100,0
13	67,9	44,0	16,8	20,5	15,3	35,5	100,0	100,0
14	51,3	26,8	37,0	34,6	11,7	38,6	100,0	100,0
15	19,9	10,2	59,3	59,2	20,8	30,6	100,0	100,0
16	20,1	18,1	60,1	34,8	19,8	47,1	100,0	100,0
17	25,8	11,0	7,4	1,5	66,8	87,5	100,0	100,0
18	31,9	29,3	44,0	16,3	24,1	54,4	100,0	100,0
19	20,3	35,1	42,6	25,1	37,1	39,8	100,0	100,0
20	55,7	36,1	-	-	44,3	63,9	100,0	100,0
21	15,2	0,7	43,2	34,3	41,6	65,0	100,0	100,0
Gemiddelde persentasie per koöpe- rasie	36,5	25,4	30,0	27,8	33,5	46,8	100,0	100,0

Dit blyk uit tabel 4.5 dat die samestelling van die vlottende bates van die sitruskoöperasies in 'n groot mate tussen die individuele sitruskoöperasies en in die verskillende jare binne dieselfde sitruskoöperasie verskil.

Die kapitaalinvestering in voorrade (hoofsaaklik pakmateriaal- en handelsvoorraad) het aan die einde van die 1968/69 en die 1969/70 finansiële jare gemiddeld per sitruskoöperasie on-

derskeidelik 36,5 persent en 25,4 persent van die totale vlottende bates van sitruskoöperasies bedra, terwyl die ooreenstemmende persentasies vir debiteure 30,0 persent en 27,8 persent en vir kontant 33,5 persent en 46,8 persent was. Die individuele sitruskoöperasies het egter groot afwykings van hierdie gemiddelde persentasies getoon, soos uit die gegewens in die tabel gesien kan word.

c. Die verhouding tussen die vaste en die vlottende kapitaal-investering

In tabel 4.6 word die verhoudings tussen die vaste en vlottende kapitaalinvesterings by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare aangedui.

Tabel 4.6

Die verhouding van die vaste tot die vlottende bates by die sitruskoöperasies volgens boekwaardes aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Sitrus- koöperasies	Verhouding tussen vaste en vlottende bates			
	1968/69		1969/70	
	Vaste bates	Vlottende bates	Vaste bates	Vlottende bates
1	54,9	45,1	53,5	46,5
2	59,5	40,5	57,0	43,0
3	49,4	50,6	50,0	50,0
4	78,9	21,1	81,1	18,9
5	49,1	50,9	58,8	41,2
6	57,5	42,5	43,2	56,8
7	46,0	54,0	47,5	52,5
8	40,5	59,5	34,0	66,0
9	45,2	54,8	39,4	60,6
10	45,5	54,5	44,5	55,5
11	42,0	58,0	33,3	66,7
12	56,3	43,7	62,6	37,4
13	49,4	50,6	39,5	60,5
14	29,3	70,7	44,5	55,5
15	43,2	56,8	35,3	64,7
16	58,7	41,3	56,3	43,7
17	58,4	41,6	50,7	49,3
18	31,4	68,6	34,8	65,2
19	52,5	47,5	67,4	32,6
20	41,9	58,1	55,7	44,3
21	53,4	46,6	70,8	29,2
Gemiddeld per koöperasie	49,7	50,3	50,5	49,5

Gebaseer op die gemiddelde verhouding per sitruskoöperasie het die kapitaalinvesterings van die sitruskoöperasies uit ongeveer gelyke dele vaste en vlottende kapitaal bestaan (49,7:50,3 vir 1968/69 en 50,5:49,5 vir 1969/70). Hierdie gemiddelde verhoudings per sitruskoöperasie verberg egter wye verspreidings in die verhoudings van die individuele sitruskoöperasies. Vergelyk byvoorbeeld koöperasie 4 (verhouding van vaste tot vlottende kapitaal vir 1968/69, 78,9:21,1) met koöperasie 14 (verhouding van vaste tot vlottende kapitaal vir 1968/69, 29,3:70,7). Die verhoudings wissel in baie gevalle ook aansienlik vir dieselfde koöperasie oor die twee jare. Vergelyk in die verband byvoorbeeld koöperasie 14 ('n verhouding van vaste tot vlottende kapitaal vir 1968/69 van 29,3:70,7 en vir 1969/70 van 44,5:55,5).

Daar kan verskeie redes vir die wisseling tussen die koöperasies en vir die wisseling in dieselfde koöperasie tussen die twee jare bestaan. Wat die wisseling tussen die koöperasies betref is in die voorafgaande paragrawe reeds op verskeie moontlike redes, soos verskille in die aard en onderlinge belang van die funksies wat verrig word en meer of minder doeltreffende investering, gewys. Verdere moontlike redes word in die volgende paragraaf verstrekk.

Wisseling binne dieselfde koöperasie kan veroorsaak word deur onder andere ab- of subnormale oeste wat 'n kleiner of groter pakmateriaalvoorraad tot gevolg het. Dit kan ook gebeur dat die Sitrusraad in een jaar vroeër as in 'n ander met die aflewering van pakmateriaal vir die volgende jaar begin wat ook vir verskille in die pakmateriaalvoorraad verantwoordelik mag wees. Om een of ander rede mag voorskotte deur die Sitrusraad in een jaar vertraag word. Gevolglik mag die sitruskoöperasie in die besondere jaar 'n groot bedrag aan debiteure toon omdat dit nog nie van die oesopbrengs van lede verhaal kon word nie. Dit mag ook wees dat die koöperasie gedurende die buiteseisoen addisionele vaste bates aangeskaf het, ensovoorts. Al hierdie faktore kan wisselinge tussen verskillende jare veroorsaak.

### 3. Afleidingsbeperkings

Uit die voorafgaande uiteensetting het dit geblyk dat daar in sommige gevalle aansienlike verskille tussen die sitruskoöperasies ten opsigte van die aard en omvang van hulle kapitaalinvesterings bestaan. In die lig van die vorige bespreking van die faktore wat normale verskille in die kapitaalinvestering deur die sitruskoöperasies tot gevolg kan hê, is sodanige verskille te begrype. Die ontledings in die voorafgaande tabelle is verder op die boekwaardes van die bates van die onderskeie sitruskoöperasies gegrond en as sodanig is die gegewens vir vergelykingsdoeleindes aan veral twee beperkings onderhewig, naamlik verskillende depresiasiebeleide (depresiasiekoerse en tydperk van afskrywings) wat deur die betrokke sitruskoöperasies gevolg word en verskille tussen die betrokke koöperasies wat die strekking van hulle finansiële jare betref. Die moontlike invloed van elk van hierdie twee aspekte op die gegewens wat gebruik is, word nou agtereenvolgens kortliks geskets.

#### a. Die depresiasiebeleide

Verskille in die bedrae wat deur die onderskeie sitruskoöperasies op hulle vaste bates afgeskryf is kan vir verskille tussen die koöperasies betreffende die omvang van die totale kapitaalinvesterings, die aard van die vaste kapitaalinvesterings en die verhouding tussen die vaste en vlottende kapitaalinvesterings soos deur die boekwaardes van die bates weerspieël word, verantwoordelik wees.

Die verskille in die afskrywingsbedrae kan die gevolg van twee aanvullende elemente wees, naamlik die grootte van die jaarlikse afskrywingsbedrae en die tydperk waarvoor depresiasie op die betrokke bates afgeskryf is. Wat die jaarlikse afskrywingsbedrae betref, bestaan daar aansienlike verskille tussen die individuele sitruskoöperasies. Sommige van die koöperasies skryf jaarliks 'n sekere persentasie op die oorspronklike kosprys van die betrokke bates af, ander weer skryf 'n persentasie op die verminderde balans af, terwyl nog ander hulle afskrywings grond op die massa sitrusvrugte wat in 'n besondere jaar gehanteer is. Die verskille in die afskrywingspersenta-

sies blyk duidelik wanneer daarop gelet word dat 'n sekere sitruskoöperasie byvoorbeeld jaarliks vyf persent op die verminderde balans van meubels as depresiasie afskryf, terwyl 'n ander vyftien persent volgens dieselfde metode afskryf.<sup>1)</sup>

Die invloed van beide die verskille in die jaarlikse afskrywingsbedrae en die periodes van afskrywing op die boekwaardes van die vaste bates van die individuele sitruskoöperasies blyk uit tabel 4.7.

Tabel 4.7

'n Vergelyking tussen die kospryse en boekwaardes van die vaste bates by 'n aantal sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Sitrus- koöperasies	Kosprys van vaste bates %	Totale afskrywings op vaste bates as persentasie van kosprys %	Boekwaarde van totale vaste bates as per- sentasie van kosprys %
1	100,0	43,1	56,9
4	100,0	36,1	63,9
5	100,0	37,9	62,1
10	100,0	54,2	45,8
11	100,0	34,5	65,5
12	100,0	27,2	72,8
13	100,0	31,3	68,7
15	100,0	43,8	56,2
16	100,0	49,9	50,1
17	100,0	45,6	54,4
18	100,0	57,1	42,9
20	100,0	38,8	61,2

Uit tabel 4.7 is dit duidelik dat die totale afskrywings op die vaste bates 'n belangrike invloed kan hê wanneer die boekwaardes van die betrokke bates tussen verskillende individuele sitruskoöperasies vergelyk word. Dit is veral so as ook in aanmerking geneem word dat daar verdere verskille in beide die jaarlikse afskrywingsbedrae en die tydperke van afskrywing

1) Tabel 5.4, p.200 bevat volledige besonderhede i.v.m. die depresiasiekoerse van die koöperasies op die verskillende vaste bates.

tussen verskillende tipes vaste bates binne dieselfde sitruskoöperasie bestaan. So kan dit byvoorbeeld wees dat koöperasie 1 geen afskrywings op grond gedoen het nie, in totaal twintig persent op geboue en 60 persent op ander vaste bates, terwyl koöperasie 20 byvoorbeeld in totaal tien persent op grond, 80 persent op sy bestaande geboue en 30 persent op ander vaste bates afgeskryf het. Al het die vaste bates van die twee sitruskoöperasies dus oorspronklik presies dieselfde vaste kapitaal vereis, sal 'n vergelyking van die aard en omvang van die kapitaalinvesterings wat op boekwaardes gegrond is 'n heel ander prentjie skilder.

#### b. Die strekking van die finansiële jare

In hoofstuk 3<sup>1)</sup> is aangetoon dat die finansiële jare van die sitruskoöperasies nie almal oor dieselfde tydperk strek nie. Hierdie verskille in die strekking van die finansiële jare het tot gevolg dat die balansstaatgewens van die verskillende sitruskoöperasies veral in soverre dit die vlottende bates aanbetref, nie altyd presies vergelykbaar is nie omdat die betrokke koöperasies nie op dieselfde „stadium“ verkeer nie.

### D. DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE KAPITAALINVESTERING DEUR DIE SITRUSKOÖPERASIES

#### 1. Inleiding

Die kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid van 'n onderneming wentel om die vraag of die onderneming sy kapitaalbehoefte na aard en omvang korrek bepaal het en of hy daarin geslaag het om voldoende kapitaal ter bevrediging van die behoeftes aan te trek. Die probleem is dus om vas te stel of die onderneming onder bespreking oor genoeg, oor te veel, of oor te min bates van die verskillende soorte beskik om sy funksies op die tegnies doeltreffendste en mees ekonomiese manier te kan uitvoer. Die kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid van 'n onder-

---

1) Kyk tabel 3.15, p.121.

neming is 'n vraagstuk wat los van die vraagstuk van die doelmatigheid van die onderneming se finansieringsbeleid staan. Die doelmatigheid van die finansieringsbeleid wentel om die vraag of die onderneming die verskillende soorte kapitaal „reg" gekombineer het en geniet in hoofstuk 6 aandag.

In die inleiding tot hierdie hoofstuk is aangetoon dat die doeltreffendheid van die kapitaalinvestering deur die sitruskoöperasies deur middel van 'n finansiële verhoudingsanalise beoordeel kan word. Die vraag is nou watter finansiële verhoudings vir hierdie doel geskik is.

In die eerste plek kom die aktiwiteits- of bestuursdoeltreffendheidsverhoudings wat in hoofstuk 2 verduidelik is hiervoor in aanmerking. Die betrokke verhoudingsgetalle is die volgende:

- a. Die verhouding tussen omset en totale kapitaal (bates);
- b. die verhouding tussen omset en vaste kapitaal (bates);
- c. die omsetsnelheid van vlottende kapitaal (bates);
- d. die omsetsnelheid van voorrade;
- e. die omsetsnelheid van debiteure; en
- f. die omsetsnelheid van kontant.

Vir die doel van hierdie studie sal slegs verhouding b. op die verskillende individuele sitruskoöperasies toegepas word en wel om die volgende redes:

Die res van die genoemde verhoudings het op 'n een of ander aspek van die vlottende kapitaalinvestering betrekking. In hoofstuk 2 is reeds aangetoon dat 'n sinvolle verhoudingsanalise vereis dat die gemiddelde maandelikse kapitaalinvestering in die betrokke vlottende bate(s) geneem moet word. Die sitruskoöperasies beskik nie oor maandelikse voorraadsyfers nie en dit skakel die sinvolle gebruik van verhoudings a., c. en d. uit. Afgesien hiervan is die afleweringstyd van pakmateriaalvoorrade

nie onder beheer van die individuele sitruskoöperasie nie, maar geskied dit op aanwysing van die Sitrusbeurs. Die Sitrusbeurs kan dus reël dat een koöperasie se totale pakmateriaalbehoefte aan die begin van die verpakkingseisoen afgelewer word terwyl 'n ander een sy afleverings gelykmatig gedurende sy seisoen ontvang. Geen sinvolle vergelyking kan dus tussen die twee koöperasies getref word nie. Die sitruskoöperasies se finansiële jare sluit ook nie op dieselfde datum nie sodat 'n sinvolle vergelyking op grond van begin- en eindvoorrade ook nie getref kan word nie. In hoofstuk 2 is ook gewys op die probleme wat die eksterne analitikus met die sinvolle gebruik van verhoudings e. en f. ondervind en om daardie rede word hierdie twee verhoudings ook nie hier gebruik nie. Afgesien van die probleme wat daar ter sprake gekom het, beskik die meeste sitruskoöperasies ook nie oor afsonderlike syfers vir kontant- en kredietverkope nie wat die behoorlike gebruik van die debiteure-omsetsnelheidverhouding onmoontlik maak.

Alhoewel dit dus nie moontlik blyk te wees om die vlottende kapitaalinvesterings van die sitruskoöperasies by wyse van 'n verhoudingsanalise behoorlik te beoordeel nie, sal daar aan die einde van hierdie bespreking 'n paragraaf in die algemeen aan hierdie aspek gewy word.

Afgesien van die verhouding tussen totale omset en vaste bates kan twee ander verhoudings vir die beoordeling van die kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid van die sitruskoöperasies in vaste bates ontwikkel word. Indien dit naamlik in aanmerking geneem word dat die „verpakking“ van sitrusvrugte die hoofaktiwiteit van al die sitruskoöperasies is<sup>1)</sup> en verder dat die vaste bates van die sitruskoöperasies hoofsaaklik vir die verpakking van sitrusvrugte en die daarmee samehangende aktiwiteite aangewend word, dan kan daar verwag word om 'n verband te vind tussen die getal sitrusbome wat by die onderskeie sitruskoöperasies ingeskryf is en hulle investerings in vaste bates,

---

1) Kyk tabel 3.2, p.99.

asook tussen die massa sitrusvrugte wat deur die onderskeie sitruskoöperasies gehanteer is en hulle investerings in vaste bates.

Hierdie verhoudings het die voordeel bo die omset/vaste bateverhouding dat dit nie totale omset as een van die veranderlikes bevat nie. Totale omset as een van die veranderlikes het die nadeel dat dit waarde of prys as 'n element bevat en hierdie element kan, soos aangetoon sal word, normaal tussen die koöperasies verskil.

Voordat oorgegaan word tot die toepassing van hierdie maatstawwe op die vaste kapitaalinvestering van die sitruskoöperasies is dit interessant om daarop te let dat Boshoff<sup>1)</sup> in sy ontleding van die finansiering van landboukoöperasies in Suid-Afrika nie veel aandag aan 'n beoordeling van die kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid skenk nie. Die enigste maatstaf wat hy in hierdie verband toepas is dié van die totale kapitaalinvestering per R100 omset. Die ander twee maatstawwe wat hy gebruik om die doelmatigheid van die kapitaalstruktuur mee te beoordeel (eie kapitaal per R100 omset en vreemde kapitaal per R100 omset) hou geen direkte verband met die kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid as sodanig nie.

By die vertolking van die resultate wat voortvloei uit die toepassing van die verskillende maatstawwe wat hierbo genoem is moet daar steeds in gedagte gehou word dat daar „normale" verskille in die kapitaalinvestering deur die onderskeie sitruskoöperasies kan bestaan soos voorheen in hierdie hoofstuk verduidelik is. Verder het elkeen van die maatstawwe sy eie besondere afleidingsbeperkings waarop die aandag in die verdere ontledings gevestig sal word.

## 2. Die verhouding tussen totale omset en vaste bates

Die verhouding tussen die totale jaarlikse omset van 'n

---

1) Boshoff, C.H., *op.cit.*

koöperasie en sy vaste bates toon die jaarlikse omset in rand, per een rand kapitaal wat in vaste bates geïnvesteer is, aan. Hoe groter hierdie verhouding is, hoe meer produktief het 'n koöperasie sy vaste bates aangewend en omgekeerd.

Die verhoudings tussen totale jaarlikse omsette en die vaste bates teen boekwaarde van die sitruskoöperasies waarvoor die betrokke gegewens beskikbaar is, word in tabel 4.8 aange-  
toon. Ten einde die invloed van skommelings in die jaarlikse omsette te verminder word die *gemiddelde* verhoudings vir elke koöperasie ten opsigte van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare in die tabel aangedui.

Tabel 4.8

'n Vergelyking van die gemiddelde jaarlikse verhoudings tussen die totale jaarlikse omsette en die vaste bates by 'n aantal sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	Totale omset ÷ vaste bates  R	Persentasie-afwyking vanaf die gemiddelde per sitrus- koöperasie	
		In die streek	In Suid-Afrika
<u>Oos-Kaap</u>			
2	2,8	-42,6%	-29,2%
6	5,1	+4,6%	+28,9%
7	3,3	-32,3%	-16,6%
14	8,3	+70,3%	+109,7%
Gemiddeld per koöperasie in streek	4,88	-	
<u>Wes-Kaap</u>			
9	4,90	-	+23,8%
<u>Oos-Transvaal</u>			
10	3,4	-7,3%	-14,1%
4	1,6	-56,3%	-59,6%
16	2,8	-23,6%	-29,2%
17	4,2	+14,5%	+6,1%
1	3,8	+3,6%	-4,0%
18	6,2	+69,1%	+56,6%
Gemiddeld per koöperasie in streek	3,67	-	

Tabel 4.8 (vervolg)

'n Vergelyking van die gemiddelde jaarlikse verhoudings tussen die totale jaarlikse omsette en die vaste bates by 'n aantal sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	Totale omset ÷ vaste bates	Persentasie-afwyking vanaf die gemiddelde per sitrus- koöperasie	
		In die streek	In Suid-Afrika
<u>Noord-Transvaal</u>			
21	2,5	-27,0%	-36,8%
11	4,6	+34,3%	+16,2%
15	4,2	+22,6%	+6,1%
12	2,4	-29,9%	-39,4%
Gemiddeld per koöperasie in streek	3,43	-	
<u>Wes-Transvaal</u>			
8	5,0	+61,3%	+26,3%
5	1,2	-61,3%	-69,7%
Gemiddeld per koöperasie in streek	3,10	-	
<u>Natal</u>			
3	3,0	-32,6%	-24,2%
13	5,9	+32,6%	+49,1%
Gemiddeld per koöperasie	4,45	-	
Gemiddeld per koöperasie vir al negentien sitrus- koöperasies	3,96	N.v.t.	-

Afgesien daarvan dat die sitruskoöperasies in tabel 4.8 volgens streek gerangskik is, is hulle binne elke streek volgens hulle onderskeie bestaantydperke gerangskik. Uit die gegewens in die tabel blyk dit dat daar groot verskille tussen die sitruskoöperasies bestaan in soverre dit die verhouding tussen die totale jaarlikse omset en die vaste bates betref. Dit geld ook vir die koöperasies wat in dieselfde streek geleë is en daar is verder ook geen verband tussen die totale omset/vaste bateverhouding en die bestaantydperke van die koöperasies nie.

Afgesien daarvan dat die verskille in die verhoudings tussen die sitruskoöperasies aan normale verskille in die vaste kapitaalinvesterings<sup>1)</sup> en aan moontlike oor- of onderinvestering in vaste bates toegeskryf kan word, kan die verskille ook te wyte wees aan „normale” verskille in die totale omsette van die betrokke koöperasies.

Die grootte van die omset van 'n koöperasie word bepaal deur die aantal of hoeveelheid produkeenhede en die prys of geldwaarde van daardie eenhede. Dit is veral verskille met betrekking tot die prysaspek wat „normale” verskille in die totale omsette van die sitruskoöperasies tot gevolg kan hê. Die volgende faktore kan prys-, en dus omsetverskille tussen die koöperasies veroorsaak:

- a. Die samestelling van die sitrusoes in die verskillende sitrusvariëteite, die kwaliteit van die sitrusvrugte en die tydperk waarop dit bemark word.<sup>2)</sup> Dit kan gebeur dat twee afsonderlike sitruskoöperasies presies dieselfde hoeveelheid sitrusvrugte hanteer en dat hulle daarvoor presies dieselfde investering in vaste bates doen, maar as gevolg van die voorgenoemde faktore kan die sitrusomsette en dus die totale omset/vaste bateverhoudings van die twee sitruskoöperasies aansienlik verskil.
- b. Die prysbeleid van die sitruskoöperasies ten opsigte van die verrigting van addisionele funksies soos die verskaffing van boerderybenodigdhede. Een sitruskoöperasie mag byvoorbeeld besluit om sy verkooppryse te bereken teen kosprys plus vyftien persent en 'n ander teen kosprys plus tien persent. As beide die sitruskoöperasies dieselfde vaste kapitaalinvestering gehad het en dieselfde hoeveelhede boerderybenodigdhede verskaf het sal die eerste sitruskoöperasie 'n veel hoër omset en dus 'n gunstiger totale omset/vaste bateverhouding as die tweede sitruskoöperasie toon.

---

1) Kyk die besprekings onder paragrawe B. en C.3. vroeër in hierdie hoofstuk.

2) Kyk ook bespreking onder paragraaf D.7.d. p.118 in hoofstuk 3.

### 3. Die verhouding tussen vaste bates en sitrusboomgetalle

Die verhouding tussen die vaste bates en die sitrusboomgetalle by 'n sitruskoöperasie toon die kapitaalinvestering in vaste bates vir elke sitrusboom aan. Tabel 4.9 bevat 'n vergelyking van dié verhoudings ten opsigte van die sitruskoöperasies waarvoor die betrokke gegewens beskikbaar was.

Tabel 4.9

'n Vergelyking van die gemiddelde jaarlikse verhoudings tussen die vaste bates en die sitrusbome by 'n aantal sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	Vaste bates ÷ sitrusbome  R	Persentasie-afwyking vanaf die gemiddelde per sitrus- koöperasie	
		In die streek	In Suid-Afrika
<u>Oos-Kaap</u>			
2	1,3	+52,9%	+27,6%
6	0,5	-41,2%	-50,9%
7	1,2	+41,2%	+17,8%
14	0,4	-52,9%	-60,7%
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,85	-	
<u>Oos-Transvaal</u>			
10	0,9	-35,7%	-11,7%
4	2,4	+71,4%	+135,5%
16	1,2	-14,3%	+17,8%
17	1,4	0,0%	+37,4%
1	1,1	-21,4%	+8,0%
Gemiddeld per koöperasie in streek	1,40	-	
<u>Noord-Transvaal</u>			
11	0,5	-21,0%	-50,9%
15	0,3	-52,6%	-70,6%
12	1,1	+73,6%	+8,0%
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,63	-	

Tabel 4.9 (vervolg)

'n Vergelyking van die gemiddelde jaarlikse verhoudings tussen die vaste bates en die sitrusbome by 'n aantal sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	Vaste bates ÷ sitrusbome  R	Persentasie-afwyking vanaf die gemiddelde per sitrus- koöperasie	
		In die streek	In Suid-Afrika
<u>Wes-Transvaal</u>			
8	0,6	-29,4%	-41,1%
5	1,1	+29,4%	+8,0%
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,85	-	
<u>Natal</u>			
3	1,0	-13,0%	- 1,8%
13	1,3	+13,0%	+27,6%
Gemiddeld per koöperasie in streek	1,15	-	
Gemiddeld per koöperasie vir alle sitruskoöpera- sies	1,02	N.v.t.	-

Die gegewens in tabel 4.9 leen hulself tot dieselfde algemene gevolgtrekkings as wat ten opsigte van tabel 4.8 bereik is. Die aandag moet egter of twee spesifieke leemtes van die vaste bates/boomgetalleverhouding as vergelykingsmaatstaf vir die beoordeling van die kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid gevestig word:

(1) Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die verskillende koöperasies hulle vaste bates in dieselfde mate vir die verpakking en hantering van sitrusvrugte gebruik. Soos uit die vroeëre besprekings geblyk het, is dit nie die geval nie. Die sitruskoöperasies onderneem ook ander funksies en die relatiewe belang van die funksies verskil van sitruskoöperasie tot sitruskoöperasie.

(2) Die sitruskoöperasies stel fasiliteite daar om *sitrusvrugte*

te hanteer en soos ook reeds vroeër geblyk het, is daar verskille tussen die sitruskoöperasies in soverre dit die oesopbrengspotensiaal van hulle onderskeie sitrusbome betref. Twee sitruskoöperasies kan dus oor eweveel sitrusbome beskik, maar die verwagte omvang van die sitrusoeste (waarvoor die vaste bates aangeskaf word) kan as gevolg van verskille in die oesopbrengspotensiaal per boom grootliks verskil.

#### 4. Die verhouding tussen vaste bates en die massa sitrusvrugte gehanteer

Die verhouding tussen die vaste bates en die massa sitrusvrugte gehanteer, dui die kapitaalinvesterings in vaste bates om 'n bepaalde massa vrugte te hanteer, aan en skakel die laaste beswaar in die vorige paragraaf genoem, uit.

Tabel 4.10

'n Vergelyking van die gemiddelde jaarlikse verhoudings tussen die vaste bates en die massa sitrusvrugte gehanteer by 'n aantal sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	$\frac{\text{Vaste bates} \times 100}{\text{massa sitrusvrugte}}$ R per 100 kg	Persentasie-afwyking vanaf die gemiddelde per sitruskoöperasie	
		In die streek	In Suid-Afrika
<u>Oos-Kaap</u>			
2	2,8	+33,3%	+40,0%
6	1,4	-33,3%	-30,0%
7	3,2	+52,4%	+60,0%
14	1,0	-52,4%	-50,0%
Gemiddeld per koöperasie in streek	2,10	-	
<u>Wes-Kaap</u>			
9	1,80	-	-10,0%

Tabel 4.10 (vervolg)

'n Vergelyking van die gemiddelde jaarlikse verhoudings tussen die vaste bates en die massa sitrusvrugte gehanteer by 'n aantal sitruskoöperasies vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	<u>Vaste bates × 100</u> massa sitrusvrugte	Persentasie-afwyking vanaf die gemiddelde per sitrus- koöperasie		
		R per 100 kg	In die streek	In Suid-Afrika
<u>Oos-Transvaal</u>				
10	1,6	-14,0%	-20,0%	
4	3,3	+77,4%	+65,0%	
16	1,7	-8,6%	-15,0%	
17	1,2	-35,5%	-40,0%	
1	1,5	-19,3%	-25,0%	
Gemiddeld per koöperasie in streek	1,86	-		
<u>Noord-Transvaal</u>				
11	1,6	-12,7%	-20,0%	
15	1,8	-1,8%	-10,0%	
12	2,1	+14,5%	+5,0%	
Gemiddeld per koöperasie in streek	1,83	-		
<u>Wes-Transvaal</u>				
8	1,3	-52,7%	-35,0%	
5	4,2	+52,7%	+110,0%	
Gemiddeld per koöperasie in streek	2,75	-		
<u>Natal</u>				
3	2,4	+37,1%	+20,0%	
13	1,1	-37,1%	-45,0%	
Gemiddeld per koöperasie in streek	1,75	-		
Gemiddeld per koöperasie vir alle sitruskoöperasies	2,00	N.v.t.	-	

Die verhoudings in tabel 4.10 toon die kapitaalinvestering in vaste bates aan wat deur die sitruskoöperasies gemaak is om 100 kilogram sitrusvrugte te hanteer. Uit die gegewens in die

tabel is dit duidelik dat daar in sommige gevalle aansienlike afwykings tussen die verskillende sitruskoöperasies in hierdie verband bestaan - selfs ten opsigte van die koöperasies in dieselfde streek. Die uitsondering is die sitruskoöperasies wat in Noord-Transvaal geleë is en wat 'n redelike ooreenkoms toon.

Afgesien van „normale" verskille in die kapitaalinvestering deur die onderskeie sitruskoöperasies en die feit dat die vaste bates van die sitruskoöperasies nie uitsluitlik en ook nie in dieselfde mate vir die hantering van sitrusvrugte daargestel is nie, het hierdie maatstaf een ooglopende leemte.

Dit moet naamlik in gedagte gehou word dat die vaste bates daargestel word, om daarmee 'n bepaalde *verwagte* sitrusoes te kan hanteer. Daar is egter verskeie faktore (abnormale weersomstandighede, plaë en plantsiektes) wat tot gevolg kan hê dat die werklike en die verwagte sitrusoes(te) by 'n koöperasie(s) van mekaar afwyk.

##### 5. Samevatting en evaluering van resultate

In die voorafgaande paragrafe is verskillende vergelykingsmaatstawwe op die vaste kapitaalinvestering wat deur die sitruskoöperasies gemaak is, toegepas ten einde hulle vaste kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid te kan beoordeel.

Afgesien van die feit dat daar by elke sitruskoöperasie faktore teenwoordig is wat normale afwykings in die vaste kapitaalinvestering tussen die koöperasies veroorsaak, het elkeen van die toegepaste maatstawwe ook sekere leemtes. Dit beteken egter nie dat die resultate wat uit die toepassing van die maatstawwe voortgevloei het, onbruikbaar vir die beoordeling van die kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid is nie. Wat dit wel beteken is dat daar by die beoordeling van die resultate met hierdie normale afwykings en leemtes rekening gehou moet word. As uitgangspunt word daarom die volgende arbitrêre norme vir die evaluering van die resultate gestel:

- a. Indien die resultate van 'n besondere koöperasie met *minder as 20 persent* vanaf die betrokke gemiddelde verhouding vir die bedryfstak afwyk, sal die kapitaalinvestering deur die koöperasie in terme van daardie maatstaf as *normaal* geëvalueer word.
- b. Indien die afwyking *tussen 20 persent en 30 persent* is, sal die kapitaalinvestering as *hoog of laag* geëvalueer word.
- c. Indien die afwyking *30 persent of meer* is, sal die kapitaalinvestering as *abnormaal hoog of abnormaal laag* geëvalueer word.

In tabel 4.11 word die bostaande evaluering op die gegewens in tabelle 4.8, 4.9 en 4.10 toegepas.

Tabel 4.11

Evaluering van die vaste kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid van 'n aantal sitruskoöperasies op grond van die afwyking vanaf die gemiddeld van die bedryfstak

Streek/ Sitruskoöperasie	Evaluering in terme van verskillende maatstawwe		
	Omset/ Vaste bates	Vaste bates/ sitrusbome	Vaste bates/ sitrusvrugte- hoeveelheid
<u>Oos-Kaap</u>			
2	Hoog	Hoog	Abnormaal hoog
6	Laag	Abnormaal laag	Abnormaal laag
7	Normaal	Normaal	Abnormaal hoog
14	Abnormaal laag	Abnormaal laag	Abnormaal laag
<u>Wes-Kaap</u>			
9	Laag	Nie beskikbaar	Normaal
<u>Oos-Transvaal</u>			
10	Normaal	Normaal	Laag
4	Abnormaal hoog	Abnormaal hoog	Abnormaal hoog
16	Hoog	Normaal	Normaal
17	Normaal	Abnormaal hoog	Abnormaal laag
1	Normaal	Normaal	Laag
18	Abnormaal laag	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar

Tabel 4.11 (vervolg)

Evaluering van die vaste kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid van 'n aantal sitruskoöperasies op grond van die afwyking vanaf die gemiddeld van die bedryfstak

Streek/ Sitruskoöperasie	Evaluering in terme van verskillende maatstawwe		
	Omset/ Vaste bates	Vaste bates/ sitrusbome	Vaste bates/ sitrusvrugte- hoeveelheid
<u>Noord-Transvaal</u>			
21	Abnormaal hoog	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar
11	Normaal	Abnormaal laag	Laag
15	Normaal	Abnormaal laag	Normaal
12	Abnormaal hoog	Normaal	Normaal
<u>Wes-Transvaal</u>			
8	Laag	Abnormaal laag	Abnormaal laag
5	Abnormaal hoog	Normaal	Abnormaal hoog
<u>Natal</u>			
3	Hoog	Normaal	Hoog
13	Abnormaal laag	Hoog	Abnormaal laag

Na aanleiding van die gegewens in tabel 4.11 kan die volgende gevolgtrekkings insake die kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid van die sitruskoöperasies wat in die ontleding opgeneem is, gemaak word:

a. Sitruskoöperasies 1, 7, 10, 12, 15 en 16 se kapitaalinvestering kan as normaal in terme van die bedryfstaknorm geëvalueer word. Al hierdie koöperasies het naamlik in geval van twee van die vergelykingsmaatstawwe normale resultate getoon. Die afwykings in geval van die derde maatstaf kan aan besondere omstandighede toegeskryf word. Sitruskoöperasie 15 het byvoorbeeld 'n abnormale lae verhouding tussen vaste bates en sitrusbome ('n relatief lae vaste kapitaalinvestering per sitrusboom), maar indien daarop gelet word dat hierdie koöperasie die laagste sitrusopbrengs per sitrusboom gehad het,<sup>1)</sup> is hierdie afwy-

1) Kyk tabel 3.9, p.110 en die daarmee samehangende bespreking.

king te wagte.

b. Sitruskoöperasies 2 en 4 is volgens alle aanduidings oorgekapitaliseer.

c. Sitruskoöperasies 6, 8, 13 en 14 is daarenteen waarskynlik ondergekapitaliseer. Alhoewel sitruskoöperasie 13 'n hoë verhouding tussen vaste bates en sitrusbome toon ('n hoë vaste kapitaalinvesterings per sitrusboom), word hy onder hierdie groep ingesluit omdat hy 'n abnormale hoë gemiddelde opbrengs per sitrusboom het.<sup>1)</sup>

d. Die gegewens met betrekking tot sitruskoöperasies 11 en 17 gee 'n aanduiding van onderkapitalisering (dieselfde opmerking onder punt c. hierbo in verband met sitruskoöperasie 13, geld ook ten opsigte van sitruskoöperasie 17), terwyl die teenoorgestelde vir sitruskoöperasies 3 en 5 geld.

e. As gevolg van gebrekkige inligting is dit onmoontlik om 'n definitiewe mening oor die vaste kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid van sitruskoöperasies 9, 18 en 21 te lug.

f. Daar skyn geen verband tussen die vaste kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid van die betrokke sitruskoöperasies en hulle onderskeie bestaanjare en vestigingstreke te bestaan nie.

Die aandag moet daarop gevestig word dat die bostaande norme en evaluering baie arbitrêr van aard is. By 'n gebrek aan beter norme en evalueringstandaarde en as gevolg van die groot aantal eksterne faktore wat die vaste kapitaalinvesterings deur 'n besonder koöperasie kan beïnvloed, moet egter daarmee volstaan word. Daar kan ook ten slotte geargumenteer word dat die gemiddelde verhoudings oor 'n langer periode as twee seisoene behoort te strek omdat dit die invloed van abnormale seisoene sal verminder. In 'n mate moet toegegee word dat dit wel die geval kan wees. Die doel van 'n verhoudingsanalise is egter om moontlike knelpunte vir verdere ondersoek uit te wys en nie om finale antwoorde te verstrek nie. Met die oog hierop en met die moontlikheid van sub- of abnormale seisoene in

1) *Ibid.*

gedagte is die finale evaluering van die sitruskoöperasies se vaste kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid op grond van die toepassing van verskillende maatstawwe gedoen. Die verhouding tussen die vaste bates en die sitrusboomgetalle skakel byvoorbeeld die invloed van ab- of subnormale sitrusoeste uit, terwyl die verhouding tussen die vaste bates en die massa sitrusvrugte die invloed van ab- of subnormale kwaliteit van vrugte en ab- of subnormale pryse uitskakel.

## 6. Die vlottende kapitaalinvestering

Alhoewel 'n sinvolle verhoudingsanalise van die vlottende kapitaalinvestering deur die sitruskoöperasies as gevolg van 'n verskeidenheid redes nie moontlik is nie kan enkele algemene opmerkings na aanleiding van die gegewens wat in tabelle 4.5 en 4.6 vervat is, gemaak word:<sup>1)</sup>

Tabel 4.5 toon die persentasiesamestelling van die vlottende bates van die sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare aan. Uit die gegewens in die tabel kan die volgende algemene gevolgtrekkings gemaak word:

(1) In vergelyking met die gemiddeld vir die bedryfstak skyn dit asof koöperasies 1, 8, 10 en 17 in beide jare oor oormatige groot kontantbalanse beskik het, terwyl die teenoorgestelde vir koöperasies 5, 7, 13, 14 en 15 gegeld het.

(2) Koöperasies 5, 7 en 15 se uitstaande debiteure is abnormaal hoog.

(3) Koöperasies 2, 3, 5, 6, 13 en 20 se voorraadhouding is relatief hoog, terwyl koöperasies 8, 11, 12, 15, 16, 17 en 21 relatief klein voorrade dra.

Na aanleiding van die gegewens vervat in tabel 4.6 en van wat reeds oor die samestelling van die vlottende bates en die

1) Kyk p.144 en p.145.

vaste kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid gesê is, kan die volgende verdere gevolgtrekkings oor die vlottende kapitaalinvestering deur die sitruskoöperasies gemaak word:

(1) Sitruskoöperasie 4 beskik oor relatief min vlottende kapitaal in vergelyking met sy vaste kapitaal, maar gesien in die lig daarvan dat hierdie koöperasie moontlik oorinvesteer het in vaste bates is sy investering in vlottende bates waarskynlik by sy behoeftes aangepas.

(2) Sitruskoöperasies 8 en 11 beskik oor te veel vlottende bates in vergelyking met hulle investering in vaste bates wat as laag geëvalueer is. Die oorinvestering in vlottende bates deur koöperasie 8 is waarskynlik in oormatige kontant geleë.

(3) Koöperasies 9 en 18 beskik oor relatief groot investerings in vlottende bates. Hierdie moontlike oorinvestering is oor die verskillende vlottende bates versprei. Geen oordeel kon oor die vaste kapitaalinvesteringsdoeltreffendheid van hierdie koöperasies uitgespreek word nie.

(4) Koöperasie 12 wat 'n normale investering in vaste bates het, beskik oor 'n lae investering in die voorraadkomponent van vlottende bates.

(5) Koöperasie 15 wat 'n normale investering in vaste bates het, het 'n te groot investering in debiteure.

## E. BEGROTINGS AS HULPMIDDEL VIR DOELTREFFENDER KAPITAAL- INVESTERING

### 1. Inleiding

As eerste vereiste vir doeltreffende kapitaalinvestering kan gestel word dat die sitruskoöperasies hulle kapitaalbehoef-tes na aard, omvang en tydstip reg moet kwantifiseer. In hoofstuk 2<sup>1)</sup> is aangetoon dat 'n geïntegreerde begrotingsbeheer-

---

1) Kyk p.43.

stelsel die beste hulpmiddel in hierdie verband is. Dit geld ook vir 'n koöperasie soos vir enige ander onderneming. Uit gesprekke met amptenare van sommige sitruskoöperasies het dit egter geblyk dat hierdie koöperasies nie oor formele geïntegreerde begrotingsbeheerstelsels beskik nie en dit is 'n besliste leemte.

Die doel van hierdie paragraaf is nie om 'n begrotingsbeheerstelsel vir sitruskoöperasies te ontwikkel nie, want dit sal 'n afsonderlike studie vereis. Die doel is om op enkele probleme wat die sitruskoöperasies met die gebruik van 'n begrotingsbeheerstelsel mag ondervind, te wys en om 'n paar riglyne vir die ontwikkeling van 'n begrotingsbeheerstelsel aan te dui.

## 2. Korttermynbegrotings

In breë trekke kan 'n sitruskoöperasie dieselfde begrotingstelsel as 'n fabrieksonderneming gebruik.<sup>1)</sup> As gevolg van die groot aantal onbekende faktore wat aan die bemerking van sitrusvrugte verbonde is, word 'n effens gewysigde benadering egter vereis:

a. Die begroting van die verkoopshoeveelheid is by 'n fabrieksonderneming gewoonlik die beperkende faktor en dus die beginpunt van die begrotingstelsel. By die sitruskoöperasies is dit anders. Hier is die beperkende faktor die verwagte sitrusoes en dus die begrote produksiehoeveelheid. Veral oor die langer termyn is hierdie hoeveelheid as gevolg van moontlike abnormale klimaatstoestande moeilik korrek bepaalbaar. Indien dit in aanmerking geneem word dat die begroting vir die volgende verpakkingseisoen reeds voor die afloop van die huidige verpakkingseisoen vir die eerste keer opgestel moet word ten einde bestellings vir verpakkingsmateriaal te kan plaas, is die ingewikkeldheid daarvan duidelik. As uitgangspunt vir die begroting van die produksiehoeveelheid behoort die normale oeste van

---

1) Kyk figuur 2.1, p.44 en die daarmee samehangende verduideliking.

vorige jare te dien. Aanpassings ten opsigte van addisionele sitrusbome wat in drag kom en groter of kleiner dra vermoë as gevolg van hoër ouderdomme van sitrusbome moet dan gemaak word.

b. Die begroting van die verkoopshoeveelheid vloei uit die begrote produksiehoeveelheid voort en 'n akkurate skatting daarvan is dus aan dieselfde probleme as wat onder die vorige punt genoem is, onderhewig. Die begroting van die verkoopshoeveelheid vereis egter nog dat met 'n verdere onbeheerbare faktor, kwaliteit, rekening gehou moet word. Die bemarkbare hoeveelheid moet ook nie slegs in totaal beraam word nie, maar volgens verskillende grade. Die enigste uitgangspunt is weer eens die ondervinding van vorige seisoene plus aanpassings vir bekende veranderings soos veranderde graderingsvereistes.

c. Die begrote kapasiteitsbesetting en die daaruit voortvloeiende begroting van kapitaaluitgawes volg uit die begrote produksiehoeveelheid en lewer om die redes onder a. genoem dus probleme op. Afgesien van hoeveelheid speel kwaliteit ook hier 'n rol. 'n Abnormale hoë of lae kwaliteit kan aanleiding tot 'n oor- of onderbesetting van sekere vaste uitrusting gee en sodoende addisionele kapitaaluitgawes noodsaak. Dit is egter 'n netelige probleem om vir kwaliteit te begroot en daarom skyn dit die neiging by die sitruskoöperasies te wees om oor 'n aansienlike reserwekapasiteit te beskik.

d. Die onderskeie kostebegrotings en veral die aankope van verpakkingsmateriaal lewer om dieselfde redes as onder a. en b. genoem, aansienlike probleme op.

e. Die opstel van die hoofbegroting en veral die kontantbegroting oor die langer termyn<sup>1)</sup> kan, afgesien van die bogenoemde probleme in verband met die uitgaweposte, aan groot foute onderhewig wees as gevolg van onsekerhede omtrent die inkomste. Die inkomste hang onder andere van die verkoopshoeveelheid en pryse af. Die probleme om die verkoopshoeveelheid te bepaal is reeds aangetoon. Die begroting van pryse lewer nog groter

---

1) Kyk hoofstuk 2, p.45-46.

probleme op. Afgesien daarvan dat sitrusvrugte meesal teen opemarkpryse verkoop word, is daar ook verskille in die pryse van verskillende variëteite en kwaliteite en vir dieselfde variëteite en kwaliteite op verskillende tydstippe gedurende die jaar. Die netto prys wat die sitruskoöperasie van die Sitrusraad af ontvang is ook aan aftrekkings vir verkoopkoste, vervoerkoste, moontlike herverpakkingskoste en moontlike bederfdebiëte onderhewig. Hierdie faktore is almal buite beheer van die koöperasies en daarom moeilik akkuraat te begroot. 'n Verdere faktor wat die opstelling van die kontantbegroting oor die langer termyn bemoeilik, is die onsekerheid aangaande die rypwordingstadia van die sitrusvrugte en die tydstippe waarop die Sitrusraad voorskotte gaan betaal. Selfs al sou die koöperasies dus die *totale* uitgawes en die *totale* inkomste korrek beraam dan is dit nog uiters moeilik om die presies tydstip waarop die uitgawes aangegaan en/of die inkomste ontvang sal word, te bepaal.

### 3. Langtermynbegrotings

Soos in hoofstuk 2 aangetoon lewer die langtermynbegrotings as gevolg van die vele onsekerhede daaraan verbonde by fabrieks-ondernemings baie probleme op. Die sitruskoöperasies skyn nogtans meer aandag aan hierdie tipe begrotings as aan korttermynbegrotings te skenk. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat die produksiehoeveelhede en nie die verkoopshoeveelhede by die sitruskoöperasies die beperkende faktor is en vir die doel van kapitaalvoorsiening vir moontlike sprongsgewyse uitbreiding in die toekoms kan die produksiehoeveelhede makliker as die verkoopshoeveelhede by 'n fabrieks-onderneming geprojekteer word.

Indien 'n sitruskoöperasie oor 'n volledige boomsensus van sy lede se bestaande bome met besonderhede van ouderdomme en variëteite en van beoogde aanplantings en verwyderings beskik, kan die *normale* produksiehoeveelhede vir toekomstige jare redelik maklik geprojekteer word. 'n Sitrusboom van 'n bepaalde ouderdom en variëteit wat in 'n besondere streek geleë is, behoort onder normale klimaatsomstandighede en bewerkingspraktyke

'n bepaalde massa sitrusvrugte per seisoen te lewer. Langdurige droogtes of die verwaarlosing van sitrusbome deur lede as gevolg van langdurige onbevredigende pryse kan natuurlik die projeksies, wat hoeveelheid en kwaliteit betref, heeltemal omverwerp. So ook kan veranderde graderingsregulasies veroorsaak dat die tipe benodigde vaste uitrusting heeltemal oor 'n tydperk kan verander. Ook die langtermynbegrotings is dus by die sitruskoöperasies aan heelwat onsekerhede onderhewig.

#### 4. Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking het dit geblyk dat 'n formele begrotingsbeheerstelsel by die sitruskoöperasies heelwat probleme as gevolg van onsekere klimaatsomstandighede en wisselvallige pryse kan oplewer. Dit geld veral vir die kontantbegroting oor die langer termyn.

Nieteenstaande hierdie probleme behoort die sitruskoöperasies begrotingsbeheerstelsels in te stel omdat dit hulle onder andere tot doeltreffender kapitaalinvesterings in staat behoort te stel. Die doeltreffende toepassing van sodanige begrotingstelsels sal voortdurende aanpassings vereis namate die onsekerhede in die loop van 'n jaar verminder en gevolglik behoort veral die kontantbegrotings oor die korter termyn 'n belangrike rol te speel. Die laasgenoemde tipe begrotings kan veel bydra tot 'n doeltreffender aanwending van kapitaal oor die kort termyn.

#### F. GEVOLGTREKKING

Na aanleiding van die voorafgaande ontleding en besprekings en met inagneming van die beperkings van 'n eksterne verhoudingsanalise is daar volgens alle aanduidings sommige primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika wat oor- en ondergekapitaliseer is. Oor- of onderkapitalisering by 'n sitruskoöperasie beteken dat die betrokke sitruskoöperasie nie aan sy lede die voordele kan bied wat hulle uit hulle assosiasie met die koöperasie verwag nie en dat die goeie onderlinge verhouding tussen lede en ko-

operasie daardeur geskaad word. Gevolglik behoort die betrokke koöperasies 'n meer diepgaande ontleding van hulle kapitaal-investerings te maak (byvoorbeeld afsonderlik ten opsigte van grond, geboue, masjinerie, voertuie, voorrade, debiteure en kontant) om sodoende die spesifieke probleemareas te lokaliseer en, indien moontlik, maatreëls te neem om hulle kapitaalinvesterings op 'n meer rasionele grondslag te plaas. Die instelling van formele geïntegreerde begrotingsbeheerstelsels behoort die sitruskoöperasies in die algemeen tot doeltreffender kapitaalinvesterings in staat te stel.

---

## HOOFSTUK 5

DIE KAPITAAL EN KAPITAALSTRUKTURE VAN DIE  
PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA

A. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die kenmerke en relatiewe belangrikheid van die kapitaalvorme wat tot die sitruskoöperasies se beskikking is, ontleed. Op grond van hierdie ontleding sal dit dan moontlik wees om te bepaal of die voorwaardes waarop die sitruskoöperasies kapitaal verkry, bevorderlik vir die skeping en handhawing van die goeie onderlinge verhoudinge tussen lede en koöperasies is en indien nie, sal aanbevelings in dié verband gemaak word. Kennis van die eienskappe van die kapitaalvorme wat tot die sitruskoöperasies se beskikking is, is ook nodig ten einde 'n behoorlike evaluering van die koöperasies se finansieringsbeleide in die hieropvolgende hoofstuk te kan maak.

B. DIE AARD EN INDELING VAN DIE KOÖPERASIEKAPITAAL

Landboukoöperasies in Suid-Afrika kan kapitaal in die volgende vorme aantrek:

1. Interne kapitaal wat uit ingehoue winste, afskrywingsbedrae en onverdeelde winste opgebou word;
2. aandelekapitaal;
3. verskillende tipes heffingsfondse en uitgestelde bonusbetalingsfondse
4. lenings van lede;
5. Landbankpaaielementslenings;
6. obligasiekapitaal;
7. Landbankkaskredietrekenings; en
8. bank- en handelskrediet.

In die literatuur, algemene omgang en praktyk word die

forme van kapitaal op 'n verskeidenheid maniere ingedeel. Die verskillende indelings en verskillende terminologieë wat daarmee saam gebruik word, gee dikwels aanleiding tot verwarring en uiteenlopende gevolgtrekkings. Sinvolle gevolgtrekkings oor en voorstelle tot verbetering van die voorwaardes waarop die koöperasies kapitaal aantrek kan slegs gemaak word indien dit op 'n juiste indeling van die vorme van kapitaal gegrond is. 'n Juiste indeling van die kapitaalbronne kan weer slegs verkry word uit 'n behoorlike ontleding van die aard van die verskillende tipes kapitaal.

In hierdie paragraaf word die aandag eerstens op enkele bestaande indelings van die koöperasiekapitaal gevestig. Daarna sal 'n indeling, gegrond op die aard van die verskillende vorme van kapitaal ontwikkel word wat dan vir die verdere doeleindes van hierdie studie gevolg sal word.

*Helm*<sup>1)</sup> onderskei tussen eie en leningskapitaal. Onder eie kapitaal sluit hy aandeelkapitaal en interne kapitaal en onder leningskapitaal die res van die kapitaalvorme hierbo genoem, in.

Coetzee handhaaf 'n ander benadering en is nie konsekwent met sy indeling nie. Hy onderskei eerstens<sup>2)</sup> tussen „eie” kapitaal of kapitaal deur lede verskaf en vreemde kapitaal. Voorts merk hy soos volg op: „Onder ‚eie’ kapitaal bedoel ons hier dié wat deur die lede verskaf word, regstreeks deur middel van aandele en heffingsfondse en onregstreeks deur die reserwes en onverdeelde winste. Alle ander kapitaal kom van vreemde bronne”.

Tweedens onderskei Coetzee<sup>3)</sup> tussen finansiering deur lede, interne finansiering en kapitaal uit eksterne bronne. Tot die

---

1) Helm, F.C., *op.cit.*, p.199.

2) Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.88.

3) *Ibid.*, p.94-144.

finansiering deur lede hoort aandelekapitaal, roterende kapitaal<sup>1)</sup> en lenings van lede.<sup>2)</sup> Onder interne finansiering word in navolging van die algemene praktyk ingehoue winste, afskrywingsbedrae en onverdeelde winste gereken. Tot die eksterne finansiering<sup>3)</sup> word lenings van derdes en obligasiekapitaal gereken.

Die Koöperatiewe Raad<sup>4)</sup> volg dieselfde indeling en terminologie as wat Coetzee in die tweede instansie gevolg het. Boshoff<sup>5)</sup> onderskei tussen eie en vreemde kapitaal en sluit onder eersgenoemde die verskillende tipes heffingsfondse in. In beginsel stem sy siening dus met die eerste definisie van Coetzee ooreen.

Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede<sup>6)</sup> onderskei tussen eie kapitaal op bepaald lang termyn (aandelekapitaal) en onbepaald lang termyn (interne kapitaal), verwante kapitaal (heffingsfondse) en egte vreemde kapitaal.

Tydens die besoeke aan die sitruskoöperasies en uit 'n ondersoek van verskeie van die sitruskoöperasies se balansstate het dit geblyk dat daar by die koöperasies self onsekerheid heers

- 
- 1) Let daarop dat roterende kapitaal as sinoniem vir heffingsfondse gebruik word. Soos later in hierdie hoofstuk sal blyk is dit foutief en verwarrend.
  - 2) Hierdie kapitaalvorm is nie in Coetzee se eerste definisie afsonderlik onderskei nie en is per daardie definisie dus vreemde kapitaal.
  - 3) Soos in hoofstuk 2 aangetoon is, word in die algemene finansieringsliteratuur tussen interne en eksterne kapitaal onderskei. Eksterne kapitaal omvat die kapitaal wat van *buite* die onderneming aangetrek word en sluit dus aandelekapitaal, heffingsfondse, lenings van lede en van derdes en obligasiekapitaal in. Volgens algemene gebruik kan eksterne kapitaal dus nie aan vreemde kapitaal gelykgestel word nie.
  - 4) Die Koöperatiewe Raad, *op.cit.*, p.152.
  - 5) Boshoff, C.H., *op.cit.*, p.188 e.v.
  - 6) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, hoofstuk 15.

aangaande die klassifisering van „heffingsfondse”. Sommige koöperasies beskou dit as eie kapitaal, ander as „ledefondse”, nog ander as vreemde langtermynkapitaal, terwyl sommige balansstate dit as korttermynverpligtinge saam met handelskrediteure weerspieël.

Uit die voorafgaande uiteensetting van verskillende indelings van die vorme van koöperasiekapitaal is dit duidelik dat die meningsverskil hoofsaaklik op die aandelekapitaal, heffingsfondse en lenings van lede betrekking het en die meningsverskil vloei hoofsaaklik uit verskillende sienings oor die aard van die koöperasiekapitaal voort.

Sommige teoretici beskou die koöperasiekapitaal as 'n voor-skot of vooruitbetaling wat die lid aan die koöperasie maak om sy toekomstige transaksies deur die koöperasie te finansier <sup>1)</sup> en dit is die plig van elke lid om so 'n vooruitbetaling in ooreenstemming met sy toekomstige gebruik van die koöperasie se dienste te maak. Jacobs <sup>2)</sup> skryf: „Streng gesproke kom dit dus eintlik daarop neer dat lede hulle eie aan- of verkope finansier”. Robotka <sup>3)</sup> laat hom weer soos volg uit: „Each participant ... will now make an advance designed to finance the expenses of future shipments. The advance is thus in the nature of a deposit against which the expenses of future shipments will be charged... In order to maintain a continuing inventory of supplies, it will, of course, be necessary to continue to replenish the fund as supplies are drawn upon. This will be accomplished by assessing a charge for supplies actually used against each patron each time he ships livestock”.

Die bogenoemde sienings oor die aard van koöperasiekapitaal vloei voort uit die beskouing dat 'n koöperasie 'n onself-

---

1) Kyk o.a. Jacobs, D.J.L., *op.cit.*, p.92 e.v.; Robotka, F., in *Journal of farm economics*, *op.cit.*, p.109-110 en Don Y., *op.cit.*, p.62-63.

2) Jacobs, D.J.L., *op.cit.*, p.103.

3) Robotka, F., in *Journal of farm economics*, *op.cit.*, p.109.

standige hulporgaan is. Streng gesproke laat hierdie sienings geen ruimte vir die gebruik van reserwes en leningskapitaal (van lede of derdes) nie, want elke lid is afsonderlik verantwoordelik vir die finansiering van sy eie transaksies met die koöperasie. Die sienings maak 'n onderskeid tussen aandelekapitaal en „heffingsfondse” ook onnodig en laat slegs vir 'n „kapitaalfonds” ruimte. As uitvloeisel (na skrywer se mening nie 'n logiese uitvloeisel nie) van hierdie siening word die indeling van die koöperasiekapitaal in eie en vreemde kapitaal en die klassifisering van interne kapitaal, aandelekapitaal en „heffingsfondse” as eie kapitaal aangetref.

In hoofstuk 1 is aangetoon dat 'n landboukoöperasie 'n onderneming is wat ten doel het om ekonomiese voordele op 'n transaksiegrondslag aan sy lede te bied. Om in sy doel te kan slaag moet die koöperasie soos enige ander onderneming sorgdra dat hy veilig en voordelig gefinansier is. Dit impliseer dat die koöperasie ook soos ander ondernemings nie slegs oor 'n kapitaal van 'n gegewe grootte moet beskik nie. Die samestelling van die kapitaal moet ook reg wees. Die verskillende kapitaalvorme moet dus ook reg gekombineer wees<sup>1)</sup> met inagneming van die lid se fundamentele reg om sy kapitaalbydrae by beëindiging van lidmaatskap terug te ontvang.<sup>2)</sup> Sou dit dus met inagneming van die koöperasie se doelstellings „reg” en prakties moontlik wees dan kan daar geen *wesenlike* beswaar daarteen wees as die koöperasie met uitsondering van 'n minimum aandeelhouding van een aandeel per lid om vir lidmaatskap te kwalifiseer, sy totale kapitaalbehoefte met vreemde kapitaal of heffingsfondse of lenings van lede finansier nie. Dit kan ook nie verkeerd wees as 'n paar vermoënde lede bereid sou wees om die grootste gedeelte van die kapitaal by te dra nie. 'n Doelmatige finansieringsbeleid en praktiese oorwegings vereis

---

1) Die finansieringsbeleid van die onderneming in maatskappyvorm is in die algemeen in hoofstuk 2 geskets, terwyl dié van die sitruskoöperasies later in hierdie studie volledig ter sprake kom.

2) Kyk hoofstuk 1, p.24.

egter dat verskillende tipes kapitaal vir die finansiering gebruik moet word en dat al die lede na die beste van hulle vermoë tot die kapitaal moet bydra.<sup>1)</sup>

Met die standpunt in die vorige paragraaf genoem as agtergrond kan die aard van die aandelekapitaal, „heffingsfondse” en lenings van lede ontleed en na 'n sinvolle indeling van die verskillende vorme van kapitaal wat tot die beskikking van landboukoöperasies in Suid-Afrika staan, gesoek word. As uitgangspunt is dit nodig dat daar duidelikheid oor die betekenis van die begrippe eie en vreemde kapitaal verkry word.

Rädel en Reynders<sup>2)</sup> definieer eie kapitaal as „daardie gedeelte van die beskikkingsmag van 'n onderneming wat deur die juridiese eienaars van 'n onderneming verskaf is of altans aan die juridiese eienaars toekom (in die geval van suiwer reserwes)”. Die eie kapitaal van 'n onderneming besit die volgende verdere kenmerke:

1. Dit staan tot die beskikking van die onderneming vir so lank hy dit wil aanwend; dit is dus op onbepaald lang termyn beskikbaar.<sup>3)</sup>
2. Dit is risikokapitaal in die sin dat dit as waarborg of sekuriteit vir die verskaffers van vreemde kapitaal dien. Hierdie waarborg het betrekking op eventuele verliese wat 'n onderneming in die toekoms mag ly. Aan die eie kapitaal is geen juridiese teenprestasie verbind nie wat beteken dat daar geen verpligting tot aflossing en die betaling van 'n kapitaalvergoeding bestaan nie. Die eie kapitaal dien dus as „buffer” om verliese op te vang.

---

1) Die voorwaardes waarop koöperasies kapitaal van hulle lede aantrek is sodanig dat lede nie maklik individueel oorgehaal kan word om meer as die noodsaaklike minimum tot die kapitaal by te dra nie. Die betrokke voorwaardes geniet later in hierdie hoofstuk volledige aandag.

2) Rädel, F.E. en H.J.J. Reynders, *op.cit.*, p.212.

3) Kyk ook die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, paragraaf 714.

Vreemde kapitaal word deur Rädcl en Reynders<sup>1)</sup> omskryf as „daardie gedeelte van die beskikkingsmag van 'n onderneming wat nie deur die juridiese eienaars verskaf is nie. Vreemde kapitaal word altyd in die vorm van *krediet* ter beskikking gestel en lei tot 'n *juridiese* skuldverhouding ...” Vreemde kapitaal besit dus die volgende kenmerke:

1. Dit is slegs vir bepaalde termyn tot die beskikking van die onderneming en moet ten volle terugbetaal word. Verliese kan dus nie daarteen verhaal word nie.
2. Dit het 'n juridiese aanspraak op 'n vaste inkomste (rente).

Die aandeelkapitaal van 'n onderneming in maatskappyvorm besit al die kenmerke van eie kapitaal<sup>2)</sup> maar dit is nie die geval met die koöperasie se aandeelkapitaal nie. Daar is reeds daarop gewys dat die lid van die koöperasie oor die fundamentele reg beskik om sy kapitaalbydrae by beëindiging van lidmaatskap terug te ontvang.<sup>3)</sup> Die aandeelkapitaal van die koöperasie is dus slegs op bepaald lang termyn beskikbaar. By die koöperasie kan en is daar gewoonlik ook 'n *opvolging van lede (spvaarders)*, maar dit hoef nie soos by die onderneming in maatskappyvorm noodwendig die geval te wees nie. In tye van ekonomiese nood sal daar by die koöperasie waarskynlik nie 'n opvolging van lede wees nie. Inherent is die aandeelkapitaal van die koöperasie dus aan skommeling onderhewig. Die aandeelkapitaal van die koöperasie besit egter verder al die eienskappe van eie kapitaal; dit is risikokapitaal en besit geen aanspraak op 'n vaste inkome nie. Rente op aandeelkapitaal kan slegs betaal word as daar 'n wins is. Die rente-aanspraak is in teenstelling met die posisie by die onderneming in maat-

---

1) Rädcl, F.E. en H.J.J. Reynders, *op.cit.*, p.213.

2) Kyk hoofstuk 2, p.48-51.

3) In Suid-Afrika word daarvoor voorsiening gemaak dat 'n lid onder sekere omstandighede by beëindiging van lidmaatskap sy belange in die aandeelkapitaal van die koöperasie kan terugkry. Soos later in hierdie studie sal blyk behoort hierdie fundamentele reg in alle gevalle gewaarborg te word.

skappyvorm egter beperk omdat winsverdeling by die koöperasie in beginsel hoofsaaklik op transaksiegrondslag en nie op kapitaalgrondslag geskied nie. In wese besit die koöperasie-aandeel egter die eienskap van eie kapitaal dat dit nie 'n aanspraak op 'n vaste inkome het nie.

By die klassifisering van die aandeelkapitaal van die kooperasie lyk dit dus sinvol om soos die Kommissie<sup>1)</sup> 'n onderskeid tussen eie kapitaal op onbepaald lang termyn (interne middele) en eie kapitaal op bepaald lang termyn (aandeelkapitaal) te maak.

Die „heffingsfondse" by die koöperasie besit slegs een eienskap van eie kapitaal en dit is dat dit deur die juridiese eienaars van die koöperasie verskaf word. Soos die Kommissie<sup>2)</sup> tereg opmerk „die fondse is nie net terugbetaalbaar nie... maar ontvang ook op enkele uitsonderings na, 'n vaste rente. Behalwe dat hulle geen besondere sekerhede geniet nie, het die fondse dus die belangrikste eienskappe van vreemde kapitaal". Die laasgenoemde standpunt verdien verdere toeligting om verwarring te voorkom.

Wat die terugbetaalbaarheid van die fondse betref moet daarop gewys word dat die roterende ledeheffingsfondse en die roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse die algemeenste tipes „heffingsfondse" is.<sup>3)</sup> By hierdie tipe „heffingsfondse" word die normale tydstip van terugbetaling of definitief (byvoorbeeld na vyf jaar) of rekbaar (wanneer die raad van direkteure so besluit) vasgestel. Nou is dit reg om te beweer dat terugbetaling in rotasie geskied en dat die koöperasie altyd oor 'n permanente kernbedrag aan heffingsfondse beskik. Dit

- 
- 1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, paragraaf 715.
  - 2) *Ibid.*, paragraaf 716.
  - 3) Die verskillende tipes heffingsfondse word later in meer besonderhede verduidelik. Kyk p.278-280.

hoef egter nie so te wees nie. Die raad van direkteure kan vrywillig of onder druk van lede besluit om die heffingsfonds te staak, die heffingsfonds in totaal uit te betaal en nie verdere bedrae van lede te hef nie.<sup>1)</sup> As die oorgrote meerderheid van die lede ten gunste daarvan is kan die regulasies van die koöperasie ook gewysig word om die heffingsfonds af te skaf of die voorwaardes waaronder dit geadministreer word te wysig. Toestande van ekonomiese slapte kan maklik aanleiding tot bogenoemde optredes gee. Terugbetaling van 'n lid se belange in 'n koöperasie se „heffingsfonds” geskied gewoonlik ook by beëindiging van lidmaatskap as gevolg van dood, staking van boerdery en bedanking. Soos by die aandelekapitaal opgemerk is, is dit korrek dat dit so is. Bogenoemde moontlikhede veroorsaak egter dat die permanente beskikbaarheid van „heffingsfondse” nog minder seker as die aandelekapitaal is.<sup>2)</sup> Let ook daarop dat die koöperasie verbied word om verliese teen die „heffingsfondse” af te skryf<sup>3)</sup> en dit is duidelik dat die heffingsfondse nie die waarborgfunksie van eie kapitaal teenoor vreemde kapitaal kan of mag vervul nie. Die eie kapitaal van die koöperasie (aandele en interne middele) vervul inderdaad 'n waarborgfunksie teenoor die „heffingsfondse”. Die heffingsfondse is dus geen risikokapitaal nie.

Die Modelstatuut bepaal dat koöperasies verplig is om jaarliks rente aan lede te betaal (nie noodwendig in kontant nie) teen 'n koers wat nie ses persent mag oorskry nie.<sup>4)</sup> Die bepaling is nie deur alle koöperasies in hulle regulasies opgeneem nie en by sommige koöperasies is die betaling van rente

- 
- 1) Let daarop dat die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*, nie enige bepalings insake die administrasie en beheer van heffingsfondse bevat nie.
  - 2) Boshoff, C.H., *op.cit.*, p.157 e.v. wys tereg ook daarop dat die ledeheffingsfondse 'n goeie bron van tussentermyn- en selfs langtermynkapitaal is en dat dit soms ook as permanente kapitaal beskou kan word. Nogtans beskou hy dit as eie kapitaal omdat hy die koöperasie nie as selfstandige onderneming sien nie.
  - 3) Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 101(d).
  - 4) *Ibid.*, artikel 101(c).

opsioneel, volgens oordeel van die direksie, terwyl sommige ander koöperasies se regulasies nie vir enige rentebetaling voorsiening maak nie.<sup>1)</sup> Regulasies kan egter maklik gewysig word en in tye van ekonomiese nood is dit maklik denkbaar dat rentebetaling ook by die koöperasies wat tans nie daarvoor voorsien nie, ook verpligtend gemaak kan word. Die Modelstatuut bepaal egter dat rentebetaling in beginsel verpligtend is en hierdie rentebetaling is 'n indirekte koste vir die koöperasie en nie 'n metode van winsverdeling nie. Of daar dus 'n wins is of nie, die koöperasie moet die rente betaal.

In wese besit die heffingsfondse dus al die belangrikste eienskappe van vreemde kapitaal. As gevolg van die noue band tussen die koöperasie en sy lede kan daar in tye van kortston-dige nood egter groter toegeeflikheid van die lede as van derdes verwag word; die lede sal die koöperasie nie so maklik as derdes tot likwidasië dwing as hy sy verpligtinge nie stiptelik kan nakom nie. Om hierdie rede lyk dit meer sinvol om soos die Kommissie<sup>2)</sup> die heffingsfondse as 'n mengvorm, verwante kapitaal, te klassifiseer as om dit soos Helm<sup>3)</sup> as leningskapitaal te beskou. Per definisie kan dit in elk geval egter nooit eie kapitaal wees nie.


In beginsel geld dieselfde vir lenings van lede as wat oor die heffingsfondse geskryf is en dit lyk dus ook logies om hierdie kapitaalkategorie as verwante kapitaal te klassifiseer.

Samevattend kan die belangrikste kapitaalkategorieë wat tot die beskikking van landboukoöperasies in Suid-Afrika staan soos volg skematies ingedeel word:<sup>4)</sup>

- 
- 1) Kyk ook tabel 5.15, p.290.
  - 2) Die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, paragraaf 717.
  - 3) Helm, F.C., *op.cit.*, p.199.
  - 4) Addisionele redes vir hierdie indeling sal by die bespreking van die aanwending van die verskillende kapitaalkategorieë deur die sitruskoöperasies in Suid-Afrika tot uiting kom.

Figuur 5.1

Skematiese voorstelling van die belangrikste kapitaalvorme tot die beskikking van landboukoöperasies in Suid-Afrika



Volgens figuur 5.1 word die belangrikste kapitaalvorme wat tot die beskikking van die koöperasies in Suid-Afrika staan in twee hoofgroepe, naamlik ledebydraes en egte vreemde kapitaal, geklassifiseer. Hierdie breë onderskeid, soos later sal blyk, is bloot uit die oogpunt van 'n ontleding van die doelmatigheid van die finansieringsbeleid nie baie belangrik nie. Wat wel van groot belang is, is dat die lede in 'n belangrike mate tot die kapitaal moet bydra. 'n Koöperasie word grondliggend deur die lede vir die voordeel van die lede opgerig en as gevolg daarvan kan daar nie baie belangstelling uit vreemde kapitaalbronne verwag word nie, veral nie as die lede self nie die nodige risikokapitaal voorsien het nie. Die feit dat lede in 'n belangrike mate tot die kapitaal bygedra het, dien ook vir hulle as aansporing om die koöperasie beter te ondersteun en sodoende te poog om 'n sukses daarvan te maak ten einde hulle finansiële belang daarin te beskerm. 'n Breë onderskeid tussen ledebydraes en egte vreemde kapitaal as uitgangspunt skyn dus sinvol te wees.<sup>1)</sup>

Die logika daarvan om die interne middele (ingehoue winste, onverdeelde winste en afskrywingsbedrae) as ledebydraes te klassifiseer kan ook bevraagteken word. Indien daar egter van die standpunt uitgegaan word dat daar geen winste teruggehou word nie, dat geen afskrywings gedoen word nie en dat alle winste onder lede verdeel word, dan sou die lede meer van die koöperasies ontvang het, hetsy in die vorm van omsetbonusse, rente op aandelekapitaal en/of groter prysvoordele op gelewerde produkte, as wat die geval is wanneer winsinhouding, ensovoorts, wel geskied. Indirek vorm die genoemde bronne dus wel ledebydraes tot die kapitaal.<sup>2)</sup> Tot die verwante kapitaal hoort die kapitaal wat van die lede verkry is in die vorm van „le-nings“, hetsy vrywillig of gedwonge.<sup>3)</sup>

1) Kyk Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.88-93 vir 'n vollediger uiteensetting van die belangrikheid van groot ledebydraes tot die kapitaal van die koöperasies.

2) Kyk ook die definisie van eie kapitaal op p.176.

3) Kyk p.281-282 vir 'n verduideliking van die begrippe „vrywillig“ en „gedwonge“.

## C. DIE LEDEBYDRAES

### 1. Inleiding

Die ledebydraes tot die kapitaal van die koöperasies kan van die standpunt van die koöperasies gesien, verdeel word in eie kapitaal en verwante of halfvreemde kapitaal.

Tot die eie kapitaal behoort die interne middele wat vir 'n onbepaalde tydperk tot die koöperasies se beskikking staan en die aandelekapitaal wat slegs op bepaald lang termyn beskikbaar is.

### 2. Die eie kapitaal

#### a. Die eie kapitaal op onbepaald lang termyn (interne middele)

Die eie kapitaal op onbepaald lang termyn bestaan, soos reeds genoem, uit ingehoue winste, onverdeelde winste en normale afskrywingsbedrae.

##### (1) Ingehoue winste

Winsinhouding deur koöperasies soos deur enige ander onderneming geskied in die vorm van bedrae wat op die algemene reserwefonds, die reserwes vir onvoorsiene gebeurlikhede en ander spesifieke reserwes geplaas word, asook deur die vorming van geheime reserwes.

##### (a) Die algemene reserwefonds

Die algemene reserwefondse word by die sitruskoöperasies uit dié volgende bronne opgebou:

- (i) Toekennings uit die jaarlikse winste;
- (ii) verbeurdverklaarde aandele;
- (iii) boetes;
- (iv) onopgeëiste aandelegelde, roterende ledeheffingsfondse, rente en bonusse;
- (v) verbeurdverklaarde roterende ledeheffingsfondse; en

## (vi) kapitale winste.

Voorts word daar gelet op die bepalings en voorwaardes wat in die regulasies van die primêre sitruskoöperasies aangaande hierdie bronne vervat is.

(i) Toekennings uit die jaarlikse winste

Toekennings uit die jaarlikse winste vorm waarskynlik die belangrikste bron waaruit die algemene reserwefonds opgebou kan word. Die bepalings van die Modelstatuut<sup>1)</sup> insake die wyse van winsverdeling is basies onveranderd in die regulasies van al die primêre sitruskoöperasies opgeneem.<sup>2)</sup> Kortliks kom die bepaling daarop neer dat die wins van die koöperasie in die volgende volgorde verdeel moet word:

- Oordragte na gebeurlikheidsreserwes;
- beperkte rentebetalinge op die opbetaalde aandelekapitaal;
- oordragte na die reserwefonds wat nie minder mag wees as die bedrag wat deur die raad van direkteure aanbeveel is nie; en
- die betaling van omsetbonusse.

Dit is natuurlik vir 'n koöperasie moontlik om geen rente op die opbetaalde aandelekapitaal te betaal nie, niks in die reserwefonds te stort nie en die hele wins na voorsiening vir moontlike gebeurlikhede as omsetbonus uit te betaal, of om net rente op aandele en 'n omsetbonus te betaal of om die hele wins te reserveer. Dit beteken dat al toon 'n koöperasie nog 'n wins na betaling van rente op aandele, dit nie noodwendig in die reserwefonds gestort *hoef* te word nie. t egter wel van belang is, is dat die *minimum* gedeelte van die wins wat in die reserwefonds in 'n bepaalde jaar gestort gaan word, geheel en al deur die direksie bepaal word. Hierdie bedrag kan deur die lede verhoog, maar nie verminder word nie.

1) Die Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 106.

2) Kyk hoofstuk 1, p.16-17 vir die betrokke bepalings.

Neem mens nou verder in ag dat die direksie in 'n baie groot mate ook die omvang van die wins in 'n besondere jaar bepaal (omdat hulle binne die breë grense wat die regulasies stel op die koöperasiekommissie besluit<sup>1)</sup>) dan is dit duidelik dat die direksie feitlik uitsluitlik oor die omvang van die jaarlikse winsstortings in die reserwefonds besluit.

(ii) Verbeurdverklaarde aandele

Die algemene bepalings van die Modelstatuut<sup>2)</sup> insake die verbeurdverklaring van aandele en die aanspreeklikheid ten opsigte van verbeurdverklaarde aandele is basies onveranderd in die regulasies van die sitruskoöperasies opgeneem. Die bepalings kom daarop neer dat die aandele van 'n lid wat bedank het of wat uit die koöperasie uitgesit is omdat hy insolvent verklaar is, 'n skikking met sy krediteure tref of omdat hy versuim het om sy verpligtinge teenoor die koöperasie na te kom, se aandele aan die koöperasie verbeurd verklaar word. So 'n persoon bly verantwoordelik vir betaling van die hele onopbetaalde bedrag op sodanige aandele tensy die aandele by besluit van die lede op 'n algemene vergadering ingetrek word. Alle gelde wat ten opsigte van verbeurdverklaarde aandele ontvang word, word in die algemene reserwefonds gestort.

In die algemeen gesproke is die bydraes uit hierdie bron tot die algemene reserwefonds nie van 'n groot en gereelde omvang nie. In beginsel kan die verbeurdverklaring van aandele egter nie gesteun word nie<sup>3)</sup> en as sodanig behoort dit as bron vir die opbouing van die algemene reserwefonds te verval.

(iii) Boetes

Die rade van direkteure van die sitruskoöperasies word in navolging van

---

1) Kyk hoofstuk 1, p.16-22.

2) Die Modelstatuut, *op.cit.*, artikels 25-34.

3) By die bespreking van die aandelekapitaal later in hierdie hoofstuk sal die aandag meer spesifiek op hierdie aangeleentheid gevestig word.

die bepalings van die Modelstatuut<sup>1)</sup> deur hulle regulasies gemagtig om 'n lid die boetes wat in die regulasies voorgeskryf word, op te lê. Die aldus opgelegde boetes word in die algemene reserwefonds gestort. Gelde (by sommige sitruskoöperasies insluitende voorskotte, by ander, voorskotte uitgesluit) wat aan die betrokke lid verskuldig is vir produkte deur hom aan die sitruskoöperasies gelewer, kan aangewend word vir die vereffening van die boetes wat hom deur die koöperasie opgelê is.

Die lede van sitruskoöperasies kan vir 'n aantal redes boetes opgelê word. Sommige van hierdie redes is:

(aa) Vir versuim om al sy sitrusvrugte (behalwe dié benodig vir eie gebruik) volgens voorskrifte aan die koöperasie te lewer of deur bemiddeling van die koöperasie te bemark. Die boetes wat in so 'n geval opgelê kan word wissel tussen twintig en 25 persent van die waarde van die sitrusvrugte wat die lid versuim het om in te lewer of deur die koöperasie te bemark. Voorsiening vir die oplegging van sodanige boete word algemeen by die sitruskoöperasies aangetref. Dit blyk geregverdig te wees indien in gedagte gehou word dat 'n verpligting op die lid rus om sy koöperasie aktief te ondersteun vir solank hy lid bly.<sup>2)</sup> Versuim om sy produkte te lewer benadeel die getroue lede en die ander sitruskoöperasies.

(bb) Vir versuim om 'n skatting van sy verwagte sitrusoes vir 'n besondere jaar op die tydstep(pe) soos deur die raad van direkteure bepaal, by die koöperasie in te dien. Die boete wat in so 'n geval opgelê kan word, wissel by die betrokke individuele koöperasies tussen tien rand en R200. By die meeste koöperasies is dit egter twintig rand. Die meeste sitruskoöperasies se regulasies maak voorsiening vir die oplegging van hierdie boete. Soos in die vorige geval kan 'n versuim van

---

1) Die Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 60(e).

2) Kyk die uiteensetting van die verpligtinge van die lede teenoor 'n koöperasie in hoofstuk 1, p.24.

hierdie aard groot skade en ontwrigting vir getroue lede veroorsaak en voorsiening vir die oplegging van sodanige boete is dus geregverdig.

(cc) Aansluitend by die vorige bepaling maak die regulasies van sommige koöperasies ook voorsiening vir die oplegging van 'n boete indien die totale vrugtelewerings van 'n lid in enige jaar meer as 'n bepaalde persentasie afwyk van die oesskatting wat hy ingedien het. Die grootte van die boete wissel na gelang van omstandighede. Aangesien foutiewe oesskattings aanspreeklikheid vir dooievragkoste en die oplegging van boetes deur die Sitrusraad vir die sitruskoöperasies tot gevolg kan hê, berus die voorsiening vir die oplegging van sodanige boete op goeie gronde.

(dd) Vir die gebruik van die sitrusplukkiste van die koöperasie vir ander doeleindes as vir die hantering van sitrusvrugte. Sommige lede van die sitruskoöperasies gebruik die sitrusplukkiste vir verskillende doeleindes wat niks met die hantering van sitrusvrugte te doen het nie. Dit gee aanleiding tot ongerief en verliese as gevolg van onnodige slytasie en gevolglik maak die regulasies van enkele sitruskoöperasies voorsiening vir die oplegging van 'n boete in geval van sodanige misbruik. Die boetes wat opgelê kan word wissel tussen 'n vaste tarief per plukkis wat misbruik is (byvoorbeeld 50 sent in die geval van 'n sekere koöperasie) tot 'n absolute bedrag (byvoorbeeld R25 in geval van 'n ander koöperasie) vir die misbruik van plukkiste afgesien van die getal wat daarby betrokke is.

(ee) Sommige sitruskoöperasies verwag van hulle lede om jaarliks 'n boomopgawe in te dien waarin die getal, ouderdom en variëteit van hulle sitrusbome aangetoon word. Die regulasies van die meeste sitruskoöperasies wat so 'n boomopgawe vereis, maak daarvoor voorsiening dat 'n lid uit die koöperasie uitgesit kan word by versuim om die opgaaf in te dien. Enkele van die betrokke koöperasies se regulasies voorsien egter vir die oplegging van 'n boete (byvoorbeeld R50) by sodanige versuim.

Voorgenoemde voorbeelde toon die aard en omvang van die algemeenste tipes boetes wat die sitruskoöperasies hulle lede kan opleë. Die voorsienings vir die oplegging van sodanige boetes dien grotendeels as afskrikmiddel vir moontlike nalatighede en misbruike deur 'n lid ten koste van sy medelede en dit is twyfelagtig of die bedrae wat in die praktyk deur middel van boetes in die algemene reserwefondse van die sitruskoöperasies gestort word enigsins van 'n belangrike omvang is. In beginsel lyk die voorsiening vir die oplegging van boetes geregverdig te wees.

(iv) Onopgeëiste aandelegelde, ledeheffingsfondse, rente en bonusse

Die regulasies van al die sitruskoöperasies maak daarvoor voorsiening dat een of meer van onopgeëiste aandelegelde, ledeheffingsfondse en rente- en bonusbetalings na verstryking van 'n bepaalde periode in die algemene reserwefonds van die betrokke koöperasie gestort moet word. Dit is 'n logiese bepaling en dit is onverstaanbaar waarom al die koöperasies se regulasies nie voorsiening maak dat *alle* onopgeëiste gelde sodanig hanteer moet word nie. Dit is nie duidelik hoe die sitruskoöperasies wat nie oor sodanige omvattende bepalings beskik tans sodanige gelde hanteer nie. Die mening is dat dit in praktyk wel in die reserwefonds gestort word, maar dit kan ernstige gevolge inhou waar die regulasies nie vir sodanige optrede voorsien nie. Dit is twyfelagtig of groot bedrae onder hierdie bron ter sprake is want 'n persoon sal moeilik na laat om groot bedrae op te eis.

Vervolgens word gelet op die algemeenste bepalings wat ten opsigte van hierdie onopgeëiste gelde in die regulasies van die sitruskoöperasies vervat is:

(aa) Onopgeëiste aandelegelde. Die meeste sitruskoöperasies se regulasies maak voorsiening vir die storting van onopgeëiste aandelegelde in die algemene reserwefonds. Basies geskied dit op die wyse soos voorgeskryf in die Modelstatuut.<sup>1)</sup> Kragtens

1) Die Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 19.

die bepalinge kan die aandele van 'n lid ingetrek word wanneer so 'n lid vir 'n onafgebroke tydperk van vyf jaar geen sake met die koöperasie gedoen het nie en nagelaat het om die koöperasie van sy adresverandering in kennis te stel sodat daar nie met hom in verbinding getree kan word nie. Na sodanige intrekking van die aandele word die bedrag wat daarop opbetaald is na 'n spesiale rekening, genoem „Onopgeëiste Aandele gelde", oorgedra. Indien die lid geen eis binne *drie* jaar na sodanige oordrag teen die rekening ingestel het nie word die betrokke bedrag aan die koöperasie verbeur en na die algemene reserwefonds oor-geplaas.

Die enigste verskil by die toepassing van hierdie bepalinge deur die betrokke sitruskoöperasies word gevind ten opsigte van die periode wat die lid gegun word om 'n eis teen die spesiale rekening in te stel. Die periodes wat gegun word wissel naamlik tussen twee en ses jaar, maar die algemeenste periode is drie jaar.

(bb) Onopgeëiste ledeheffingsfondse. In die regulasies van die meeste sitruskoöperasies word voorsiening gemaak vir die storting van onopgeëiste ledeheffingsfondse in die algemene reserwefonds. Sodanige storting in die algemene reserwefonds kan alleenlik onder die volgende omstandighede plaasvind:

- Indien 'n lid of gewese lid versuim om enige bedrag tot sy krediet in die ledeheffingsfonds binne vyf jaar vanaf die datum waarop dit aan hom betaalbaar geword het op te eis.
- Indien 'n kennisgewing aan die laaste adres van die lid gerig word waarin sy versuim en die voorneme van die koöperasie bekend gemaak word en hy 'n geleentheid van minstens ses maande na so 'n kennisgewing gegee is om die bedrag op te eis.<sup>1)</sup>

(cc) Onopgeëiste rente- en bonusbetalings. Op enkele uitsonderings na voorsien die regulasies van die sitruskoöperasies daarvoor dat enige rente op aandeelkapitaal of enige bonus wat

---

1) *Ibid.*, artikel 101(h).

vir drie jaar vanaf die datum waarop dit betaalbaar verklaar is, onopgeëis bly, na die algemene reserwefonds oorgedra word.<sup>1)</sup>

(v) Verbeurdverklaarde roterende ledeheffingsfondse

Die regulasies van 'n aantal sitruskoöperasies voorsien daarvoor dat 'n lid sy belang in die roterende ledeheffingsfonds van die koöperasie *geheel of gedeeltelik* verbeur indien sy lidmaatskap van die koöperasie om 'n ander rede as die staking van boerdery, vertrek uit die omgewing of afsterwe, beëindig word. Sodanige verbeurdverklaarde roterende ledeheffingsfondse word in die algemene reserwefonds van die betrokke koöperasie gestort. Die storting van die verbeurdverklaarde roterende ledeheffingsfondse in die algemene reserwefonds word nie altyd spesifiek in die betrokke regulasies voorsien nie, maar by implikasie is dit die enigste wyse waarop sodanige fondse behandel kan word.

Ten einde die aard van die betrokke bepalinge in die regulasies te illustreer, word enkele uittreksels uit die regulasies van sommige van die betrokke koöperasies gegee.<sup>2)</sup>

- „wanneer die lidmaatskap ... op enige ander wyse beëindig word, word 50 persent van die lid se belang in die fonds aan die maatskappy verbeur en by die algemene reserwefonds gevoeg ...”

- „in geval van 'n lid wie se lidmaatskap op enige ander wyse beëindig word, word sy *volle* belang ... aan hom uitbetaal *mits hy vir 'n tydperk van ten minste drie agtereenvolgende jare lid ... gewees het*. Onderhewig aan hierdie uitbetaling word die belange van die lede wie se lidmaatskap aldus beëindig word, by die algemene reserwefonds gevoeg”.

- „If membership is terminated in any other way 90 percent of

---

1) *Ibid.*, artikel 108.

2) Soortgelyke bepalinge is nie in die Modelstatuut, *op.cit.*, opgeneem nie.

a member's contribution ... shall be repaid to him: *Provided that he shall have been a member ... for at least three consecutive years ...*"

Die implikasies van die bostaande bepalings is duidelik: 'n Lid wat bedank en nog met sy boerdery in die omgewing voortgaan of 'n lid wat uit die koöperasie uitgesit word, verbeur in die eerste geval 50 persent van sy belang in die fonds, in die tweede geval sy volle belang as hy nie vir drie agtereenvolgende jare lid was nie, en in die derde geval tien persent as hy vir drie agtereenvolgende jare lid was of so nie alles.

Uit hierdie bron kan aansienlike bedrae tot die algemene reserwefonds toegevoeg word. Daar skyn egter geen regverdiging vir drastiese bepalings van hierdie aard te wees nie. Sodanige bepalings hou nie rekening met die aard van die kapitaal wat in die roterende ledeheffingsfondse steek nie en dit hou ook nie rekening met die fundamentele reg van elke lid om sy kapitaal wat tot die beskikking van die koöperasie gestel is by beëindiging van sy lidmaatskap terug te kry nie. Dit tas in wese ook die vrywilligheidsbeginsel by koöperasies aan. Die hele aangeleentheid sal breedvoeriger aandag by die bespreking van die verwante kapitaalbronne van die sitruskoöperasies later in hierdie hoofstuk geniet.

#### (vi) Kapitale winste

Uit die aard van die saak word kapitale winste by die algemene reserwefonds gestort en hierdie aspek vereis nie verdere bespreking nie.

Een van die sitruskoöperasies ('n sogenoemde „artikel 57 koöperasie") se regulasies maak ook voorsiening vir die heffing van 'n intreefooi van R50 by die toetrede van nuwe lede. Hierdie intreefooi word in die algemene reserwefonds van die betrokke koöperasie gestort.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat toekennings uit die jaarlikse winste onder normale omstandighede die belangrik-

ste bydrae tot die algemene reserwefondse van die sitruskoöperasies behoort te lewer. In die algemeen gesproke toon die algemene reserwefondse van die sitruskoöperasies egter geringe jaarlikse stygings soos uit tabel 5.2 blyk.

Tabel 5.2

Veranderings in die waardes van die algemene reserwefondse van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika tussen die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	Veranderings in die waarde van die algemene reserwefonds	
	Absolute waarde R	Persentasie- verandering %
<u>Oos-Kaap</u>		
2	+20	+0,2
6	+2 863	+2,3
20	+1 555	+9,6
7	+45 500	+30,1
14	Nul	Nul
Gemiddeld per koöpe- rasie in streek	+9 988	+8,4
<u>Wes- Kaap</u>		
9	+5 446	+3,2
<u>Oos-Transvaal</u>		
10	+2 101	+3,5
4	+10	+0,3
16	Nul	Nul
17	+5 774	+15,8
1	Nul	Nul
18	+3 837	+23,5
Gemiddeld per koöpe- rasie in streek	+1 954	+7,2
<u>Noord-Transvaal</u>		
21	-5 063	-9,2
19	Nul	Nul
11	Geen fonds	Geen fonds
15	Nul	Nul
12	+261	+1,1
Gemiddeld per koöpe- rasie in streek	-1 201	-2,0

Tabel 5.2 (vervolg)

Veranderings in die waardes van die algemene reserwefondse van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika tussen die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	Veranderings in die waarde van die algemene reserwefonds	
	Absolute waarde R	Persentasieverandering %
<u>Wes-Transvaal</u>		
8	+995	+4,9
5	+1 298	+15,5
Gemiddeld per koöperasie in streek	+1 147	+10,2
<u>Natal</u>		
3	-125	-0,9
13	+500	+10,0
Gemiddeld per koöperasie in streek	+188	+4,6
Gemiddeld per koöperasie vir alle koöperasies	+3 249	+5,5

In tabel 5.2 is die sitruskoöperasies volgens bestaansjare binne elke streek gerangskik. Dit blyk uit die gegewens dat die koöperasies in die Oos-Kaapprovinsie in absolute terme gemiddeld die grootste toevoeging tot hulle algemene reserwefondse gemaak het ( $\pm$  R10 000 per koöperasie). In relatiewe terme het die sitruskoöperasies in Wes-Transvaal gemiddeld egter die meeste tot hulle bestaande algemene reserwefondse toegevoeg naamlik 10,2 persent. In die algemeen gesproke is dit egter duidelik dat die sitruskoöperasies nie aansienlike toevoegings in die betrokke periode tot hulle algemene reserwefondse gemaak het nie en dat daar geen duidelike verband tussen die bestaansjare van die koöperasies en die omvang van die toevoegings tot die fondse bestaan nie.

As finansieringsbron hou die algemene reserwefonds vir die sitruskoöperasies groot voordele in, die belangrikste waarvan die volgende:

- Dit staan vir 'n onbepaalde lang termyn of permanent tot beskikking van 'n koöperasie vir solank hy bestaan;
- dis rentevrye kapitaal en dus baie goedkoop en verhoog so die kanse op groter winste in toekomstige jare;
- dit staan onder volle beheer van die bestuur en mag vir enige doel behalwe vir verdeling onder lede aangewend word; en
- die skepping daarvan geskied teoreties redelik maklik omdat dit ten volle geskied op aanbeveling van die raad van direkteure.

Die reserwefonds is dus 'n belangrike stabilisasiemiddel vir die koöperasies. Ongelukkig is winsreservering eers met die verloop van tyd moontlik en wel mits daar met genoeg aandelekapitaal begin kan word om die koöperasie 'n kans op sukses te gee om die nodige winste vir winsreservering te verdien. In die algemeen het die lede van koöperasies egter 'n antipatie teen die vorming van sterk reserwefondse. Die besware van lede teen winsreservering is onder andere die volgende:

- Die omvang van die reserwefonds verhoog nie die waarde van hulle aandele nie;
- die reserwefonds is slegs by likwidasië verdeelbaar en gevolglik finansier die huidige geslag die toekomstige geslag; en
- winsreservering beteken die prysgawe van onmiddellike prysvoordele.

Alhoewel oormatige reservering nie goed te praat is nie,<sup>1)</sup> lyk die besware van die lede gesien in die lig van die voordele wat deur 'n stabiele onderneming aan hulle gebied word en die oorsprong van die reserwes ongegrond en dikwels nie deur-

1) In hoofstuk 6 word die gewenste omvang van die reserwes by die sitruskoöperasies behandel.

dag te wees nie. Dit is wel so dat die omvang van die reserwefonds nie die waarde van die aandele verhoog nie. Rasionele denke lei egter tot die gevolgtrekking dat 'n goed gefinansierde stabiele koöperasie die waarde van 'n lid se plaas of boerdery verhoog en op hierdie wyse trek die lid wel voordeel uit 'n sterk reserwefonds. Dit is ook so dat die reserwefonds slegs by likwidasië verdeelbaar is en dat die huidige geslag deur die vorming van sterk reserwefondse die toekomstige geslag finansier. Om dit as 'n *wesenlike* beswaar teen die vorming van reserwes te gebruik lyk egter ongegrond en taamlik ver van die praktiese situasie in meeste sferes van die alledaagse lewe verwyder te wees. Dit is naamlik 'n inherente eienskap by meeste individue om die wêreld 'n beter plek vir hulle nasate te wil agterlaat as wat dit was toe hulle hom betree het en daarvoor is hulle bereid om ook ekonomiese opofferings te maak. Wanneer die boer sy boerdery ontwikkel en uitbou dan doen hy dit in die meeste gevalle seker nie bloot om persoonlik onmiddellike voordele daaruit te trek nie, maar ook om aan sy nageslag voordele te bied. Waarom moet dit nou by die finansiering van die koöperasie anders wees as in ander sferes van die lewe? Winsreservering beteken ook inderdaad die prysgawe van onmiddellike prysvoordele. Afgesien daarvan dat die voorgaande argumente ook teen hierdie beswaar geld, moet daar verder in gedagte gehou word dat winsreservering plaasvind uit die wins wat die koöperasie toekom.<sup>1)</sup> Op die koöperasie rus daar dus geen wetlike of *morele* verpligting om hierdie wins in die vorm van 'n prysvoordeel of op 'n ander direkte wyse onmiddellik onder sy lede te verdeel nie.

Die genoemde antipatie van lede gee egter dikwels aanleiding tot druk op die raad van direkteure met die gevolg dat winsreservering nie voldoende aandag geniet nie en die gevolg hiervan is 'n swak gefinansierde, finansiële onstabiele koöperasie.

---

1) Kyk hoofstuk 1, p.16-22.

In die praktyk bestaan daar ook dikwels 'n neiging dat die besture van koöperasies in 'n ongesonde mededinging tot mekaar staan en dat onmiddellik korttermynvoordele (beter pryse, goedkoper diens) aan lede gevolglik die voorrang bo die gesonde langtermynvoortbestaan van die onderneming geniet. Dit is 'n kortsigtige en afkeurenswaardige praktyk aangesien dit die kontinue voortbestaan van die koöperasie in gevaar stel.

(b) Reserwes vir gebeurlikhede

Die modelregulasies, soos reeds vermeld, bevat voorskrifte vir winsverdeling na waardevermindering op bates en *na voorsiening gemaak is vir enige onvoorsiene aanspreeklikheid vir verlies.*<sup>1)</sup> In terme van hierdie bepaling word die gebeurlikheidsreserwes geskep. Alhoewel hierdie tipes reserwes in sekere omstandighede miskien minder permanent van aard as die algemene reserwe is, word dit vir die doel van hierdie studie as kapitaal op onbepaald lang termyn beskou. Die redes hiervoor is onder andere dat hierdie reserwes vir *onvoorsiene* verliese of gebeurlikhede voorsien. Die omskrywing van die doel daarvan is dus meesal so vaag dat die aanwending daarvan geheel en al van die diskresie van die raad van direkteure afhang en dat dit dus in der waarheid tot die beskikking van die koöperasies staan vir solank as wat dit benodig word. Sommige van die sitruskoöperasies skyn voorkeur aan hierdie vorm van winsinhouding bo die vorming van algemene reserwes te verleen. Die redes vir hierdie oënskynlike voorkeur is nie baie duidelik nie. Een moontlike rede is dat die lede meer simpatiek tot die skepping daarvan staan as wat dit die geval by die algemene reserwe is. Hierdie houding is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die gewone boerelid hom altyd bewus voel van moontlike verliese as gevolg van onvoorsiene gebeurlikhede en dus nie onsimpatiek teen voorsienings daarvoor is nie. 'n Ander rede vir die voorkeur kan daarin geleë wees dat die metode van reservering minder pertinent onder die aandag van die

---

1) Die Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 106.

lede kom. Waar die plasing van fondse op die algemene reserwefonds spesifiek deur die lede op 'n algemene vergadering goedgekeur moet word en dus besware kan veroorsaak (al kan die bedrag nie verminder word nie), vereis die skepping van reserwes vir gebeurlikhede geen spesifieke ledegoedkeuring nie. Die lede word dus minder bewus daarvan gemaak.

Wat die geval ookal mag wees, die bestaan van hierdie reserwes verleen beslis groter stabiliteit aan die koöperasies en dien as belangrike finansieringsbron met die voordele soos onder die bespreking van die algemene reserwefonds aangetoon.

Dit moet egter weer eens beklemtoon word dat die vorming van *oormatige* sterk reserwes onverdedigbaar is, want deur die skepping daarvan word winste wat direk onder die lede verdeel kan word, teruggehou sonder dat dit enige voordele vir die koöperasie as sodanig inhou. Dit kan slegs aanleiding gee tot verspilling en onekonomiese aanwending van fondse wat waarskynlik in die lid se eie bedryf veel meer produktief aangewend kon word.

In tabel 5.3 word die veranderings in die gebeurlikheidsreserwes van die sitruskoöperasies tussen die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare aangetoon.

Tabel 5.3

Veranderings in die waardes van die reserwes vir gebeurlikhede by die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika tussen die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	Veranderings in die waarde van die reserwes vir gebeurlikhede	
	Absolute waarde R	Persentasie- verandering %
<u>Oos-Kaap</u>		
2	+10.	+5,0
6	+13 575	+9,9
20	Geen fonds	Geen fonds
7	+15 500	+43,1
14	+1 783	+12,2
Gemiddeld per koöperasie in streek	+7 717	+17,6
<u>Wes-Kaap</u>		
9	+6 619	+21,0
<u>Oos-Transvaal</u>		
10	+2 394	+6,3
4	Geen fonds	Geen fonds
16	+11 119	+101,9
17	+1 452	+8,2
1	+11 990	+40,8
18	Geen fonds	Geen fonds
Gemiddeld per koöperasie in streek	+6 739	+39,3
<u>Noord-Transvaal</u>		
21	-15 080	-100,0
19	+3 624	+362,4
11	+3 778	+301,3
15	+3 023	+21,4
12	Nul	Nul
Gemiddeld per koöperasie in streek	-931	+117,0
<u>Wes-Transvaal</u>		
8	+18 049	+37,2
5	Nul	Nul
Gemiddeld per koöperasie in streek	+9 025	+18,6
<u>Natal</u>		
3	Geen fonds	Geen fonds
13	Geen fonds	Geen fonds
Gemiddeld per koöperasie in streek	N.v.t.	N.v.t.
Gemiddeld per koöperasie vir alle koöperasies	4 865	54,4

Die gegewens in tabel 5.3 is soortgelyk aan dié in tabel 5.2 gerangskik. Uit die tabel blyk dit dat minder sitruskoöperasies oor gebeurlikheidsreserwes beskik as wat die geval met die algemene reserwefondse was (sestien teenoor twintig). Die absolute bedrae wat na die gebeurlikheidsreserwes oorgeplaas is, was egter hoër as wat die geval by die algemene reserwes was. Dieselfde geld in 'n meerdere mate vir die relatiewe toevoegings tot die gebeurlikheidsreserwes in vergelyking met die posisie by die algemene reserwefondse. Die verskynsel toon natuurlik dat die reserwes vir gebeurlikhede gemiddeld nog nie van dieselfde omvang as die algemene reserwefondse is nie. Tog het dit geblyk dat daar in die periode onder bespreking ook gemiddeld groter toevoegings (in absolute terme) tot die gebeurlikheidsreserwes as tot die algemene reserwes gemaak is. Hierdie feit dui daarop dat daar in die jongste tyd toevoegings tot die gebeurlikheidsreserwes gemaak word ten koste van die algemene reserwefondse, terwyl dit in die verlede die teenoorgestelde was.

Waarom kan hierdie moontlike tendensverandering toegeskryf word? Die rede, om enigsins te herhaal, is waarskynlik van 'n tweeledige aard, naamlik *eerstens*, dat die mark vir sitrusvrugte meer onseker geword het as gevolg van groter aanbod, maar veral as gevolg van onsekerheid oor die buitelandse vraag en pryse met die toetrede van Brittanje tot die Europese Gemeenskapsmark. Reserwes vir gebeurlikhede het dus meer noodsaaklik geword as wat in die vroeëre bloeitydperk die geval was. *Tweedens* en in 'n mate in samehang met die voorafgaande, kon die sitruskoöperasies meer bewus van die voordele van sterk interne finansiering (groter finansiële stabiliteit) geword het en waar hulle reeds oor redelik sterk algemene reserwefondse beskik het, was dit makliker om die doel te bereik deur winste in die vorm van gebeurlikheidsreserwes in te hou waar dit nie so pertinent onder die lede se aandag is nie en/of waarteenoor lede meer simpatiek staan.

(c) Geheime reserwes

Geheime reserwes as vorm van winsinhouding vind uiting in die oormatige afskrywing van vaste bates (onderwaardering van vaste bates) en die onderwaardering van voorrade. In enige goeie organisasie sal daar seker altyd 'n mate van winsinhouding op hierdie manier plaasvind omdat dit uiters moeilik is om bates en voorrade presies korrek te waardeer. 'n Mate van konserwatisme is wat dit aanbetref dus verkieslik.

'n Aanduiding van die moontlike bestaan van geheime reserwes by die sitruskoöperasies kan verkry word deur die afskrywingsbeleid op vaste bates wat deur die verskillende koöperasies gevolg word met mekaar te vergelyk. Dit word in tabel 5.4 gedoen. Die feit dat sekere sitruskoöperasies egter hulle vaste bates vinniger afskryf as ander dui nie noodwendig op die vorming van geheime reserwes nie. Dit kan wees dat die ander sitruskoöperasies wat stadiger afskryf nie tred hou met die werklike vermindering in waarde nie, of dit mag wees dat een koöperasie sy apparaat meer intensief gebruik as 'n ander, ensovoorts.

Tabel 5.4

Die afskrywingsbeleide van enkele sitruskoöperasies in Suid-Afrika

Sitruskoöperasie	Afskrywingskoerse op vaste bates <sup>1)</sup>				
	Grond	Geboue	Masjinerie	Voertuie	Meubels
1	Nul	2½%	7½%-10%	20%	12½%
2	1½%	1½%	10%	N.v.t.	7½%
3	Nul	2½%	1c per uitvoerkis	15%-20%	15%
4	Nul	2½%	7½%	25%	7½%
5	Nul	2½%-7½%	7½%-15%	20%	5%
6	Nul	2½%-15%	5%-15%	10%-20%	10%
7	Nul	3%	10%	15%	12½%
8	Nul	5%	12½%	12½%-15%	12½%-15%
9	3½%	3½%	12½%	22½%	12½%-22½%
11	Nul	2%-5%	10%	10%	5%
12	Nul	2½%	7½%	7½%	2½%
15	Nul	2½%-5%	15%	20%-25%	10%-12½%
17	Nul	5%	12½%	15%-20%	12½%
18	5%	5%	5%	20%	10%

1) Sitruskoöperasies 1, 11, 16 en 18 bereken waardevermindering op die oorspronklike kosprys van die bates; die ander koöperasies bereken dit op die verminderde balans.

Dit blyk uit tabel 5.4 dat die sitruskoöperasies aansienlike verskille toon ten opsigte van die waardeverminderingsoerse wat by die afskrywing van vaste bates toegepas word. Vergelyk by voorbeeld sitruskoöperasies 2 en 9 wat beide waardevermindering op die verminderde balans afskryf. Waar koöperasie 9 onderskeidelik  $3\frac{1}{2}$ ,  $12\frac{1}{2}$ ,  $22\frac{1}{2}$  en  $12\frac{1}{2} - 22\frac{1}{2}$  persent op grond en geboue, masjinerie, voertuie en meubels jaarliks afskryf, skryf sitruskoöperasie 2 jaarliks  $1\frac{1}{4}$ , tien en  $7\frac{1}{2}$  persent op grond en geboue, masjinerie en meubels af. Let ook byvoorbeeld daarop dat slegs drie van die veertien koöperasies ten opsigte waarvan gegewens in tabel 5.4 vervat is, waardevermindering op grond afgeskryf het. Laasgenoemde verskynsel dui op die vorming van geheime reserwes. Soos reeds gesê hoef dit egter nie noodwendig die geval te wees nie. Dat daar egter in 'n mindere of meerdere mate wel geheime reservering by sommige sitruskoöperasies plaasvind, is min te betwyfel.

Hierdie metode van winsinhouding het as finansieringsbron dieselfde voordele as die reeds genoemdes, maar die doelbewuste toepassing van geheime reservering kan nie ondersteun word nie. Die oorsprong daarvan is waarskynlik ook te vinde in die onwilligheid van lede om die aanbevelings van die rade van direkteure aangaande oorplasings na die algemene reserwefonds goed te keur en hulle onwilligheid om in die algemeen tot die kapitaal by te dra.<sup>1)</sup> Hoe goed die bedoelings met hierdie praktyk egter ookal mag wees, skyn dit onnodig te wees. Die Wet<sup>2)</sup> laat die vorming van die algemene reserwefonds geheel in die hande van die rade van direkteure en hulle behoort sterk genoeg te wees om die lede van die noodsaaklikheid van hulle aanbevelings te kan oortuig. Om tot twyfelagtige praktyke toe te tree wanneer hulle nie die moed van hulle oortuigings het nie getuig van swak, eerder as van goeie finansiële bestuur.

---

1) Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.125.

2) Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*

(2) Afskrywingsbedrae

Dit word algemeen aanvaar dat opgehoopte waardevermindering of afskrywingsbedrae op vaste bates as finansieringsbron vir die onderneming beskou moet word.<sup>1)</sup> Op die oog af skyn hierdie kapitaal egter net vir 'n bepaalde termyn tot die beskikking van die onderneming te staan, dit wil sê totdat dit benodig word om die betrokke bate te vervang. Neem byvoorbeeld 'n masjien wat 'n R1 000 kos met 'n lewensduur van vyf jaar en waarop jaarliks R200 afgeskryf word. Die opgehoopte afskrywingsbedrae sal dan soos volg as kapitaal vir die onderneming beskikbaar staan:

Einde jaar	Jaarlikse bedrag afgeskryf	Opgehoopte waardevermindering	Tydperk tot beskikking
1	200	200	4 jaar
2	200	400	3 jaar
3	200	600	2 jaar
4	200	800	1 jaar
5	200	1 000	(Vervang)
6	200	200	4 jaar

Uit die voorbeeld blyk dat die onderneming R200 vir vier jaar, R400 vir drie jaar ensovoorts, vir die finansiering van ander kapitaalbehoefte beskikbaar het. As gevolg van hierdie oënskynlike beperkte periode van beskikbaarheid van afskrywingsbedrae word dit dan dikwels aanvaar dat dit vir die onderneming uit 'n likiditeitsoogpunt beskou, gevaarlik is om hierdie kapitaal vir die finansiering van vaste bates aan te wend en dat dit slegs ter finansiering van die vlottende kapitaalbehoefte gebruik behoort te word.<sup>2)</sup>

Ander sienings is nie altyd heeltemal so konserwatief nie, maar opgehoopte waardevermindering word steeds beskou as net

- 
- 1) Dit handel hier oor die „normale” afskrywings op vaste bates en nie om die „oormatige” afskrywings wat in die vorige paragraaf behandel is nie.
  - 2) Die bewering word gemaak op grond van waarnemings tydens skrywer se besoeke aan die verskillende sitruskoöperasies.

vir 'n bepaalde (lang) termyn beskikbaar te wees. Coetzee<sup>1)</sup> beweer byvoorbeeld: „Eerstens moet ons daarop wys dat gewone depresiasie van vaste bates geld beskikbaar stel vir die finansiering van ander bates,<sup>2)</sup> tot tyd en wyl so 'n depresiërende bate vervang moet word.“<sup>3)</sup>

Polak merk in hierdie verband eers soos volg op: „Men kan ze dan beleggen totdat ze weer voor vervanging nodig zijn,<sup>4)</sup> men kan er behoeften aan bedrijfskapitaal mee dekken ... maar men kan ze ook aanwenden voor de aankoop van nieuwe duurzame productiemiddelen ...“<sup>5)</sup>

Dit is egter 'n feit dat die opgehoopte waardeverminderingfondse, vir 'n baie groot gedeelte altans, op onbepaalde lang termyn tot die beskikking van die onderneming staan en dat die bogenoemde enger sienings meesal aan 'n oorvereenvoudiging van die praktyk toegeskryf kan word. Die meeste ondernemings beskik immers oor vaste bates van verskillende leeftye en lewensduurtes waaruit afskrywingsbedrae teen verskillende tempo's vrykom en waar die bates op verskillende stadiums vervang moet word.<sup>6)</sup> 'n Grotere of kleinere gedeelte van die opgehoopte afskrywingsbedrae is dus *altyd (onbepaald)* vir solank die onderneming bestaan, beskikbaar vir die finansiering van ander bates, hetsy vas of vlottend.

Samevattend kan dus beweer word dat opgehoopte afskrywingsbedrae 'n finansieringsbron vir die onderneming (koöperasie) verteenwoordig en dat 'n gedeelte (die grootte waarvan van spe-

1) Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.114.

2) Let wel, die aard van die „ander bates“ word nie vermeld nie.

3) Deur skrywer van hierdie studie beklemtoon.

4) *Ibid.*

5) Polak, N.J. *op.cit.*, p.125.

6) Die diversiteitsverskynsel wat in hoofstuk 2 verduidelik is, laat hom hier weer geld. Polak, N.J. *op.cit.*, p.129-130 vestig ook die aandag daarop en toon deur middel van syfervoorbeelde aan dat 'n gedeelte van die opgehoopte afskrywingsbedrae permanent tot die onderneming se beskikking is. Kyk ook Reynders H.J.J., *op.cit.*, p.199.

sifieke omstandighede afhang) op onbepaalde lang termyn tot die beskikking van die onderneming staan.

Ten einde 'n mening te kan vorm van die omvang van die opgehoopte afskrywingsbedrae wat tot die beskikking van die primêre sitruskoöperasies staan, word in tabel 5.5 die verskille tussen die boekwaardes en die kospryse van die vaste bates van 'n aantal sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en die 1969/70 finansiële jare aangetoon. Hierdie verskil verteenwoordig die opgehoopte afskrywingsbedrae op die bestaande vaste bates van die betrokke sitruskoöperasies. Terselfdertyd word daar in die tabel aangetoon welke persentasie hierdie opgehoopte afskrywingsbedrae aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar van die totale bates *teen kosprys* verteenwoordig het. Dit gee 'n aanduiding van die relatiewe belang van afskrywingsbedrae as kapitaalbron.

Tabel 5.5

Opgehoopte afskrywingsbedrae tot die beskikking van 'n aantal primêre sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Koöperasie	Opgehoopte afskrywingsbedrae			Opbetaalde aandelekapitaal as persentasie van die kosprys van alle bates 1969/70 %
	1968/69 R'000	1969/70 R'000	As persentasie van kosprys van alle bates 1969/70 %	
1	172,9	189,0	28,8	10,2
4	170,9	177,5	26,8	5,2
5	Nie beskikbaar	162,1	25,9	7,7
8	282,0	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar
10	205,9	221,3	34,3	13,0
11	33,7	39,4	14,9	3,6
12	39,7	44,4	18,9	10,1
13	33,2	37,4	15,2	6,0
15	Nie beskikbaar	62,0	21,5	5,3
16	183,8	206,7	36,0	8,0
17	162,4	193,5	29,8	4,6
18	Nie beskikbaar	37,8	31,6	4,7
20	17,8	22,3	26,1	27,3
Gemiddeld per sitruskoöperasie	130,2*	116,1*	25,8	8,8

\*Nie vergelykbaar nie omdat dit nie op dieselfde sitruskoöperasies betrekking het nie.

Uit tabel 5.5 is dit duidelik dat die sitruskoöperasies oor aansienlike bedrae in die vorm van opgehoopte afskrywingsbedrae beskik wat vir finansiering aangewend kan word. Aan die einde van die 1968/69 finansiële jaar het dit gemiddeld ± R130 200 per koöperasie bedra vir die tien koöperasies ten opsigte waarvan gegewens beskikbaar was, terwyl dit aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar gemiddeld ± R116 100 per koöperasie vir die twaalf betrokke koöperasies beloop het. Uitgedruk as 'n persentasie van die totale bates van die sitruskoöperasies teen kosprys het die opgehoopte afskrywingsbedrae vir die individuele koöperasies gewissel tussen 14,9 en 36,0 persent aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar, terwyl die gemiddeld vir die twaalf sitruskoöperasies 25,8 persent per koöperasie was. Opgehoopte afskrywingsbedrae vorm dus 'n belangrike kapitaalbron by die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika. Die gevolgtrekking word verder beklemtoon indien in aanmerking geneem word dat die gemiddelde opbetaalde aandelekapitaal, reserwes (algemeen en ander) en verwante langtermynkapitaal onderskeidelik ± R71 500, R64 500 en R160 500 per sitruskoöperasie vir alle sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar bedra het. Aandelekapitaal, uitgedruk as persentasie van die kosprys van alle bates, was vir die twaalf sitruskoöperasies in tabel 5.5, gemiddeld per koöperasie slegs 8,8 persent terwyl dit slegs by sitruskoöperasie 20 belangriker as die opgehoopte waardeverminderingfondse was (27,3% teenoor 26,1%).

### (3) Onverdeelde winste

Meningverskil kan uitgespreek word oor die behandeling van onverdeelde winste as eie kapitaal op onbepaald lang termyn. Dit word om twee redes gedoen:

(a) Die aanwending van die winste wat jaarliks so oorgedra word, word in die praktyk geheel aan die diskresie van die raad van direkteure oorgelaat (betaling van rente, bonusse, reservering, ens.) Die kapitaal is dus tot die beskikking van die koöperasie vir enige doel en vir so lank as wat die raad van direkteure dit wil gebruik.

(b) Dit het uit die ondersoek van die sitruskoöperasies geblyk dat waar sulke bedrae voorgekom het, dit sonder uitsondering aan die Algemene Jaarvergadering aanbeveel is dat die bedrag tot die algemene of gebeurlikheidsreserwes gevoeg word. Soos reeds opgemerk, is die lede verplig om die aanbevelings van die raad van direkteure in hierdie verband te aanvaar.

As finansieringsbron het die onverdeelde winste dus dieselfde eienskappe as die reserwes wat reeds bespreek is.

Bogenoemde kan egter nie as 'n algemeen-geldende stelling aanvaar word nie. Soos reeds vermeld kan die raad van direkteure ook aanbeveel dat die onverdeelde winste aangewend word vir verdeling onder lede, hetsy as rente op aandelekapitaal hetsy as omsetbonusse. In laasgenoemde gevalle is dit dus slegs op kort termyn tot die beskikking van die koöperasies.

Onverdeelde winste as bron van eie kapitaal word slegs in 'n minderheid van gevalle deur die primêre sitruskoöperasies aangewend en in die algemeen ook slegs in 'n baie beperkte mate.

#### (4) Slot

Ten slotte word die relatiewe belangrikheid van die verskillende komponente waaruit die eie kapitaal op onbepaald lang termyn by die sitruskoöperasies bestaan, in tabel 5.6 aangetoon.

Tabel 5.6

Die samestelling van die eie kapitaal op onbepaald lang termyn by die primêre sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitrus- koöperasies	Persentasiesamestelling <sup>1)</sup>							
	Algemene re- serwefonds		Gebeurlik- heidsreserwe		Onverdeelde winste		Totaal	
	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %	1968/69 %	1969/70 %
<u>Oos-Kaap</u>								
2	75,6	75,6	1,2	1,2	23,2	23,2	100,0	100,0
6	47,7	45,9	52,3	54,1	0,0	0,0	100,0	100,0
20	91,3	93,1	0,0	0,0	8,7	6,9	100,0	100,0
7	76,8	73,9	18,3	19,4	4,9	6,7	100,0	100,0
14	0,0	0,0	100,0	100,0	0,0	0,0	100,0	100,0
Gemiddeld per ko- operasie in streek	58,3	57,7	34,4	34,9	7,3	7,4	100,0	100,0
<u>Wes-Kaap</u>								
9	82,2	79,4	15,0	17,0	2,8	3,6	100,0	100,0
<u>Oos-Transvaal</u>								
10	61,0	60,3	39,0	39,7	0,0	0,0	100,0	100,0
4	99,7	90,7	0,0	0,0	0,3	9,3	100,0	100,0
16	1,9	0,9	98,1	99,1	0,0	0,0	100,0	100,0
17	67,2	68,7	32,8	31,3	0,0	0,0	100,0	100,0
1	11,8	8,6	88,2	91,4	0,0	0,0	100,0	100,0
18	79,6	90,7	0,0	0,0	20,4	9,3	100,0	100,0
Gemiddeld per ko- operasie in streek	53,5	53,3	43,0	43,6	3,5	3,1	100,0	100,0
<u>Noord-Transvaal</u>								
21	78,5	100,0	21,8	0,0	0,0	0,0	100,0	100,0
19	97,7	90,3	2,3	9,7	0,0	0,0	100,0	100,0
11	0,0	0,0	24,9	88,7	75,1	11,3	100,0	100,0
15	35,3	31,0	64,7	69,0	0,0	0,0	100,0	100,0
12	94,3	94,4	5,7	5,6	0,0	0,0	100,0	100,0
Gemiddeld per ko- operasie in streek	61,2	63,1	23,8	34,6	15,0	2,3	100,0	100,0
<u>Wes-Transvaal</u>								
8	29,7	24,4	70,3	75,6	0,0	0,0	100,0	100,0
5	75,1	77,7	24,9	22,3	0,0	0,0	100,0	100,0
Gemiddeld per ko- operasie in streek	52,4	51,0	47,6	49,0	0,0	0,0	100,0	100,0
<u>Natal</u>								
3	100,0	100,0	0,0	0,0	0,0	0,0	100,0	100,0
13	100,0	100,0	0,0	0,0	0,0	0,0	100,0	100,0
Gemiddeld per ko- operasie in streek	100,0	100,0	0,0	0,0	0,0	0,0	100,0	100,0
Gemiddeld per ko- operasie vir alle koöperasies	62,2	62,2	31,4	34,5	6,4	3,3	100,0	100,0

1) Omdat dit nie moontlik is om die omvang van die opgehoopde afskrywingsbedrae vir al die koöperasies vas te stel nie word opgehoopde afskrywingsbedrae buite rekening gelaat.

In tabel 5.6 is die betrokke koöperasie weer eens volgens bestaansjare in die verskillende streke gerangskik. Die gegewens wat in die tabel vervat is, is grootliks vanselfsprekend en vereis min verduideliking. Dit blyk uit die tabel dat daar in die algemeen gesproke min ooreenkoms tussen die koöperasies in dieselfde streek is in soverre dit die samestelling van die eie kapitaal op onbepaald lang termyn betref. Die uitsondering is die Natalstreek waar beide koöperasies se eie kapitaal op onbepaald lang termyn uitsluitlik uit die algemene reserwefonds bestaan. Daar is in die algemeen ook geen verband tussen die bestaanstydperke van die koöperasies en die samestelling van die kapitaal soos in die tabel aangetoon word nie. Alhoewel die algemene reserwefonds by die meeste sitruskoöperasies nog die belangrikste bron van eie kapitaal op onbepaald lang termyn is, is daar 'n neiging van toenemende belangrikheid in die aanwending van gebeurlikheidsreserwes by die meeste sitruskoöperasies te bespeur. 'n Minderheid sitruskoöperasies het oor onverdeelde winste beskik en hierdie bron is by die meeste van die betrokke koöperasies van weinig belang.

b. Die eie kapitaal op bepaald lang termyn (aandelekapitaal)

(1) Inleiding

Al die primêre sitruskoöperasies maak van aandele-uitgiftes gebruik om kapitaal te in en in die volgende paragrafe sal die voorwaardes waarop hierdie uitgiftes geskied in volle besonderhede ontleed word. In die ontleding sal aandag aan die volgende spesifieke aspekte geskenk word:

- (a) Die nominale waarde van die aandele en die aanspreeklikheid tot betaling daarvan;
- (b) die grondslag van aandelebesit;
- (c) voorwaardelike aanspreeklikheid;
- (d) seggenskap in die leiding;
- (e) aanspraak op wins en koste; en

(f) die termyn van beskikbaarstelling en die risiko van kapitaalverlies.

Die aspekte word nou agtereenvolgens behandel.

(2) Die nominale waarde van die aandele en die aanspreeklikheid tot betaling daarvan

Van die 21 sitruskoöperasies waarop hierdie studie betrekking het, reik twintig aandele met 'n nominale waarde van twee rand elk uit, terwyl een aandeel met 'n nominale waarde van een rand elk uitreik. In die geval van laasgenoemde koöperasie is die hele nominale waarde van die aandele by aansoek betaalbaar, terwyl daar in die res van die gevalle, in ooreenstemming met die bepalings van die Wet en die Modelstatuut,<sup>1)</sup> slegs tien persent van die nominale waarde van die aandele by aansoek betaalbaar is.

Wat die betaling van die balans van die nominale waarde van die aandele by die betrokke twintig koöperasies betref, geld die bepalings van die Wet en die Modelstatuut<sup>2)</sup> ook, naamlik dat die balans in sodanige paaiemente en op sodanige tye betaalbaar is as wat die raad van direkteure mag bepaal; met dien verstande dat geen enkele oproep 'n kwart van die nominale waarde mag oorskry nie en dat een oproep nie binne een maand na 'n vorige mag geskied nie. Op agterstallige oproepe moet lede rente betaal; die koers van sodanige rente verskil aansienlik tussen die sitruskoöperasies.

Ten einde 'n mening te kan vorm oor die omvang van die oproepe wat deur die sitruskoöperasies op hulle bestaande uitgereikte aandele gemaak is, word in tabel 5.7 'n uiteensetting gegee van die gedeeltes van die nominale waarde van die uitgereikte aandeelkapitaal wat aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar by die verskillende sitruskoöperasies opbetaald was. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie gegewens nie noodwendig die werklike oproepe verteenwoordig nie. Afgesien van moontlike vooruitbetalings of agterstallige betalings is

1) Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*, artikel 24(4) en die Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 6.

2) *Ibid.*, artikel 24(7) en artikel 8.

dit ook so dat die gedeeltes wat op die aandele by dieselfde koöperasie opgeroep is, verskil. Daar mag byvoorbeeld op 'n sekere groep aandele (wat voor 'n sekere datum uitgereik is) 40 persent opgeroep wees, terwyl op latere aandele slegs twintig persent opgeroep is. Die gegewens in die tabel dui slegs die gemiddelde bedrag aan wat op die aandele van elke koöperasie opbetaald is.

Tabel 5.7

Die opbetaalde aandeelkapitaal van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika as persentasie van die nominale waarde van die uitgereikte aandeelkapitaal aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Streek Per- senta- sie opbe- taal van nomi- nale aandeelka- pitaal	Getal koöperasies per interval						
	Oos- Kaap	Wes- Kaap	Oos- Transvaal	Noord- Transvaal	Wes- Transvaal	Natal	Totaal
10%	2	1	3	1		2	9
11-20%			2	2			4
21-30%				1	1		2
31-40%				1			1
41-50%							-
51-60%	1		1		1		3
61-70%							-
71-80%							-
81-90%	1						1
98-100%	1						1
Totaal	5	1	6	5	2	2	21

Dit blyk uit tabel 5.7 dat nege ( $\pm 43\%$ ) van die sitruskoöperasies geen oproepe op aandele gemaak het nie (slegs die aansoekgelde van tien persent is betaal) terwyl 'n verdere vier ( $\pm 19\%$ ) oproepe van hoogstens twintig persent van die nominale waarde van hulle aandele gemaak het. Ongeveer 76 persent (sestien) van die koöperasies het 'n opbetaalde aandeelkapitaal

van minder as 40 persent van die nominale waarde van hulle uitgereikte aandelekapitaal gehad.

Die koöperasies in die Oos-Kaapprovinsie het relatief hoë aandeel-oproep gemaak. Drie (60%) van die koöperasies in dié streek het meer as 50 persent op hulle aandeel opgeroep. Die koöperasie(s) in Wes-Kaap, Oos-Transvaal en Natal het relatief lae of geen oproep (behalwe die tien persent wat by aansoek betaalbaar is) gemaak nie.

In die algemeen skyn daar 'n geringe verband tussen die bestaansjare van die koöperasies en die omvang van hulle aandeel-oproep te wees - die ouere koöperasies het in die algemeen hoër oproep as die jongeres gemaak. In volgorde van bestaansjare het die vyf koöperasies in die Oos-Kaap byvoorbeeld die volgende persentasie-oproep gemaak: 51-60 persent, 81-90 persent, 91-100 persent, tien persent en tien persent. Vir die vyf koöperasies in Noord-Transvaal was die ooreenstemmende persentasies 31-40 persent, 21-30 persent, tien persent, 11-20 persent en 11-20 persent.

Die meeste sitruskoöperasies het egter min of geen aandeel-oproep gemaak nie en aangesien die jongste sitruskoöperasie reeds in 1960 gestig is, is hierdie verskynsel moeilik te begryp. As argument ten gunste van die lae oproep word aangevoer dat die onopbetaalde aandelekapitaal 'n belangrike bron van sekuriteit vir vreemde kapitaal vorm. Soos dit later in die studie sal blyk, is die bestaande omvang van hierdie onopbetaalde aandelekapitaal buite verhouding met die behoefte aan leningskapitaal en, soos ook aangetoon sal word, begin die Landbank al hoe meer afsien van die beginsel om onopbetaalde aandelekapitaal as sekuriteit vir sy lenings aan koöperasies te vereis. Soos vroeër in hierdie studie reeds aangetoon is, verskaf 'n sterk eie kapitaal, omdat dit risikokapitaal is, juis sekuriteit vir die verstrekkers van vreemde kapitaal. Die lid bly egter aanspreeklik teenoor die koöperasie vir die betaling van sy onopbetaalde aandelekapitaal en hierdie aan-

spreeklikheid benadeel die kredietwaardigheid van die lid wanneer hy self lenings vir aanwending in sy eie bedryf wil aangaan.

Daar kan ook aangevoer word dat hoër aandele-oproepe te hoë kapitaaleise aan die lede stel. Hierdie argument hou egter nie by die sitruskoöperasies steek nie, want die vereiste aandelebesit van lede kan in so 'n geval pro-rata verminder word om vir die verhoogde aandele-oproepe te kompenseer.<sup>1)</sup> Met ander woorde, in plaas daarvan om byvoorbeeld 'n aandeelhouding van 100 aandele van twee rand elk, waarop twintig sent opbetaal is te vereis, kan tien ten volle opbetaalde aandele van twee rand elk vereis word. In altwee gevalle dra die lid R20 tot die kapitaal by, maar in laasgenoemde geval bly hy nie nog vir 'n verdere R180 soos in die eerste geval aanspreeklik nie.

Hoe 'n groot gedeelte van die aandelekapitaal van die sitruskoöperasies behoort opbetaal te word? Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede is van mening dat dit binne tien jaar vanaf uitreiking ten volle opbetaald moet wees.<sup>2)</sup> Word daar egter van die standpunt uitgegaan dat die koöperasie oor 'n mate van buigzaamheid in die uitbreiding van sy beskikbare aandelekapitaal moet beskik, wil dit voorkom asof dit beter sal wees *as die sitruskoöperasies daarna streef om 75 persent van die nominale waarde van hulle uitgereikte aandele binne tien jaar na uitreiking van die aandele op te roep*. Waar sommige van die sitruskoöperasies in terme van hierdie benadering oor te min of te veel uitgereikte aandele beskik, behoort hulle die nodige aanpassings in hulle regulasies te maak ten einde hulle uitgereikte aandele in ooreenstemming met hulle behoefte aan aandelekapitaal te bring.

---

1) Die aspek geniet volledige aandag in hoofstuk 6.

2) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.150.

(3) Die grondslag van aandelebesit(a) Inleiding

Normaalweg is die besit van een of 'n beperkte getal aandele voldoende om volle seggenskap in en die volle gebruik van 'n koöperasie se fasiliteite te verseker. Die meeste sitruskoöperasies verplig egter hulle lede om aandele op 'n „transaksiegrondslag" en/of 'n sekere minimum getal aandele te hou. Sommige sitruskoöperasies skryf ook die maksimum aandeelhouding per lid voor.

Wat die vertolking van die begrip „transaksiegrondslag" en die verband tussen die aandeelhouding en die omvang van die transaksies betref, heers daar egter aansienlike verskille tussen die betrokke sitruskoöperasies. Die verskille is soms logies moeilik te verklaar.

Aangesien dit uiters moeilik is om die bepalings insake die grondslag van aandeelhouding in 'n oorsigtelike tabelvorm saam te vat, word hierna 'n kort kritiese beskrywing van die grondslag van aandeelhouding van elke sitruskoöperasie verskaf.

Grondliggend kan hierdie sitruskoöperasies in die volgende breë kategorieë ingedeel word, naamlik dié waar aandeelhouding gebaseer word op

- (i) die getal sitrusbome per lid;
- (ii) die sitrusvrugtelewerings per lid;
- (iii) die waarde van sake per lid;
- (iv) 'n kombinasie van sitrusbome en sitrusvrugtelewerings per lid; en
- (v) 'n kombinasie van sitrusbome en die waarde van sake per lid.

Enkele van die sitruskoöperasies vereis nie aandeelhouding

ding op 'n transaksiegrondslag nie. Hierdie koöperasies kan in twee groepe ingedeel word, naamlik

(i) dié wat 'n spesifieke minimum aandeelhouding per lid voorskryf; en

(ii) dié wat geen voorskrifte oor die omvang van die aandeelhouding per lid bevat nie.

(b) Die getal sitrusbome per lid

Agt van die sitruskoöperasies waarvoor die betrokke gegewens beskikbaar is, grond die aandeelhouding van hulle lede suiwer op die getal sitrusbome wat elke lid besit. Die bepalings van die betrokke koöperasies se regulasies in hierdie verband lees opsommend soos volg:

Sitruskoöperasie 1. Elke lid van hierdie koöperasie is verplig om minstens *een* aandeel te hou vir elke sitrusboom ouer as *drie* jaar wat deur die direksie vir inskrywing by die koöperasie goedgekeur is. Wanneer dit sou blyk dat 'n lid nie die nodige getal aandele besit nie dan kan die raad van direkteure sonder dat hy daarom aansoek doen, 'n genoegsame getal aandele aan hom toeken om sy aandeelbesit gelyk te bring met die getal *gevestigde* sitrusbome ouer as drie jaar wat vir inskrywing by die koöperasie goedgekeur is. Die regulasies omskryf dan die begrip „gevestigde” sitrusboom. Na toekenning van sodanige bykomende aandele is 'n tiende van die nominale waarde van die aandele onmiddellik betaalbaar.

Voordat sodanige toekenning van aandele gemaak word, moet die koöperasie die betrokke lid egter *minstens* 30 dae geleentheid gun om die bykomende aandele deur oordrag van enige ander lid te verkry wat meer as die vereiste minimum besit. Wanneer 'n lid meer aandele besit as wat hy ooreenkomstig die voorafgaande bepalings moet hou, word aan hom die geleentheid gegun om sodanige surplus oor te dra aan 'n ander lid wat nie die vereiste minimum getal aandele besit nie.

By hierdie koöperasie bestaan die situasie dus dat die totale aandeelhouding van die lede nooit minder as die totale getal sitrusbome van ouer as drie jaar wat vir inskrywing goedgekeur is, kan beloop nie. Die totale aandeelhouding kan egter meer as die getal sitrusbome bedra omdat daar slegs voorsiening vir oordrag en nie vir intrekking gemaak word nie. Sou een lid dus sy bome verwyder en daar is nie ander lede aan wie hy sy surplus aandele kan oordra nie dan moet hy sy huidige aandelebesit handhaaf.

Die koöperasie is ook nie verplig om aandele vir nuwe boom-aanplantings toe te ken nie. Die raad van direkteure moet eers die sitrusbome vir inskrywing goedkeur en indien dit gedoen is moet aandele toegeken word. Die koöperasie geniet dus ener syds beskerming teen 'n vermindering van die aandelekapitaal as gevolg van 'n vermindering van die *getal* sitrusbome in die besit van lede en andersyds teen 'n ooreising van die bestaande fasiliteite deur 'n grootskaalse aanplanting van nuwe sitrusbome. Geleentheid word egter aan lede gegee om hulle surplus aandele te kan oordra indien daar 'n vraag na sodanige aandele bestaan. Die bepaling lyk beide uit die oogpunt van die koöperasie en die lid regverdig. Een aspek vereis egter kommentaar. Lede wat 'n aandeletekort het, word 'n tydperk van minstens 30 dae gegun om bykomende aandele deur oordrag te verkry. Die woord *minstens* impliseer enige periode van 30 dae en langer, dit wil sê 'n onbepaalde tydperk. Om administrasie te vergemaklik en die moontlikheid van diskriminasie tussen lede uit te skakel behoort die bepaling eerder soos volg te lees: *Aan 'n lid word 30 dae gegun om die bykomende aandele deur oordrag te verkry ...*

Let daarop dat daar by hierdie koöperasie geen voorsiening vir 'n bepaalde minimum aandeelhouding per lid gemaak word nie. Lede wat dus nie oor sitrusbome van drie jaar en ouer beskik nie of wat oor geen sitrusbome beskik nie en dus slegs aan die koöperasie vir ander redes (verskaffing van ander dienste) as die onmiddellike bemerking van sitrusvrugte behoort, hoef dus

slegs een aandeel te hou. Die vraag ontstaan of hierdie lede nie 'n groter bydrae tot die daarstelling van die ander dienste moet maak nie. Is dit regverdig dat die lede wat oor sitrusbome van die voorgeskrewe ouderdom beskik grootliks alleen tot die aandeelkapitaal moet bydra? Die daarstelling van 'n bepaalde minimum aandeelhouding (byvoorbeeld 50) lyk meer aanvaarbaar te wees.

Sitruskoöperasie 4. Elke lid van hierdie koöperasie moet ten minste 100 aandele hou met dien verstande dat elke lid verder verplig is om ten minste so 'n hoeveelheid aandele te hou soos voorgeskryf deur 'n skaal wat deur die raad van direkteure vasgestel word, welke skaal gegrond word op die getal sitrusbome wat elke lid besit. Die maksimum getal aandele per lid word egter tot 5 000 beperk. Voordat 'n toekenning vir addisionele aandele gemaak word, moet die koöperasie die betrokke lid egter *hoogstens* 30 dae geleentheid gun om die aandele deur oordrag van enige ander lid wat meer as die vereiste minimum aandele besit, te verkry.

Sou 'n lid meer as die vereiste minimum besit, mag hy ook aansoek daarom doen dat sy surplus aandeelbesit ingetrek word en indien sy aansoek deur die raad van direkteure toegestaan word, word die opbetaalde bedrag op die betrokke aandele tot sy oudste krediet in die roterende ledeheffingsfonds van die koöperasie toegevoeg.

Die praktiese implementering van hierdie bepalings en die moontlike nadelige gevolge daarvan vir die koöperasie en veral vir die lid, kan egter op verskeie punte bevraagteken word:

(i) Afgesien daarvan dat die aandeelhouding van 'n lid tussen die grense van 100 en 5 000 aandele beperk word, word die skaal van aandeelhouding geheel en al aan die diskresie van die raad van direkteure oorgelaat. Dit beteken dat die raad van direkteure by magte is om te bepaal dat die skaal van aandeelhouding 5 000 aandele per sitrusboom of 100 aandele per 200 000 sitrusbome is. Dit wil dus sê dat elke lid prakties 5 000 aandele

of net 100 aandele kan hou afgesien van die getal sitrusbome waaroor hy in der waarheid beskik. Die raad van direkteure van die sitruskoöperasies word deur die lede gekies en in die praktyk kan dit dus maklik gebeur dat so 'n raad onder die druk van lede 'n skaal van aandeelbesit vasstel wat nie in die beste belang van die koöperasie is nie. Andersyds kan die skaal ter eniger tyd verhoog word en die lid weet dus nooit vooraf wat sy aanspreeklikheid ten opsigte van aandeelbesit in die toekoms gaan wees nie. Onstabiliteit en onsekerheid is dus inherent aan hierdie betrokke bepalings, alhoewel buigsaamheid as 'n moontlike, maar baie twyfelagtige voordeel beskou kan word.

(ii) Dit is nie duidelik hoe die bepaling van die skaal van aandeelbesit en die maksimum aandeelbesit van 5 000 aandele per lid in die praktyk presies versoen word nie. Daar skyn twee alternatiewe te wees: *Eerstens* kan die skaal bloot vasgestel word volgens die getal sitrusbome in die besit van elke lid en kan die beperking van 5 000 aandele intree sodra 'n lid oor 'n te groot getal sitrusbome beskik. Veronderstel byvoorbeeld dat die skaal van aandeelbesit sodanig is dat 'n lid oor een aandeel moet beskik vir elke twee sitrusbome wat hy besit. Die volgende posisie kan dan verkry word:

Lid	Boombesit	Aandeelbesit	Verhouding aandele tot bome
A	150	100 (minimum)	1 : 1,5
B	9 000	4 500	1 : 2,0
C	10 000	5 000	1 : 2,0
D	100 000	5 000 (maksimum)	1 : 20,0
Totaal	119 150	14 600	N.v.t.

Die raad van direkteure besluit nou om die skaal te verander na een aandeel vir elke sitrusboom in besit. Die posisie sal dan soos volg wees:

Lid	Boombesit	Aandelebesit	Verhouding aandele tot bome
A	150	150	1 : 1,0
B	9 000	5 000 (maksimum)	1 : 1,8
C	10 000	5 000 ( " )	1 : 2,0
D	100 000	5 000 ( " )	1 : 20,0
Totaal	119 150	15 150	N.v.t.

Die skaal word behou op een aandeel vir elke twee sitrusbome in besit, maar die lede vergroot elk hulle bestaande boomgetalle met 5 000. Die posisie is dan soos volg:

Lid	Boombesit	Aandelebesit	Verhouding aandele tot bome
A	5 150	2 575	1 : 2,0
B	14 000	5 000 (maksimum)	1 : 2,8
C	15 000	5 000 ( " )	1 : 3,0
D	105 000	5 000 ( " )	1 : 21,0
Totaal	139 150	17 575	N.v.t.

Die implikasie van sodanige toepassing van die bepaling insake aandeeltoekennings is duidelik. Daar word teen die kleinere lid gediskrimineer en sodanige diskriminasie neem toe by 'n vergroting van die totale aandele-uitreikings deur die raad van direkteure of by 'n uitbreiding van die boomgetalle deur die lede self.

*Tweedens* is dit moontlik, ten einde diskriminasie tussen lede te voorkom, om die skaal van aandeelhouding te grond op die boombesit van die lid met die grootste getal bome. Die bestaande skaal van aandeelhouding is byvoorbeeld een aandeel vir elke twee sitrusbome in besit. Die volgende posisie kan dan bestaan:

Lid	Boombesit	Aandelebesit	Verhouding aandele tot bome
A	10 000	5 000	1 : 2,0
B	6 000	3 000	1 : 2,0
C	3 000	1 500	1 : 2,0
D	900	450	1 : 2,0
E	90	100 (minimum)	1 : 0,9
Totaal	19 990	10 050	N.v.t.

Veronderstel nou dat Lid B sy boomgetalle uitbrei na 15 000. Aangesien die maksimum aandeelhouding 5 000 aandele is, beteken dit dat die skaal nou verander na een aandeel vir elke drie sitrusbome in besit. Die posisie is dan soos volg:

Lid	Boombesit	Aandelebesit	Verhouding aandele tot bome
A	10 000	3 333	1 : 3,0
B	15 000	5 000	1 : 3,0
C	3 000	1 000	1 : 3,0
D	900	300	1 : 3,0
E	90	100 (minimum)	1 : 0,9
Totaal	28 990	9 733	N.v.t.

In hierdie geval is daar dus nie sprake van enige diskriminasie tussen lede nie. Wat wel plaasvind is dat die totale aandeelhouding afneem terwyl die totale boombesit toeneem - dus 'n vermindering van die nominale aandeelkapitaal met 'n toename in die kapitaalbehoefte. Om hierdie rede en ook as gevolg van die administratiewe probleme wat noodwendig met so 'n stelsel gepaard moet gaan, is dit waarskynlik dat hierdie koöperasie die eerste alternatief gebruik. Daar skyn egter geen logiese rede vir 'n beperking van die maksimum aandeelhouding en die gevolglike diskriminasie tussen lede te wees nie.

(iii) Die bepalings insake aandeelhouding skyn nie voorsiening

daarvoor te maak dat die raad van direkteure 'n lid se sitrusbome vir inskrywing by die koöperasie kan weier nie. Indien 'n persoon dus eers as lid van die koöperasie aanvaar is moet alle verdere sitrusboomaanplantings afgesien van getal of variëteit sonder meer aanvaar word. Dit kan geweldige druk op die bestaande fasiliteite van die koöperasie plaas of aanleiding gee tot onekonomiese uitbreidings wat beide tot nadeel van die ander lede strek.

(iv) Daar word slegs melding gemaak van „boombesit" sonder om enige omskrywing van die begrip te gee. Die vraag ontstaan wanneer 'n boom besit word? Is dit wanneer hy nog in die eie kwekery staan, of die dag wanneer hy uitgeplant word, of wanneer hy een jaar oud is of wat ookal? Vaaghede van hierdie aard kan maklik tot diskriminasie en onenigheid aanleiding gee en behoort sover moontlik vermy te word.

(v) Voorsiening word daarvoor gemaak dat 'n lid, wanneer hy oor minder aandele as die vereiste getal beskik, dit van 'n ander lid wat meer as die vereiste getal het, deur oordrag kan verkry. Hierdie vergunning geld vir *hoogstens* 30 dae. Die woord *hoogstens* impliseer dat die tydperk van sodanige vergunning van nul tot 30 dae kan beloop. Aan die eën lid kan dus 30 dae vergunning verleen word en aan 'n ander geen en beide optredes sal binne die perke van die regulasies wees. Die bepaling skyn geen goeie doel te dien nie en behoort vervang te word deur 'n bepaling soortgelyk aan dié wat by die vorige koöperasie voorgestel is.

(vi) Voorsiening word ook vir die intrekking van aandele gemaak indien dit sou blyk dat 'n lid oor meer as die vereiste getal aandele beskik en hy nie van die surplus deur oordrag ontslae kan raak nie. Sodanige intrekking is egter onderhewig aan die goedkeuring van die raad van direkteure en die moontlikheid bestaan dus dat daar in 'n besondere jaar aan 'n sekere lid toestemming verleen word en aan 'n ander in dieselfde of 'n volgende jaar, as gevolg van finansiële oorwegings, nie - dus diskriminasie. Word goedkeuring egter outomaties gegee kan dit tot

grootskaalse vermindering van die aandelekapitaal en dus tot onstabiliteit lei. Die wysheid van sodanige voorsiening vir intrekking kan met reg bevraagteken word.

(vii) In die geval van intrekking word die opbetaalde bedrag op die betrokke aandele toegevoeg tot die lid se *oudste* krediet in die roterende ledeheffingsfonds. Hier kan die posisie maklik weer ontstaan dat alle lede nie dieselfde behandeling ontvang nie. Een lid kan die betrokke bedrag binne een jaar terug ontvang terwyl 'n ander lid vyf jaar daarvoor moet wag.

In sy geheel beskou kan die toepassing van die bepalings insake aandeelhouding by hierdie koöperasie groot onstabiliteit in die aandelekapitaal tot gevolg hê en dit kan ook aanleiding gee tot ernstige diskriminasie tussen lede. Daar behoort eerder 'n vaste skaal van aandeelhouding te bestaan soos in die geval van koöperasie 1 en daar behoort ook met die bepaling insake maksimum aandeelhouding weggedoen te word.

Sitruskoöperasie 5. Elke lid van hierdie koöperasie is verplig om minstens *een* aandeel te besit vir

elke *twee* sitrusbome van *sewe* jaar en ouer;

elke *drie* sitrusbome in die ouderdomsgroep van *vier tot ses* jaar;

elke *ses* sitrusbome in die ouderdomsgroep *een tot drie* jaar.

Elke lid is verplig om jaarliks gedurende Maart 'n skriftelike gesertifiseerde opgawe van die *gevestigde* sitrusbome op sy plaas te verstrek en wel volgens die bostaande ouderdomsindeling. Die jaarlikse boomopgaaf *wat die hoogste getal sitrusbome bevat*, afgesien van die jaar waarop dit betrekking het, word vir die doel van aandeeltoekenning gebruik.

Die volgende aspekte rakende hierdie bepalings verdien spesifieke vermelding:

(i) Daar word geen voorsiening vir 'n minimum aandeelhouding gemaak nie. 'n Persoon wat nog nie oor sitrusbome wat een jaar

oud is beskik nie, kan lid word deur slegs een aandeel uit te neem.<sup>1)</sup>

(ii) Die gebruik van 'n differensiële aandeleskaal vir sitrusbome in verskillende ouderdomsgroepe besit meriete. Daar kan min twyfel bestaan dat hierdie differensiasie geregverdig is en dat dit verband hou met die kapitaalbehoefte. Dit neem verder ook die betaalvermoë van die lid in ag. 'n Sitrusboom kom normaalweg op 'n ouderdom van ongeveer vier jaar in drag. Tot op die ouderdom van ses jaar is daar egter nog nie sprake daarvan dat die boom in volle drag is nie; hierdie toestand word eers vanaf die sewende jaar behoorlik bereik. Kapitaaluitgawes neem toe namate die fisiese opbrengs van die sitrusbome styg. Kapitaaluitgawes begin egter voordat 'n boom in drag kom omdat tegniese, ekonomiese en praktiese oorwegings vereis dat daar reeds op 'n vroeër stadium met die aanskaffing van vaste uitrusting begin moet word. Om hierdie rede word 'n kapitaalbydrae van die lid vereis voordat die boom 'n opbrengs begin lewer.

'n Beswaar teen hierdie differensiële skaal kan wees dat dit 'n onnodige administratiewe las op die koöperasie plaas. Die jaarlikse omvang van addisionele aandeeltoekennings kan in die praktyk egter nie baie groot afmetings aanneem nie.

'n Groot voordeel van die stelsel skyn daarin geleë te wees dat, soos reeds gesê, dit die betaalvermoë van die lid in ag neem. Die kapitaalbydrae wat van die lid verwag word neem toe namate sy inkomste uit die sitrusbome styg.

(iii) Dit is opvallend dat die maksimum skaal van aandeelhouing wat deur hierdie koöperasie vereis word die helfte minder is as in geval van sitruskoöperasie 1; een aandeel vir elke twee sitrusbome teenoor een aandeel vir elke een sitrusboom.

(iv) Dit is opvallend dat daar in die geval van hierdie sitrus-

---

1) Kyk in hierdie verband ook na die opmerkings wat vroeër hieroor by sitruskoöperasie 1 gemaak is.

koöperasie geen voorsiening vir die oordrag of intrekking van surplus aandeelhouding gemaak word nie. Die boomopgaaf wat die grootste getal bome bevat word vir die doel van aandeletoe- kenning gebruik. As 'n lid dus in 'n besondere jaar 10 000 sitrusbome van ouer as sewe jaar besit het sou hy 5 000 aandele moes uitneem. Sou hy daarna sy boomgetalle verminder dan moet hy steeds 5 000 aandele hou. Die bepaling sal ongetwyfeld tot 'n uitbreiding van die uitgereikte aandeelkapitaal lei selfs al sou sekere lede hulle boombesit aansienlik inkrimp. Dit lyk egter nie regverdig om van 'n lid te verwag om hierdie surplus- aandele te hou as daar ander lede is wat dit kan opneem nie. Die kapitaalbehoefte van die koöperasie neem immers nie toe as lid A 5 000 bome verwyder en lid B plant 5 000 bome aan nie.

Deur voorsiening te maak vir die oordrag van aandele op die grondslag soos uiteengesit in geval van sitruskoöperasie 1 kan die bogenoemde beswaar uit die weg geruim word sonder om stabili- teit in te boet. Die rede waarom dit nie gedoen word nie is nie duidelik nie; dit kan wees om administratiewe werk te ver- lig maar indien dit so is skyn dit 'n swak rede te wees. Aan- deelhouding geskied hier op „transaksiegrondslag” en daar be- hoort so na as moontlik aan hierdie grondslag gehou te word son- der om stabiliteit in te boet.

Sitruskoöperasie 10. Elke lid van hierdie koöperasie moet ten minste so 'n hoeveelheid aandele hou as wat voorgeskryf word deur 'n skaal van aandeelhouding wat gebaseer is op die getal sitrusbome wat elke lid besit, welke skaal op die algemene ver- gadering van die koöperasie vasgestel word.

Alvorens 'n toekenning van addisionele aandele egter aan 'n lid gemaak word moet hy 30 dae geleentheid gegun word om dit deur oordrag van 'n ander lid, wat oor meer as die vereiste hoe- veelheid beskik, te verkry. Sou dit blyk dat 'n lid oor 'n surplus aandeelhouding beskik waarvoor 'n oordrag nie gereël kan word nie, kan sodanige surplus aandeelhouding deur die raad van direkteure ingetrek en die opbetaalde bedrag daarop aan die be-

trokke lid terugbetaal word. Sodanige intrekking en terugbetaling is egter aan die voorwaarde onderhewig dat die koöperasie ten minste 'n ooreenstemmende bedrag deur die uitreiking van nuwe of addisionele aandele geïen het.

Die volgende aspekte rakende hierdie bepalings verdien verdere aandag:

(i) Geen voorsiening word vir enige minimum of maksimum aandeelhouding gemaak nie.<sup>1)</sup>

(ii) Die skaal van aandeelhouding word deur die algemene vergadering bepaal. Dit is verkieslik bo die vasstelling daarvan deur die raad van direkteure aangesien dit hoogs twyfelagtig is of die algemene vergadering buitensporige *verhogings* in sodanige skaal sal goedkeur. Andersyds word daar gewaak teen 'n verlaaging in die skaal (dus 'n vermindering van aandeelkapitaal) deur die bepaling dat 'n intrekking en terugbetaling van 'n surplus aandeelhouding slegs kan geskied indien daarvoor deur die uitreiking van nuwe of addisionele aandele gekompenseer word. Onsekerheid bly egter 'n nadeel van hierdie bepaling aangesien die skaal en dus die aanspreeklikheid van die lid deur 'n gewone meerderheidsbesluit op die algemene vergadering verhoog kan word. Die voordeel van die betrokke bepaling lê in sy buigsaamheid.

In sy geheel beskou is die betrokke bepaling verkieslik bo dié van sitruskoöperasie 4 wat vroeër behandel is. Omdat die maksimum aandeelhouding nie beperk word nie, word die moontlikheid van diskriminasie tussen lede uitgesluit, terwyl daar ook gewaak word teen 'n vermindering in die aandeelkapitaal.

(iii) Die tydperk wat aan 'n lid gegun word om sy aandeletekort deur oordrag aan te vul word spesifiek op 30 dae vasgestel.<sup>2)</sup>

(iv) Voorsiening word daarvoor gemaak dat die raad van direkteure onder bepaalde omstandighede die aandele van 'n lid kan

1) Kyk vorige opmerkings in hierdie verband.

2) Kyk vorige opmerkings in hierdie verband.

intrek en die opbetaalde bedrag aan hom terugbetaal. Alhoewel 'n mate van diskresie en buigzaamheid altyd verkieslik is, is dit ongelukkig ook so dat diskresie tot diskriminasie kan lei. Alhoewelaan alle voorwaardes voldoen word kan dit dus gebeur dat die raad van direkteure een lid se surplus aandele intrek en terugbetaal, terwyl dit in die geval van 'n ander lid geweier word. Waar hierdie koöperasie in elk geval beskerm word teen 'n vermindering in sy aandelekapitaal skyn daar geen rede vir die toelating van diskresie te wees nie. Die regulasies behoort egter daarvoor voorsiening te maak dat die intrekking van surplus aandele op 'n pro-rata grondslag moet geskied wanneer verskeie lede oor 'n surplus aandeelhouding beskik en die totale surplus nie ingetrek kan word sonder om die totale aandelekapitaal te verminder nie.

(v) Geen voorsiening word daarvoor gemaak dat addisionele boom-aanplantings van 'n lid of lede deur die koöperasie geweier kan word nie. Daar is vroeër reeds daarop gewys dat dit tot probleme en benadeling van ander lede kan lei as nuwe aanplantings onbeperk aanvaar moet word.

Sitruskoöperasie 11. Elke lid van hierdie sitruskoöperasie moet ten minste *een* aandeel hou vir elke *drie gevestigde* sitrusbome wat hy besit. Elke lid is verder verplig om jaarliks 'n boomopgaaf, aantonnende die getal sitrusbome op sy plaas, in te handig en vir die doeleindes van aandeelbesit word die boomopgaaf wat die grootste getal bome aantoon, afgesien van die jaar waarop dit betrekking het, aanvaar.

(i) Geen omskrywing word van die begrip „gevestigde sitrusboom“ gegee nie. Dit kan dus vir alle praktiese doeleindes 'n sitrusboom wees wat een maand of twintig jaar oud is.

(ii) Die boomopgaaf wat die hoogste getal sitrusbome bevat word vir die doeleindes van aandeeltoekenning aanvaar.<sup>1)</sup>

(iii) Geen voorsiening vir maksimum of minimum aandeelhouding

---

1) Kyk opmerkings by sitruskoöperasie 5 in hierdie verband.

word gemaak nie.<sup>1)</sup>

(iv) In die geval van hierdie koöperasie is die vasgestelde skaal van aandeelhouding een aandeel vir elke drie sitrusbome. Dit is minder as die een aandeel vir elke sitrusboom in geval van sitruskoöperasie 1 en die een aandeel vir elke twee sitrusbome van sewe jaar en ouer in geval van sitruskoöperasie 5.

Sitruskoöperasie 12. Elke lid van hierdie sitruskoöperasie moet ten minste 500 aandele hou vir elke 1 000 gevestigde sitrusbome in sy besit. Elke lid moet verder jaarliks 'n boomopgawe indien wat die getal gevestigde sitrusbome in sy besit aantoon. Die term „gevestigde sitrusboom" word dan verder omskryf en dit word verder bepaal dat die boomopgaaf wat die hoogste getal bome bevat vir die doeleindes van aandeeltoekening aanvaar word.

'n Besondere aspek wat nie by die vorige sitruskoöperasies ter sprake gekom het nie is in hierdie geval die skaal van aandeelhouding, naamlik 500 aandele vir elke 1 000 gevestigde sitrusbome. Dit is nie duidelik hoe hierdie bepaling presies in die praktyk vertolk word nie. As die bedoeling was dat een aandeel vir elke twee sitrusbome gehou moes word, sou dit seker so gestel gewees het. Verskeie ander vertolkings is moontlik, naamlik:

(i) Dat 500 aandele gehou moet word vir elke 1 000 sitrusbome of gedeelte daarvan. As 'n lid dus tussen een en 1 000 sitrusbome besit moet hy 500 aandele hou; besit hy tussen 1 001 en 2 000 moet hy 1 000 hou, ensovoorts. Hoewel daar geen beswaar bestaan teen 'n vasgestelde minimum aandeelhouding nie (dit is immers vroeër bepleit) lyk 'n minimum van 500 ietwat hoog. Die grootste beswaar is egter dat daar van lede wat onderskeidelik 1 001, 2 001, 3 001, ensovoorts, bome besit, verwag word om dieselfde getal aandele te hou as lede wat oor onderskeidelik 2 000, 3 000 en 4 000 bome beskik. Daar is geen logiese gronde vir so 'n vereiste nie. Dieselfde be-

1) Kyk die vorige opmerkings in hierdie verband.

swaar geld indien 'n lid wat 1 000 bome besit oor 500 aandele moet beskik maar as hy oor 1 001 bome beskik moet hy 1 000 aandele uitneem.

(ii) Die bepaling kan ook vertolk word as sou dit beteken dat 'n lid 500 aandele moet besit vir elke volle 1 000 sitrusbome waaroor hy beskik. In so 'n geval sou die lid wat 999 bome het slegs een aandeel (die minimum om lid te kan wees) hoef te besit, maar die lid wat 'n 1 000 bome het moet oor 500 aandele beskik.

Hoe die betrokke bepaling egter ookal vertolk mag word, dit bly inderdaad onlogies en vir 'n verskeidenheid interpretasies vatbaar.

Sitruskoöperasie 15. Elke lid van hierdie koöperasie is verplig om minstens *een* aandeel te besit

vir elke *twee* sitrusbome van *sewe* jaar en ouer op sy plaas;

vir elke *vier* sitrusbome in die ouderdomsgroep van *vier tot ses* jaar;

vir elke *ag*t sitrusbome in die ouderdomsgroep *een tot drie* jaar.

Geen lid mag egter meer as 3 000 aandele besit nie.

Elke lid moet verder jaarliks gedurende Maart 'n skriftelike gesertifiseerde opgawe van die gevestigde sitrusbome op sy plaas verstrek en wel volgens die bostaande ouderdomsindeling. Die jaarlikse boomopgaaf wat die hoogste getal sitrusbome bevat word vir die doel van aandeletoenkenning gebruik.

In breë trekke geld hier dieselfde kommentaar as wat by sitruskoöperasie 5 gemaak is, behalwe dat 'n kleiner aandeelhouding ten opsigte van die sitrusbome wat jonger as sewe jaar oud is, vereis word.

'n Belangrike verskil is egter dat, in teenstelling met

die geval by sitruskoöperasie 5, die hoogste getal aandele wat 'n lid mag hou tot 3 000 aandele beperk word.

Uit die oogpunt van kapitaalbydraes beskou, word die toestand dus hier verkry dat die lede wat baie sitrusbome besit, bevoordeel word. Sou een lid byvoorbeeld 6 000 sitrusbome van sewe jaar en ouer besit dan is hy verplig om 3 000 aandele te hou (een aandeel vir elke twee sitrusbome ouer as sewe jaar). 'n Lid wat 12 000 sitrusbome van dieselfde ouderdomsgroep het mag egter ook net 3 000 aandele hou wat 'n aandeelhouding van een aandeel vir elke vier sitrusbome beteken. Die logika agter hierdie benadering moet steeds bevraagteken word.

Sitruskoöperasie 16. Elke lid van hierdie sitruskoöperasie moet minstens *een* aandeel besit vir elke gevestigde sitrusboom ouer as *drie* jaar wat vir inskrywing by die koöperasie goedgekeur is; met dien verstande dat geen lid minder as 50 aandele mag hou nie. 'n Geleentheid strekkende oor 'n tydperk van 30 dae word aan 'n lid wat nie oor die vereiste hoeveelheid aandele beskik nie, gegun om die nodige aandele van 'n lid wat oor meer as die vereiste hoeveelheid beskik, te verkry.

Dieselfde algemene kommentaar as by sitruskoöperasie 1 geld hier met die belangrike uitsonderings dat hierdie koöperasie wel vir 'n definitiewe minimum aandeelhouding voorsiening maak en dat die tydperk waarop aandeelordragte kan plaasvind tot 30 dae beperk word.

Alhoewel al die voorafgaande sitruskoöperasies hulle aandeelhouding grond op die getal sitrusbome wat deur elke lid gehou word, is dit uit die uiteensettings duidelik dat daar nogtans in 'n mate verskille tussen die betrokke agt sitruskoöperasies bestaan. Sommige van hierdie verskille is van 'n grondliggende aard en dit is moeilik te begrype hoe sekere van hierdie bepalinge deur die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings vir opname in die betrokke koöperasies se regulasies goedgekeur is. Dit geld veral vir die bepalinge wat die moontlikheid van diskriminasie tussen lede skep.

Alhoewel individuele omstandighede kleinere verskille mag noodsaak wil dit voorkom of bepalings volgens die volgende breë riglyne die verkieslikste is:

(i) Die skaal van aandeelhouding moet in die regulasies ver-  
vat word. Vergelyk koöperasies 1, 5, 11, 15 en 16.

(ii) In die skaal behoort daar gedifferensieer te word tussen  
sitrusbome in verskillende ouderdomsgroepe. Vergelyk byvoor-  
beeld koöperasies 5 en 15.

(iii) Daar behoort 'n definitiewe minimum aandeelhouding voor-  
geskryf te word (byvoorbeeld koöperasies 4 en 16) maar geen be-  
perking moet op die maksimum aandeelhouding geplaas word nie.

(iv) Voorsiening behoort gemaak te word vir die oordrag van  
aandele tussen lede wat oor te min en te veel aandele beskik en  
'n definitiewe tydperk waartydens sodanige oordrag kan plaas-  
vind, behoort gestel te word. Vergelyk byvoorbeeld koöperasie  
10.

(v) Voorsiening behoort daarvoor gemaak te word dat die raad  
van direkteure die sitrusbome van lede vir inskrywing by die  
koöperasie moet goedkeur; die aanvaarding van bome moet dus  
nie outomaties geskied nie. Vergelyk byvoorbeeld koöperasies  
1 en 16.

(c) Die sitrusvrugtelewerings per lid

Vyf van die sitruskoöperasies waarvoor die betrokke gege-  
wens beskikbaar is, grond die aandeelhouding van hulle lede op  
die hoeveelheid (massa) sitrusvrugte wat elke lid gelewer het.  
Die bepalings van die betrokke sitruskoöperasies se regulasies  
in hierdie verband, lees opsommend soos volg:

Sitruskoöperasie 6. Elke lid van hierdie sitruskoöperasie is  
verplig om, watter ookal die meeste is, of 100 aandele te hou  
of nie minder nie as die getal aandele wat voorgeskryf word  
deur 'n skaal soos bepaal deur die algemene vergadering. Die  
genoemde skaal word gegrond op die getal uitvoerkissies of 'n

gelykstaande hoeveelheid sitrusvrugte wat namens elke lid gedurende enige sitrusvrugteseisoen gehanteer is. Die uitreiking van addisionele aandele kragtens die genoemde skaal geskied jaarliks ten opsigte van elke sitrusvrugteseisoen. Op aanbeveling van die raad van direkteure mag die algemene vergadering egter besluit dat geen sodanige addisionele aandele ten opsigte van enige besondere sitrusvrugteseisoen uitgereik word nie in welke geval die lede nie verplig is om sodanige addisionele aandele ten opsigte van daardie seisoen op te neem nie.

Indien dit verder sou blyk dat enige lid meer aandele as die voorgeskrewe minimum hou kan sodanige oortollige aandelebesit geheel of gedeeltelik ingetrek en die opbetaalde bedrag daarop aan die betrokke lid (lede) uitbetaal word. Sodanige intrekking en uitbetaling is egter onderhewig aan die volgende voorwaardes:

*Eerstens* dat die totale hoeveelheid aandele wat in enige finansiële jaar op so 'n wyse ingetrek word nie meer mag wees as die hoeveelheid addisionele aandele wat gedurende die vorige finansiële jaar uitgereik is nie, en

*Tweedens* dat die totale bedrag wat in enige finansiële jaar op sodanige aandele terugbetaal word, nie die totale bedrag wat in die vorige finansiële jaar deur middel van spesiale aandeleheffings<sup>1)</sup> geïm is, mag oorskry nie.

Die aandag word spesifiek op die volgende bepalings gevestig:

- 
- 1) Die betrokke bepalings insake die spesiale aandeleheffing lees soos volg:

„Solank as daar 'n uitstaande verpligting is op die aandele wat in die name van lede geregistreer is, betaal die betrokke lede tot die fonds van die maatskappy 'n heffing deur die raad van direkteure te word bepaal. Die bedrag van die heffing, wat deur elke lid betaal word, word aangewend tot vermindering van sy aanspreeklikheid op die aandele in sy naam geregistreer. Die raad van direkteure is by magte om die bedrag van die heffing af te trek van die lid se aandeel in die opbrings van die sitrusvrugte waarvoor ingevolge artikel 79 rekenskap gegee word.”

(i) Geen lid kan minder as 100 aandele in die koöperasie hou nie. Dit is 'n bepaling wat in beginsel reeds vroeër ondersteun is.

(ii) Die skaal van aandeelhouding word geheel en al aan die diskresie van die algemene vergadering oorgelaat. In beginsel lyk dit korrek dat daar in hierdie geval nie 'n vaste skaal in die regulasies voorgeskryf word nie. Die hoeveelheid vrugtelewerings is aan baie meer wisselinge onderhewig as die getal sitrusbome en 'n vaste skaal sou gedurige veranderings in die vereiste aandeelhouding van lede veroorsaak het. Binne perke kan verwag word dat die sitruslewering van individuele lede in verskillende seisoene dieselfde neiging sal vertoon. As die skaal dus verander sou word in geval van 'n buitengewone hoë of lae oes kan daar verwag word dat dit nie groot veranderings in die aandeelhouding van individuele lede sal veroorsaak nie. Ten einde aan lede 'n aanduiding van die maksimum aanspreeklikheid in hierdie verband te verstrek, sou dit wenslik wees om die maksimum van sodanige skaal in die regulasies op te neem, byvoorbeeld een aandeel vir elke 100 kilogram sitrusvrugte aan die koöperasie gelewer.

(iii) Voorsiening word daarvoor gemaak dat die surplus aandeelhouding van lede geheel of *gedeeltelik* ingetrek kan word mits dit nie die totale aandelekapitaal en aandele-uitgifte van die koöperasie sal verminder nie. Dit is 'n interessante bepaling wat dit onnodig maak om vir aandele-oordrag tussen lede te voorsien en wat terselfdertyd gelyke behandeling van alle lede verseker.

(iv) Dit wil voorkom asof daar geen voorsiening bestaan vir die goedkeuring van addisionele boomaanplantings vir opname in die koöperasie nie. Die koöperasie is dus waarskynlik verplig om alle sitrusvrugte wat deur lede aangebied word te aanvaar. Op die moontlike nadele van so 'n toestand is reeds gewys.

Sitruskoöperasie 7. Elke lid van hierdie sitruskoöperasie is verplig om ten minste een aandeel te besit vir elke 25 plukkiste sitrusvrugte aan die koöperasie gelewer. Voordat 'n toekenning

van addisionele aandele egter gemaak word moet aan 'n lid 30 dae geleentheid gegun word om sy aandeletekort aan te vul deur oordrag van 'n lid of lede te verkry wat oor meer as die vereiste hoeveelheid beskik.

In teenstelling met wat die geval by die vorige sitruskoöperasie was, is die skaal van aandeelhouding hier vasgestel en daar bestaan geen spesifieke minimum aandeelhouding per lid nie.

Die implikasies van die eersgenoemde bepaling is duidelik. Indien al die lede van die koöperasie 'n abnormale goeie seisoen het en hulle produksie styg word daar addisionele aandele toegeken. Vir die volgende 15 jaar mag daar normale seisoene volg waartydens die lede steeds daardie surplusse aandele moet hou. Die wysheid van 'n sodanige onbuigsame grondslag word verder bevraagteken indien in gedagte gehou word dat die toekenning van die addisionele aandele eers na afloop van die oes gedoen word. Die betrokke oes is dus reeds gehanteer en die addisionele kapitaaluitgawes, indien enige, reeds aangegaan teen die tyd dat die addisionele kapitaal vanaf die lede aangevra word.

Die bepaling insake die aanvulling van die aandeletekort deur middel van oordrag stem ooreen met die toestand by sekere ander sitruskoöperasies wat reeds bespreek is en vereis op hierdie stadium dus nie verdere kommentaar nie.

Gesien uit die oogpunt van die koöperasie verseker die bepaling stabiliteit en vergroting van die aandeelkapitaal, maar dit lyk ietwat onbillik teenoor die lede, veral in geval van 'n toevallige voorspoedige seisoen.

Soos by die vorige koöperasies word hier ook geen voorsiening gemaak vir die moontlike weiering van addisionele sitrusboomaanplantings vir inskrywing by die koöperasie nie.

Dit is nie duidelik hoe die toekenning van een aandeel vir elke 25 plukkiste sitrusvrugte presies in die praktyk geskied

nie. Geskied dit op basis van een aandeel vir elke voltooide 25 plukkiste (dus een aandeel vir tussen 25 en 49 plukkiste, twee vir tussen 50 en 74 plukkiste, ensovoorts) of is dit een aandeel vir elke 25 plukkiste of gedeelte daarvan (dus een aandeel vir tussen een en 25 plukkiste, twee vir tussen 26 en 49 plukkiste, ensovoorts)?

Sitruskoöperasie 9. Elke lid van hierdie sitruskoöperasie is verplig om minstens soveel aandele te hou as wat voorgeskryf word deur 'n skaal soos bepaal deur die raad van direkteure. Die skaal word jaarliks in heroorweging geneem en word op die gemiddelde sitrusvrugtelewerings van elke lid oor die afgelope twee jaar gegrond. Die maksimum van die skaal word verder beperk tot vyf aandele per ton sitrusvrugte gelewer. In 1969 was die skaal byvoorbeeld een aandeel vir elke 2½ ton sitrusvrugte gelewer.

Soos in die vorige gevalle word die nodige aandele aan 'n lid toegeken indien dit sou blyk dat hy nie oor die vereiste getal beskik nie. Alvorens so 'n toekenning gemaak word, word 'n periode van 30 dae aan die lid gegun om die betrokke aandele deur oordrag van 'n ander lid (lede) te verkry wat oor meer as die vereiste hoeveelheid beskik.

In vergelyking met die ander sitruskoöperasies wat reeds behandel is en wat dieselfde grondslag vir aandeelhouding gebruik, val die volgende aspekte op:

(i) In plaas daarvan om jaarliks die aandeelhouding op die vrugtelewerings van slegs een jaar te grond, word die gemiddelde lewerings oor die afgelope twee jaar geneem. Die prosedure behoort die invloed van fluktuasies as gevolg van abnormale of subnormale oeste grootliks te verminder.

(ii) Die maksimum van die skaal word vasgelê.

(iii) Soos in die geval van die vorige koöperasie is die toepassing van die skaal ook nie baie duidelik nie. Was dit byvoorbeeld in 1969 een aandeel vir elke voltooide 2½ ton vrugte gele-

wer of vir elke 2½ ton of gedeelte daarvan? Hoewel die verskillende vertolkings nie enige noemenswaardige invloed op die aandeelhouding van die individuele lede kan hê nie is dit verkieslik dat sodanige bepalings behoorlik omskryf moet word sodat dit die moontlikheid van 'n verskeidenheid vertolkings uitskakel.

Sitruskoöperasie 13. Die grondslag van aandeelhouding in geval van hierdie sitruskoöperasie verskil van die vorige koöperasie daarin dat die aandeelhouding van elke lid op die gemiddelde sitrusvrugtelewerings deur hom oor die afgelope *drie* jaar gegrond word en dat die maksimum van die skaal tot een aandeel vir elke twee *kissies* sitrusvrugte beperk word.

Omdat die gemiddelde sitrusvrugtelewerings oor drie in plaas van twee jaar geneem word, behoort dit die invloed van fluktuasies as gevolg van ab- of subnormale oeste nog meer te beperk as by die vorige koöperasie.

In beginsel word met die beperking van die maksimum skaal van aandeelhouding saamgestem. Die verwysing na 'n „kissie” is egter baie vaag en kan feitlik enige massa beteken. Die begrip behoort duidelik omskryf te word.

Sitruskoöperasie 18. Elke lid van hierdie sitruskoöperasie moet ten minste so 'n hoeveelheid aandele hou soos wat voorgeskryf word deur 'n skaal van aandeelhouding wat deur die algemene vergadering bepaal word. Die skaal word op die sitrusvrugtelewerings van elke lid gegrond.

Die posisie bestaan dus hier dat daar geen voorsiening vir 'n minimum aandeelhouding per lid gemaak word nie en dat daar ook geen maksimum skaal van aandeelhouding neergelê is nie. Daar word verder ook geen voorsiening gemaak vir die oordrag van surplus aandele van een lid na 'n ander lid wat nie oor die vereiste minimum beskik nie.

Kommentaar is reeds in die vorige paragrafe oor die aangeleenthede uitgespreek, sodat dit nie op hierdie stadium verdere

aandag verg nie.

Samevattend is die posisie dus dat, alhoewel al vyf die voorgenoemde sitruskoöperasies die aandeelhouing van hulle lede op die sitrusvrugtelewerings van elke lid grond, daar in 'n mate beginselverskille tussen die genoemde koöperasies met betrekking tot die aangeleentheid bestaan. In die algemeen word gevoel dat daar voorsiening vir 'n spesifieke minimum aandeelhouing per lid gemaak behoort te word, dat die maksimum skaal van die aandeelhouing in die regulasies neergelê behoort te word, dat die gemiddelde sitrusvrugtelewerings oor twee of meer jare vir die doel van aandeeltoekenning gebruik behoort te word en dat daar voorsiening gemaak behoort te word vir óf die oordrag van aandele tussen lede óf die pro-rata intrekking van surplus aandele deur die koöperasie. In laasgenoemde geval moet daar vanselfsprekend gewaak word teen 'n vermindering in die aandeelkapitaal. Dit kan geskied ooreenkomstig die bepalinge wat in die regulasies van sitruskoöperasie 6 opgeneem is. Daar behoort ook ernstig gewaak te word teen vaaghede in die regulasies wat tot verskillende vertolkings kan lei, terwyl die koöperasies ook op een of ander wyse in 'n posisie gestel behoort te word waarin hulle nie outomaties die sitrusvrugteopbrengste uit alle addisionele boomaanplantings moet aanvaar nie.

(d) Die waarde van sake per lid

Sitruskoöperasie 20. Hierdie sitruskoöperasie grond die aandeelhouing van sy lede op die waarde van sake wat die lede met die koöperasie gedoen het. Van elke lid van die betrokke sitruskoöperasie word verwag om so 'n getal aandele te hou as wat voorgeskryf word deur 'n skaal wat deur die raad van direkteure bepaal word. Die skaal word jaarliks gegrond op die gemiddelde waarde van sake wat elke lid die afgelope tien jaar met die koöperasie gedoen het. Dit word verder uitdruklik bepaal dat die aandeelkapitaal van die koöperasie nooit minder as R20 000 mag beloop nie en dat, onderhewig aan die voorgaande bepaling, geen lid verplig is om meer aandele te hou as wat

deur die skaal voorgeskryf word nie. Sou dit gebeur dan word die betrokke aandele ingetrek en die bedrag daarop opbetaal aan die lid terugbetaal.

Die volgende aspekte val op:

(i) Behalwe dat dit uitdruklik bepaal word dat die totale aandeelkapitaal nie benede R20 000 mag daal nie beskik die raad van direkteure oor volkome vryheid in soverre dit die bepaling van die skaal van aandeelhouding betref. Teoreties is dit vir die raad dus moontlik om in 'n besondere jaar die skaal so vas te stel dat die totale aandeelkapitaal R1 000 000 beloop en dit in die daarop volgende jaar so te wysig dat die totale aandeelkapitaal weer R20 000 bedra. Dit is ongewens dat die aandeelkapitaal van 'n koöperasie aan so 'n mate van onstabiliteit onderhewig is. Dit geld beide uit die oogpunt van die koöperasie en die lid.

(ii) Die begrip *waarde van sake* is nie duidelik omskryf nie en is vir verskillende vertolkings vatbaar.

(iii) Omdat die gemiddelde waarde van sake oor 'n periode van tien jaar as grondslag dien, behoort dit tot gevolg te hê dat groot fluktuasies as gevolg van skielike prysveranderinge of wisselings in die oesopbrengste nie sal voorkom nie.

Daar kan op hierdie stadium met die bogenoemde opmerkings volstaan word. Die meriete van waarde as basis vir aandeelhouding sal op 'n latere stadium in die hoofstuk verdere aandag geniet.

(e) 'n Kombinasie van sitrusbome en sitrusvrugtelewerings per lid

Drie van die sitruskoöperasies waarvoor die betrokke gewens beskikbaar is, grond die aandeelhouding van hulle lede op die hoeveelheid sitrusbome per lid en/of die sitrusvrugtelewerings per lid.

Sitruskoöperasie 2. Elke lid van hierdie sitruskoöperasie is verplig om minstens soveel aandele in die koöperasie te besit soos wat voorgeskryf word deur 'n skaal wat lede jaarliks op 'n algemene vergadering vasstel en wat gegrond is op:

(i) Die getal uitvoerkiste sitrusvrugte of ekwivalent daarvan namens die lid deur die koöperasie gehanteer gedurende sodanige tydperk(e) as waartoe besluit mag word; en/of

(ii) die getal sitrusbome namens die lid deur die koöperasie bespuit of berook.

Alvorens 'n toekenning van addisionele aandele egter gemaak word moet die koöperasie die betrokke lid 'n tydperk van 30 dae gun om die nodige aandele deur oordrag van 'n ander lid of lede te verkry wat oor meer aandele as die vereiste minimum beskik.

Die feitlike posisie is dus hier dat beide die skaal van aandeelhouding (onbeperk) en die grondslag van die skaal (beperk) aan die diskresie van die algemene vergadering oorgelaat word. Aangesien daar geen voorsiening vir die intrekking van enige aandelesurplusse gemaak word nie beteken dit dat die aandeelkapitaal van die koöperasie nie verminder kan word nie selfs al sou die algemene vergadering die skaal van aandeelhouding verlaag. Uit die oogpunt van die koöperasie is daar dus die nodige stabiliteit en aanpasbaarheid by hoër kapitaaleise. Uit die oogpunt van die lid gesien, bestaan daar egter die nadeel van onsekerheid aangaande sy aanspreeklikheid omdat die skaal onbeperk deur 'n gewone meerderheid van stemme uitgebrei kan word.

Sitruskoöperasie 8. Elke lid van hierdie sitruskoöperasie moet minstens soveel aandele in die koöperasie besit soos wat voorgeskryf word deur 'n skaal wat die lede jaarliks op die algemene vergadering sal bepaal en wat gebaseer is op:

(i) Die getal plukkiste sitrusvrugte deur die koöperasie namens die lid gehanteer gedurende so 'n periode as waarop be-

sluit mag word; en/of

(ii) die getal sitrusbome wat deur die lid besit word; welke berekening ookal die hoogste getal aandele sou oplewer.

Alvorens enige aandeletekorte aan die lid toegeken word, word 'n periode van *hoogstens* 30 dae aan hom gegun om die nodige aandele deur oordrag te verkry van 'n ander lid of lede wat meer as die vereiste minimum hou.

Indien dit sou blyk dat 'n lid meer as die vereiste hoeveelheid aandele besit en 'n oordrag van die oortollige hoeveelheid nie gereël kan word nie, mag die raad van direkteure sommige of al die oortollige aandele intrek en die opbetaalde bedrag daarop aan die betrokke lid terugbetaal, maar slegs in soverre as wat die bedrag wat terugbetaal moet word deur nuwe of bykomstige aandeeluitreikings gedek word.

Aspekte wat hier opval is die volgende:

(i) Die berekening wat die hoogste getal aandele in die geval van elke lid lewer, word as basis van aandeelhouding gebruik. Vir lid A mag die basis dus vrugtelewerings wees omdat hy 'n hoër opbrengs per sitrusboom lewer as lid B in wie se geval sitrusbome in besit die basis van aandeelhouding sal wees. Waar verskillende grondslae in kombinasie gebruik word lyk dit logies om so 'n, of 'n soortgelyke bepaling in die regulasies op te neem anders kan hierdie dualistiese berekeningsgrondslag natuurlik ook tot diskriminasie lei. Vergelyk die posisie van lid A wat jong bome het wat nog nie in drag is nie met die posisie van lid B wat dieselfde getal gevestigde bome besit. A maak nog nie gebruik van die fasiliteite van die koöperasie nie en sy aandeelhouding word op sy boombesit gegrond. B maak wel van die verpakkingsfasiliteite gebruik en sy aandeelhouding word op vrugtelewerings gegrond. Van A *mag* nou 'n groter aandeelbesit as van B vereis word. Dit is nie duidelik wat sitruskoöperasie 2 sou doen in geval die toepassing van die verskillende grondslae, verskillende hoeveelhede aandele sou

oplewer nie. Geld die hoogste of laagste getal deurgaans of geld die hoogste getal in geval van een lid en die laagste getal in die geval van 'n ander lid?

(ii) 'n Geleentheid van hoogstens 30 dae word aan lede gegun om hulle aandeletekort deur oordrag aan te vul; dit beteken van nul tot 30 dae. Sodanige vaagheid behoort uitgeskakel te word.<sup>1)</sup>

Wat die posisie in die algemeen betref geld dieselfde opmerkings as wat by die vorige koöperasie aangaande stabiliteit, aanpasbaarheid en onsekerheid gemaak is.

Sitruskoöperasie 17. Die bepalings insake aandeelhouding in die geval van hierdie sitruskoöperasie verskil van sitruskoöperasie 2 slegs daarin dat die skaal van aandeelhouding op die volgende gegrond word:

(i) Die getal plukkiste sitrusvrugte namens elke lid deur die koöperasie gehanteer gedurende sodanige tydperk(e) as waarop besluit mag word; en/of

(ii) die getal sitrusbome in die besit van elke lid.

Dieselfde kommentaar as wat in die geval van sitruskoöperasie 2 gelewer is, is verder ook hier van toepassing.

In die algemeen stem die bepalings in verband met aandeelhouding in breë trekke ooreen by die sitruskoöperasies wat hulle aandeelhouding op 'n kombinasie van sitrusvrugtelewerings en sitrusbome grond. Die bepalings verseker 'n stabiele aandeelkapitaal wat maklik uitgebrei kan word by hoër kapitaaleise. Die laasgenoemde aspek hou vir die lede egter die nadeel van onsekerheid in verband met toekomstige aandeel-aanspreeklikheid in.

---

1) Kyk ook vorige opmerkings by sitruskoöperasie 4 in hierdie verband.

(f) 'n Kombinasie van sitrusbome en die waarde van sake per lid

Sitruskoöperasie 3. Hierdie koöperasie grond die aandeelhouding van sy lede op 'n kombinasie van die sitrusbome en die waarde van sake per lid.

Elke lid van hierdie sitruskoöperasie moet, afhanges van watter die meeste is, 6f 250 aandele hou 6f so 'n getal aandele soos wat voorgeskryf word deur 'n skaal wat jaarliks deur die algemene vergadering vasgestel word op grond van:

(i) Die netto waarde van produkte namens hom deur die koöperasie verkoop; en/of

(ii) die getal sitrusbome in sy besit.

Alvorens enige aandeletekorte aan 'n lid toegeken word moet 'n periode van *hoogstens* 30 dae aan hom gegun word om sy aandeletekort deur middel van oordrag van 'n ander lid of lede wat oor meer as die verlangde hoeveelheid aandele beskik, aan te vul.

Opvallend is hier dat die tydperk(e) waaroor die netto waarde van sake geneem moet word, nie aangedui word nie. Strek dit byvoorbeeld oor die finansiële jaar van die koöperasie of oor 'n kalenderjaar, is dit 'n gemiddelde syfer oor twee of meer jare of wat? Hier bestaan dus weer 'n vaagheid in die bepaling wat so tipies is van die geval by baie van die sitruskoöperasies se regulasies rakende aandeelhouding.

'n Verdere aspek wat opval is dat slegs die netto waarde van produkte namens die lid verkoop, vir die doeleindes van aandeelhouding gebruik word. Sou dit nie logies wees om hier ook die waarde van boerderybenodighede en dienste verskaf, in aanmerking te neem nie? Die verskaffing van boerderybenodighede en dienste vereis immers ook kapitaal. Daar kan aangevoer word dat dit lede sal weerhou om hulle benodighede van die koöperasie aan te koop indien hulle aandeelhouding gedeel-

telik op die waarde van hierdie aankope gegrond word. Dit is waarskynlik 'n geldige argument. Die prysvoordele (direk of in die vorm van omsetbonusse) wat die lid by die koöperasie geniet behoort egter van so 'n aard te wees dat dit die lid ten minste vir meer as sy kapitaalbydrae kompenseer. As dit nie die geval is nie dan behoort die koöperasie nie daardie diens te lewer nie. As dit wel die geval is dan behoort die koöperasie nie probleme te ondervind met lede wat afvallig word nie.

Soos in sommige van die direk voorafgaande gevalle is dit ook nie duidelik hoe die grondslae presies in die praktyk toegepas word nie. Geld die grondslag wat die hoogste of laagste getal aandele vereis, of kan dit na diskresie toegepas word?

Kritiek moet ook weer eens uitgespreek word teen die vaagheid oor die presiese tydperk wat vir die oordrag van aandele toegelaat word. „Hoogstens 30 dae” laat heelwat diskresie aan die raad van direkteure.

In die algemeen geld hier dieselfde kommentaar oor stabiliteit, aanpasbaarheid en onsekerheid as wat in die direk voorafgaande gevalle gelewer is.

(g) 'n Voorgeskrewe spesifieke minimum aandeelhouding per lid

Sitruskoöperasie 21. Hierdie koöperasie vereis nie aandeelhouding op 'n „transaksiegrondslag” nie maar vereis slegs dat elke lid ten minste 50 aandele in die koöperasie moet hou.

Die voordeel van hierdie bepaling is in die eenvoud daarvan geleë, maar dit is hoogs twyfelagtig of dit vir die nadele daarvan kan vergoed. Dit is moeilik om in te sien hoe die koöperasie ooit 'n redelik groot aandelekapitaal sal opbou, want hoeveel lede, indien enige, sal vrywilliglik meer as die minimum tot die aandelekapitaal bydra? Die koöperasie sal dus

waarskynlik swaarder op die ander vorme van *eie* kapitaal moet steun om enigsins 'n gesonde finansiële struktuur te kan verseker. Ook lyk dit onregverdig om van die kleiner lede dieselfde bydrae tot die aandeelkapitaal as van die groteres te verwag; daar behoort ten minste 'n verband te bestaan tussen die potensiële gebruik van die koöperasie se fasiliteite en die betaling vir die daarstelling daarvan.<sup>1)</sup> Opvoedingswerk mag miskien die gewenste resultaat lewer, maar dit sal moeilik gaan om alle lede te oortuig van die noodsaaklikheid om meer as die absolute minimum getal aandeel op te neem.

(h) Geen voorskrifte met betrekking tot aandeelhouing

Sitruskoöperasie 14. Hierdie koöperasie lê geen voorskrifte met betrekking tot aandeelhouing neer nie, behalwe dat elke lid moet aansoek doen vir die hoeveelheid aandeel wat hy wil opneem.

Hier geld in die algemeen dieselfde kommentaar as in die vorige geval, behalwe dat dit vir hierdie koöperasie nog moeiliker sal wees om 'n redelike sterk aandeelkapitaal op te bou.

(i) Beoordeling en samevatting

Die meeste primêre sitruskoöperasies vereis dat hulle lede aandeel op 'n „transaksiegrondslag” hou. Die begrip „transaksiegrondslag” word egter nie deur al die betrokke sitruskoöperasies op dieselfde wyse vertolk nie.

*Agt* van die sitruskoöperasies grond die aandeelhouing van hulle lede op die hoeveelheid sitrusbome in die besit van elke lid; *vyf* koöperasies gebruik die sitruslewerings van elke lid as grondslag; *een* die waarde van sake per lid; *drie*

---

1) Soos vroeër aangetoon is dit in *wese* nie verkeerd as sommige kapitaalkragtige lede bereid is om die grootste gedeelte van die benodigde aandeelkapitaal te verskaf nie. Kapitaalvergoeding by die koöperasie is egter laag sodat dit nie maklik sal wees om sodanige lede te vind nie. Die meeste boere is ook nie baie kapitaalkragtig nie.

gebruik 'n kombinasie van sitrusbome en sitrusvrugtelewerings per lid en *een* 'n kombinasie van sitrusbome en die waarde van sake per lid.

Een van die sitruskoöperasies skryf in sy regulasies slegs 'n spesifieke minimum aandeelhouding, naamlik 50 aandele per lid voor, terwyl een geen voorskrifte met betrekking tot die hoeveelheid aandele per lid neerlê nie. Ongelukkig kon die besonderhede aangaande die grondslag van aandeelhouding ten opsigte van die oorblywende sitruskoöperasie nie bekom word nie.

Agtien van die twintig sitruskoöperasies waarvoor die nodige inligting bekom is, het dus die aandeelhouding van hulle lede op 'n transaksiegrondslag gegrond. Alhoewel hierdie koöperasies in vyf breë groepe verdeel is op grond van die spesifieke grondslag (sitrusbome, sitrusvrugtelewerings, waarde van sake, 'n kombinasie van sitrusbome en sitrusvrugtelewerings en 'n kombinasie van sitrusbome en waarde van sake) wat vir aandeeltoekennings geld, is daar gevind dat daar in 'n mindere of meerdere mate verskille tussen die koöperasies binne dieselfde groepe bestaan. Hierdie verskille is hoofsaaklik ten opsigte van die vasstelling van die skaal van aandeelbesit (vasgelê in die regulasies, diskresie van die raad van direkteure of diskresie van die algemene vergadering), die omvang van die skaal (een aandeel per sitrusboom, drie aandele per sitrusboom, ensovoorts), besonderhede rakende die oordrag en intrekking van aandelesurplusse en die vaslegging van definitiewe minimum en maksimum grense van die aandeelbesit per lid.

Alhoewel dit moeilik is om 'n definitiewe oordeel aangaande die meriete van die vyf verskillende basisse uit te spreek sal enkele opmerkings oor die aangeleentheid op die huidige stadium nie onvanpas wees nie.

Ten einde 'n oordeel te kan uitspreek is dit egter eers nodig om volkome duidelikheid te kry oor die doel van aandeel-

houding op transaksiegrondslag. Die Kommissie van Onderzoek<sup>1)</sup> merk in hierdie verband soos volg op: „Op die kapitaalinbreng toegepas, beteken dit dat 'n lid se aandeel in die eie kapitaal aan sy gebruik van die organisasie se dienste eweredig moet wees ... Hierdie gedagtegang lyk veral om praktiese redes aantreklik ... Maar dit is ook prinsipiëel aantreklik, omdat dit die lid se verpligtinge meet na die gebruik wat hy van die kooperasie maak en dus na die voordeel wat hy daaruit staan te trek as dit 'n sukses is ...”

Die Koöperatiewe Raad<sup>2)</sup> merk weer soos volg op „... Dit is derhalwe logies dat van lede verwag kan word om aandele in verhouding tot die mate van deelname uit te neem. Lede is verantwoordelik vir die finansiering van 'n koöperasie en kapitaalbydraë op die grondslag van gebruikmaking van die koöperasie is billik en koöperatief korrek.”

Uit die bogenoemde twee aanhalings wil dit blyk dat die doel met aandeeltoekenning op 'n transaksiegrondslag is om die bydraë van lede tot die aandelekapitaal in verhouding te bring tot hulle *gebruik* van die dienste en fasiliteite van die koöperasie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die koöperasie sekere fasiliteite vir die lid daar kan stel, en in werklikheid moreel en wetlik verplig is om dit daar te stel, maar dat die lid of lede doelbewus of om redes buite hulle beheer nie van daardie fasiliteite *gebruik* maak nie. Beteken dit dan dat die betrokke lede nie kapitaal tot die daarstelling van die fasiliteite moet bydra nie? Om hierdie rede wil dit voorkom asof *die doel met aandeeltoekenning op 'n „transaksiegrondslag” (proporsionaliteitsbasis)* eerder is, of immers behoort te wees, om toe te sien dat lede tot die aandelekapitaal bydra in verhouding tot die kapitaalbehoefte wat deur hulle lidmaatskap van die koöperasie geskep word. Word die doel so gesien, beteken dit dat die lede in verhouding moet bydra tot die fasili-

1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.69.

2) Die Koöperatiewe Raad, *op.cit.*, p.87.

teite wat vir hulle gebruik daargestel is of hulle daardie fasiliteite ten volle, gedeeltelik of gladnie gebruik nie. Hoe die doel egter ookal gesien word, *in die praktyk sal dit nooit moontlik wees om die bydrae tot die aandelekapitaal deur elke lid presies in verhouding tot óf sy gebruik óf sy skepping van kapitaalbehoefte te bring en te hou nie.*<sup>1)</sup> Gebruik of skepping van kapitaalbehoefte is nooit presies meetbaar nie en is ook aan wisselings onderhewig.

Met die bogenoemde in gedagte kan die meriete van die verskillende grondslae van aandeelhouding wat deur die sitruskoöperasies gebruik word, nou beoordeel word.

In hoofstuk 4 is die belangrikste faktore wat die kapitaalbehoefte van die sitruskoöperasies beïnvloed, bespreek. Uit die bespreking was dit duidelik dat, gesien uit die oogpunt van die beïnvloeding van die kapitaalbehoefte deur die lid, die boomgetalle en die *potensiële* oesopbrengs per boom die belangrikste faktore is, veral in soverre dit die behoefte aan vaste en duursame vlottende kapitaal betref. Die daarstelling van verpakkingsfasiliteite (geboue, grond, masjinerie en voertuie), die aanskaffing van minimum pakmateriaalvoorrade en die aanstelling van permanente personeel berus byvoorbeeld almal grotendeels op die grootte van die verwagte sitrusoes(te) wat binne die afsienbare toekoms gehanteer moet word en laasgenoemde word oor 'n termyn van een jaar en langer feitlik geheel en al deur die hoeveelheid sitrusbome en die *potensiële* oesopbrengs per sitrusboom bepaal.

Dit wil dus voorkom asof 'n grondslag vir aandeeltoekening wat op die hoeveelheid sitrusbome per lid gegrond is, die verkieslikste is. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit nie net die hoeveelheid sitrusbome per lid is wat die kapitaalbehoefte beïnvloed nie, maar ook die *potensiële* oesopbrengs per sitrusboom. Laasgenoemde hang onder andere weer af van

---

1) Kyk in hierdie verband ook die opmerkings van die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.143.

die ouderdom van die betrokke sitrusboom en die variëteit waaraan dit behoort. 'n Skaal van aandeelhouding wat differensieer tussen bome van verskillende ouderdomme en variëteite sal dus verkieslik wees bo 'n skaal waarin alle sitrusbome van verskillende ouderdomme en variëteite oor dieselfde kam geskeer word. Soos reeds gesien differensieer sommige van die sitruskoöperasies wat hul aandeelhouding op die hoeveelheid sitrusbome grond, wel tussen bome van verskillende ouderdomsgroepe. Nie een van die betrokke sitruskoöperasies differensieer egter op grond van verskillende variëteite nie.

'n Duidelike nadeel van die hoeveelheid sitrusbome per lid as grondslag vir aandeeltoekenning is daarin geleë dat dit die kapitaalbydrae van die lid slegs grond op die kapitaalbehoefte wat direk in verband staan met die bemarking van sitrusvrugte. Die meeste sitruskoöperasies verrig egter ook ander dienste en lede maak nie noodwendig van die bemarkingsdiens en die ander dienste in dieselfde verhouding gebruik nie. Soos reeds gesê is dit in die praktyk egter onmoontlik om die kapitaalbydrae presies te sinchroniseer met die kapitaalbehoefte wat die lid skep. Gesien ook in die lig daarvan dat sitrusbemarking op verre na die belangrikste funksie by die betrokke koöperasies is, is hierdie nadeel gering, veral as daar voorsien word vir 'n vaste minimum aandeelhouding per lid afgesien van die hoeveelheid, ouderdom en variëteit sitrusbome waaroor hy beskik.

Die sitrusvrugtelewerings per lid kan, maar sal waarskynlik slegs by wyse van uitsondering in direkte verband tot die skepping van kapitaalbehoefte deur die lid, staan. Dit geld veral vir die vaste kapitaalbehoefte wat soos reeds aangetoon, uitsluitlik van die oesleweringspotensiaal van die sitrusbome afhang, maar ook in 'n mindere mate vir die vlottende kapitaalbehoefte. Verskeie faktore kan meebring dat die werklike vrugtelewerings aansienlik kan verskil van die leweringspotensiaal. Faktore wat hier ter sprake kom is onder andere die bewerkingspraktyke wat deur die lid gevolg word, goeie of swak klimaatsomstandighede, getrou- of ontrouheid van lede, grond-

tipes, ensovoorts.

Die vrugtelewerings per lid hou wel 'n direkte verband met sy *gebruik* van die koöperasie se fasiliteite vir sitrusbe-marking. Soos reeds aangetoon hou gebruik egter min verband met die skepping van kapitaalbehoefte. Dit geld vir sowel die omvang van die kapitaalbehoefte as vir die tydstip waarop dit ontstaan. Die vrugtelewerings van 'n lid kan eers aan die einde van 'n seisoen vasgestel word, dit wil sê na die gebruik van die fasiliteite. Die kapitaalinvesterings is dus alreeds aangegaan (in 'n groot mate reeds vir etlike jare) voordat die lid se kapitaalbydrae bereken kan word. Die beste voorbeeld hiervan is 'n lid wat vir die eerste keer begin produseer. Volgens sy boompotensiaal kan verwag word dat hy  $x$  eenhede vrugte in die besondere jaar sal lewer. Die nodige verpakkingsfasiliteite vir die hantering van die oes asook verpakkingsmateriaal ensovoorts, moet voor die lewering van die oes beskikbaar wees. Om redes binne of buite sy beheer lewer hy nou  $(x-y)$  of  $(x+y)$  eenhede gedurende die seisoen. Die werklike lewerings is eers aan die einde van die seisoen bekend en aandele kan nou eers aan hom toegeken word. Beide die tydstip en die omvang van die kapitaalbydrae stem dus nie ooreen met die betrokke kapitaalinvesterings nie.

'n Verdere nadeel van die sitrusvrugtelewerings per lid as grondslag vir aandeletoekenning is dat dit jaarliks aan groot skommelings onderhewig kan wees en dat dit as sodanig administratiewe probleme kan skep, veral in geval van 'n vaste aandeleskaal. Die probleem kan soos ook reeds aangetoon, in 'n mate verminder word deur die gemiddelde vrugtelewerings oor 'n aantal jare as grondslag te gebruik.<sup>1)</sup> Hoe langer die tydperk hoe nader behoort die syfer aan die teoretiese leweringspotensiaal te kom.

In geval waar die sitrusvrugtelewerings per lid as grond-

1) Kyk ook die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.142-143, waarin die prosedure aanbeveel word.

slag gebruik word, geld ook dieselfde beswaar as in die geval waar die hoeveelheid sitrusbome as basis gebruik word, naamlik dat slegs die kapitaalbehoefte wat deur die bemerking van sitrusvrugte geskep word in aanmerking kom. Die aspek vereis nie verdere bespreking nie.

Die waarde van sake per lid as grondslag vir die berekening van aandeelhouding het weinig meriete aangesien dit nóg in direkte verband met die gebruik nóg in direkte verband met die skepping van die kapitaalbehoefte staan. Waarde, en hier word veronderstel netto waarde, hang van prys, hoeveelheid en koste af.

Die verband tussen vrugtelewerings (hoeveelheid) en kapitaalbehoefte het reeds die aandag geniet en word nie verder bespreek nie. Die pryselement hou nog minder met die kapitaalbehoefte verband as die hoeveelheidselement. Pryse wissel gedurig en hang onder andere af van die variëteit en kwaliteit van die vrugte gelewer en verder van die algemene vraag na en aanbod van sitrusvrugte; almal faktore wat niks met die gebruik van die koöperasie se fasiliteite of die skepping van kapitaalbehoefte te make het nie.

'n Verband tussen koste, gebruik en kapitaalbehoefte bestaan in hierdie geval ook nie. Veronderstel die prys van een uitvoerkis valensialemoene is R3,00, die koste R2,00 en die netto waarde dus R1,00. Veronderstel verder dat die prys van een uitvoerkis Nawellemoene ook R3,00 is; die koste R2,50 en die netto waarde dus R0,50. Albei kiste vrugte het dieselfde hantering geverg (fasiliteite gebruik), die pakmateriaal van die nawellemoene was egter duurder (dit het meer kapitaal geverg). Nogtans sal die lid wat die valensialemoene gelewer het dubbeld die bydrae van die lid wat die nawellemoene gelewer het tot die aandelekapitaal moet maak. Daar skyn min logika in so 'n grondslag te wees.

Die enigste meriete van die waarde van sake per lid as

grondslag vir aandeelhouding is dat dit 'n metode skeep om die gebruik wat 'n lid maak van die ander dienste wat die sitruskoöperasies bied, by die toekenning van aandele in berekening te bring. Selfs in hierdie gevalle is dit twyfelagtig of die waarde van sake 'n goeie maatstaf van die gebruik en/of veral die skepping van kapitaalbehoefte is.

Wat die kombinasiegrondslae van sitrusvrugtelewerings plus sitrusbome en die waarde van sake plus sitrusbome betref, is daar na bogenoemde bespreking weinig te sê behalwe dat die grondslae slegs soveel meriete kan hê as die onbevredigendste element daarin. Die getal sitrusbome per lid blyk die beste grondslag te wees en deur dit met ander grondslae wat minder bevredigend is te kombineer, word die meriete daarvan net verwater.

Alhoewel die verskillende grondslae vir aandeelhouding wat tans by die sitruskoöperasies, wat aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag vereis, in gebruik is, almal sekere na- en voordele het, word die getal sitrusbome van elke lid as die beste grondslag beskou. Skrywer is derhalwe van mening dat

*(i) die sitruskoöperasies die aandeelhouding van hulle lede op die getal sitrusbome waarvoor elke lid beskik moet grond en dat die skaal van sodanige aandeelhouding in die regulasies van die betrokke koöperasie neergelê moet word; en*

*(ii) daar in die skaal van aandeelhouding gedifferensieer moet word tussen sitrusbome van verskillende ouderdomme en variëteite.*

Die regulasies behoort in elk geval vir die volgende te voorsien, watter grondslag ookal in gebruik is:

*(i) 'n Definitiewe minimum grens van aandeelhouding per lid (byvoorbeeld 50 aandele) maar nie vir 'n maksimum grens nie;*

*(ii) die oordrag van surplusaandeelhouding van lede volgens*

die skaal, na lede wat nie oor die vereiste hoeveelheid aandele beskik nie en die bepaling van 'n spesifieke periode waartydens sodanige oordragte mag geskied;

(iii) die geheel of gedeeltelike intrekking van die surplus-aandeelhouding van lede en die terugbetaling van die bedrae daarop betaal aan die betrokke lede, mits dit nie 'n vermindering van die uitgereikte aandele en opbetaalde aandelekapitaal tot gevolg sal hê nie;

(iv) in die gevalle waar van toepassing, 'n beperking van die diskresionêre magte van die raad van direkteure of algemene vergadering in die vasstelling van die skaal van aandeelbesit deur die maksimum omvang van die skaal in die regulasies vas te lê. Die doel hiermee is om die lid ten minste sekerheid aangaande sy maksimum toekomstige aanspreeklikheid in hierdie verband te gee;

(v) die uitskakeling van verskillende vertolkings van dieselfde begrip deur duidelike omskrywings van die betrokke begrippe te gee; en

(vi) die weiering van addisionele sitrusaanplantings van lede vir opname in die koöperasie in gevalle waar dit tot die ooreising van bestaande fasiliteite en/of onekonomiese uitbreidings aanleiding sou gee.

Die regulasies behoort met ander woord minstens te voorsien vir stabiliteit van die aandelekapitaal en die gelyke en regverdige behandeling van lede. Dit moet ook aan die lid sekerheid in verband met sy maksimum toekomstige aanspreeklikheid met betrekking tot aandeelhouding gee.

Ten slotte word daar eers in tabel 5.8 'n vergelyking tussen die aandeelhouding by die verskillende sitruskoöperasies getref ten einde vas te stel of die gebruik van verskillende grondslae en die verskillende gebruike van dieselfde grondslag tot belangrike verskille in die aandeelhouding by die koöperasies aanleiding gee, waarna daar in tabel 5.9 na 'n moontlike verband tussen die grondslag van aandeelhouding deur 'n koöpe-

Tabel 5.8

'n Vergelyking tussen die aandeelhouding by die primêre sitruskoöperasies en hulle ledetalle, sitrusbome, vrugtelewerings en omset

Grondslag vir aandeelhouding/ Sitruskoöperasie	Maatstawwe									
	Getal aandele per lid			Getal aandele per sitrusboom	Sitrusvrugtelewerings per aandeel			Totale omset per aandeel		
	1969	1970	Gemiddeld 1969 en 1970	1970	1969 kg	1970 kg	Gemiddeld 1969 en 1970 kg	1969 R	1970 R	Gemiddeld 1969 en 1970 R
<b>(a) Sitrusbome per lid</b>										
1	2 874	2 730	2 802	1,39	50	48	49	2,72	2,99	2,85
4	2 028	2 109	2 068	0,67	110	105	107	4,99	6,62	5,81
5	1 006	1 020	1 013	0,42	64	64	64	3,41	3,18	3,29
10	581	576	579	0,32	183	146	165	8,64	9,18	8,91
11	1 061	1 061	1 061	0,33	91	113	102	6,86	7,81	7,33
12	1 395	1 502	1 447	0,82	80	52	66	3,75	2,71	3,23
15	900	961	929	0,15	58	143	100	7,37	7,61	7,49
16	2 056	2 075	2 065	1,30	55	51	53	2,33	2,81	2,57
<b>Gemiddeld per sitruskoöperasie</b>	<b>1 488</b>	<b>1 504</b>	<b>1 496</b>	<b>0,68</b>	<b>86</b>	<b>90</b>	<b>88</b>	<b>5,01</b>	<b>5,36</b>	<b>5,19</b>
<b>(b) Sitrusvrugtelewerings per lid</b>										
6	1 160	1 179	1 170	0,27	125	154	140	7,03	12,56	9,79
7	225	207	216	0,12	347	257	302	28,49	36,41	32,41
9	111	239	172	Nie beskikbaar	560	368	434	45,38	35,78	39,06
13	1 583	3 217	2 366	1,13	178	103	129	7,56	9,43	8,78
18	389	388	388	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	7,61	5,87	6,75
<b>Gemiddeld per sitruskoöperasie</b>	<b>694</b>	<b>1 046</b>	<b>863</b>	<b>0,51</b>	<b>303</b>	<b>221</b>	<b>251</b>	<b>19,22</b>	<b>20,01</b>	<b>19,36</b>
<b>(c) Waarde van sake per lid</b>										
20	424	395	408	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar
<b>(d) Sitrusbome en sitrusvrug- telewerings per lid</b>										
2	880	880	880	0,59	80	81	80	4,82	7,47	6,15
8	1 123	1 158	1 141	0,58	74	89	82	5,21	5,08	5,15
17	2 029	2 085	2 057	0,43	256	264	260	10,82	15,61	13,21
<b>Gemiddeld per sitruskoöperasie</b>	<b>1 344</b>	<b>1 374</b>	<b>1 359</b>	<b>0,53</b>	<b>137</b>	<b>145</b>	<b>141</b>	<b>6,95</b>	<b>9,39</b>	<b>8,17</b>
<b>(e) Sitrusbome en waarde van sake per lid</b>										
3	1 402	1 532	1 467	0,53	88	75	81	6,65	4,94	5,76
<b>(f) Spesifieke minimum aan- deelhouding voorgeskryf</b>										
21	1 269	1 289	1 279	Nie beskikbaar	70	Nie be- skikbaar	Nie be- skikbaar	5,22	3,82	4,52
<b>(g) Geen voorskrifte</b>										
14	189	189	189	0,06	600	675	637	37,65	67,87	52,76
<b>(h) Onbekend</b>										
19	2 186	2 139	2 163	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar
<b>Gemiddeld per sitruskoöperasie Vir alle sitruskoöperasies</b>	<b>1 184</b>	<b>1 282</b>	<b>1 233</b>	<b>0,57</b>	<b>171</b>	<b>164</b>	<b>168</b>	<b>10,87</b>	<b>13,04</b>	<b>11,88</b>

Volgens die gegewens in tabel 5.8 gee die gebruik van verskillende grondslae van aandeelhouding en die verskillende gebruike van dieselfde grondslag in die meeste gevalle aanleiding tot aansienlike verskille in die aandeelhouding by die verskillende sitruskoöperasies.

Volgens al die verskillende maatstawwe geoordeel het die sitruskoöperasies wat hulle aandeelhouding op die hoeveelheid sitrusbome per lid grond die hoogste aandeelhouding vereis. Gemiddeld per sitruskoöperasie was die aandeelhouding per lid vir hierdie groep koöperasies 1 488 in 1969 en 1 504 in 1970 (gemiddeld 1 496 vir die twee jaar), die getal aandele per sitrusboom 0,68 in 1970, die massa sitrusvrugtelewerings per aandeel onderskeidelik 86 kilogram en 90 kilogram vir 1969 en 1970 en die totale omset per aandeel onderskeidelik R5,01 en R5,36 vir 1969 en 1970.

Teenoor hierdie groep sitruskoöperasies staan die groep wat hulle aandeelhouding suiwer op die sitrusvrugtelewerings per lid grond en wat as groep die laagste aandeelhouding vereis. Volgens die maatstaf van getal aandele per lid het hierdie sitruskoöperasies gemiddeld 694 aandele in 1969 en 1 046 aandele in 1970 vereis, terwyl die getal aandele per boom 0,51 in 1970, die massa sitrusvrugtelewerings per aandeel onderskeidelik 303 kilogram en 221 kilogram in 1969 en 1970 en die totale omset per aandeel onderskeidelik R19,22 en R20,01 in 1969 en 1970 beloop het.

Tussen die individuele sitruskoöperasies binne dieselfde groep bestaan daar ook aansienlike verskille met betrekking tot die aandeelhouding. Vergelyk byvoorbeeld sitruskoöperasie 1 met 'n aandeelhouding van 1,39 aandele per sitrusboom en sitruskoöperasie 15 met 'n aandeelhouding van 0,15 aandele per sitrusboom.

Sitruskoöperasie 14 wat geen voorskrifte in verband met aandeelhouding het nie, het relatief gesproke, 'n lae aandeel-

houding volgens al die maatstawwe. Dit toon dat lede nie vry-willig tot hoë aandeelhouding geneigd is nie.

Tabel 5.9

Die verband tussen die grondslag van aandeelhouding by die sitruskoöperasies en hulle ligging

Basis van aandeelhouding \ Streek	Oos-Kaap	Wes-Kaap	Oos-Transvaal	Noord-Transvaal	Wes-Transvaal	Natal	Totaal
Bome			4	3	1		8
Vrugtelewering	2	1	1			1	5
Waarde van sake	1						1
Bome/Vrugtelewering	1		1		1		3
Bome/Waarde						1	1
Minimum aandeel				1			1
Geen voorskrif	1						1
Geen besonderhede				1			1
Totaal	5	1	6	5	2	2	21

Dit blyk uit tabel 5.9 dat die sitrusvrugtebome as grondslag van aandeelhouding slegs deur die sitruskoöperasies in Transvaal gebruik word. Vier van die ses koöperasies in Oos-Transvaal, drie van die vier in Noord-Transvaal waarvoor die besonderhede beskikbaar was en een van die twee koöperasies in Wes-Transvaal gebruik hierdie grondslag. Die sitrusvrugtelewering word as grondslag deur koöperasies in die Oos-Kaap (twee), Wes-Kaap (een), Oos-Transvaal (een) en Natal (een) gebruik. Die koöperasie wat die waarde van sake as grondslag gebruik is in die Oos-Kaap geleë, asook die een wat geen voorskrifte met betrekking tot aandeelhouding het nie. 'n Kombinasie van sitrusvrugtelewering en sitrusbome word deur een koöperasie elk in Oos-Kaap, Oos-Transvaal en Wes-Transvaal aangewend, terwyl die koöperasie wat slegs 'n minimum aandeelhouding per lid voorskryf in Noord-Transvaal geleë is. Die kombinasie van sitrusbome en waarde van sake as grondslag word deur een van die koöperasies in Natal gebruik. Die bogenoemde neigings berus waarskynlik op niks meer as persoonlike voorkeure of gewoonte in 'n besondere streek nie.

(4) Voorwaardelike aanspreeklikheid

Die regulasies van die meeste primêre sitruskoöperasies maak daarvoor voorsiening dat aandele met 'n voorwaardelike aanspreeklikheid daaraan verbonde deur die rade van direkteure aan lede of applikante vir lidmaatskap wat *vrywillig* daarop inteken, uitgereik kan word. Die prosedure en voorwaardes van sodanige uitreiking geskied in al die betrokke gevalle ooreenkomstig die bepalings van die Modelstatuut<sup>1)</sup> en Wet, behalwe dat die hoogste bedrag van sodanige voorwaardelike aanspreeklikheid by die koöperasies wissel.

Tydens die periode wat deur hierdie studie gedek word, is daar slegs deur een van die sitruskoöperasies aandele met voorwaardelike aanspreeklikheid uitgereik, wat daarop dui dat dit nie 'n algemene praktyk is nie.

In tabel 5.10 word die hoogste bedrag van die voorwaardelike aanspreeklikheid aangetoon wat aan aandele wat deur die sitruskoöperasies uitgereik word, verbonde kan wees.

Tabel 5.10

Die hoogste bedrag van die voorwaardelike aanspreeklikheid verbonde aan die aandele van die primêre sitruskoöperasies

Hoogste bedrag van voorwaardelike aanspreeklikheid R	Getal sitruskoöperasies	
	T.o.v. elke bedrag	Progressief
Geen	1	1
2,00	1	2
2,50	1	3
100,00	1	4
200,00	9	13
1 000,00	3	16
1 400,00	1	17
2 000,00	2	19
10 000,00	1	20 <sup>2)</sup>

- 1) Modelstatuut, *op.cit.*, artikels 35-38, asook die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*, artikel 21(1) en (2).
- 2) Besonderhede kon slegs t.o.v. twintig van die 21 sitruskoöperasies verkry word.

Die inligting wat in die tabel vervat is, is vanselfsprekend en vereis nie verdere verduideliking nie.

(5) Seggenskap in die leiding

Die stemreg per lid (aandeelhouer) in die geval van koöperasies word in die reël tot een stem beperk, maar in sommige gevalle word daar addisionele stemme op „transaksiegrondslag” aan lede toegeken. Die maksimum van sodanige addisionele stemme word egter tot vier beperk en dit beteken dat geen lid van 'n koöperasie oor meer as vyf stemme kan beskik nie. Waar 'n saak op enige vergadering van die lede van 'n koöperasie deur die opsteek van hande beslis word, word die stemreg egter tot een stem per lid beperk; addisionele stemreg kom dus slegs ter sprake by 'n hoofdelike stemming.<sup>1)</sup>

Daar kan min twyfel bestaan dat die toekenning van addisionele stemreg op transaksiegrondslag geregverdig is waar 'n koöperasie sy aandeelhouding op transaksiegrondslag grond en/of waar hy ook van 'n roterende ledeheffingsfonds gebruik maak. Dit lyk immers alleen regverdig dat die persoon wat die groter kapitaalrisiko loop ook die groter seggenskap in die leiding het.<sup>2)</sup> Daar kan ook verwag word dat die persoon wat relatief groot gebruik van die koöperasie se fasiliteite maak, meer belang by die gesonde voortbestaan van die onderneming sal hê as die persoon wat min of gladnie van die fasiliteite gebruik maak nie.

Wat die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika betref, word gevind dat sommige van die koöperasies wel addisionele stemreg op „transaksiegrondslag” aan hulle lede toeken. Dit is nogtans opvallend dat heelwat van die koöperasies wat hulle aandeelhouding wel op transaksiegrondslag grond, die stemreg van lede tot een stem per lid beperk. Daarenteen voorsien een

1) Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*, artikel 39(1).

2) Kyk ook Verslag van die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, pp.144-145, waarin die standpunt ook verdedig word.

van die koöperasies wel vir addisionele stemreg, alhoewel hy nie aandeelhouding op „transaksiegrondslag” vereis nie. Laasgenoemde is, soos aangetoon, volkome gefundeerd.

Tabel 5.11 bevat besonderhede aangaande die toekenning van stemreg aan lede deur die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika.

Tabel 5.11

Die toekenning van stemreg aan lede deur die primêre sitruskoöperasies

Aandeletoekenning op:	Getal sitruskoöperasies		
	Addisionele stemreg	Een stem	Totaal
Transaksiegrondslag	8	10	18
Ander grondslag	1	1	2
Totaal	9	11	20 <sup>1)</sup>

Nege van die twintig sitruskoöperasies ken addisionele stemme aan lede toe, terwyl elf dit nie doen nie. Tien van die agtien sitruskoöperasies wat aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag vereis, laat slegs een stem per lid toe, terwyl dit by een van die twee sitruskoöperasies wat nie aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag vereis nie, ook die geval is.

Afgesien van die twee sitruskoöperasies in Natal wat slegs een stem per lid toelaat en die koöperasie in die Wes-Kaap wat addisionele stemreg toelaat, sorteer die koöperasies in die ander streke onder beide groepe.

Die toekenning van addisionele stemreg geskied deur die betrokke koöperasies óf volgens die vrugtelewerings per lid óf

---

1) Besonderhede is slegs t.o.v. 20 van die 21 sitruskoöperasies beskikbaar.

volgens die waarde van sake per lid.<sup>1)</sup> Drie van die nege sitruskoöperasies wat addisionele stemreg toeken, grond dit op vrugtelewerings en ses koöperasies doen dit op 'n waardegrondslag.

Beide grondslae het meriete maar ook nadele. Die waardegrondslag het die voordeel dat dit voorsiening daarvoor maak dat *alle* sake wat die lid met die koöperasie doen vir die doeleindes van stemregberekening in aanmerking kom. Soos reeds vroeër aangetoon hou die hoeveelheid sitrusvrugtelewerings en die waarde daarvan nie volkome verband nie. Die rede hiervoor is nie slegs aan kwaliteitsverskille toe te skryf nie, maar ook aan variëteitsverskille. Hierin lê die groot nadeel van waarde as grondslag vir die toekenning van addisionele stemreg. As een lid 10 000 eenhede suurlermoene sou lewer met 'n waarde van R5 000 en 'n ander lid sou 10 000 eenhede nawellemoene met 'n waarde van R15 000 lewer, het die tweede lid dan meer belang by die koöperasie, ondersteun hy die koöperasie beter en het hy enige morele of logiese gronde vir 'n aanspraak op groter seggenskap as die eerste lid? Dit wil nie so voorkom nie.

Word die toekenning van addisionele stemreg op die hoeveelheid sitrusvrugtelewerings gegrond dan skakel dit die bogenoemde nadeel uit, maar dit het weer die gebrek dat dit nie ander sake wat die lid met die koöperasie doen, in aanmerking neem nie.

Dit skyn of die oplossing in 'n kombinasie van die twee grondslae te vinde is. In so 'n geval kan die addisionele stemreg in die eerste plek op die sitrusvrugtelewerings gegrond word. Ten einde „ander” sake wat die lid met die koöperasie doen ook in berekening te kan bring, kan die waarde van sodanige

---

1) Kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*, artikel 39(1) kan addisionele stemme net op grond van die „waarde van die besigheid” toegeken word. Dit is nie duidelik hoe die hoeveelheid sitrusvrugtelewerings aan „waarde” gelyk gestel kan word nie. Dit lyk dus of hier 'n afwyking van die Wet voorkom. Die afwyking lyk egter heeltemal geregverdig te wees.

sake volgens 'n vaste formule omgerekend word na 'n ekwivalent van vrugtelewerings; byvoorbeeld R10,00 „ander" sake is gelykstaande aan een eenheid sitrusvrugtelewerings.

Gesien in die lig daarvan dat 'n groot deel van die sitruskoöperasies hulle aandeelhouding op die hoeveelheid sitrusbome per lid grond, is dit in 'n mate onverstaanbaar dat die stemreg nie minstens in sekere van die gevalle ook op die sitrusbome per lid gebaseer word nie, veral gesien dat daar reeds van die Wet afgewyk is.

In sy geheel beskou is die posisie by die sitruskoöperasies dat 'n aantal van die koöperasies wel addisionele stemreg op 'n „transaksiegrondslag" toeken. Waar die betrokke koöperasies ook aandeelhouding op 'n „transaksiebasis" vereis, kon die addisionele stemreg net sowel op aandeelhouding gegrond gewees het. Soos die posisie egter tans is, is daar in sommige gevalle wel 'n verband tussen aandeelhouding en seggenskap in die leiding, maar die verband bestaan nie noodwendig nie, of dit hoef nie 'n baie noue verband te wees nie. In ander gevalle waar aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag nie vereis word nie, maar addisionele stemreg wel toegeken word, is daar natuurlik geen verband tussen aandeelhouding en seggenskap nie. Dieselfde geld vir gevalle waar aandeelhouding op transaksiegrondslag vereis word, maar waar elke lid oor slegs een stem beskik. Beskik elke lid oor slegs een stem en aandeelhouding word nie op 'n transaksiegrondslag vereis nie, sal daar wel 'n verband tussen aandeelhouding en seggenskap bestaan, maar slegs wanneer al die lede dieselfde hoeveelheid aandele opneem. In die praktyk sal dit slegs geskied ten koste van die opbou van 'n redelike sterk aandelekapitaal, want alle lede sal nie bereid wees of nie in staat wees om vrywillig 'n redelike groot getal aandele op te neem nie.

'n Verdere aspek wat by seggenskap in die leiding van 'n koöperasie kortliks die aandag moet geniet is die uitbring van stemme deur middel van volmagte indien die regulasies van die

betrokke koöperasie dit magtig. 'n Lid kan sy seggenskap in die leiding van sy koöperasie verder uitbrei deur namens lede wat nie die betrokke vergadering *wil* of kan bywoon nie, deur middel van volmagte te stem. Geen lid mag egter as gevolmagtigde van meer as sewe lede<sup>1)</sup> optree nie en die getal word verder meesal tot vyf beperk.<sup>2)</sup> Uitgaande van die veronderstelling dat 'n lid nie as gevolmagtigde van meer as vyf lede kan optree nie, beteken dit dat 'n enkele lid oor 30 stemme kan beskik indien hy en die lede namens wie hy as gevolmagtigde optree oor die maksimum addisionele stemme beskik. Dit lyk buitensporige seggenskap deur 'n enkele lid, veral gesien die swak bywoning van algemene vergaderings deur lede.<sup>3)</sup> Alhoewel die gebruik van stemming deur middel van volmagte in sekere gevalle (soos siekte) wel meriete het, kan die maksimum getal lede namens wie 'n lid as gevolmagtigde mag optree met vrug tot uiters twee of drie beperk word. So 'n beperking sal misbruik verminder, terwyl dit in gevalle met meriete nog voldoende geleentheid aan lede wat om een of ander rede nie die vergadering kan bywoon nie laat om hulle stemme uit te bring.

Die uitbring van stemme deur middel van volmagte word deur die regulasies van die meeste primêre sitruskoöperasies gemagtig. Van die twintig sitruskoöperasies waarvoor die betrokke gegewens beskikbaar is, laat agtien stemming deur middel van volmagte toe. Vyftien van hierdie koöperasies beperk die getal volmagte wat 'n lid kan hou tot vyf, twee koöperasies beperk dit tot twee en een koöperasie laat 'n lid nie toe om as gevolmagtigde van meer as een ander lid op te tree nie.

Wat seggenskap in die leiding betref, word ten slotte soos volg gekonkludeer:

Al die sitruskoöperasies wat aandeelhouding op 'n transak-

- 
- 1) Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*, artikel 39(2).
  - 2) Die Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 79.
  - 3) Kyk Die Koöperatiewe Raad, *op.cit.*, p.53.

siegrondslag vereis (en die mening is dat almal dit behoort te doen) behoort addisionele stemreg aan lede op 'n transaksiegrondslag toe te ken. Alhoewel, soos reeds aangetoon, die Wet op Koöperatiewe Verenigings die „waarde van die besigheid“ per lid as die enigste grondslag vir die toekenning van addisionele stemreg magtig, is daar reeds van hierdie bepaling afgewyk en die sitruskoöperasies behoort verder toegelaat te word om in hulle regulasies die toekenning van addisionele stemreg na eie goeddunke te reël. Die maksimum getal addisionele stemme wat 'n lid tans kan ontvang is vier, maar die mening is dat dit binne perke verder verhoog kan word<sup>1)</sup> mits stemming deur volmagte tot uiters twee of drie per lid beperk word.

#### (6) Aanspraak op wins en koste

Die koöperasie-aandeel gee net 'n beperkte aanspraak op wins, aangesien die koöperasie in beginsel winsverdeling op transaksiegrondslag doen. Die winsuitkering op aandele (rente op opbetaalde aandelekapitaal) word wetlike tot agt persent per jaar en deur die Modelregulasies tot ses persent per jaar beperk.<sup>2)</sup> Die meeste koöperasies in Suid-Afrika betaal egter minder as hierdie ses persent.

Tabel 5.12 bevat besonderhede van die maksimum rentekoerse wat deur die primêre sitruskoöperasies op hulle opbetaalde aandelekapitaal aan lede betaal kan word, asook die rentekoerse wat gedurende die 1969/70 finansiële jaar betaal is. Vir vergelykingsdoeleindes word die rentekoerse wat deur lede op agterstallige aandele-oproepgeld betaalbaar is, ook aangetoon.

- 
- 1) Kyk ook die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, pp.144-145, waar aanbeveel word dat die stemreg per lid slegs beperk moet word in die mate dat hy nie meer as 10% van die totale stemme in die koöperasie moet hê nie.
  - 2) Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*, artikel 15(1) (g) en die Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 106(a).

Tabel 5.12

Die rentekoerse op aandelekapitaal betaalbaar deur en aan die primêre sitruskoöperasies

Sitruskoöperasie	Rentekoerse betaalbaar		
	Op opbetaalde aandelekapitaal		Op agterstallige oproepe
	Maksimum betaalbaar %	Betaal 1969/70 %	
2	8	6½	8
6	8	8	8
10	0	0	8
3	8	6½	8
9	8	8	8
20	8	0	N.v.t.
4	8	0	8
7	8	0	8
8	8	4½	8
21	8	0	8
16	6	0	7½
17	6	0	8
14	6	0	6
18	6	6	7½
13	6	6	10
1	6	0	6
19	6	0	6
15	6	0	8
11	6	0	5
5	6	0	8
12	6	0	6

Die koöperasies in tabel 5.12 is in volgorde van hulle bestaansjare gerangskik. Dit blyk uit die tabel dat by nege van die koöperasies die maksimum rentekoers betaalbaar op aandele tot die wetlike agt persent per jaar beperk is, terwyl dit by die oorblywende elf koöperasies tot ses persent per jaar beperk is. Sitruskoöperasie 10 se regulasies voorsien nie vir die betaling van rente op die opbetaalde aandelekapitaal nie. Dit is verder opvallend dat die rentekoerse by die ouere koöperasies tot agt persent beperk is, terwyl dit by die jongere koöperasies (koöperasies 16-12) tot ses persent per jaar beperk is. Die rede hiervoor is dat die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, wat by die stigting van die laasgenoemde koöperasies (1955-1960) die amp beklee het, baie vaste idees gehad het oor wat 'n koöperasie mag en nie mag doen nie. So was hy van mening dat 'n koöperasie nie meer as ses persent

rente op sy opbetaalde aandelekapitaal mag betaal nie omdat 'n hoër rentekoers sou indruis teen die beginsel van winsverdeling op transaksiegrondslag.<sup>1)</sup> 'n Hoër rentekoers is dus nie in die regulasies toegelaat nie. Hierdie beskouing van die Registrateur het blykbaar ook sy praktiese inslag by die jongere koöperasies gevind, want waar vyf van die tien ouere koöperasies in 1969/70 rente aan lede op hulle opbetaalde aandelekapitaal teen koerse van tussen agt en vier en 'n half persent betaal het, het slegs twee van die elf jongere koöperasies rente betaal.

Dit is ook insiggewend om daarop te let dat, in geval van die ouere koöperasies, die rentekoerse wat lede op agterstallige aandele-oproepgelde moet betaal op enkele uitsonderings na ooreenstem met die maksimum betaalbare rentekoerse op die opbetaalde aandelekapitaal. Die uitsonderings is koöperasie 20 waar geen voorsiening vir die betaling van rente op agterstallige oproepe gemaak word nie en koöperasie 10 wat wel vir die betaling van sodanige rente voorsien terwyl daar nie voorsiening vir die betaling van rente op die aandelekapitaal aan lede gemaak word nie. In geval van koöperasie 20 is die rede hiervoor dat die koöperasie se aandele ten volle by aansoek op te betaal is. By die jongere koöperasies is die rentekoerse op agterstallige oproepe op een uitsondering na gelyk aan of hoër as die rentekoerse betaalbaar op die opbetaalde aandelekapitaal. Daar skyn geen logiese redes en regverdiging vir hierdie verskille te wees nie.

Uit 'n koste-oogpunt vanaf die kant van die sitruskoöperasies beskou, is dit uit die tabel duidelik dat die aandelekapitaal in die meerderheid van die gevalle 'n bron van kostelose of ten minste baie goedkoop kapitaal verteenwoordig. Uit die oogpunt van die lede beskou verdien hulle egter geen inkomste of 'n relatief geringe inkomste op die aandelekapitaal wat hulle tot beskikking van die koöperasies stel. Die vraag wat noodwendig ontstaan is of die nie-betaling van rente op aande-

---

1) Die bewering word gemaak op grond van briefwisseling tussen die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings en sitruskoöperasie 1 wat ter insae aan skrywer voorgelê is. Kyk in dié verband ook Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, paragrawe 492 en 1076.

lekapitaal geregverdig is en indien nie, is die betaling van 'n relatief lae rentekoers geregverdig?

Aandag word eers aan die eerste aspek geskenk.

By die beoordeling van hierdie aspek is dit nodig om 'n onderskeid te maak tussen die sitruskoöperasies wat aandeelhouding op transaksiegrondslag vereis en dié wat nie so 'n vereiste het nie. Dit moet verder in gedagte gehou word dat al die koöperasies oor 'n aandelekapitaal van 'n gegewe omvang moet beskik om 'n gesonde finansiële struktuur te verseker.<sup>1)</sup>

By die sitruskoöperasies wat nie aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag vereis nie kan die betaling van rente 'n tweeledige funksie vervul. Dit kan eerstens dien om vir *onewewigtigheid*<sup>2)</sup> in die bydraes van die individuele lede tot die aandelekapitaal te vergoed en tweedens kan dit as aansporing vir groter vrywillige bydraes tot die aandelekapitaal dien. Waar 'n koöperasie nie aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag vereis nie, kan daar min twyfel wees dat daar so 'n onewewigtigheid bestaan en uit dié oogpunt gesien behoort hierdie koöperasies rente op aandelekapitaal te betaal. Daar is vroeër ook reeds daarop gewys dat hierdie koöperasies dit in die algemeen moeilik sal vind om 'n aandelekapitaal van 'n voldoende omvang op te bou. In hierdie opsig het rente op aandelekapitaal dus ook 'n belangrike funksie te vervul. Alhoewel die betaling van rente op aandelekapitaal uit beide oogpunte beskou dus by die koöperasies wat nie aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag vereis nie, geregverdig is, betaal nie een van hierdie koöperasies sodanige rente nie (kyk koöperasies 14 en 21 in tabel 5.12).

---

1) Die vereiste omvang van die aandelekapitaal word in die volgende hoofstuk behandel.

2) *Onewewigtigheid* verwys na die wanbalans wat daar bestaan tussen die bydrae van 'n lid tot die aandelekapitaal en die kapitaalbehoefte wat deur sy lidmaatskap geskep word of na die wanbalans tussen kapitaalbydraes en gebruik van die koöperasie se fasiliteite.

By die sitruskoöperasies wat aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag vereis, is die betaling van rente op aandeelkapitaal uit die oogpunt van 'n aanmoediging vir groter vrywillige bydraes tot die aandeelkapitaal nie nodig nie, want die verpligte aandeelhouding waartoe die lede toegestem het, verseker (kan verseker) dat daar 'n voldoende aandeelkapitaal teenwoordig is. Die koöperasies in hierdie groep wat nie rente op aandeelkapitaal betaal nie redeneer voorts dat aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag ook tot ewewig lei en dat rente op aandeelkapitaal sy funksie om onewewigtheid uit te skakel dus ook verloor. Is laasgenoemde wel die geval en bestaan daar by hierdie koöperasies volkome ewewig tussen die bydraes van die individuele lede tot die aandeelkapitaal en die kapitaalbehoefte wat deur hulle lidmaatskap geskep word of tussen hulle bydraes en hulle gebruik van die koöperasies se fasiliteite?

By die beoordeling van die verskillende grondslae van aandeelbesit is daarop gewys dat geeneen van die huidige grondslae wat by die sitruskoöperasies in gebruik is volkome ewewig in die praktyk tot gevolg kan hê nie <sup>1)</sup> en *solank daar nie sodanige volkome ewewig bestaan nie behoort hierdie koöperasies rente op aandeelkapitaal te betaal om vir die onewewigtheid in die bydraes tot die aandeelkapitaal te vergoed.*

Is dit geregverdig om 'n laer rentekoers as die maksimum van agt persent wat deur die Wet toegelaat word, te betaal?

By die beantwoording van hierdie vraag moet dit in gedagte gehou word dat winsverdeling by die koöperasie in beginsel op transaksie- en nie op kapitaalgrondslag geskied nie. Die kapitaalkragtige lid moet die koöperasie dus nie as beleggingsinstelling beskou nie. Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat die lid wat 'n kapitaalbydrae (vrywillig maar veral „verplig”) maak wat buite verhouding tot sy skepping van kapi-

---

1) Kyk die bespreking op p.244-249.

taalbehoefte of gebruik van die koöperasie staan, meer kapitaal tot die beskikking van die koöperasie (en dus sy medeledede) stel as wat hy moreel en/of wetlik verplig is om te doen. Ten opsigte van hierdie gedeelte van die kapitaal loop hy dus 'n risiko wat buite verhouding is tot die wat die ander lede wat nie sodanige bydrae maak het nie. Hierdie risiko is tweeledig van aard. Eerstens besit die verstreker van daardie kapitaal geen sekerheid dat hy sy kapitaalbydrae sal terugkry nie want verliese kan daarop inteer. Tweedens besit hy geen sekerheid dat hy rente daarop sal ontvang nie, want rentebetaling kan slegs geskied as daar wins is en die omvang van die rente is verder afhanklik van die grootte van die wins (as daar slegs genoeg wins is om 2% rente te betaal dan kan hy nie 8% ontvang nie). Die addisionele kapitaalbydrae (die mate waarin die kapitaalbydrae die skepping van kapitaalbehoefte of gebruik oortref) gee hom ook geen aanspraak op 'n groter gedeelte van die winsverdeling op transaksiegrondslag in die vorm van prysvoordele en/of omsetbonusse nie. In die lig hiervan en ook gesien die huidige algemene rentekoerspatroon wat 'n rentekoers van agt persent in elk geval nie 'n aantreklike belegging maak nie, is dit die skrywer se mening dat die sitruskoöperasies, wanneer hulle wins dit toelaat,<sup>1)</sup> die maksimum rentekoers van agt persent per jaar op die opbetaalde aandelekapitaal aan lede behoort te betaal.

#### (7) Termyn van beskikbaarstelling en die risiko van kapitaalverlies

Soos wat dit die geval by die koöperasie-aandeel in die algemeen is, dien die aandelekapitaal by die sitruskoöperasie as waarborg vir die leningskapitaal en geniet dit self geen sekerheid nie. Saam met die ingehoue winste is dit dus risikodraend en die lid het geen sekerheid dat hy sy kapitaal wat in die aandele van die koöperasie steek sal terugkry nie.

---

1) Dit wil sê wanneer die maksimum koöperasiekommissie die indirekte koste plus waardevermindering in 'n voldoende mate oorskry. Kyk ook hoofstuk 1, p.16-22 vir 'n verduideliking van die begrippe.

Wat die termyn van beskikbaarstelling betref is die aandelekapitaal uit die oogpunt van die sitruskoöperasies gesien slegs op bepaald lang termyn beskikbaar omdat dit onder sekere omstandighede (dood, staking van bedryf en verhuising) aan die lid (gewese lid) terugbetaalbaar is.

Uit die oogpunt van die aandeelhouer gesien is sy kapitaal wat in die koöperasie se aandele steek relatief vas. Die aandeel is meesal moeilik oordraagbaar en by staking van bedryf, dood en verhuising meesal slegs terugbetaalbaar wanneer die koöperasie se finansiële posisie na oordeel van die raad van direkteure sodanig is dat terugbetaling kan geskied. Die lid loop verder onder sekere omstandighede, byvoorbeeld by bedanking en skorsing, die risiko dat hy sy kapitaal wat in die aandele steek kan verbeur.

In die volgende paragrawe word nou meer spesifieke aandag geskenk aan die omstandighede waaronder en die voorwaardes waarop die lede van die sitruskoöperasies hulle kapitaal wat in die aandele steek kan terugkry<sup>1)</sup> en onder watter omstandighede en voorwaardes dit verbeur kan word. By die beoordeling van die betrokke bepalinge moet dit steeds in gedagte gehou word dat 'n lid van 'n koöperasie in wese daarop geregtig is om sy kapitaal wat in die koöperasie steek by beëindiging van sy lidmaatskap terug te kry en dat lidmaatskap vrywillig is.

Terugbetaling van die aandelekapitaal aan 'n lid of gewese lid kan onder die volgende omstandighede en voorwaardes by die sitruskoöperasies geskied:

(a) By staking van bedryf. Al die sitruskoöperasies waarvoor die besonderhede beskikbaar was (twintig van die 21) maak voorsiening vir die terugbetaling van die aandelekapitaal van 'n

1) Die herwinning van aandelekapitaal deur oordrag word nie hier behandel nie. Oordrag kan slegs met goedkeuring van die direksie geskied en soms, waar aandeelhouding op transaksiegrondslag gebaseer word, kan die surplus aandeelhouding van een lid oorgedra word na 'n ander lid wat nie die vereiste hoeveelheid aandele hou nie.

lid indien so 'n lid sy *sitrusboerdery (boerdery)*<sup>1)</sup> permanent gestaak het. Sou 'n lid sy *sitrusboerdery* of *boerdery* permanent staak mag hy by die raad van direkteure aansoek doen om die intrekking van sy aandele by die koöperasie en die terugbetaling van die bedrag daarop opbetaal. Indien voldoende fondse na die oordeel van die raad van direkteure beskikbaar is kan die raad by die algemene vergadering aanbeveel dat sodanige intrekking en terugbetaling plaasvind. Die intrekking en terugbetaling mag egter nie plaasvind voordat 'n periode van twaalf maande verloop het vandat die lid sy *sitrusboerdery* of *boerdery* gestaak het nie. Die regulasies van enkele *sitruskoöperasies* bepaal verder uitdruklik dat die betrokke lid tot bevrediging van die raad van direkteure bewys moet lewer dat hy sy *sitrusboerdery* bona fide permanent gestaak het.

Die onderskeid wat tussen *sitrusboerdery* en *boerdery* gemaak word is interessant en verdien verdere aandag.

Die posisie by die *sitruskoöperasies* waar daar van „*sitrusboerdery*” melding gemaak word, skyn te wees dat 'n lid sy aandelekapitaal kan terugkry as hy sy *sitrusboerdery* staak. Hy kan dus sy aandelekapitaal terugontvang as hy nou op dieselfde plaas of binne dieselfde gebied wat deur die betrokke koöperasie bedien word, of in 'n ander gebied 'n ander *boerdery*vertakking(e) begin beoefen. Hy kan egter nie sy aandelekapitaal terugeis as hy *sitrusboerdery* in 'n ander gebied gaan beoefen nie.

Die posisie by die *sitruskoöperasies* waar daar net van „*boerdery*” melding gemaak word, skyn weer te wees dat die lid sy aandelekapitaal net kan terugkry wanneer hy heeltemal op-hou boer - dus nie as hy in dieselfde of 'n ander gebied met iets anders gaan boer nie.

---

1) Sommige van die *sitruskoöperasies* se regulasies vermeld spesifiek „*sitrusboerdery*”, terwyl die ander *sitruskoöperasies* se regulasies bloot na „*boerdery*” verwys.

Beide situasies blyk ietwat onregverdig teenoor die lid te wees. In die eerste geval word daar skynbaar sonder enige logiese redes teen die persoon wat sy sitrusboerdery elders wil gaan voortsit, gediskrimineer. In die tweede geval kan en sal die posisie waarskynlik wees dat 'n persoon wat besluit om 'n ander boerderyvertakking in dieselfde gebied aan te pak of van gebied te verander, nie meer van die betrokke sitruskoöperasie se dienste gebruik kan maak nie selfs al wou hy. Die rede vir laasgenoemde is natuurlik omdat die sitruskoöperasies gespesialiseerde dienste verrig, of, indien die lid elders sitrusboerdery of enige ander boerdery sou beoefen, afstand hom kan verhoed om met die betrokke sitruskoöperasie te handel.

Gesien in die lig van die feit dat die bestaande regulasies by al die sitruskoöperasies reeds beskerming teen 'n ooreising van fondse bied, skyn die bogenoemde bepalings onnodig streng te wees. Intrekking en terugbetaling is naamlik reeds eerstens onderworpe aan die beskikbaarheid van voldoende fondse en tweedens aan die diskresie van die raad van direkteure en die algemene vergadering. Terugbetaling kan, maar hoef nie noodwendig te geskied nie.

Dit wil voorkom asof 'n bepaling wat daarvoor voorsien dat die intrekking van aandele en die terugbetaling van die opbetaalde aandelekapitaal kan geskied wanneer 'n lid sy sitrusboerdery in die distrik of gebied wat deur die betrokke sitruskoöperasie bedien word, permanent staak, die voorgenoemde besware sal uitskakel. Die diskresionêre magte van die rade van direkteure en algemene vergaderings kan natuurlik ook baie maklik tot diskriminasie tussen lede aanleiding gee en die vraag ontstaan of dit nie nodig is dat terugbetaling na verloop van 'n aantal jare vanaf staking van bedryf in elk geval verpligtend gemaak moet word nie. In so 'n geval kan beskerming teen oormatige finansiële druk as gevolg van abnormale omstandighede verkry word deur voorsiening te maak vir Ministeriële vergunnings.

Die bepaling insake bewyslewing van staking van bedrywig-hede verdien ook kortliks kommentaar. Die bepaling is skynbaar ingevoeg om te verhoed dat 'n lid aanspraak op die intrekking van sy aandele kan maak as hy „ongelukkig" met die koöperasie is en dan bloot boerdery onder sy vrou of kind se naam begin beoefen of 'n privaatmaatskappy stig. Alhoewel gedwonge koöperasie nooit goed te praat is nie moet die koöperasie en sy lede beskerming geniet teen die onttrekking van dislojale lede se kapitaal en in die lig hiervan is die betrokke bepaling waarskynlik geregverdig.

In die lig van die voorgaande bespreking en opmerking en min of meer in aansluiting by wat die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede<sup>1)</sup> in hierdie verband aanbeveel het, behoort die sitruskoöperasies 'n lid se belange in die koöperasie se aandelekapitaal soos volg aan hom terug te betaal wanneer hy sy *sitrusbedryf permanent* gestaak het in die gebied wat deur die koöperasie bedien word: Intrekking van lidmaatskap moet op die algemene vergadering aan die einde van die betrokke boekjaar geskied en die terugbetaling van die aandelekapitaal moet *hoogstens drie jaar* na intrekking van lidmaatskap plaasvind. Indien die raad van direkteure, ondersteun deur die ouditeure, van mening is dat dit nie die posisie van die oorblywende lede en/of die krediteure in gevaar sal stel nie, kan terugbetaling eerder geskied. In geval van abnormale omstandighede behoort die koöperasies die reg te besit om terugbetaling vir langer as drie jaar uit te stel, maar dan slegs met die goedkeuring van die betrokke Minister.

(b) By vertrek na 'n ander gebied. 'n Aantal van die sitruskoöperasies se regulasies maak daarvoor voorsiening dat:

„Die aandele wat geregistreer is in die naam van 'n lid wat opgehou het om te boer in die distrik of gebied wat deur die maatskappy bedien word en in 'n ander distrik of gebied deur 'n ander koöperatiewe landboumaatskappy bedien wil wees

---

1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.138-141 en p.149.

of wat geriefliker deur 'n ander koöperatiewe landboumaatskappy bedien kan word, kan, op aansoek van die lid, deur die raad van direkteure ingetrek word en die opbetaalde bedrag op die aandele aan die ander koöperatiewe landboumaatskappy oorbetal word; mits die lid by so 'n ander koöperatiewe landboumaatskappy aandele opneem vir minstens die waarde van sy aandele in die maatskappy: Met dien verstande dat as die waarde van die aandele, volgens die jongste voltooide balansstaat van die maatskappy, minder as hul nominale waarde is, word die betaalbare bedrag proporsioneel vermindert: Met dien verstande verder dat geen oorbetalings gemaak word voordat al die skulde wat die lid by die maatskappy het, eers vereffen is nie."<sup>1)</sup>

Hierdie bepaling lyk volkome geregverdig te wees gesien uit die oogpunt van die lid wat by 'n ander koöperasie wil of kan aansluit. Indien hy dus in 'n ander gebied waar 'n koöperasie bestaan begin boer of hy kan geriefliker deur 'n ander koöperasie bedien word, dan kan sy opbetaalde aandeelkapitaal na sodanige koöperasie (sitrus of andersins) oorgeplaas word en sodanige oorplasing *kan onmiddellik* geskied. Uit die oogpunt van die koöperasie en die ander bestaande lede gesien kan daar ook nie besware wees nie, want die oorplasing, al dan nie, is binne die diskresie van die raad van direkteure. Dit wil egter voorkom asof hier sprake van „gedwonge" koöperasie en selfs ernstige diskriminasie kan wees teenoor lede wat in 'n ander gebied gaan boer, maar wat nie weer by 'n ander koöperasie wil of kan aansluit nie.

Gelees saam met die vorige bepalings insake staking van bedrywighede, het die lid van 'n sitruskoöperasie wat in 'n ander gebied met sitrusboerdery of met enige boerdery-aktiwiteit in 'n ander gebied voortgaan, maar wat nie by 'n ander koöperasie kan en/of wil aansluit nie, geen geleentheid om sy aandeelkapitaal by sy vorige koöperasie terug te kry nie. Die ander lid wat in soortgelyke omstandighede verkeer, maar wat

1) Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 18.

by 'n ander koöperasie aansluit, kry egter indirek sy kapitaalbelegging in die aandele onmiddellik terug.

*In die lig van die bogenoemde opmerkings sal dit beter wees om heeltemal weg te doen met die bepaling insake oorplassing van aandele by vertrek na 'n ander gebied, mits die voorstelle insake „staking van sitrusboerdery in die distrik of gebied” aanvaar word.*

(c) By die afsterwe van 'n lid. Al twintig sitruskoöperasies ten opsigte waarvan die besonderhede beskikbaar was, maak voorsiening vir die terugbetaling van die opbetaalde aandeelkapitaal aan die boedel van 'n lid wat oorlede is. In die oorgrote meerderheid van gevalle geskied die terugbetaling ooreenkomstig die bepalings van die Modelstatuut.<sup>1)</sup> Hiervolgens kan die betrokke aandele by besluit van die raad van direkteure ingetrek word en die opbetaalde bedrag aan die betrokke lid se boedel uitbetaal word, indien daar na die oordeel van die raad van direkteure voldoende fondse beskikbaar is. Enkele sitruskoöperasies hanteer die aangeleentheid op 'n ander wyse. In hierdie gevalle kan die aandele van 'n lid wat oorlede is op aanbeveling van die raad van direkteure deur 'n besluit van die lede op 'n algemene vergadering ingetrek word en die opbetaalde bedrag daarop aan die betrokke lid se boedel uitbetaal word. Geen sodanige intrekking mag egter binne twaalf maande vanaf die datum waarop die lid oorlede is, plaasvind nie.

Die laasgenoemde prosedure skyn onnodig omslagtig en tydrowend te wees. Die eersgenoemde prosedure bied voldoende beskerming teen 'n uitputting van die koöperasie se fondse en die twaalf maande beperking skyn daarom heeltemal doelloos te wees. Soos wat die geval by staking van die bedryf is, ontstaan die vraag ook hier of die terugbetaling van die opbetaalde aandeelkapitaal nie na verloop van 'n sekere periode verpligtend gemaak moet word nie.

---

1) *Ibid.*, artikel 17.

Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede<sup>1)</sup> beveel in hierdie verband aan dat die aandele wat geregistreer is in die naam van 'n lid wat oorlede is en wat nie voor die tyd oorgedra is nie, deur die raad van direkteure ingetrek en aan sy boedel uitbetaal moet word, met dien verstande dat sodanige intrekking *nie later* as aan die einde van die boekjaar waarin die lid te sterwe gekom het nie moet plaasvind en dat terugbetaling vir hoogstens een jaar na sodanige intrekking uitgestel kan word. Terugbetaling moet egter in geval van 'n epidemie, met goedkeuring van die Minister, uitgestel kan word. Dié aanbeveling van die Kommissie blyk 'n regverdige oplossing te bied en word ondersteun.

Onder die volgende omstandighede kan die lede van die sitruskoöperasies hulle opbetaalde aandelekapitaal verbeur:

(a) By versuim om met die betrokke koöperasie sake te doen. 'n Paar van die sitruskoöperasies waarvoor die gegewens beskikbaar is se regulasies maak daarvoor voorsiening dat wanneer 'n lid vir 'n onafgebroke tydperk van vyf jaar geen sake met die betrokke koöperasie gedoen het nie en ook versuim het om die koöperasie van 'n adres te voorsien waar met hom in verbinding getree kan word, sy aandele op aanbeveling van die raad van direkteure deur 'n besluit van lede op 'n algemene vergadering ingetrek kan word. Na sodanige intrekking word die opbetaalde bedrag op die betrokke aandele na 'n spesiale rekening - onopgeëiste aandelegelde - oorgedra en indien die betrokke lid dit nie binne 'n bepaalde periode (twee tot ses jaar in geval van die betrokke sitruskoöperasies) opeis nie, word die betrokke bedrag aan die koöperasie verbeur.

Dit is onwaarskynlik dat die bedrae wat by hierdie bepaling van toepassing is ooit van enige noemenswaardige omvang sal wees, want 'n lid wat 'n groot aandelekapitaal het sal met die koöperasie sake doen of ten minste met hom in verbinding

---

1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.138-141 en p.149.

bly ten einde sy geldelike belange te beskerm. Die lede wat deur hierdie bepaling geraak word sal dus meesal die klein onaktiewe lede wees. Die bepaling lyk heeltemal geregverdig en dit is eienaardig dat meer van die sitruskoöperasies nie die betrokke bepaling in hulle regulasies opgeneem het nie. Dit gebeur oënskynlik dikwels dat van die sitruskoöperasies persone op hulle ledelyste het wat heeltemal onaktief is en wat inderwaarheid „verdwyn” het. Die betrokke bepaling het dus eintlik net ten doel om onnodige administratiewe werk uit te skakel.

(b) By bedanking en uitsetting. Al twintig die sitruskoöperasies waarvoor die gegewens beskikbaar was, het grondliggend die bepalings van die Modelstatuut<sup>1)</sup> insake die bedanking, uitsetting van lede en die verbeurdverklaring van die betrokke aandele in hulle regulasies opgeneem. Kragtens hierdie bepalings kan 'n lid net aan die einde van die betrokke sitruskoöperasie se finansiële jaar bedank en dan ook slegs as hy ses maande vooraf skriftelik kennis gegee het van sy voorneme om te bedank. Kennisgewing van sy voorneme om te bedank kan ook nie sonder die skriftelike toestemming van die raad van direkteure teruggetrek word nie. Die uitsetting van 'n lid kan ook plaasvind indien daartoe besluit word deur minstens tweederdes van die lede op 'n algemene vergadering, maar sodanige uitsetting mag nie plaasvind nie tensy

„(a) so 'n lid 'n vergadering van krediteure byeenroep of 'n skikking met sy krediteure tref;

(b) so 'n lid insolvent verklaar word;

(c) so 'n lid versuim om sy verpligtings teenoor die maatskappy, hetsy deur hierdie statuut voorgeskryf, hetsy ten aansien van 'n kontrak, na te kom.”<sup>2)</sup>

Die tydelike skorsing van 'n lid kan onder dieselfde omstandighede as die uitsetting van 'n lid geskied en 'n minder-

---

1) Die Modelstatuut, *op.cit.*, artikels 25-34.

2) *Ibid.*, artikel 26.

heid van die sitruskoöperasies maak in hulle regulasies ook daarvoor voorsiening.

Die aandele van lede wat bedank het of wat uitgesit is, word aan die betrokke sitruskoöperasie verbeurd verklaar en 'n lid wie se aandele verbeurd verklaar is bly verantwoordelik vir die betaling van die hele onopbetaalde gedeelte van sodanige aandele. Verbeurdverklaarde aandele *kan* egter by besluit van die lede op 'n algemene vergadering ingetrek word, waarna die aanspreeklikheid tot die betaling van die onopbetaalde bedrag verval. In so 'n geval verbeur die lid dus net die bedrag wat hy reeds op die aandele opbetaal het.

In sy geheel beskou lyk die bepalings insake bedanking, uitsetting en verbeurdverklaring van aandele onnodig drasties. Vrywillige lidmaatskap is 'n algemeen aanvaarde grondbeginsel van koöperasie<sup>1)</sup> en alhoewel aangevoer kan word dat niks in die betrokke bepalings die lid verhinder om te bedank nie, kan die finansiële verlies wat met bedanking gepaard gaan die lid *indirek dwing* om sy lidmaatskap van die koöperasie te behou. Dit kan ook daartoe aanleiding gee dat die bestuur van die koöperasie laks word omdat hulle weet dat lede moeilik sal bedank. Beskerming van die koöperasie en die bestaande lede teen groot-skaalse bedanking en die daarmee gepaardgaande onstabiliteit is sonder twyfel wenslik, maar of dit so drasties moet wees dat dit die vryheid van die individu heeltemal aan bande lê is hoogs twyfelagtig. Die mening is dat die lid wat bedank het of uit die koöperasie gesit word ten minste sy opbetaalde aandeelkapitaal na verloop van 'n bepaalde aantal jare moet terugontvang, want soos vroeër in hierdie studie aangetoon begin en eindig kapitaaldeelname in beginsel met lidmaatskap.

- 
- 1) Kyk byvoorbeeld (a) Die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.71.  
 (b) Helm, F.C., *op.cit.*, p.6  
 (c) Digby, M. *The world co-operative movement*. London: Hutchinson, 1967, p.22.

Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede<sup>1)</sup> beveel in hierdie opsig na skrywer se mening korrek die volgende prosedure aan:

By die bedanking of uitsetting van 'n lid moet die terugbetaling van die aandelekapitaal volgens die volgende voorwaardes geskied:

(i) Intrekking van lidmaatskap moet deur die algemene vergadering van lede geskied en wel so dat indien die koöperasie reeds vir ten minste tien finansiële jare bestaan, die intrekking aan die einde van die jaar waarin die lid bedank het of uit die koöperasie gesit is, moet plaasvind. Wanneer die kooperasie egter nog nie vir tien finansiële jare bestaan nie moet sodanige intrekking eers aan die einde van die tiende finansiële jaar plaasvind.

(ii) Tensy 'n aantal lede met 'n belang van meer as tien persent in die totale aandelekapitaal in 'n bepaalde boekjaar bedank, moet terugbetaling van die aandelekapitaal vir hoogstens vyf jaar na intrekking uitgestel kan word. As die direksie, ondersteun deur die ouditeure egter meen dat dit nie die posisie van die oorblywende lede en die krediteure nadelig sal beïnvloed nie, kan terugbetaling egter vroeër geskied.

(iii) As 'n aantal lede met 'n belang van meer as tien persent in die totale aandelekapitaal in 'n bepaalde boekjaar bedank en die algemene vergadering van lede besluit op aanbeveling van die direksie en ouditeure dat terugbetaling nie kan plaasvind sonder benadeling van die oorblywende lede en die krediteure nie, dan kan die Minister 'n onpartydige komitee aanstel om die aangeleentheid te ondersoek en op voorstel van hierdie komitee kan hy terugbetaling van die aandelekapitaal met nog hoogstens vyf jaar uitstel.

Die terugbetaling van die aandelekapitaal in die geval

---

1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.138-141 en p.149-150.

van staking van bedryf, afsterwe en bedanking en uitsetting behoort verder aan die volgende twee algemene voorwaardes onderhewig te wees:<sup>1)</sup>

(i) Dat die terug te betale bedrag die laagste van die nominale waarde en die werklike waarde van die aandele is.

(ii) Dat die terugbetalingsverpligtinge wat vir die koöperasie uit hoofde van 'n verlies van sy lede ontstaan, afsonderlik op sy balansstaat aangetoon moet word vir solank sodanige verpligtinge bestaan.

c. Die belangrikheid van die verskillende tipes eie kapitaal

In die voorafgaande paragrafe is die vorme van eie kapitaal wat tot die beskikking van die sitruskoöperasies staan, krities ontleed. Ten slotte word die belangrikheid van die verskillende tipes eie kapitaal in tabel 5.13 aangetoon.

Tabel 5.13

Die samestelling van die eie kapitaal by die primêre sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Streek/ Sitruskoöperasie	Persentasiesamestelling van eie kapitaal	
	Interne middele %	Opbetaalde aandelekapitaal %
<u>Oos-Kaap</u>		
2	22,0	78,0
6	30,9	69,1
20	49,0	51,0
7	96,0	4,0
14	96,2	3,8
Gemiddeld per koöperasie in streek	58,8	41,2
<u>Wes-Kaap</u>		
9	95,5	4,5

1) *Ibid.*

Tabel 5.13 (vervolg)

Die samestelling van die eie kapitaal by die primêre sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Streek/ Sitruskoöperasie	Persentasiesamestelling van eie kapitaal	
	Interne middele %	Opbetaalde aandelekapitaal %
<u>Oos-Transvaal</u>		
10	54,5	45,5
4	9,9	90,1
16	32,8	67,2
17	67,2	32,8
1	40,4	59,6
18	79,9	20,1
Gemiddeld per koöperasie in streek	47,5	52,5
<u>Noord-Transvaal</u>		
21	36,8	63,2
19	40,7	59,3
11	37,3	62,7
15	61,9	38,1
12	52,5	47,5
Gemiddeld per koöperasie in streek	45,8	54,2
<u>Wes-Transvaal</u>		
8	27,1	72,9
5	20,5	79,5
Gemiddeld per koöperasie in streek	23,8	76,2
<u>Natal</u>		
3	70,6	29,4
13	27,1	72,9
Gemiddeld per koöperasie in streek	48,8	51,2
Gemiddeld per koöperasie vir alle koöpera- sies	49,9	50,1

Dit blyk uit die tabel dat by die sitruskoöperasies in die Oos-Kaap en Wes-Kaap die eie kapitaal in die algemeen vir die grootste gedeelte uit interne middele bestaan, terwyl die teenoorgestelde vir die koöperasies in die Wes-Transvaal geld. In

die Oos- en Noord-Transvaal en in Natal is die aandelekapitaal in 'n geringe mate belangriker as die interne middele.

### 3. Die verwante kapitaal

Verwante kapitaal kan op die lang en/of kort termyn aangetrek word.

#### a. Verwante langtermynkapitaal

##### (1) Inleiding

Alvorens die verwante langtermynkapitaalbronne wat deur die sitruskoöperasies aangewend word, die aandag geniet, is dit eers nodig om volkome duidelikheid te verkry oor die aard van die verskillende vorme van verwante langtermynkapitaal wat tot die beskikking van koöperasies in die algemeen staan.

Verwante kapitaal kan deur koöperasies op die lang termyn in een of meer van die volgende vorms aangetrek word:

- (a) Roterende ledeheffingsfondse;
- (b) ledeheffingsfondse;
- (c) roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse;
- (d) uitgestelde bonusbetalingsfondse; en
- (e) lenings van lede.

Die *roterende ledeheffingsfonds* het sy oorsprong in Denemarke en die Verenigde State van Amerika gehad.<sup>1)</sup>

Soos die naam aandui, word so 'n fonds gevorm uit 'n heffing wat die koöperasie lê op die produkte wat elke lid aan hom lewer. Dit is óf 'n vaste bedrag per eenheid gelewerde produk of 'n persentasie van die netto opbrengs van die gele-

---

1) Kyk Erdman, Henry E. en Grace H. Larsen. *Revolving finance in agricultural cooperatives*. Wisconsin: Mimir publishers, 1965, hoofstukke 1 en 2.

werde produkte.<sup>1)</sup>

Die bedrae wat so gevorder word, word in 'n spesiale rekening in die naam van elke lid afsonderlik gekrediteer en *kan*<sup>2)</sup> rente dra, gewoonlik teen 'n maksimum koers van ses persent per jaar.<sup>3)</sup>

Die belange van lede en enige gewese lede in die fonds word onder normale omstandighede aan hulle terugbetaal, óf wanneer die finansiële posisie van die koöperasie dit regverdig en sodanige terugbetalings word dan in rotasie gemaak, dit wil sê die bydraes van die eerste jaar van die fonds word eers terugbetaal en daarna die bydraes van die tweede jaar, ensovoorts; óf terugbetaling geskied aan lede en gewese lede na afloop van 'n spesifieke aantal jare vandat 'n besondere bydrae gemaak is.<sup>4)</sup>

Die *ledeheffingsfondse* word op dieselfde wyse opgebou as die roterende ledeheffingsfondse en verskil slegs in dié opsig dat die belange van lede daarin slegs by afsterwe of staking van boerdery terugbetaalbaar is.

Die *roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse* kom basies ooreen met die roterende ledeheffingsfondse met die verskil dat dit uit 'n ander bron opgebou word. Dit word naamlik uit teruggehou bonusse op omset gevorm en nie uit heffings op produkte soos wat die geval by die roterende ledeheffingsfondse is nie.

Die *uitgestelde bonusbetalingsfondse* stem, wat terugbetalingsvoorwaardes aanbetref, ooreen met die ledeheffingsfondse en verskil van laasgenoemde slegs daarin dat dit opgebou word

- 
- 1) Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 101(a), voorsien net vir 'n persentasie van die netto opbrengs van die gelewerde produkte.
  - 2) Kyk p.179-180 vroeër in hierdie hoofstuk.
  - 3) Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 101(c).
  - 4) *Ibid.*, artikel 101 (e) (i).

uit teruggehoue bonusse op omset.

Die ledeheffingsfondse en uitgestelde bonusbetalingsfondse (wat slegs by dood of staking van bedryf terugbetaalbaar is) vind volgens alle aanduidings min inslag in Suid-Afrika, waarskynlik omdat die lede nie daarvoor te vind is om tot die nodige statuutbepalings toe te stem nie.

Die roterende ledeheffingsfondse en die roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse daarenteen het veral in die laaste aantal dekades in belangrikheid toegeneem. Hierdie vorms van kapitaalaantrekking het vir die lede die aantreklikheid dat hulle bydraes na 'n sekere termyn (spesifiek of by implikasie) terugbetaal word en dat hulle bydra in verhouding tot hulle „gebruik" van die koöperasies.

Die roterende vorms is in die algemeen vir die koöperasies minder aantreklik as die „gewone" of nie-roterende vorms, omdat laasgenoemde slegs by dood, of staking van bedryf terugbetaalbaar is en dus, in die algemeen gesproke, vir 'n langer termyn tot die beskikking van die koöperasie staan. Vir die koöperasie is daar by die roterende vorms die moontlike nadeel dat terugbetaling miskien moet geskied wanneer die nodige middele daarvoor ontbreek. Hierdie moeilikheid kan voorkom word deur die termyn van terugbetaling rekbaar en nie spesifiek te maak nie.

*Lenings van lede* is 'n ander vorm om verwante langtermynkapitaal (en selfs korttermynkapitaal) aan te trek. Lenings van lede is aan die volgende algemene voorwaardes onderworpe:

- Indien die totale bedrag van alle lenings van die koöperasie meer as die helfte van die dan bestaande aandelekapitaal bedra moet die bedrag en besonderhede daarvan deur minstens tweederdes van die lede op 'n spesiale algemene vergadering goedgekeur word.<sup>1)</sup>

1) Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*, artikel 25 en die Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 62.

- Indien die koöperasie se totale lenings die helfte van sy aandeelkapitaal oorskry en meer as R500 000 bedra of by meer as 20 persone aangegaan is, mag verdere lenings van lede slegs aangegaan word mits elke individuele lening ten minste R100 beloop, vir 'n periode van ten minste twaalf maande geld en 'n maksimum rentekoers van 6½ persent per jaar dra. Skuldbewyse waarop die spesifieke voorwaardes van die lening vermeld word, moet aan die betrokke lede uitgereik word en sodanige skuldbewyse is vrylik oordraagbaar.<sup>1)</sup>

- Indien die totale lenings van die koöperasie minder as die helfte van sy bestaande aandeelkapitaal bedra kan lenings van lede aangegaan word op voorwaardes soos deur die raad van direkteure bepaal.

Lenings van lede is volgens alle aanduidings 'n onbelangrike kapitaalbron by koöperasies in Suid-Afrika, waarskynlik omdat die lede in die algemeen nie kapitaalkragtig is nie, elders hoër rentekoerse en sekuriteit kan geniet en ook omdat lenings redelik maklik van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika verkry kan word.<sup>2)</sup>

Die verskillende tipes heffingsfondse en uitgestelde bonusbetalingsfondse kan ook as *verpligte* verwante langtermynkapitaal en lenings van lede as *vrywillige* verwante langtermynkapitaal beskou word. Kragtens die bepalings van die koöperasies se regulasies is die lede immers verplig om tot die heffingsfondse, ensovoorts by te dra vir solank die betrokke regulasies van krag bly. Vyf en sestig persent van die lede van 'n koöperasie wat op 'n spesiale algemene vergadering teenwoordig is, mag ten gunste van die afskaffing van die heffingsfonds wees maar hulle sal steeds verplig bly om hulle by die betrokke bepalings neer te lê. Indien die swak bywoning van algemene vergaderings, stemming deur middel van volmagte en die toekenning van addisionele stem-

---

1) Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 63.

2) Kyk Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.111.

reg aan lede ook in ag geneem word, kan die persentasie van lede wat ten gunste van afskaffing is sonder om hulle voorkeur uitgeoefen te kan kry selfs 80 of 90 persent van die totale ledetal beloop. Lenings van lede daarenteen is heeltemal vrywillig van aard en dit hang van elke lid afsonderlik af of hy bereid is om so 'n lening aan sy koöperasie toe te staan.

Die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika trek verwante langtermynkapitaal in die vorm van roterende ledeheffingsfondse en/of roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse en/of lenings van lede, aan. In die volgende paragrafe word die voorwaardes waarop hierdie kapitaalaantrekking geskied, nou krities ontleed.

## (2) Roterende ledeheffingsfondse

### (a) Algemeen

Agtien van die 20 sitruskoöperasies ten opsigte waarvan die betrokke besonderhede verkry is, se regulasies maak tans voorsiening vir die aantrekking van verwante kapitaal deur middel van roterende ledeheffingsfondse. Die twee sitruskoöperasies wie se regulasies tans nie daarvoor voorsien nie, het dit wel op 'n vroeëre stadium gedoen. Die regulasies is egter sedertdien gewysig, waardeur weggedoen is met die aantrekking van kapitaal deur middel van roterende ledeheffingsfondse. Volgens die finansiële state van die koöperasie wie se regulasies nie ter insae beskikbaar was nie, word 'n roterende ledeheffingsfonds wel aangewend.

### (b) Die benaming van die fondse

Soos in die vorige paragraaf aangetoon is daar 'n wesentliche verskil tussen die roterende ledeheffingsfonds en die gewone ledeheffingsfonds. Die betrokke sitruskoöperasies wend almal die roterende ledeheffingsfonds en nie die gewone ledeheffingsfonds aan nie. Nogtans word verskillende benamings in die regulasies van die betrokke sitruskoöperasies gebruik. Sommige koöperasies gebruik die korrekte benaming „roterende

ledeheffingsfonds" ander gebruik die benaming „ledeheffingsfonds", en nog ander die benaming „heffingsfonds".

Alhoewel daar seker nie enige wesenlike besware teen die gebruik van verskillende benamings is nie, kan enige moontlike verwarring tog voorkom word deur eenvormigheid te behou. Waar die oorspronklike regulasies en enige latere wysigings daarvan altyd eers deur die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings voorlopig goedgekeur word, voordat dit vir finale aanname aan die lede voorgelê word, kan sodanige eenvormigheid maklik verkry word. Die Kantoor van die Registrateur kan in hierdie en soortgelyke opsigte baie meer noulettend wees.

(c) Die grondslag van heffings teen lede

Die bydrae van 'n lid tot die roterende ledeheffingsfonds word deur die betrokke sitruskoöperasies bereken volgens 'n vaste bedrag per eenheid gelewerde produk en/of volgens 'n persentasie van die netto opbrengs van die gelewerde produk.<sup>1)</sup> Alvorens op die fynere besonderhede in hierdie verband gelet word, is dit nodig om kortliks die relatiewe meriete van die twee grondslae in oorweging te neem.

Die *eenheid gelewerde produk* as grondslag vir die berekening van die omvang van die jaarlikse heffing wat elke lid moet betaal, se grootste voordeel is daarin geleë dat elke lid tot die fonds bydra in verhouding tot sy *gebruik* van die koöperasie. Die lid wat die grootste massa sitrusvrugte (produkte) aan die koöperasie gelewer het (en wat dus deur die koöperasie gehanteer moes word) maak die grootste bydrae tot die fonds, terwyl die lede wat minder gelewer het, pro rata minder tot die fonds bydra. Bydraes tot die fonds geskied hier dus streng volgens die gebruik wat in die afgelope seisoen van die koöperasie se fasiliteite gemaak is.

---

1) Soos vroeër aangetoon voorsien die Modelstatuut, *op.cit.*, net vir laasgenoemde.

Sommige voorstanders van hierdie grondslag baseer hulle voorkeur daarop dat die roterende ledeheffingsfondse dieselfde funksie as aandelekapitaal vervul en dat die roterende ledeheffingsfondse ingestel is omdat sekere koöperasies nie 'n kapitaalbydrae op transaksiegrondslag vereis nie en omdat lede onwillig is om verdere aandelekapitaal op te neem.<sup>1)</sup> Die argument is in wese foutief en hou om verskeie ander redes ook nie by die sitruskoöperasies steek nie.

Die roterende ledeheffingsfonds kan, soos reeds vroeër aangetoon, nie as substituuat vir aandelekapitaal beskou word nie omdat dit nie die belangrikste eienskappe van eie kapitaal besit nie.<sup>2)</sup> Die koöperasie, as hy doeltreffend wil funksioneer, vereis nie net beskikkingsmag oor 'n sekere kapitaalsom nie, maar benodig kapitaal met verskillende eienskappe en een van hierdie tipes kapitaal wat vereis word is risikokapitaal. Ook die roterende ledeheffingsfondse het 'n funksie in die koöperasie te vervul, maar dit is nie dieselfde funksie as aandelekapitaal nie. Aandelekapitaal kan, uit die oogpunt van die koöperasie gesien, dieselfde funksie as die roterende ledeheffingsfondse vervul, maar dit sou onbillik teenoor die lede wees om dit daarvoor te gebruik. Die roterende ledeheffingsfonds kan egter nie die funksie van die aandelekapitaal oorneem nie.<sup>3)</sup>

By die meeste sitruskoöperasies hou die argument dat aandeelhouding nie op 'n transaksiegrondslag vereis word nie en dat die roterende heffingsfondse daarom op gebruik gegrond moet word, ook nie steek nie. Soos vroeër aangetoon is daar slegs twee sitruskoöperasies (14 en 21) wat nie vir aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag voorsien nie. Die verskynsel dat die meeste sitruskoöperasies wel aandeelhouding op 'n transaksiegrondslag vereis, weerlê ook grotendeels die argument dat lede

- 
- 1) Die bewering is gegrond op gedagtes wat teenoor skrywer uitgespreek is.
  - 2) Kyk p.178 e.v.
  - 3) Kyk hoofstuk 6 vir 'n bespreking van die funksies van die verskillende kapitaalvorme.

onwillig is om verdere (genoeg) aandele op te neem<sup>1)</sup>. Laasgenoemde standpunt word verder versterk as in ag geneem word dat negentien van die 21 sitruskoöperasies 60 persent of minder en sestien van die 21 sitruskoöperasies twintig persent of minder van hulle uitgereikte aandelekapitaal opgeroep het.<sup>2)</sup>

Die koöperasies wat die *persentasie van die netto opbrengs van die gelewerde produk* as grondslag vir die berekening van die omvang van die bydraes van lede tot die fonds gebruik, gaan klaarblyklik van die standpunt uit dat die lede ooreenkomstig hulle „betaalvermoë” tot die fonds moet bydra. Indien in gedagte gehou word dat hierdie tipe kapitaal in werklikheid „leningskapitaal van lede” is, skyn die laasgenoemde standpunt meriete te hê. Die lede is wel verplig om die kapitaal aan die koöperasie te leen vir solank die betrokke regulasies van krag is, maar dit skyn moreel geregverdig te wees om die verpligting eerder op „betaalvermoë” te grond as suiwer op die „gebruik” van die koöperasie.

Soos reeds vroeër aangetoon, is daar nie noodwendig 'n positiewe verband tussen die hoeveelheid sitrusvrugte wat 'n lid lewer en die inkomste wat hy vir daardie sitrusvrugte ontvang nie. Een lid kan dus byvoorbeeld 100 eenhede valensialemoene lewer wat 'n netto opbrengs van R200 toon, terwyl 'n ander lid 100 eenhede nawellemoene lewer wat 'n netto verlies van R200 toon. Sou die omvang van die heffing op die eenheid gelewerde produk bereken word dan sou beide lede eweveel tot die fonds moet bydra; die eerste lid uit die inkomste wat hy vir sitrusvrugte ontvang en die tweede lid uit ander bronne, moontlik selfs 'n bankoortrekking. Dit wil ietwat drasties voorkom en daarom lyk dit billiker om slegs 'n bydrae van die eerste lid te verg, dit wil sê om die bydraes op „betaalvermoë” te grond. Dit is natuurlik moontlik dat die tweede lid as gevolg van ander

---

1) Kyk ook hoofstuk 6, p.371 waar aangetoon word dat die meeste sitruskoöperasies oor 'n „oormaat” uitgereikte aandele beskik.

2) Kyk ook tabel 5.7, p.210.

boerdery- of sake-aktiwiteite baie meer vermoënd as die eerste lid is. Bloot uit die oogpunt van die betrokke sitruskoöperasie beskou kan dit egter nie die geval wees nie.

Dit is duidelik dat beide grondslae meriete het, maar om genoemde redes word voorkeur aan laasgenoemde gegee. Tien van die sitruskoöperasies gebruik die „eenheid gelewerde produk" as grondslag terwyl sewe die „netto opbrengs van die gelewerde produk" as grondslag gebruik. Die oorblywende een sitruskoöperasie gebruik die twee grondslae as alternatiewe volgens diskresie van die raad van direkteure. Een van die sewe sitruskoöperasies wat die „netto opbrengs van die gelewerde produk" as grondslag gebruik, kan ook kragtens sy regulasies 'n „spesiale roterende ledeheffingsfonds" instel, die bydraes waarvan op basis van die eenheid gelewerde produk gegrond moet word.

(d) Die omvang van die heffings teen lede

Die omvang van die jaarlikse heffings teen die lede word aan die diskresie van die rade van direkteure van die betrokke sitruskoöperasies oorgelaat, onderhewig aan 'n spesifieke *maksimum* perk wat in die regulasies van elke individuele sitruskoöperasie neergelê is. Tabel 5.14 bevat besonderhede aangaande die maksimum perk.

Tabel 5.14

Die maksimum jaarlikse bydraes wat die primêre sitruskoöperasies van lede tot die roterende ledeheffingsfondse kan verg.

Streek/ Sitruskoöperasie	Maksimum jaarlikse bydrae	
	Op netto opbrengs (%)	Per eenheid produk (sent per kg sitrusvrugte)
<u>Oos-Kaap</u>		
2		0,64
7		0,74
14		0,16
Gemiddeld per koöperasie in streek	-	0,51
<u>Wes-Kaap</u>		
9	-	1,11
<u>Oos-Transvaal</u>		
10	12,5	
4		0,56
16	10,0	
17	12,5	
1	12,5	0,37 (spesiale fonds)
18	5,0	
Gemiddeld per koöperasie in streek	10,5	0,47
<u>Noord-Transvaal</u>		
21		0,10
11	10,0	
15	10,0	
12	5,0 of	0,32
Gemiddeld per koöperasie in streek	8,3	0,21
<u>Wes-Transvaal</u>		
8		0,56
5		0,40
Gemiddeld per koöperasie in streek	-	0,48
<u>Natal</u>		
3		0,74
13		0,79*
		0,37†
Gemiddeld per koöperasie in streek	-	0,63
Gemiddeld per koöperasie vir alle koöperasies	9,7	0,53

\* Uitvoervrugte

† Plaaslike vrugte

Na aanleiding van die gegewens in tabel 5.14 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

(i) Drie van die vyf sitruskoöperasies wat in die Oos-Kaap geleë is se regulasies voorsien vir kapitaalaantrekking deur middel van 'n roterende ledeheffingsfonds. Aldrie die koöperasies grond die heffings teen lede op die eenheid gelewerde produk en die omvang van sodanige heffings wissel tussen 0,74 sent en 0,16 sent per kilogram sitrusvrugte.

(ii) Die koöperasie in die Wes-Kaap grond ook die heffing teen lede op die eenheid produk en die maksimum omvang van die heffing (1,11 sent per kilogram sitrusvrugte) is die hoogste van al die betrokke sitruskoöperasies.

(iii) Vyf van die ses sitruskoöperasies in Oos-Transvaal grond die heffings teen lede op die netto opbrengs van die gelewerde produk en die maksimum omvang van die heffing wissel tussen vyf en  $12\frac{1}{2}$  persent van die netto opbrengs. Een sitruskoöperasie (sitruskoöperasie 4) gebruik die eenheid gelewerde produk as grondslag en wel teen 'n maksimum koers van 0,56 sent per kilogram sitrusvrugte. Sitruskoöperasie 1 gebruik die eenheid gelewerde produk as grondslag by sy spesiale roterende ledeheffingsfonds.

(iv) Twee van die sitruskoöperasies in Noord-Transvaal grond die heffings suiwer op die netto opbrengs van die gelewerde produk en een op die eenheid gelewerde produk. Een koöperasie (koöperasie 12) gebruik die twee grondslae as alternatiewe. Geen besonderhede kon in hierdie verband ten opsigte van sitruskoöperasie 19 verkry word nie. In die algemeen gesproke is die maksimum omvang van die heffings teen lede by die koöperasies in die Noord-Transvaal die laagste.

(v) Die koöperasies in Wes-Transvaal en Natal grond die heffings teen lede op die eenheid gelewerde produk. Interessant is die verskil in die maksimum tarief wat in die geval van sitruskoöperasie 13 tussen uitvoervrugte en vrugte wat plaaslik bemark word, getref word, naamlik 0,79 sent per kilogram vir

eersgenoemde en 0,37 sent per kilogram in geval van laasgenoemde. Die verskil word waarskynlik getref om voorsiening vir die „betaalvermoë" van lede te maak aangesien dit oor die algemeen aanvaar word dat die uitvoervrugte 'n hoër opbrengs lewer as vrugte wat nie uitgevoer word nie. In die *algemeen* is dit wel so en veral wat vrugte van dieselfde variëteit betref. Dit hoef egter nie noodwendig so te wees nie en in die verlede was dit dikwels ook nie die geval nie, veral nie wanneer die opbrengs van een variëteit (byvoorbeeld suurlemoene) se uitvoervrugte vergelyk word met die opbrengs van 'n ander variëteit (byvoorbeeld nawellemoene) se vrugte wat plaaslik bemark is nie. Die verskil in opbrengs sal sekerlik ook nie altyd, indien ooit, 0,79:0,37 wees nie. Indien die doel met die bepaling inderdaad is om die betaalvermoë in aanmerking te neem (en geen ander logiese doel kan gesien word nie), kan daar veel eerder van die „netto opbrengs" as grondslag gebruik gemaak word.

(vi) Daar skyn 'n neiging te wees dat die omvang van die maksimum heffing by die jonger koöperasies laer is as by die ouere koöperasies in dieselfde streek. Vergelyk die posisie by koöperasies 14, 18, 12 en 5.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die omvang van die bydraes tot die roterende ledeheffingsfondse wat jaarliks deur die sitruskoöperasies van hulle lede geëis kan word, meesal aansienlik tussen die koöperasies verskil. Daar is egter, veral wat die grondslag van die heffings, maar in 'n mate ook in soverre dit die omvang van die maksimum heffing betref, 'n neiging tot ooreenstemming tussen die koöperasies in dieselfde streek. Oorlewering of gewoonte is die enigste logiese verklaring vir hierdie tendense.

(e) Die doeleindes van aanwending

Die doeleindes waarvoor die betrokke sitruskoöperasies hulle roterende ledeheffingsfondse kan aanwend, is in al die gevalle identies aan dié wat deur die Modelstatuut<sup>1)</sup> voorgeskryf

1) Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 101(d).

word, naamlik: „Die opbrengs van die (roterende) ledeheffingsfonds kan afsonderlik belê word of kan deur die maatskappy vir enige van sy doelstellings gebruik word: *Met dien verstande dat dit nie aangewend mag word om enige verliese wat voortvloei uit die verrigtings van die maatskappy, te dek nie.*”<sup>1)</sup>

Die aspek vereis nie verdere bespreking nie.

(f) Die koste van die kapitaal

Die koste van die kapitaal wat deur middel van die roterende ledeheffingsfonds aangetrek word, is vir die betrokke koöperasie die rente wat hy daarop aan die lid betaal.

Tabel 5.15 bevat besonderhede aangaande die rente wat deur die betrokke sitruskoöperasies op die krediete van lede in die roterende ledeheffingsfondse betaalbaar is.

Tabel 5.15

Rentekoerse op die roterende ledeheffingsfondse deur die primêre sitruskoöperasies aan lede betaalbaar

Streek/ Sitruskoöperasie	Rente betaalbaar op roterende ledeheffingsfonds	
	Maksimum jaarlikse koers	Betaling verpligtend of opsioneel
<u>Oos-Kaap</u>		
2	5%	Verpligtend
7	5%	Opsioneel
14	Geen	N.v.t.
<u>Wes-Kaap</u>		
9	5%	Verpligtend
<u>Oos-Transvaal</u>		
1	5%	Verpligtend
4	Landbankkoers + 1%	Opsioneel
10	Landbankkoers + 1%	Opsioneel
16	Landbankkoers + 1%	Verpligtend
17	5%	Verpligtend
18	5%	Verpligtend

1) Deur skrywer beklemtoon.

Tabel 5.15 (vervolg)

Rentekoerse op die roterende ledeheffingsfondse deur die primêre sitruskoöperasies aan lede betaalbaar

Streek/ Sitruskoöperasie	Rente betaalbaar op roterende ledeheffingsfonds	
	Maksimum jaarlikse koers	Betaling verpligtend of opsioneel
<u>Noord-Transvaal</u>		
11	Landbankkoers + 1%	Opsioneel
12	5%	Verpligtend
15	5%	Verpligtend
21	Geen	N.v.t.
<u>Wes-Transvaal</u>		
5	6½%	Verpligtend
8	Geen	N.v.t.
<u>Natal</u>		
3	6%	Verpligtend
13	6%	Verpligtend

Die gegewens in die tabel is grotendeels selfverduidelikend en daar word met enkele opmerkings volstaan:

(i) Twee van die drie sitruskoöperasies in Oos-Kaapprovinsie wat oor roterende ledeheffingsfondse beskik, beperk die maksimum rentekoers wat aan lede op hulle belange in die fonds betaalbaar is tot vyf persent per jaar. By een van die koöperasies is rentebetaling jaarliks verpligtend en in die ander geval opsioneel.

(ii) Die koöperasie in die Wes-Kaapprovinsie is verplig om jaarliks rente aan lede op hulle belange in die roterende ledeheffingsfonds te betaal en wel teen 'n maksimum rentekoers van vyf persent per jaar.

(iii) Drie van die sitruskoöperasies in Oos-Transvaal beperk die betrokke rentekoers tot 'n maksimum van vyf persent per jaar, terwyl die oorblywende drie dit tot een persent bo die heersende rentekoers van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika op paalementslenings beperk. By twee van laasgenoemde koöperasies is die jaarlikse betaling van rente opsioneel, ter-

wyl die res van die koöperasies in hierdie gebied jaarliks verplig is om rente op die roterende ledeheffingsfondse aan lede te betaal.

(iv) Slegs drie van die vier sitruskoöperasies in Noord-Transvaal ten opsigte waarvan die inligting beskikbaar was, word deur hulle regulasies gemagtig om rentebetalinge op die lede se belange in die roterende ledeheffingsfondse te maak en wel teen maksimum koerse wat wissel tussen vyf persent per jaar (twee koöperasies) en een persent bo die Landbankkoers op paaientlenings per jaar. Die jaarlikse betaling van rente is vir die eersgenoemde twee koöperasies verpligtend.

(v) Een van die twee koöperasies in die Wes-Transvaal is verplig om jaarliks aan lede rente op hulle belange in die roterende ledeheffingsfonds te betaal teen 'n maksimum koers van 6,5 persent (die hoogste van al die sitruskoöperasies), terwyl rentebetaling vir beide die koöperasies in Natal ook verpligtend is, maar teen 'n maksimum koers van ses persent per jaar (op een na die hoogste van alle sitruskoöperasies).

Soos reeds vroeër genoem is die bydrae wat 'n lid tot die roterende ledeheffingsfonds van 'n koöperasie maak, in werklikheid niks anders as 'n verpligte lening aan die koöperasie nie. Op enige lenings van derdes sou die koöperasie afgesien van vaste terugbetalingsvoorwaardes, ook 'n vaste jaarlikse rentekoers moes betaal het. Dit is daarom onverstaanbaar en onverdedigbaar (veral gesien die gunstige terugbetalingsvoorwaardes waarop ons hierna terugkom) dat sommige sitruskoöperasies geen voorsiening vir rentebetalinge op die krediete van lede in die roterende ledeheffingsfondse maak nie. Waar sodanige voorsiening wel gemaak word, is dit ook opvallend dat die betaling van rente in sommige gevalle opsioneel en nie verpligtend is nie. Dit is verder opvallend dat in geval van die koöperasies wat wel vir rentebetalinge voorsien net sekere maksimum koerse, maar geen minimum koerse neergelê word nie. Dit beteken dat die koöperasies, selfs al is rentebetaling verpligtend, enige koers tussen nul en die maksimum koers kan betaal.

Die huidige posisie by die sitruskoöperasies wat van die roterende ledeheffingsfondse as kapitaalbron gebruik maak, is dus dat hulle hier oor 'n uiters goedkoop bron van kapitaal beskik, so goedkoop dat dit selfs na uitbuiting van sekere lede lyk.

Die bogenoemde standpunte vereis verdere verduideliking.

Daar moet eerstens in gedagte gehou word dat rentebetaling op die roterende ledeheffingsfondse 'n indirekte koste vir die koöperasie verteenwoordig. Die betaling van rente op die roterende ledeheffingsfondse veroorsaak dus dat die koöperasie se wins in algemeen ekonomiese sin verminder omdat dit die verskil tussen die maksimum koöperasiekommissie en die totale indirekte koste vernou. Dit beteken dat die koöperasie 'n kleiner prysvoordeel aan lede kan bied (as hy sou besluit om sy hele wins in algemeen-ekonomiese sin nie in rekeningkundige sin te realiseer nie) en/of 'n kleiner wins in rekeningkundige sin sal realiseer. Laasgenoemde beteken dat hy minder wins beskikbaar het vir verdeling in die vorm van reserwes, rente op aandelekapitaal en omsetbonusse. Deur nou nie rente op die roterende ledeheffingsfondse te betaal nie kan die koöperasie sy beeld na buite vir die oningeligte persone verbeter, want hy kan addisionele prysvoordele of omsetbonusse uitkeer wat anders nie moontlik sou wees nie. Die oningeligte persoon kan natuurlik steeds aanvoer dat die betaling van rente slegs die lid se bonus of agterskot met daardie bedrag sal verminder. Indien rente dan nie betaal word nie, sal die bonus of agterskot tog wel proporsioneel wees en sal 'n lid aan bonus of agterskot dieselfde ontvang as wat hy aan bonus plus rente of agterskot plus rente sou ontvang het. Vir die lede en gewese lede in totaliteit sal dit wel die geval wees, maar nie vir die individuele lede nie, omdat hier soos by die aandelekapitaal 'n onewewigtigheid bestaan. Daar kan verder aangevoer word dat hierdie onewewigtigheid oor die lang termyn uitgeskakel sal word omdat daar 'n nivellerings effek sal wees. Onewewigtigheid is in die praktyk egter inherent aan die stelsel van roterende ledeheffingsfondse by die sitruskoöperasies en

daarom is die betaling van rente aan lede en gewese lede op hulle belange in die fondse noodsaaklik. Enkele opmerkings sal die standpunt illustreer:

(i) Kragtens die huidige bepalings van die sitruskoöperasies se regulasies kry 'n lid by beëindiging van lidmaatskap meesal sy belange in die roterende ledeheffingsfonds terug onder dieselfde voorwaardes as wanneer hy lid sou gebly het.<sup>1)</sup> As 'n lid dus byvoorbeeld sou bedank of uit die omgewing sou vertrek kan dit etlike jare (vyf, tien, twintig of meer) neem voordat hy sy belange ten volle terugontvang het. Intussen gebruik hy nie meer die fasiliteite van die koöperasie nie en het die oorblywende lede al die voordele van sy kapitaal wat in die koöperasie se heffingsfonds steek. Hy (die gewese lid) kan geen prysvoordele en/of omsetbonusse meer ontvang nie, maar die oorblywende lede ontvang groter prysvoordele en/of omsetbonusse as daar nie 'n billike rente aan hom betaal word nie.

(ii) 'n Sitrusboom kom op die ouderdom van vier of vyf jaar in drag en sy dra vermoë neem geleidelik toe tot op die ouderdom van vyftien of twintig jaar waarna dit afneem totdat die boom op 'n ouderdom van dertig of veertig jaar verwyder en vervang word. Dit sal blote toeval wees as alle lede van 'n koöperasie oor bome van dieselfde ouderdom beskik en hier is dus weer 'n geval van inherente onewewigtigheid. Soortgelyke voorbeelde van faktore wat onewewigtigheid veroorsaak is talryk.

Nou kan daar natuurlik aangevoer word dat lede in elk geval geen „proporsionele” vergoeding vir die finansiële opofferings wat in die reserwefondse steek, ontvang nie en dat dit veel onbilliker is om reserwefondse op te bou as om nie rente op die roterende ledeheffingsfondse te betaal nie. Dit is egter 'n drogredenasie wat op verkeerde gronde berus soos reeds vroeër by herhaling aangetoon is. In wese verskil die twee kapitaalvorme van mekaar en elk het sy eie belangrike funksie om te vervul.

---

1) Kyk die volgende subparagraaf vir 'n vollediger bespreking van hierdie aspek.

Die reserwefonds is risikokapitaal wat uit die wins wat die koöperasie realiseer opgebou word en as hy nie doeltreffend genoeg was nie sou hy nie so 'n wins kon toon nie. Die roterende ledeheffingsfonds bestaan uit verpligte lenings wat die lede aan die koöperasie maak en is, afhangende van die grondslag van die heffings, nie of slegs in 'n baie geringe mate afhanklik van die koöperasie se doeltreffendheid.

Om saam te vat; die roterende heffingsfondse is in beginsel leningskapitaal vir die koöperasie en omdat daar onewewigtigheid bestaan tussen die bydraes van lede tot hierdie fondse en hulle gebruik van die koöperasie waaruit hulle prysvoordele en omsetbonusse ontvang, behoort lede rente op hulle belange in hierdie fondse te ontvang.

(g) Die termyn van beskikbaarheid en die risiko van kapitaalverlies

Die opbrengs van die roterende ledeheffingsfonds is op bepaald lang termyn tot die beskikking van die koöperasie aangesien dit na 'n spesifieke periode en/of by die plaasvind van 'n sekere toekomstige gebeurtenis aan die lid terugbetaalbaar is. Uit die oogpunt van die lid gesien is sy kapitaal wat in die roterende ledeheffingsfonds steek redelik vas alhoewel in die reël minder so as in die geval van sy kapitaal wat in die koöperasie-aandele steek. Alhoewel die belange van die lid in die roterende ledeheffingsfonds slegs by enkele van die sitruskoöperasies aan 'n ander lid oordraagbaar is, kan hy dit onder normale omstandighede na 'n aantal jare (spesifiek bepaal of wanneer die koöperasie finansieel daartoe in staat is) begin terugkry. Normalweg kan hy dit by dood, staking van bedryf, vertrek uit die omgewing en selfs in die meeste gevalle by bedanking en uitsetting ook terugkry. In sommige gevalle loop die lid egter die risiko om sy kapitaal wat in hierdie bron steek geheel of gedeeltelik te verbeur.

In die volgende paragrafe word vervolgens gelet op die spesifieke omstandighede en voorwaardes waarop die lede van die be-

trokke individuele sitruskoöperasies hulle belange in die roterende ledeheffingsfondse kan terugkry en/of verbeur:

(i) Indien hy lid van die koöperasie bly. Die regulasies van sestien van die agtien sitruskoöperasies wat oor roterende ledeheffingsfondse beskik en waarvoor die betrokke gegewens beskikbaar is, maak voorsiening vir die terugbetaling van die belange van lede in die roterende ledeheffingsfondse wanneer die finansiële struktuur van die betrokke koöperasie dit na oordeel van die raad van direkteure regverdig. Sodanige terugbetalings word dan, soos vroeër verduidelik, in rotasie gemaak.

Twee van die sitruskoöperasies se regulasies bepaal daarenteen spesifiek dat die belange van hulle lede in die roterende ledeheffingsfondse na verloop van onderskeidelik ses en sewe jaar vandat dit gehef is, terugbetaalbaar is.

Uit die oogpunt van die lid is die laasgenoemde bepalings natuurlik verkieslik. Die lid weet nou immers dat hy na ses of sewe jaar terugbetaling gaan ontvang. Alhoewel heelwat van die sitruskoöperasies in die eerste groep reeds na vyf jaar met terugbetaling begin het, is daar egter ook gevalle waar daar na tien jaar nog nie met terugbetaling 'n aanvang geneem is nie. Koöperasies in hierdie groep kan selfs na die terugbetaling van sekere jare se bydraes besluit om verdere terugbetalings heeltemal te staak of vir 'n korter of langer periode uit te stel. Teoreties is dit vir koöperasies in hierdie groep moontlik om nooit die belange van 'n lid aan hom terug te betaal nie. Dit sou egter onbillik en immoreel wees en so 'n koöperasie moet liever die lid onder die regte indruk plaas en 'n gewone of nie-roterende ledeheffingsfonds instel.

Gesien uit die oogpunt van die sitruskoöperasies geld die teenoorgestelde. Waar terugbetaling na 'n spesifieke aantal jare moet geskied, kan dit maklik gebeur dat die terugbetaling juis saamval met 'n periode van finansiële nood as gevolg van abnormale omstandighede of as gevolg van grootskaalse uitbreiding. Dit kan die betrokke koöperasie in finansiële moeilik-

heid beland. Die eerste groep sitruskoöperasies beskik hier oor groter soepelheid en finansiële stabiliteit, want hulle kan terugbetaling vir 'n korter of langer periode uitstel. In sy geheel beskou is hierdie toestand verkieslik bo die vorige mits die rade van direkteure van die betrokke koöperasies behoorlik vir hulle taak toegerus is en dit met verantwoordelikheid aanpak.

(ii) Indien die lid te sterwe kom. Die regulasies van sewentien van die agtien sitruskoöperasies wat oor sodanige fondse beskik en waarvoor die inligting beskikbaar is, maak daarvoor voorsiening dat die volle belang van 'n lid in die roterende ledeheffingsfonds van die betrokke koöperasie by sy afsterwe aan sy boedel betaal word *mits die koöperasie na oordeel van die raad van direkteure finansiëel daartoe in staat is*. Die oorblywende sitruskoöperasie se regulasies maak daarvoor voorsiening dat die belange van 'n lid by sy afsterwe aan sy boedel terugbetaal word op dieselfde wyse as wanneer hy lid sou gebly het (kyk (i) hierbo) of dat sy volle belang aan sy boedel terugbetaal word indien die raad van direkteure so sou goeddink. Grondliggend is daar weinig verskil in die betrokke regulasievoorskrifte. Die onus rus op die rade van direkteure van die sitruskoöperasies om te oordeel of die finansiële posisie van die betrokke koöperasies sodanig is dat volle betaling gedoen kan word. Die sitruskoöperasies geniet dus beskerming teen oormatige finansiële druk as gevolg van epidemies of oorloë en as die rade van direkteure verantwoordelik optree (en daar is geen rede om die teendeel te dink nie) is daar geen kritiek teen die betrokke bepaling nie. Om moontlike onverantwoordelike en onregverdigte optrede uit te skakel, is dit wenslik om betaling in elk geval na verloop van 'n aantal jare verpligtend te maak. In geval terugbetaling na verloop van 'n aantal jare verpligtend gemaak word, sal die koöperasie egter 'n mate van beskerming teen abnormale druk as gevolg van byvoorbeeld epidemies of oorloë moet geniet. Sodanige beskerming kan die vorm aanneem van spesiale toestemming tot uitstel van betaling deur die Minister.

(iii) By staking van bedryf en vertrek uit die omgewing. Die

regulasies van al agtien die betrokke sitruskoöperasies wat beskikbaar was, maak voorsiening vir die terugbetaling van 'n lid se belange in die roterende ledeheffingsfonds indien die lid sou ophou boer of die gebied waarin die koöperasie werkzaam is sou verlaat. Betaling geskied in alle gevalle egter nie op dieselfde wyse nie.

In geval van veertien van die sitruskoöperasies geskied terugbetaling van die belange van lede in die roterende ledeheffingsfonds by staking van bedryf of vertrek uit die omgewing op dieselfde wyse as wanneer die betrokke persoon lid van die koöperasie sou gebly het; dus op dieselfde wyse as onder (i) of (ii) hierbo.

Twee van die sitruskoöperasies se regulasies maak voorsiening vir die terugbetaling van die volle belang van 'n lid in die roterende ledeheffingsfonds mits die koöperasie na oordeel van die raad van direkteure finansieel daartoe in staat is en verder onderhewig daaraan dat geen sodanige betaling binne twaalf maande vanaf die einde van die finansiële jaar geskied waarin die lid sy boerdery opgegee of die gebied waarin die koöperasie werkzaam is, verlaat het nie. Die oorblywende twee sitruskoöperasies maak ook voorsiening vir terugbetaling op dieselfde wyse en in dieselfde omstandighede behalwe dat terugbetaling hier nie mag geskied binne twaalf maande vanaf die datum waarop die lid sy boerdery gestaak of die gebied verlaat het nie.

Gesien in die lig daarvan dat terugbetaling van 'n lid se belange in die roterende ledeheffingsfonds in al die gevalle tog onderhewig is aan die diskresie van die raad van direkteure van die betrokke koöperasie skyn daar geen rede te wees waarom al die betrokke sitruskoöperasies nie voorsiening kan maak vir die onmiddellike terugbetaling van die volle belang van 'n lid in die roterende ledeheffingsfonds wanneer hy *sitrusboerdery* staak in die gebied wat deur die betrokke sitruskoöperasie bedien word nie.<sup>1)</sup> As gevolg van die lae rentekoers wat die lede van die

---

1) Kyk ook aanbeveling insake terugbetaling van aandelekapitaal, p.269 e.v.

meeste sitruskoöperasies reeds op hulle belange in die roterende ledeheffingsfonds ontvang (soms geen rente nie) skyn dit ietwat onbillik te wees om 'n persoon te verplig om fondse in 'n koöperasie te hou waarin hy geen verdere belang het nie, veral as daardie koöperasie in die finansiële posisie is om die volle belang van so 'n persoon dadelik terug te betaal. Soos die posisie tans is, kan dit gebeur dat 'n koöperasie oor voldoende fondse beskik om so 'n persoon dadelik sy volle belang te betaal maar hy word deur sy regulasies verplig om 'n bepaalde periode (twaalf maande of by normale rotasie) met terugbetaling te wag.

Om misbruik van diskresionêre magte deur die raad van direkteure te voorkom is dit ook wenslik om terugbetaling van die volle belang in elk geval na verloop van 'n spesifieke aantal jare verpligtend te maak. Beskerming teen oormatige finansiële druk kan ook hier in die vorm van Ministeriële vergunnings toegelaat word.

(iv) By beëindiging van lidmaatskap op enige ander wyse (bedanking en uitsetting). Die regulasies van al die betrokke sitruskoöperasies maak ook voorsiening vir die hantering van 'n persoon se belange in die roterende ledeheffingsfonds indien sy lidmaatskap op enige ander wyse as deur afsterwe, staking van bedryf of vertrek uit die omgewing beëindig word; dus beëindiging van lidmaatskap deur bedanking of uitsetting.

Twaalf van die sitruskoöperasies se regulasies voorsien daarvoor dat 'n gewese lid se belange in die roterende ledeheffingsfonds onder hierdie omstandighede aan hom terugbetaalbaar is op dieselfde wyse as wanneer hy lid van die koöperasie sou gebly het (kyk paragrawe (i) en (ii) hierbo).

In geval van die oorblywende ses sitruskoöperasies verbeur 'n lid wat bedank of uit die koöperasie gesit word sy belange in die roterende ledeheffingsfonds geheel of gedeeltelik:<sup>1)</sup>

---

1) Kyk ook die vroeëre bespreking van verbeurdverklaarde roterende ledeheffingsfondse, p.190-191.

- Twee van die sitruskoöperasies se regulasies bepaal dat 'n persoon sy belange in die roterende ledeheffingsfonds onder hierdie omstandighede in sy geheel verbeur as hy nie vir ten minste drie agtereenvolgende jare lid van die koöperasie was nie. Was hy egter vir drie agtereenvolgende jare lid word sy volle belang in die fonds aan hom terugbetaal. In die betrokke regulasies word egter geen aanduiding gegee van hoe en wanneer hierdie terugbetaling moet of kan geskied nie. By implikasie beteken dit onmiddellik by bedanking of uitsetting mits die koöperasie na oordeel van die raad van direkteure oor genoegsame fondse beskik. Dieselfde twee koöperasies se regulasies maak egter daarvoor voorsiening dat 'n lid wat boerdery gestaak of uit die omgewing vertrek het sy belange in die fonds eers na verloop van twaalf maande kan ontvang. Dit skyn weer heeltemal onlogies te wees om die lid wat bedank het of uitgesit is voordeliger te behandel as die een wat boerdery staak of die omgewing verlaat.

- Drie van die sitruskoöperasies se regulasies maak daarvoor voorsiening dat 'n persoon onder hierdie omstandighede sy volle belang in die roterende ledeheffingsfonds verbeur indien hy nie vir ten minste drie agtereenvolgende jare lid van die koöperasie was nie. Indien hy wel vir drie agtereenvolgende jare lid was, verbeur hy in die geval van een koöperasie tien persent, in die geval van 'n tweede 25 persent en in geval van die derde 30 persent van sy belang in die roterende ledeheffingsfonds. Soos onder die vorige groep genoem, word hier ook geen aanduiding gegee van hoe en wanneer die onverbeurde gedeelte terugbetaal moet of kan word nie. By implikasie beteken dit weer onmiddellik mits fondse beskikbaar is.

- Die oorblywende sitruskoöperasie se regulasies bepaal dat 'n persoon wat bedank of uit die koöperasie gesit word 50 persent van sy belange in die roterende ledeheffingsfonds verbeur. Die oorblywende 50 persent word aan hom uitbetaal op dieselfde wyse en tyd as wanneer hy lid van die koöperasie sou gebly het. Alhoewel dit nie spesifiek so gestel word nie, word aangeneem dat elke jaar se bydrae tot die fonds in hierdie geval met 50 persent verminder word.

By die beoordeling van die bogenoemde bepalings insake die terugbetaling van lede se belange in die roterende ledeheffingsfonds moet dit steeds in gedagte gehou word dat hierdie kapitaalbron in wese leningskapitaal van lede is en dat dit dus in beginsel op een of ander stadium *ten volle* aan die lid of gewese lid terugbetaal moet word. Uit hierdie oogpunt beskou (en daar is geen ander logiese beskouing nie) kan daar geen gronde bestaan waarom 'n lid wat bedank het of wat uit die koöperasie gesit is sy belange in die fonds geheel of gedeeltelik moet verbeur nie. Daar word toegegee dat lede ontmoedig moet word om te bedank of om hulle verpligtinge teenoor die koöperasie te ontduik omdat dit die betrokke koöperasie en die oorblywende lede uiters nadelig kan tref. As die koöperasie se diens aan sy lede dan nie sodanig is dat dit die lede aanmoedig om hulle volle steun aan die koöperasie te gee nie, kan 'n afskrikmaatreël in die vorm van 'n spesifiek vermelde verlengde periode bo die normale periode van uitbetaling ingestel word. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die ontevrede lid of lede die normale kanaal van die algemene vergadering het om besware te lug en indien hy/hulle die ondersteuning van sy/hulle medeledes geniet, kan die samestelling van die raad van direkteure verander word. Die verbeuring van 'n lid se belange in die roterende ledeheffingsfonds kan egter nooit gesteun word nie, want hier word „gedwonge” lidmaatskap weer aangetref. Daar kan wel aangevoer word dat die lid by aansluiting van die betrokke klousule bewus was en nie later wanneer dit hom nadelig tref ontevrede daarvoor kan wees nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit in die praktyk dikwels gebeur dat nuwe lede nooit die regulasies van die koöperasies ter insae kry nie of dat hulle nie belangstel om dit te bestudeer nie. Dit is ook nie noodwendig dat die klousule reeds by die stigting van die koöperasie bestaan het nie, maar dat dit met verloop van tyd by die regulasies ingelyf is. Bestaande lede moet hulle dan by die meerderheidswil, of soos vroeër aangetoon, selfs by die minderheidswil berus. Hoe hierdie bepalings in die regulasies van die betrokke koöperasies ooit vir registrasie goedgekeur is bly 'n ope vraag, want die Suid-Afrikaanse koöperatiewe owerhede kleef juis baie onbuigsaam aan die

Rochdale-beginsels van koöperasie vas.<sup>1)</sup> Vrywillige lidmaatskap, soos reeds vermeld, is nie net een van hierdie beginsels nie, maar word selfs vandag nog deur meeste outoriteite as grondbeginsel aanvaar. „Vrywillige lidmaatskap" behels seer sekerlik nie net 'n vryheid van keuse om lid van 'n koöperasie te word nie, maar ook 'n vrye keuse om lid van 'n koöperasie te bly. Daar kan, soos ook reeds genoem, aangevoer word dat dit die lid in alle gevalle nog vrystaan om te bedank, maar is dit wel so wanneer hy sy opbetaalde aandeelkapitaal moet verbeur, aanspreeklik moet bly vir die onopbetaalde deel daarvan en nog sy belange in die roterende ledeheffingsfonds ook geheel of gedeeltelik moet verbeur? Indien in aanmerking geneem word dat die gemiddelde aandeelhouding per lid in een van die sitruskoöperasies waarin 'n lid sy hele belang in die roterende ledeheffingsfonds kan verbeur 2 075 aandele van twee rand elk is (dus 'n aandele-aanspreeklikheid van R4 150) en dat die gemiddelde belang in die roterende ledeheffingsfonds R1 717 is, dan kan 'n indruk verkry word van die finansiële verlies wat 'n lid kan ly as hy bedank of uitgesit word en dan kan ook besef word dat daar weinig sprake van vrywillige lidmaatskap bestaan.

Daar skyn verder min logika te skuil in die bepaling in die betrokke sitruskoöperasies se regulasies dat 'n persoon wat vir drie agtereenvolgende jare lid van die koöperasie was bevoordeel word bo die persoon wat vir 'n korter tydperk lid was. Die posisie kan byvoorbeeld wees dat lid A vir drie jaar lid is en dat hy nog geen bydrae tot die aandeelkapitaal (behalwe een aandeel van R2,00 waarop twintig sent opbetaal is) of die roterende ledeheffingsfonds gemaak het nie omdat sy 20 000 sitrusbome so jonk is dat hulle nog nie kwalifiseer vir verpligte aandeelhouding op transaksiegrondslag nie en ook nog geen opbrengs lewer waarop hy 'n heffing moet betaal nie. Intussen het die koöperasie kapitaaluitgawes aangegaan om sy oes wat vanaf die volgende jaar gelewer sal word te hanteer. Hierdie lid bedank en verloor net twintig sent. Lid B is net vir twee jaar lid,

1) Kyk Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, hoofstuk 19.

beskik ook oor 20 000 sitrusbome wat in volle drag is en waarop hy 20 000 aandele moes uitneem en R4 000 by aansoek moes betaal het. In die twee jaar lewer hy sy oes aan die koöperasie en dra dus tot die roterende ledeheffingsfonds by. As hy sou bedank verloor hy sy R4 000 opbetaalde aandeelkapitaal plus sy bydraes tot die roterende ledeheffingsfonds en hy kan ook nog aanspreeklik gehou word vir die R16 000 onopbetaalde aandeelkapitaal. Dit lyk onregverdig.

Om saam te vat word dit weer eens gestel dat die verbeuring (geheel of gedeeltelik) van 'n lid se belange in die roterende ledeheffingsfonds van 'n koöperasie by sy bedanking of uitsetting nie gesteun kan word nie omdat dit in wese leningskapitaal aan die koöperasie is en verder omdat dit op die beginsel van vrywillige lidmaatskap inbreuk maak. Ten einde bedanking en ontduiking van verpligtinge deur lede te ontmoedig, skyn dit in orde te wees as die sitruskoöperasies uitbetaling van so 'n lid se belange in die fonds moeiliker maak as wat dit die geval by afsterwe, staking van bedryf, vertrek en moontlik selfs by normale voortsetting van lidmaatskap sou wees. Na 'n verloop van 'n spesifiek vermelde tydperk behoort so 'n lid egter sy *volle* belang te kan terugkry.

(v) By versuim om op te eis. Twee van die sitruskoöperasies se regulasies maak daarvoor voorsiening dat die belange van 'n lid of gewese lid in die roterende ledeheffingsfonds wat vir 'n periode van vyf jaar nadat dit aan hom betaalbaar geword het, onopgeëis bly, na die algemene reserwefonds van die maatskappye oorgeplaas kan word.<sup>1)</sup> Volgens aanduidings gebeur dit soms dat kleinere bedrae in die roterende ledeheffingsfondse van die sitruskoöperasies by uitbetaling onopgeëis bly omdat 'n lid intussen verhuis het en geen adresverandering aan die koöperasie bekend gemaak het nie. Die enigste logiese behandeling van sodanige bedrae skyn die voorgenoemde te wees en dit is daarom eienaardig dat al die sitruskoöperasies nie vir sodanige hante-

---

1) Kyk ook uiteensetting op p.189 vir die prosedure wat in so 'n geval gevolg moet word.

ring daarvan voorsiening maak nie. Navrae het daarop gedui dat dié wyse van behandeling in elk geval deur die sitruskoöperasies wat nie so 'n voorsiening het nie, toegepas word. Ongemagtigde optrede in hierdie opsig kan egter maklik tot probleme aanleiding gee en behoort vermy te word.

(vi) By likwidasie. Die lede van die betrokke sitruskoöperasies kan ook hulle belange in die roterende ledeheffingsfonds geheel of gedeeltelik (afhangende van die finansiële posisie) by likwidasie terugkry. Die belange van die lede in die roterende ledeheffingsfonds beskik egter oor geen besondere sekerheid nie en het slegs 'n voorkeureis bo die belange van die lede in die aandelekapitaal van die koöperasies. In die meeste gevalle word die belange van die lede in die roterende ledeheffingsfonds in die geval van likwidasie saam met die eise van gewone onversekerde skuldeisers behandel en in die geval van die ander sitruskoöperasies direk daarna.

(h) Moontlike aanpassings

Na aanleiding van die voorafgaande uiteensetting en opmerkings oor die voorwaardes waarop die sitruskoöperasies kapitaal deur middel van die roterende ledeheffingsfondse kan aantrek, kan die volgende aanpassings by die aanwending van hierdie fondse oorweeg word:

(i) Om verwarring te voorkom behoort die korrekte benaming, „roterende ledeheffingsfonds”, deurgaans deur die betrokke sitruskoöperasies gebruik te word.

(ii) Aangesien daar in die geval van die roterende ledeheffingsfondse in wese met „verpligte lenings” aan die koöperasie gewerk word, behoort 'n persentasie van die netto opbrengs van die gelewerde produk as grondslag vir die berekening van die heffings teen lede te dien omdat dit die betaalvermoë van die lid in ag neem.

(iii) Elke sitruskoöperasie behoort verplig te word om jaarliks aan lede rente op hulle belange in die roterende ledeheffings-

fonds te betaal en wel teen 'n koers wat nie met meer as een persent van die heersende rentekoers van die Landbank op paaie-mentslenings behoort af te wyk nie.

(iv) Die sitruskoöperasies behoort nie 'n spesifieke termyn vir die normale terugbetaling van lede se belange in die roterende ledeheffingsfondse te stel nie. Die tydstop van terugbetaling behoort rekbaar te wees ten einde finansiële druk in abnormale omstandighede te kan voorkom. Soos uit die bespreking in die volgende hoofstuk sal blyk behoort hierdie tipe kapitaal in 'n meer beperkte mate as wat tot dusver die geval was gebruik te word en daar kan dus verwag word dat die fondse onder hierdie omstandighede normaalweg gouer as tans sal roteer.

(v) By afsterwe, staking van die sitrusbedryf in die gebied wat deur 'n besondere sitruskoöperasie bedien word en by bedanking of uitsetting behoort die belange van 'n lid in die roterende ledeheffingsfonds van die koöperasie onmiddellik ten volle aan hom terugbetaal te word indien die raad van direkteure, gesteun deur die ouditeure, van mening is dat die koöperasie finansiël daartoe in staat is. Terugbetaling behoort in elk geval egter nie later te geskied as wat dit normaal die geval sou wees indien die persoon lid van die koöperasie sou gebly het nie, of wanneer hy onder soortgelyke omstandighede terugbetaling van sy belange in die aandelekapitaal sou ontvang nie;<sup>1)</sup> watter een van die laasgenoemde twee tydstoppe ookal eerste sou wees.

(vi) Al die betrokke sitruskoöperasies behoort in hulle regulasies daarvoor te voorsien dat die belange van 'n lid of gewese lid in die roterende ledeheffingsfonds verbeur en na die algemene reserwefonds oorgeplaas word by die versuim van so 'n lid of gewese lid om die betrokke bedrag binne vyf jaar nadat dit aan hom betaalbaar geword het, op te eis.

---

1) Kyk opmerkings insake terugbetaling van aandelekapitaal op p.266 e.v.

(3) Roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse

Drie van die twintig sitruskoöperasies wat se regulasies ter insae beskikbaar was, word gemagtig om kapitaal deur middel van roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse aan te trek. Ten tye van die ondersoek het slegs twee van hierdie koöperasies van hierdie kapitaalkvorm gebruik gemaak.

Soos vroeër verduidelik stem die roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds in beginsel ooreen met die roterende ledeheffingsfonds, behalwe dat eersgenoemde opgebou word uit teruggehoue omsetbonusse en nie uit heffings op produkte soos wat die geval by laasgenoemde is nie.

Die doeleindes waarvoor die fonds aangewend kan word, is ook dieselfde as by die roterende ledeheffingsfonds wat in die voorafgaande paragraaf behandel is.

Wat die koste van hierdie kapitaal vir die sitruskoöperasies betref, word gevind dat een van die betrokke sitruskoöperasies geen rente aan lede op hulle belang in hierdie fonds betaal nie, een sitruskoöperasie is verplig om jaarliks rente tot 'n maksimum van ses persent te betaal, terwyl die derde sitruskoöperasie verplig is om jaarliks rente te betaal wat nie die heersende Landbankrentekoers op paaiementslenings met meer as een persent mag oorskry nie. Dieselfde opmerkings as wat oor rentebetalings by die roterende ledeheffingsfondse van die sitruskoöperasies gemaak is, geld ook hier.

Die termyn van beskikbaarheid van die kapitaal vir die betrokke sitruskoöperasies en die risiko van kapitaalverlies vir die lede is ook in breë trekke dieselfde as wat dit die geval by die roterende ledeheffingsfondse was:

(a) In die normale loop van sake kry 'n lid by aldie die sitruskoöperasies sy belange in die fonds in rotasie terug wanneer die finansiële struktuur van die koöperasies dit na oordeel van hulle rade van direkteure regverdig; dus 'n rekbare termyn.

(b) By die afsterwe van 'n lid word sy volle belang in die fonds deur aldie die sitruskoöperasies aan sy boedel betaal indien die betrokke rade van direkteure van mening is dat die sitruskoöperasie finansieel daartoe in staat is om dit te doen.

(c) Indien 'n lid sou ophou om te boer in die gebied waarin die koöperasies funksioneer kan hy ook sy volle belang in die fonds terugkry indien die betrokke raad van direkteure sou oordeel dat die sitruskoöperasies finansieel in staat is om terugbetaling te doen. Sodanige terugbetaling mag by aldie die koöperasies egter nie binne twaalf maande vanaf die einde van die finansiële jaar waarin die lid sy boerdery in die omgewing gestaak het, geskied nie. Interessant is die feit dat een van hierdie sitruskoöperasies daarvoor voorsien dat 'n lid se belange in die roterende ledeheffingsfonds nie binne twaalf maande vanaf staking van boerdery terugbetaal mag word nie. Dit is nie duidelik waarom die belange in die roterende ledeheffingsfonds aan makliker terugbetalingsvoorwaardes as die belange in die roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds onderhewig is nie. Daar skyn geen logiese gronde vir sodanige diskriminasie te wees nie.

(d) Indien 'n lid sou bedank of uitgesit word, kry hy by aldie die koöperasies sy volle belang in die roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds terug, maar alleen soos en wanneer hy lid sou gebly het. Die interessante verskynsel word ook hier aangetref dat die belange van sodanige lede in die roterende ledeheffingsfonds en in die roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds by twee van die koöperasies verskillend behandel word. By beide sitruskoöperasies verbeur so 'n lid sy volle belang in die roterende ledeheffingsfonds indien hy nie vir ten minste drie agtereenvolgende jare lid was nie. By een van hierdie sitruskoöperasies (dié een waarna in die vorige paragraaf verwys is) kry so 'n lid sy volle belang terug as hy vir drie agtereenvolgende jare lid was maar by die ander een slegs 75 persent van sy belang in die roterende ledeheffingsfonds.<sup>1)</sup> Weer eens kan daar geen logiese rede vir die verskil in die behandeling

---

1) Kyk ook p.300.

tussen die belange van lede in die roterende ledeheffingsfonds en die roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds gevind word nie. Nog meer onverklaarbaar en onlogies is die feit dat een van die twee betrokke sitruskoöperasies makliker terugbetalingsvoorwaardes vir sy roterende ledeheffingsfonds as vir sy roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds in die geval van staking van boerdery in die omgewing het. In die geval van bedanking of uitsetting as lid geld die teenoorgestelde egter by dié koöperasie, in die sin dat so 'n lid onder sekere omstandighede sy hele belang in die roterende ledeheffingsfonds kan verbeur maar onder alle omstandighede sy volle belang in die roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds kan terugkry.

(e) By likwidasië word die belange van lede in die roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds by twee van die drie sitruskoöperasies op dieselfde wyse as die belange van lede in die betrokke koöperasies se roterende ledeheffingsfondse behandel; uitbetaling van die belange geskied na betaling van gewone onversekerde skuldeisers. In die geval van die derde sitruskoöperasie word in die regulasies geen voorsiening vir die hanteling van die belange van lede in die roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds by likwidasië gemaak nie. In hierdie geval voorsien die regulasies wel vir die behandeling van lede se belange in die roterende ledeheffingsfonds.

Die algemene kritiek en opmerkings wat by die bespreking oor die termyn van beskikbaarheid en die risiko van kapitaalverlies by die roterende ledeheffingsfonds gemaak is, is verder ook op die roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse van die sitruskoöperasies van toepassing.

#### (4) Lenings van lede

'n Aantal van die sitruskoöperasies se regulasies maak daarvoor voorsiening dat hulle lenings van hulle lede kan aangaan. Die voorsienings is in alle gevalle in beginsel in ooreenstemming met die bepalinge van die Modelstatuut wat vroeër in hierdie hoofstuk behandel is. Die sitruskoöperasies kan egter ook

soos ander koöperasies onder sekere omstandighede lenings van lede aangaan sonder dat spesifieke voorsiening daarvoor in hulle regulasies gemaak word. Dit geskied dan onder die algemene leningsbevoegdheid van die raad van direkteure of lede.

Lenings van lede word deur die sitruskoöperasies slegs by wyse van uitsondering aangegaan. Ten tye van die opname vir hierdie studie het byvoorbeeld slegs een van die sitruskoöperasies in Suid-Afrika lenings by sy lede aangegaan. Die redes vir hierdie relatiewe onbelangrikheid van ledelenings as kapitaalbron by die sitruskoöperasies is waarskynlik een of meer van die volgende:

(a) Die lede dra reeds in 'n aansienlike mate tot die kapitaal by in die vorm van aandelekapitaal, roterende ledeheffingsfondse en roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse. In die lig van die feit dat die meeste boere nie baie kapitaalkragtig is nie en self ook lenings moet aangaan om hulle eie boerderye te finansier, is hulle nie in staat om verdere kapitaal aan die koöperasies beskikbaar te stel nie.

(b) Die maksimum rentekoers van  $6\frac{1}{2}$  persent per jaar, wat op lenings van lede betaalbaar is, is laag in vergelyking met die rentekoers wat elders verdien kan word en die lenings aan die koöperasie dra ook geen besondere sekerheid nie. Lede is dus onwillig om lenings aan die koöperasie te verstrek, selfs al is hulle finansieel daartoe in staat.

(c) Leningskapitaal is vry maklik vanaf die Landbank en verwante kapitaal deur middel van die roterende ledeheffingsfondse beskikbaar en wel teen relatief gunstige voorwaardes. Daar bestaan dus min indien enige dryfveer vir die koöperasies om onder normale omstandighede by hulle lede om verdere hulp aan te klop. Lede sien om dieselfde rede geen nodigheid waarom hulle lenings aan die koöperasies moet maak nie.

Lenings van lede, as bron van verwante langtermynkapitaal, verskil van die vorige twee vorme in een baie belangrike opsig.

Waar die lede in die geval van die roterende ledeheffingsfonds en roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds in terme van die betrokke koöperasies se regulasies, verplig word om bydraes tot die kapitaal te maak, is lenings van lede vrywillig van aard. Dit staan die lid met ander woorde vry om geld aan die koöperasie te leen of nie.

(5) Die belangrikheid van die verskillende vorme van verwante langtermynkapitaal

Twintig van die 21 sitruskoöperasies het van verwante langtermynkapitaal gebruik gemaak. Op drie uitsonderings na (sitruskoöperasies 5, 10 en 13) het hierdie verwante langtermynkapitaal uitsluitlik uit roterende ledeheffingsfondse bestaan. In geval van sitruskoöperasie 5 het die roterende ledeheffingsfonds onderskeidelik 89,7 persent en 58,5 persent aan die einde van die 1968/69 en die 1969/70 finansiële jare tot die verwante langtermynkapitaal bygedra; die res (onderskeidelik 10,3% en 41,5%) het uit lenings van lede bestaan. By sitruskoöperasie 10 het die verwante langtermynkapitaal vir onderskeidelik 85,8 persent en 90,4 persent uit die roterende ledeheffingsfonds bestaan, terwyl die res deur middel van 'n roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds voorsien is. Die posisie by sitruskoöperasie 13 was min of meer soortgelyk. Hier het die roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds onderskeidelik 6,7 persent en 16,8 persent van die verwante langtermynkapitaal gelewer, terwyl die res deur middel van die roterende ledeheffingsfonds gelewer is.

b. Verwante korttermynkapitaal

Die verwante korttermynkapitaal wat tot die beskikking van die sitruskoöperasies staan, is dieselfde as wat die geval vir koöperasies in die algemeen is, naamlik gelde wat aan lede verksuldig is vir rente op aandelekapitaal, bonusse en sitrusvrugte gelewer. In plaas daarvan dat hierdie gelde aan die lede in kontant uitbetaal word of waar van toepassing, tot hulle onderskeie krediete in byvoorbeeld 'n roterende uitgestelde bonusbe-

talingsfonds gestort word, word dit vir korter of langer periodes teruggehou en kan dit vir finansieringsdoeleindes deur die sitruskoöperasies aangewend word.

Dit skyn by die sitruskoöperasies 'n algemene verskynsel te wees dat aansienlike gedeeltes van die gelde wat aan lede verskuldig is vir gelewerde sitrusvrugte, teruggehou word. Ten tye van hierdie ondersoek het al die sitruskoöperasies sodanige fondse tot hulle beskikking gehad en in sommige gevalle het dit relatief groot bedrae beloop. Om praktiese redes sal dit nooit vir die sitruskoöperasies moontlik wees om alle bedrae onder hierdie hoof onmiddellik aan lede uit te betaal nie. Dit is egter die mening (en dit is ook deur sommige koöperasies bevestig) dat sekere van die sitruskoöperasies hierdie gelde doelbewus as finansieringsmiddel terughou en sodoende kostelose korttermynkapitaal bekom. Hierdie beleid verdien slegs veroordeling. In gesprekke met lede van sitruskoöperasies het dit geblyk dat dit 'n groot beswaar teen die sitruskoöperasies is dat hulle uitbetalings op gelewerde vrugte onnodig vertraag. Gevalle is ook bekend waar die ouditeure van sitruskoöperasies deur die lede versoek is om spesiaal verslag oor die vertraging van betaling aan hulle te doen. Dit bevestig slegs die onwenslikheid van sodanige terughouding van betalings, want dit belemmer die goeie verhouding van die lid teenoor sy koöperasie.

Voorts word in tabel 5.16 'n aanduiding van die omvang van hierdie fondse aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar verstrek.

Tabel 5.16

Die omvang van die verwante korttermynkapitaal by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Bedrag R'000	Getal sitruskoöperasies	
	Per interval	Progressief
1-10	3	3
11-20	2	5
21-30	2	7
31-40	2	9
41-50	1	10
51-100	5	15
101-150	2	17
151-200	1	18
201-300	2	20
301-400	-	20
401-500	-	20
501-600	1	21
Totale bedrag R'000	1 713,4	
Gemiddeld per sitrus- koöperasie R'000	81,6	

Dit blyk uit tabel 5.16 dat ses van die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar oor verwante korttermynkapitaal van meer as R100 000 beskik het, terwyl drie koöperasies meer as R200 000 verwante korttermynkapitaal beskikbaar gehad het. Gemiddeld het die sitruskoöperasies elk oor ± R81 600 verwante korttermynkapitaal beskik. Die bedrae wat op hierdie wyse van lede onthou word, is dus aansienlik en dit is daarom te begrype dat dit 'n bron van potensiële ontevredenheid onder die lede van die koöperasies kan wees.

#### D. DIE VREEMDE KAPITAALBRONNE

Die sitruskoöperasies kan vreemde kapitaal op lang (of

tussen) termyn en op kort termyn aantrek.<sup>1)</sup> Vervolgens word gelet op die beskikbare bronne waaruit hierdie kapitaal verkry kan word.

## 1. Vreemde kapitaal op die lang termyn

Koöperasies kan vreemde kapitaal op die lang termyn veral vanaf die Land- en Landboubank van Suid-Afrika,<sup>2)</sup> maar ook deur middel van obligasie-uitgiftes en ander langtermynlenings aantrek.

### a. Die Landbank

#### (1) Inleiding

Die Landbank is die hoofbron van vreemde kapitaal vir landboukoöperasies in Suid-Afrika. Kragtens die bepalinge van die Landbankwet<sup>3)</sup> voorsien die Landbank die koöperasies van langtermynkapitaal in die vorm van paalementslenings.

By oorweging van 'n nuwe koöperasie se aansoek om geldelike steun neem die Landbank die aard van die onderneming, die noodsaaklikheid vir sy stigting teen die breë agtergrond van die land se ekonomiese struktuur en die onderneming se vooruitsigte op sukses in ag.

Die lenings wat die Landbank verskaf is aanvullend tot koöperasies se eie middele en dit is die Landbank se beleid om koöperasies aan te moedig om groter bydraes van hulle lede te

- 1) In hoofstuk 2 is aangetoon dat korttermynkapitaal vir 'n periode korter as een jaar, middel- of tussentermynkapitaal vir 'n periode van een tot vyf jaar en soms een tot tien jaar, en langtermynkapitaal vir langer as vyf of tien jaar beskikbaar is. By die koöperasies geld dieselfde termyn behalwe dat die periode waarvoor korttermynkapitaal beskikbaar is oor 'n periode van korter as twee jaar strek. Dit is so omdat die produksieproses in die landbou oor 'n langer termyn as elders strek.
- 2) Hierna slegs die Landbank genoem.
- 3) *Wet no.13 van 1944.*

verg en ook om hulle *reserwes te vergroot* ten einde hulle eie fondse aan te vul.<sup>1)</sup>

Langtermynlenings is terugbetaalbaar in gelyk jaarlikse paaieimente en die delgingstermyne word bepaal met inagneming van die aard van die bedrywighede waarvoor sodanige finansiering benodig word. Die langtermynlenings staan dan ook as paaieimentslenings bekend en word in twee kategorieë verdeel. Die een tipe is vir normale kapitaaluitgawes en die ander vir projekte vir die hantering en opberging van graan in losmaat. Vir die doel van hierdie studie is slegs die eerste tipe dus van belang.

## (2) Paaieimentslenings vir normale kapitaaluitgawes

Hierdie tipe paaieimentslenings word aan koöperasies toegestaan vir die aankoop van vaste eiendom, die oprigting van geboue en die installering van masjinerie en vir die finansiering van ander kapitaaluitgawes. Alvorens so 'n lening toegestaan word moet die Landbank egter tevrede gestel word oor die omvang van die koöperasie se eie bydrae tot die koste en omtrent die noodsaaklikheid en lonendheid van die voorgenome projek.

Kragtens die huidige beleid van die Landbank word geen paaieimentslenings vir kapitale uitbreiding aan koöperasies toegestaan nie. Aansoeke om lenings vir noodsaaklike vervangings en verbeterings word egter nog na verdienste oorweeg.<sup>2)</sup>

Die maksimum termyn waarvoor hierdie tipe lenings toegestaan kan word, is 40 jaar. In die praktyk word die lenings egter meesal slegs toegestaan vir 'n tydperk van tien jaar. Die rentekoers waarteen 'n lening verkry word hang van die heersende algemene rentekoerspatroon af. Die Landbank se rentekoers is meesal gunstiger as dié waarteen soortgelyke lenings in die privaatsektor opgeneem kan word.

---

1) Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, *Jaarverslag*, Pretoria, 1971, p.18.

2) *Ibid.*

Die sekuriteit wat vir hierdie tipe lenings vereis word is die volgende:

- Sederling van die onopbetaalde aandelekapitaal en die bedrag van enige voorwaardelike aanspreeklikheid verbonde aan die aandele deur die koöperasie uitgereik of wat later uitgereik mag word;
- sederling van skulde wat nou aan die koöperasie verskuldig is of later verskuldig mag word;
- verbande en/of notariële verbande op die vaste en/of roerende eiendom wat die koöperasie besit of wat nog in sy besit mag kom;
- 'n sessie van versekeringspolisse op die eiendom van die koöperasie.

Die Landbank vereis dat 'n aansoek om sodanige lening voorafgegaan word deur 'n spesiale algemene vergadering van lede waarvan behoorlik kennis gegee is.<sup>1)</sup> Op hierdie vergadering moet 'n twee-derde-meerderheid van die lede wat op die vergadering teenwoordig is, goedkeuring en magtiging verleen dat die raad van direkteure van die betrokke koöperasie so 'n lening kan aangaan en die nodige sekuriteite verskaf.

Die spesiale algemene vergadering moet dan gevolg word deur 'n vergadering van die raad van direkteure van die koöperasie waarop die besluit van die lede bevestig en die nodige magtiging aan die persone wat verder met die Landbank sal onderhandel, verskaf word. Die gemagtigde persone dien dan die nodige aansoek tesame met die vereiste aansoekgelde en ander stukke by die Landbank in.

### (3) Paaieimentslenings as kapitaalbron

Dit is nie weg te redeneer dat die Landbank deur middel van sy paaieimentslenings 'n belangrike bydrae tot die ontwikke-

1) Kyk die Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 69 vir die wetlike vereistes in verband met kennisgewings.

ling van die landboukoöperatiewe beweging in Suid-Afrika gelewer het nie. Sonder die finansiële hulp wat deur die Bank verleen is en nog word, is dit uiters twyfelagtig of die beweging in dieselfde mate sou ontwikkel het.

Verskeie besware word nogtans teen die Landbankpaaielementslenings geopper, naamlik:

(a) Die algemene termyn van tien jaar is te kort vir die finansiering van vaste bates.<sup>1)</sup> Uit 'n streng likiditeitsoogpunt beskou, behoort die termyn van beskikbaarheid van lenings ooreen te stem met die leeftyd van die vaste bates wat daarmee gekoop word. In geval van grond en geboue word 40 jaar algemeen as 'n redelike termyn aanvaar, terwyl 'n termyn van tien tot vyftien jaar vir masjinerie en uitrusting gewens skyn te wees. Die terugbetaling van lenings oor 'n termyn van tien jaar sou dan te swaar betalingslaste op die koöperasies plaas.

Soos reeds gesien vereis die Landbank egter dat die lede van koöperasies self *voldoende* tot die kapitaal moet bydra alvorens 'n lening toegestaan word. *As hierdie eis streng toegepas word*, soos dit deesdae die posisie skyn te wees, behoort die eie kapitaal aan die begin te voorsien in die kapitaalbehoefte vir aankoop van grond en geboue en die lening word dan slegs aangegaan ten opsigte van die aankoop van masjinerie en uitrusting.

In so 'n geval sou die bogenoemde beswaar in 'n groot mate nie meer geld nie. Dit skyn egter of die beleid van die Landbank in verband met sekerheidstelling, (wat hierna behandel word) veral soos dit in die verlede toegepas is, die vorming van 'n voldoende eie kapitaal in die beginstadium bemoeilik het.

(b) Die Landbank eis te groot sekerheid. Die beswaar is dikwels geopper dat die bank „op alles beslag lê en bly lê ook wanneer die skuld vir die oorgrote deel afgelos is. Dit sou teen-

---

1) Kyk Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.138-139.

oor die koöperasie sowel as teenoor ander finansiële instellings onbillik wees." <sup>1)</sup> Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede <sup>2)</sup> toon egter tereg aan dat die *huidige* beleid van verminderde sekerheidseise in geval van „gesonde en sterk” koöperasies hierdie beswaar grotendeels laat verval. Waar die finansiële struktuur en leiding van 'n koöperasie swak is, is dit logies dat die Landbank sterk sekerheidseise stel. Dit is immers in belang van die opbou van 'n gesonde beweging en nodig ter beskerming van die belastingbetaler se geld. Die genoemde Kommissie toon ook aan dat koöperasies wat teen die sekerheidseise beswaar het hulle na ander instellings kan wend as hulle meen dat hulle verkeerd behandel word. Teen twee aspekte van die sekerheidsstelling wat deur die Landbank vereis word, spreek die Kommissie hom egter besonder sterk uit. <sup>3)</sup> Die eerste het betrekking op die onopbetaalde aandelekapitaal as addisionele sekerheid vir die Landbank. Die Kommissie huldig die sienswyse dat 'n koöperasie se aandelekapitaal so gou moontlik volopbetaald moet word. Die Kommissie wys egter daarop dat die indruk onder koöperasies bestaan, 'n indruk wat op goeie historiese gronde berus, dat die Landbank verkies dat 'n deel onopbetaald moet bly en aan hom as addisionele sekerheid gesedeer moet word. Die voorbeeld word self genoem van 'n koöperasie wat probleme ondervind het om 'n lening te verkry omdat sy aandele tot 'n te groot hoogte opbetaald was. Hierdie houding van die Landbank skyn in botsing te wees met sy eis dat die lede voldoende tot die kapitaal moet bydra alvorens 'n lening oorweeg kan word. Die Landbank het egter aan die Kommissie te kenne gegee dat die bank „meer en meer afsien ... van hierdie onopbetaalde kapitaal” - 'n verandering in houding wat beslis die goedkeuring behoort weg te dra.

'n Tweede aspek in verband met die sekerheidsstelling wat die Kommissie hinder is die uitbreiding deur die Landbankwet

---

1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.146.

2) *Ibid.*, p.146-147.

3) *Ibid.*

van die koöperasielid se aanspreeklikheid buite die grense wat die Wet op Koöperatiewe Verenigings stel. Die Kommissie<sup>1)</sup> merk in hierdie verband soos volg op:

„By alle ondernemingsvorme is daar 'n neiging tot beperking van die lid of aandeelhouer se aanspreeklikheid gewees. By die koöperasie gaan dit in die reël nie so ver as by die onderneming in maatskappyvorm, waar die aanspreeklikheid beperk is tot die nominale bedrag van die aandeel nie. Omdat die koöperasie se aandelekapitaal so dikwels 'n onvoldoende verdedigingslinie vir die verlangde bedrag aan vreemde middele vorm, word die lid meestal nog vir terugbetaling van 'n deel van sy organisasie se skuld aanspreeklik gemaak. In Suid-Afrika omvat die aanspreeklikheid van die lid van 'n landboukoöperasie ingevolge artikel 20(2) in die reël die nominale bedrag van sy aandele plus die voordeel wat hy uit 'n gegewe lening getrek het. Die Landbankwet brei hierdie aanspreeklikheid in sy artikel 40(1) uit deur die lid teenoor die bank borg te stel vir die terugbetaling van sy aandeel in die lening deur die koöperasie. Met ander woorde, ook al het die lid sy aandeel in die lening aan die koöperasie terugbetaal, dan hou die Landbank hom nog daarvoor aanspreeklik so lank die koöperasie sy rekening met die bank nie vereffen het nie.

Na die oordeel van die Kommissie is hierdie bepaling onjuis en onbillik. Dit is onjuis, omdat dit net soos die vroeëre eis dat daar ongestorte kapitaal as sekerheid vir lenings moet wees, die voldoende vorming van aandelekapitaal teenwerk. Die Landbank moet 'n voldoende eie kapitaal as een van sy hoof-eise vir kredietgewing aan die koöperasies stel en hoe minder bykomende sekerhede aangebied kan word, hoe sterker sal hy die eis moet stel. Die bepaling is in elk geval onbillik, omdat dit die lid vir dubbel die bedrag van sy voordeel uit 'n lening aanspreeklik maak".

Die standpunte van die Kommissie lyk gegrond en gesond.

---

1) *Ibid.*, p.147, paragrawe 808 en 809.

(c) Die opneem van Landbanklenings gee aanleiding tot inmenging in die sake van die koöperasie aangesien die Landbank by die toekenning van 'n lening die reg verkry om die boeke van die koöperasie periodiek te inspekteer, in te sit op direksievergaderings, ensovoorts. Dit is besonder ingrypend en maak koöperasies afkerig teenoor die Landbank. Die koöperasies het dit in die algemeen nie daarteen dat die Landbank sy belange beskerm nie, maar die inspeksie deur Landbankinspekteurs het in die verlede dikwels die perke van die Landbank se belange oorskry en op niks anders as inmenging in suiwer huishoudelike aangeleenthede neergekom nie; huishoudelike sake waarvan sommige inspekteurs weinig, indien enige kennis gedra het. Solank die Landbank die reg gebruik om na sy belange om te sien kan daar nie enige besware teen die inspeksies ingebring word nie; word die perke egter oorskry dan blyk die besware van die koöperasies geregverdig te wees.

(d) Die geredelike beskikbaarheid van Landbanklenings het vir die koöperatiewe beweging as geheel die nadeel dat dit daardeur aan selfstandigheid ingeboet het. Dit het om dié rede nog geen eie koöperatiewe kredietinstellings ontwikkel nie en is as gevolg daarvan te afhanklik van 'n staatsinstelling. Die Kommissie<sup>1)</sup> sien hierdie afwesigheid van 'n koöperatiewe bankwese as die ernstigste leemte in die Suid-Afrikaanse landboubeweging.<sup>2)</sup> Dieselfde houding, naamlik om te veel op die Landbank te steun, veroorsaak dat baie koöperasies hulle eie finansiering verwaarloos.

Afgesien van die bogenoemde besware teen Landbanklenings, sommige waarvan veral in die verlede miskien geregverdig was, is die Landbank meesal die enigste vreemde kapitaalbron waaruit die landboukoöperasies in Suid-Afrika langtermynleningskapitaal teen billike voorwaardes kan aantrek.

---

1) *Ibid.*, p.100-102.

2) Kyk ook in hierdie verband Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.144, wat in breë trekke dieselfde standpunt huldig.

b. Obligasie-uitgiftes

Die Wet<sup>1)</sup> maak voorsiening vir die uitgifte van obligasies deur koöperasies, waarby die roerende en onroerende besittings van die koöperasies as sekuriteit vir sodanige uitgifte verbind kan word.

In die praktyk word daar geen of uiters min gebruik van gemaak. In die Modelstatuut<sup>2)</sup> word daar dan ook net terloops na obligasie-uitgiftes as een van 'n aantal bronne van egte vreemde kapitaal verwys. In geen van die sitruskoöperasies se regulasies word vir obligasie-uitgiftes voorsien nie.

Volgens Coetzee<sup>3)</sup> is die kleinskaalse aanwending van obligasies as finansieringsbron hoofsaaklik toe te skryf aan die besondere posisie van die Landbankfasiliteite, naamlik die gereedlike beskikbaarheid van krediet teen billike rentekoerse. Primêre koöperasies kan ook nie veel daarvan gebruik maak nie omdat hulle slegs oor 'n beperkte mark beskik en omdat die administrasiekoste daarvan hoog mag wees. Coetzee spreek egter die mening uit dat dit 'n besondere waardevolle finansieringsmiddel vir sentrale koöperasies kan wees. Hy noem die volgende as voordele wat deur obligasie-uitgiftes verkry kan word:

- Dit is langtermynkapitaal;
- dit behoort teen laer rentekoerse verkry te kan word as gewone lenings;
- 'n wyer mark is beskikbaar sodat heelwat van die landbousurplusse wat tans belegging buite die landbousektor vind daarin gekanaliseer kan word; en
- indien sentrale koöperasies van die bron gebruik maak om hulle finansiële posisie te versterk, sal hulle betekenis en rol nie alleen binne die koöperatiewe beweging nie, maar ook daarbuite

---

1) Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, *op.cit.*, artikels 26-29.

2) Modelstatuut, *op.cit.*, artikel 63.

3) Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.142.

aansienlik vergroot word.

Let daarop dat indien obligasies uitgegee word dit nie noodwendig slegs deur derdes opgeneem hoef te word nie, maar ook deur lede. In so 'n geval sou die obligasiekapitaal dan as verwante kapitaal gereken kan word.<sup>1)</sup> Gesien in die lig van die feit dat lede reeds afkerig is aan groter kapitaalbydraes en die verskeie wyses waarop lede reeds tot die kapitaal kan bydra, is dit egter twyfelagtig of 'n obligasie-uitgifte groot ondersteuning van koöperasielede sal geniet.

c. Ander langtermynlenings

Dit staan koöperasies natuurlik ook vry om langtermynlenings elders aan te gaan teen voorwaardes wat hulle mag goed-dink. Gesien die relatief gunstige voorwaardes waarop die lenings van die Landbank verkry kan word en ook as gevolg daarvan dat die nodige addisionele sekuriteit vir sulke lenings meesal ontbreek, word ander langtermynlenings egter slegs by wyse van uitsondering deur koöperasies in Suid-Afrika aangegaan.

d. Die belangrikheid van die verskillende vorme van vreemde langtermynkapitaal

Aan die einde van die 1968/69 finansiële jaar het veertien van die 21 sitruskoöperasies oor langtermynleningskapitaal beskik wat uitsluitlik deur middel van Landbankpaaielementslenings verkry is. Dertien van die 21 sitruskoöperasies het aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar van vreemde langtermynkapitaal gebruik gemaak. By twaalf van hierdie koöperasies was die Landbankpaaielementslenings die enigste bron. Een van die dertien sitruskoöperasies het ook 'n langtermynlening vir die oprigting van fasiliteite vir die voorsiening van brandstof aan sy lede by 'n brandstofmaatskappy aangegaan. In geval van die laasgenoemde koöperasie het sy Landbankpaaielementslening egter nog ± 75 persent van sy totale langtermynleningskapitaal verteenwoordig.

---

1) Kyk figuur 5.1, p.181.

## 2. Vreemde kapitaal op die kort termyn

Vreemde kapitaal op die kort termyn kan deur die sitruskooperasies vanaf die Landbank, handelsbanke en handelskrediteure verkry word.

### a. Die Landbank

#### (1) Algemeen

Die Landbank stel korttermynlenings aan koöperasies beskikbaar in die vorm van *kaskredietrekenings* wat ook seisoenslenings genoem word. Onder hierdie stelsel word leningsfasiliteite aan die koöperasies beskikbaar gestel waarop vir die duur daarvan soos deur die Bank bepaal, van tyd tot tyd geld van die Bank getrek of aan die Bank terugbetaal kan word sodat die totale bedrag verskuldig onder enige bepaalde rekening nie ter eniger tyd die hoogste bedrag deur die Bank vasgestel, oorskry nie. Hierdie kaskredietrekenings word toegestaan op 'n seisoensgrondslag vir termyne wat normaalweg tussen twaalf en agtien maande wissel. Die meeste soorte landbouprodukte wat in die Republiek geproduseer word, word deur landboukoöperasies gehanteer. Ten opsigte van onbeheerde produkte gaan koöperasies kaskredietrekenings by die Landbank aan ten einde hulle in staat te stel om aan lede voorskotte op die verskillende soorte produkte wat op 'n poelbasis ingeneem word, te betaal. Waar beheerde produkte deur koöperasies in hulle hoedanigheid as agente van beheerrade ingeneem word, is vasgestelde voorskotte of produsentepryse aan produsente betaalbaar en ten einde koöperasies in staat te stel om sulke betalings aan boere te maak, word seisoenslenings ook vir hierdie doel toegestaan.

Koöperasies voorsien ook hulle lede van produksiemiddele, landbougereedskap, ander boerderybenodigdhede en dienste. Meestal kan die uitvoering van hierdie funksies nie ten volle uit eie fondse gefinansier word nie. Die Landbank voorsien gevolglik ook leningsfasiliteite om saad, bemestingstowwe, graansakke, pakmateriaal en ander landboubenodigdhede aan te koop en aan lede te voorsien of om premies ten opsigte van oesversekering na-

mens lede te betaal. Hierdie leningsfasiliteite word ook aan koöperasies beskikbaar gestel onder seisoenslenings.

'n Seisoenslening kan dus vir verskillende doeleindes toegestaan word. Gewoonlik word afsonderlike rekenings vir elke doel gehou. Lenings ten opsigte van verskillende seisoene word ook afsonderlik gehou en geen lening word in die boeke van die Landbank of die koöperasie met latere lenings van dieselfde aard saamgevoeg nie.

Korttermynlenings in die vorm van kaskredietrekenings (seisoenslenings) kan gegroepeer word ooreenkomstig die doeleindes waarvoor hulle aangewend word, naamlik:<sup>1)</sup>

- (a) Vir die hantering van landbouprodukte;
- (b) vir produksie-, versekerings- en verpakkingsdoeleindes;
- (c) vir die aankoop van plaasgereedskap en boerderybenodigdhede; en
- (d) vir die verwerking van landbouprodukte op koöperatiewe grondslag.

(2) Sekerheidstelling deur die Landbank vereis

Die sekuriteit wat die Landbank vir korttermynlenings vereis is die volgende:

- (a) 'n Sessie van ingeskrewe maar onopbetaalde kapitaal en die bedrag van enige voorwaardelike aanspreeklikheid verbonde aan die aandele deur die koöperasie uitgereik of wat later uitgereik mag word;
- (b) 'n sessie van skulde wat aan die koöperasie verskuldig is of later verskuldig mag word;
- (c) aanspreeklikheid van lede wat die voordeel van die lenings gekry het vir hulle onderskeie dele daarvan; en

1) Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, *op.cit.*, p.21-25.

(d) 'n pandreg op roerende bates (produkte, voorrade, ens.).

Die rente op kaskredietrekenings wissel na gelang van die algemene rentekoerspatroon vir korttermynlenings, maar is normaalweg laer as wat die geval met soortgelyke lenings in die private sektor is.

### (3) Prosedure vir die aangaan van Landbankkorttermynlenings

Die prosedure wat deur 'n koöperasie gevolg moet word vir die aangaan van 'n korttermynlening by die Landbank is dieselfde as dié vir die aangaan van 'n paaieimentslening soos in die vorige paragraaf aangetoon.

### (4) Landbankkorttermynlenings as kapitaalbron

Die belangrikste kritiek wat teen korttermynlenings vanaf die Landbank uitgespreek word, is weer eens soos met paaieimentslenings, die hoë sekerheidstelling wat die Landbank vereis. Die kritiek lyk geregverdig in soverre dit die persoonlike aanspreeklikheid van lede vir die voordeel wat hulle uit 'n lening gekry het, aanbetref.

In die algemeen kan dit egter gestel word dat die Landbank deur middel van die kaskredietrekeningsfasiliteite 'n diens van onskatbare waarde aan die koöperasies en hulle lede bied in soverre dit korttermynfinansiering aanbetref. Hierdie stelling word gestaaf deur die verskeidenheid doeleindes waarvoor die Landbank leningsfasiliteite beskikbaar stel, asook deur die omvang waarin koöperasies van hierdie fasiliteite gebruik maak. Dit is wel moontlik om 'n toestand voor te stel waar koöperasies onafhanklik van die Landbankpaaieimentslenings kan funksioneer. Ekonomiese funksionering sonder die seisoensleningsfasiliteite is egter feitlik ondenkbaar.

### b. Handelsbanke

In Suid-Afrika speel die handelsbanke 'n belangrike rol in die finansiering van die landbou. Individuele boere het meesal

bankrekenings en maak ook gebruik van die lang- en korttermyn-fasiliteite wat die banke kan bied vir die finansiering van hulle bedrywe. In 1969 het bankinstellings in Suid-Afrika byvoorbeeld 15,4 persent van die totale verbandlaste en 36,1 persent van alle ander lenings en skulde van boere gehou.<sup>1)</sup> Die handelsbanke is dus hoofsaaklik op die verskaffing van korttermynkrediet ingestel.

Omdat die individuele boere reeds hulle rekenings by die bank het, volg dit ook dat die banke belangstelling in die finansiering van die landboukoöperasies toon.

Hoewel die fasiliteite wat die Landbank bied ruim en billik is, maak die koöperasies ook gebruik van die korttermynlenings-fasiliteite wat die handelsbanke bied. Die rede hiervoor is waarskynlik geleë in die groter gerief van hierdie tipe lenings bo dié van die Landbank.

Korttermynlenings deur die handelsbanke aan koöperasies geskied gewoonlik op oortrokke rekening. Wat die besondere voorwaardes is wat aan hierdie fasiliteite verbonde is, kan nie bepaal word nie, maar dit sal van geval tot geval wissel na gelang van die sekuriteit en finansiële posisie van die koöperasie. Gesien in die lig van die sekuriteit wat die Landbank vereis, is dit ook nie duidelik watter sekuriteit die koöperasies die handelsbanke nog kan aanbied in die vorm van saaklike waarborge nie. Die naam van 'n stabiele en gesonde onderneming speel seker 'n belangrike rol en alhoewel al die bates aan die Landbank verpand is, is die moontlike surplus daarvan bo die eise van die Landbank ook sodanig dat dit ook sekuriteit bied. Handelsbanke eis dikwels ook persoonlike waarborge van die direkteure van koöperasies as sekuriteit vir die lenings aan die koöperasies.

In die algemeen gesproke is die rentekoers op hierdie tipe

---

1) *Derde (Finale) Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Landbou.* RP.19/72. Pretoria: Departement Landbou-  
 ekonomie en -bemarking, 1972, p.44-45.

lenings hoog en vorm dit ook 'n onsekere bron in tye van kredietbeperkings. 'n Ruim gebruik van hierdie lenings kan daarom duur en riskant wees. Koöperasies behoort dit dus net in 'n beperkte mate en vir 'n baie kort termyn aan te wend as 'n soort oorbruggingsmaatreël, dit wil sê om tydelike tekorte mee aan te vul.

### c. Handelskrediteure

Wat handelskrediteure aanbetref kan daar veral tussen leweransierskrediet en afnemerskrediet onderskei word.

By leweransierskrediet verleen die verkoper of leweransier, krediet aan die koper of afnemer deur die goedere voor betaling te lewer. Die krediettermyn sluit gewoonlik baie nou by die behoefte van die afnemer aan, want daar is geen sin in om die koper onder druk te plaas terwyl die goedere nie verkoop en betaal is nie. Die kredietvorm kom veral in die handelswêreld voor en die krediettermyn stem ooreen met die termyn wat nodig is om die goedere te verkoop en tot geld te maak.

By die verlening van leweransierskrediet word geen besondere sekerheid verlang nie en die formaliteite is beperk tot 'n minimum. Die stelsel is baie buigbaar. Die termyn van kredietverlening wissel volgens die aard van die goedere en koopgewoontes van die publiek en kan enigiets van 30 dae tot twee jaar wees.

Die leweransierskrediet is duur omdat die risiko so hoog is. Geen rente word uitdruklik in berekening gebring nie, maar die koste kan bereken word in terme van die ontbeerde kontantkortings. Die meeste leweransiers gee kontantkortings vir vereffenings binne tien of 30 dae. Indien die kontantkorting  $2\frac{1}{2}$  persent is indien binne twintig dae betaal of netto 30 dae, is die effektiewe rentekoers digby die 30 persent as 'n omset van twaalf per jaar geneem word.

Afgesien daarvan dat leweransierskrediet duur is, hou dit

soms ook die gevaar in dat dit die koöperasie wat daarvan gebruik maak, aan die betrokke leweransier kan bind.<sup>1)</sup> Veral die kleiner onderneming loop gevaar om in die mag van die leweransier te kom en is dus nie altyd by magte om van mededingers se dienste gebruik te maak nie. Hierdie is 'n baie wesenlike gevaar waarteen gewaak behoort te word.

By afnemerskrediet verskaf die afnemer krediet aan die leweransier van grondstowwe voordat die goedere gelewer word. Afnemerskrediet is by die sitruskoöperasies nie van belang nie.

d. Die belangrikheid van die verskillende vorme van korttermynkrediet

Die belangrikheid van die verskillende vorme van vreemde kapitaal op die kort termyn by die sitruskoöperasies word in tabel 5.17 aangetoon.

---

1) Kyk in hierdie verband ook Coetzee, F.J.J., *op.cit.*, p.143.

Tabel 5.17

Die persentasiesamestelling van die vreemde korttermynkapitaal by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Streek/ Sitruskoöperasie	Persentasiesamestelling			
	Landbank	Handels- banke	Handels- krediteure	Totaal
<u>Oos-Kaap</u>				
2	-	-	100	100
6	-	-	100	100
20	-	-	100	100
7	35	23	42	100
14	96	-	4	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	26	5	69	100
<u>Wes-Kaap</u>				
9	-	-	100	100
<u>Oos-Transvaal</u>				
10	-	-	100	100
4	-	-	100	100
16	-	-	100	100
17	-	-	100	100
1	-	-	100	100
18	-	-	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	-	-	100	100
<u>Noord-Transvaal</u>				
21	-	-	100	100
19	73	-	27	100
11	17	-	83	100
15	57	-	43	100
12	97	-	3	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	49	-	51	100
<u>Wes-Transvaal</u>				
8	-	-	100	100
5	82	8	10	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	41	4	55	100
<u>Natal</u>				
3	81	-	19	100
13	-	-	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	40	-	60	100
Gemiddeld per koöperasie vir alle koöperasies	26	1	73	100

Na aanleiding van die gegewens in tabel 5.17 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

(1) Al die sitruskoöperasies het aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar van handelskrediteure as vreemde korttermynkapitaalbron gebruik gemaak en by dertien van die 21 koöperasies was dit die enigste bron van korttermynkrediet.

(2) Agt van die 21 sitruskoöperasies het aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar oor Landbankkaskredietrekenings beskik en die relatiewe belangrikheid van hierdie bron het by die betrokke koöperasies gewissel tussen 97 persent (koöperasie 12) en sewentien persent (koöperasie 11) van die totale vreemde kapitaal op kort termyn. Hierdie statistiek is egter ietwat verwarrend aangesien dit die posisie op die balansstaatdatums van die koöperasies weerspieël. Die finansiële jare van die koöperasies sluit in die meerderheid van gevalle in die „afseisoen” en al die koöperasies maak in 'n veel ruimer mate van hierdie kaskredietrekeningfasiliteite gedurende die sitrusverpakkingseisoene gebruik. Gedurende die verpakkingseisoene sal die Landbank die handelskrediteure as belangrikste vreemde korttermynkapitaalbron vervang.

(3) Slegs twee van die sitruskoöperasies (7 en 5) het aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar van handelsbanke as korttermynkredietbron gebruik gemaak en in beide gevalle het dit nie 'n belangrike rol gespeel nie.

(4) Daar is 'n ooreenstemming tussen die sitruskoöperasies in Oos- en Noord-Transvaal. In eersgenoemde streek het die sitruskoöperasies uitsluitlik oor handelskrediteure as korttermynkredietbron beskik en in laasgenoemde streek het die koöperasies in vergelyking met die posisie in ander streke in 'n aansienlike mate van die Landbankkaskredietrekeningfasiliteite gebruik gemaak. Waar koöperasies aan die einde van hulle finansiële jare oor uitstaande kaskredietrekenings beskik, is die waarskynlikste rede daarvoor 'n oordrag van surplus verpakkingsmateriaalvoorrade van een seisoen na 'n ander, wat weer die ge-

volg is van 'n abnormaal lae sitrusoes in vergelyking met die oes wat verwag is. 'n Ooreenkoms tussen koöperasies in dieselfde streek is dus logies waar die abnormaal lae oes die gevolg van klimaatsomstandighede is.

E. DIE KAPITAALSTRUKTURE VAN DIE PRIMÊRE SITRUSKOÖPERASIES

Dit is ten slotte nodig om die samestelling van die totale kapitaal by die sitruskoöperasies te ontleed. Dit word in tabel 5.18 gedoen.

Tabel 5.18

Die persentasiesamestelling van die hoofvorme van kapitaal by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	Persentasiesamestelling van totale kapitaal																	
	Eie kapitaal		Verwante langtermynkapitaal		Langtermynledebydraes		Verwante korttermynkapitaal		Totale ledebydraes		Vreemde langtermynkapitaal		Vreemde korttermynkapitaal		Totale vreemde kapitaal		Totale kapitaal	
	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70
<b>Oos-Kaap</b>																		
2	35	36	40	44	75	80	2	2	77	82	22	17	1	1	23	18	100	100
6	68	53	11	10	79	63	3	32	82	95	0	0	18	5	18	5	100	100
20	65	72	0	0	65	72	7	12	72	84	5	5	9	11	28	16	100	100
7	18	24	52	43	70	67	16	17	86	84	0	0	28	16	14	16	100	100
14	22	37	25	45	47	82	19	4	66	86	0	0	34	14	34	14	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	42	44	26	29	68	73	9	13	77	86	5	4	18	9	23	14	100	100
<b>Wes-Kaap</b>																		
9	30	30	66	50	96	80	1	16	97	96	0	0	4	3	4	3	100	100
<b>Oos-Transvaal</b>																		
10	41	44	30	30	71	74	26	22	97	96	0	0	3	4	3	4	100	100
4	8	8	77	79	85	87	5	8	90	95	0	0	10	5	10	5	100	100
16	16	18	43	51	59	69	15	9	74	78	24	20	2	2	26	22	100	100
17	20	20	42	43	62	63	10	16	72	79	28	21	0	0	28	21	100	100
1	21	24	45	42	66	66	11	15	77	81	15	12	8	7	23	19	100	100
18	28	34	31	36	59	70	36	26	95	96	4	1	1	3	5	4	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	22	25	45	47	67	72	17	16	84	88	12	9	4	3	16	12	100	100
<b>Noord-Transvaal</b>																		
21	37	56	31	38	68	94	16	5	84	99	8	0	8	1	16	1	100	100
19	13	18	36	49	49	67	27	6	76	73	13	14	11	13	24	27	100	100
11	8	7	41	48	49	55	21	28	70	83	13	9	17	8	30	17	100	100
15	22	18	23	18	45	36	24	46	69	82	15	9	16	9	31	18	100	100
12	24	26	37	41	61	67	3	2	64	69	27	24	9	7	36	31	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	21	25	34	39	55	64	18	17	73	81	15	11	12	8	27	19	100	100
<b>Wes-Transvaal</b>																		
8	55	53	9	8	64	61	30	33	94	94	4	2	2	4	6	6	100	100
5	10	13	7	15	17	28	5	5	22	33	31	35	47	32	78	67	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	33	33	8	12	41	45	17	19	58	64	18	18	24	18	42	36	100	100
<b>Natal</b>																		
3	18	18	51	51	69	69	25	15	94	84	0	0	6	16	6	16	100	100
13	8	10	66	64	74	74	5	11	79	85	13	8	8	7	21	15	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	13	14	59	58	72	72	15	13	87	85	6	4	7	11	13	15	100	100
Gemiddeld per koöperasie vir alle sitruskoöperasies	27	30	36	38	63	68	15	16	78	84	11	8	11	8	22	16	100	100
<b>Totale kapitaal - alle sitruskoöperasies R'000</b>	2 704,8	2 856,3	3 273,4	3 210,3	5 978,2	6 066,6	1 181,7	1 713,4	7 159,9	7 780,0	856,3	695,1	1 037,8	678,1	1 894,1	1 373,2	9 054,0	9 153,2

Die inligting wat in tabel 5.18 vervat is, is grotendeels selfverklarend sodat die aandag slegs op enkele belangrike aspekte gevestig word:

1. By die sitruskoöperasies in die Oos-Kaapprovinsie het die eie kapitaal (interne middele plus opbetaalde aandelekapitaal) in vergelyking met die posisie in die ander streke 'n belangrike rol gespeel. Die eie kapitaal het naamlik aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare onderskeidelik gemiddeld 42 persent en 44 persent van die totale kapitaal per koöperasie in die streek bedra. Alhoewel die bydrae van die eie kapitaal tot die totale kapitaal by nie een van die koöperasies in 1969/70 onder twintig persent was nie, is dit veral sitruskoöperasies 6 en 20 wat vir die hoë gemiddelde verantwoordelik is.
2. Gesien uit die oogpunt van die gemiddelde posisie per koöperasie, toon die sitruskoöperasies in Oos- en Noord-Transvaal 'n hoë mate van ooreenkoms in soverre dit die bydrae van die eie kapitaal tot die totale kapitaal aanbetref. By sitruskoöperasies 10 en 18 in die Oos-Transvaal en 21 en 12 in die Noord-Transvaal speel die eie kapitaal 'n bo-gemiddelde rol. By vyf van die elf koöperasies in die twee gebiede dra die eie kapitaal minder as twintig persent tot die totale kapitaal by. Koöperasies 4 en 11 (eie kapitaal tussen sewe persent en agt persent van totale kapitaal) verkeer in die swakste posisies.
3. Die twee koöperasies in die Wes-Transvaal verskil baie van mekaar in soverre dit die belangrikheid van die eie kapitaal betref. Koöperasie 8 verkeer in 'n gunstige posisie, terwyl die omgekeerde vir koöperasie 5 geld.
4. Beide koöperasies in Natal steun in 'n geringe mate op eie kapitaal.
5. In die algemeen skyn die posisie te wees dat die koöperasies wat oor 'n geringe eie kapitaal beskik, groter gebruik van verwante langtermynkapitaal maak as dié koöperasies wat oor 'n groter eie kapitaal beskik. Die gevolg is dat die koöperasies 'n groter mate van ooreenstemming toon in soverre dit die belang

van langtermynledebydraes betref as wat die geval met die eie kapitaal alleen was. Die uitsonderings was egter koöperasie 15 in Noord-Transvaal en koöperasie 5 in Wes-Transvaal wat min op eie sowel as op verwante langtermynkapitaal steun. Gevolglik dra die lede by hierdie twee koöperasies onderskeidelik slegs 36 persent en 28 persent langtermynkapitaal tot die totale kapitaal by. Daarenteen steun sitruskoöperasie 21 aansienlik op beide vorme van langtermynledekapitaal met die gevolg dat die lede 94 persent van die totale kapitaal aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar op die lang termyn voorsien.

6. In tabel 5.16 is aangetoon dat die absolute omvang van die verwante korttermynkapitaal by die meerderheid sitruskoöperasies aansienlik is. Dit blyk uit tabel 5.18 dat dit ook in relatiewe terme van aansienlike belang is. Gemiddeld per koöperasie vir alle sitruskoöperasies het hierdie bron onderskeidelik vyftien en sestien persent aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare tot die totale kapitaal bygedra. By dertien van die 21 sitruskoöperasies ( $\pm 62\%$ ) het die totale kapitaal uit meer as tien persent verwante korttermynkapitaal bestaan.

7. Vreemde kapitaal speel by die meeste van die sitruskoöperasies 'n geringe rol aan die einde van die betrokke finansiële jare. By slegs twee koöperasies (12 en 5) het dit aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar meer as 30 persent van die totale kapitaal verteenwoordig.

Vervolgens word in tabel 5.19 na 'n moontlike verband tussen die bestaansjare van die koöperasies en die relatiewe belangrikheid van die eie tot die totale kapitaal gesoek.

Tabel 5.19

Eenvoudige korrelasietabel van 21 sitruskoöperasies volgens bestaansjare en relatiewe belangrikheid van eie tot totale kapitaal aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Sitruskoöperasie volgens bestaansjare	Bestaansjare	Eie kapitaal as persentasie van totale kapitaal
2	49	36
6	47	53
10	47	44
3	46	18
9	45	30
20	45	72
4	44	8
7	43	24
8	43	53
21	25	56 (Gemiddeld 39,4% per koöperasie)
16	16	18
17	16	20
14	15	37
18	14	34
13	14	10
1	14	24
19	13	18
15	12	18
11	12	7
5	12	13
12	11	26 (Gemiddeld 20,5% per koöperasie)

Dit blyk uit die tabel dat daar nie 'n volkome korrelasie tussen die bestaansjare van die koöperasies en die relatiewe omvang van hulle eie kapitaal is nie. Daar is egter 'n neiging te bespeur dat die eie kapitaal by die ouere koöperasies belangriker as by die jongere koöperasies is. By die tien oudste koöperasies verteenwoordig die eie kapitaal byvoorbeeld gemiddeld 39,4 persent van die totale kapitaal per koöperasie. Die ooreenstemmende syfer vir die elf jongere koöperasies is slegs 20,5 persent. Die rede vir hierdie neiging kan wees dat die ouere koöperasies oor die algemeen vir 'n langer periode winsinhouding kon toepas of 'n groter gedeelte van hulle uitgereikte aandelekapitaal opgeroep het.

Voorts word in tabel 5.20 nagegaan of daar enige noemenswaardige verband tussen die belangrikheid van die eie kapitaal en die omvang van die aandele-oproep bestaan.

Tabel 5.20

Eenvoudige korrelasietabel van 21 sitruskoöperasies ten opsigte van die omvang van die aandele-oproep en die relatiewe belangrikheid van eie tot totale kapitaal aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Sitruskoöperasies volgens omvang van aandele-oproep gerangskik van hoog tot laag	Eie kapitaal as persentasie van totale kapitaal
20	72
6	53
8 en 10	53 en 44
2	36
21	56
19	18
5	13
4 en 17	8 en 20
15	18
12	26
1,3,7,9,11,13,14,16 en 18	24,18,24,30,7,10,37,18 en 34

Alhoewel daar weer eens nie 'n volkoms korrelasie tussen die omvang van die aandele-oproep en die relatiewe bydrae van die eie tot die totale kapitaal is nie, is daar soos verwag kan word tog 'n neiging te bespeur dat die hoëre aandele-oproep tot 'n belangriker rol van die eie kapitaal lei. Dit is egter nie die enigste faktor wat hierdie rol beïnvloed nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die rol wat die eie kapitaal by 'n koöperasie speel, afhang van die reserveringsbeleid van daardie koöperasie, sy beleid insake aandele-oproep en sy beleid omtrent die grondslag van aandelebesit (hoeveelheid uitgereikte aandele) en dat hierdie rol nie slegs 'n funksie van die bestaansjare van die koöperasie is nie.

## F. SAMEVATTING

Die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika trek kapitaal van hulle lede en van vreemdes af aan. Die kapitaal wat vanaf die lede aangetrek word, kan in eie en verwante kapitaal verdeel word. Die eie kapitaal kan verder onderverdeel word in eie kapitaal wat vir 'n onbepaalde lang termyn tot die beskikking staan (dit is dan die interne middele bestaande uit ingehoue winste, onverdeelde winste en afskrywingsbedrae) en eie kapitaal wat slegs vir 'n bepaalde lang termyn tot die koöperasies se beskikking is (dit is die opbetaalde aandelekapitaal wat, anders as by die gewone publieke maatskappy, onder sekere omstandighede aan die lede terugbetaalbaar is).

Die verwante kapitaal (leningskapitaal vanaf lede) kan onderverdeel word in verwante lang- en korttermynkapitaal. Eersgenoemde bestaan by die sitruskoöperasies veral uit roterende ledeheffingsfondse, maar ook uit roterende uitgestelde bonusbetalingfondse en vrywillige lenings van lede. Die verwante korttermynkapitaal bestaan uit gelde aan lede verskuldig vir rente op aandelekapitaal, omsetbonusse en sitrusvrugte bemark. In plaas daarvan om hierdie gelde onmiddellik wanneer dit verskuldig word aan die lede te betaal, word dit vir korter of langer periodes teruggehou.

Vreemde kapitaal word deur die sitruskoöperasies op die lang termyn hoofsaaklik vanaf die Landbank, en op die kort termyn vanaf die Landbank, handelsbanke en handelskrediteure verkry.

Daar kan nie veel kritiek teen die voorwaardes en metodes waarop die sitruskoöperasies eie kapitaal op onbepaald lang termyn aantrek, uitgespreek word nie. Daar skyn egter 'n neiging by sekere van die sitruskoöperasies aanwesig te wees om geheime reserwes deur middel van oormatige afskrywings op vaste bates te skep. Hierdie metode van winsinhouding deur koöperasies verdien slegs veroordeling.

Die voorwaardes waarop die sitruskoöperasies aandelekapi- taal en verpligte verwante langtermynkapitaal in die vorm van roterende ledeheffingsfondse en roterende uitgestelde bonusbe- talingsfondse verkry, is by al die koöperasies aan kritiek on- derhewig omdat van hierdie voorwaardes nie bevorderlik vir die goeie onderlinge verhoudings tussen die koöperasies en hulle lede is nie. Onvoldoende en/of onproporsionele seggenskap in die leiding, gebrekkige vergoeding op die kapitaal, risiko van kapitaalverlies by beëindiging van lidmaatskap, oormatige aan- spreeklikheid wat die kredietwaardigheid van lede benadeel en moontlikhede vir diskriminasie tussen lede, is onder meer punte van kritiek wat hier van toepassing is. Die sitruskoöperasies behoort onmiddellik regstellings in hierdie verband te doen in- dien hulle werklik doeltreffend wil funksioneer en moontlike riglyne is in dié opsig aangedui.

Die doelbewuste terughouding van bedrae aan lede verskuldig vir produkte gelewer, rente op aandele en omsetbonusse is 'n po- tensiële bron van ontevredenheid onder lede en hierdie praktyk behoort gestaak te word.

Die *huidige* voorwaardes en beleid waarvolgens die Landbank lang- en korttermynlenings tot die beskikking van die sitrusko- operasies stel, lyk op 'n enkele uitsondering na, redelik. Die uitsondering is die addisionele aanspreeklikheid van lede buite die grense wat die Wet op Koöperatiewe Verenigings stel. Die Landbank beskik reeds oor hoë sekerheid vir hulle lenings aan die koöperasies en daar kan met vrug en weinig risiko van hier- die addisionele sekerheid afstand gedoen word.

Handelsbank- en leweransierskrediet kan vir die sitrusko- operasies duur en in moeilike tye wanneer kredietbeperkings in- gestel word, gevaarlik wees. 'n Te ruime gebruik van leweran- sierskrediet hou die verdere gevaar in dat dit die koöperasies aan 'n bepaalde leweransier(s) kan bind en dit kan verhoed dat die koöperasies gunstige aankoopvoorwaardes elders kan benut en gevolglik word doeltreffendheid ingeboet.

---

## HOOFSTUK 6

DIE FINANSIERINGSBELEID VAN DIE PRIMÊRE  
SITRUSKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA

A. INLEIDING

Een verdere aspek rakende die finansiering van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika verdien nog aandag. Daar moet naamlik vasgestel word of die finansieringsbeleide van hierdie koöperasies sodanig is dat dit vir 'n gesonde balans tussen die kontinuïteitstrewe (die langdurige en doelmatige voortbestaan van die koöperasie) en die ekonomiteitstrewe (die bied van die groots moontlike onmiddellike prysvoordele aan lede) voorsien.<sup>1)</sup> Om 'n oordeel hieroor te kan uitspreek is dit nodig om eers duidelikheid oor die vereistes vir 'n doelmatige finansieringsbeleid by die sitruskoöperasies te verkry. Daarna kan die huidige finansieringsbeleide van die individuele sitruskoöperasies aan hierdie vereistes getoets en waar nodig, moontlike verbeterings aan die hand gedoen word.

B. DIE VEREISTES VIR 'N DOELMATIGE FINANSIERINGSBELEID1. Inleiding

Die finansieringsbeleid van 'n koöperasie verwys na die beleid wat die koöperasie volg of behoort te volg by die kombinerings van die verskillende kapitaalvorme<sup>2)</sup> inagnemende die besondere aard en omvang van sy kapitaalbehoefte.

Die probleem is hoe hierdie kapitaalvorme deur die sitrus-

- 
- 1) In hoofstuk 1, p.24 is aangetoon dat hierdie twee strewes in konflik tot mekaar staan en dat 'n koöperasie 'n kompromie daartussen moet vind as hy doeltreffend wil funksioneer.
  - 2) Die eienskappe van die kapitaalvorme is in hoofstuk 5 bespreek en moontlike aanpassings in die voorwaardes waarop dit aangetrek word is aan die hand gedoen. Dit moet steeds in gedagte gehou word by die aanwending van die vorme.

koöperasies gekombineer moet word om vir 'n gesonde balans tussen die kontinuïteit- en die ekonomiteitstrewes te sorg. In hoofstuk 2 is aangetoon dat die rentabiliteits-, likiditeits- en solvabiliteitsoorwegings, asook die winsverwagtinge van die onderneming van deurslaggewende belang is wanneer besluite oor die kombinerings van die verskillende kapitaalvorme geneem moet word.

In beginsel geld hierdie oorwegings ook by die finansieringsbeleid van 'n koöperasie, alhoewel dit verkieslik is om by 'n koöperasie van kapitaalkoste-oorwegings in plaas van rentabiliteitsoorwegings en van toekomsverwagtinge (waarby ingesluit is die risikofaktor) in plaas van winsverwagtinge te praat. Die rede hiervoor is dat die koöperasie nie primêr op die maak van 'n eie wins in rekeningkundige terme ingestel is nie; hy sy wins op 'n ander manier as ander ondernemings verdeel (nie op kapitaalgrondslag nie) en hy nie rentabiliteitsberekenings maak nie.<sup>1)</sup>

By die finansieringsbeleid van die koöperasie geld egter ook addisionele oorwegings wat voortvloei uit sy besondere aard en doel. Die volgende oorwegings kan in dié verband onderskei word:

- a. Die onafhanklikheidseis by en die afnameplig van die koöperasie;<sup>2)</sup> en
- b. die aard van die verstrekkers van leningskapitaal.<sup>3)</sup>

Die invloed van die bogenoemde oorwegings op die finansieringsbeleide van die sitruskoöperasies word vervolgens bespreek.

- 
- 1) Dié standpunt word ondersteun deur o.a. Die Koöperatiewe Raad, *op.cit.*, p.148; Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.123 en Boshoff, C.H., *op.cit.*, p.79-80.
  - 2) Boshoff, C.H., *op.cit.*, p.75-76 beklemtoon hierdie aspekte sterk.
  - 3) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.123.

## 2. Die kapitaalkoste-oorweging

*Vir sover dit daarvoor in aanmerking kom, is dit vir die koöperasie, soos vir die onderneming in maatskappyvorm in die algemeen voordeliger om die duursame kapitaalbehoefte met vreemde langtermynkapitaal eerder as met vreemde korttermynkapitaal te finansier.*<sup>1)</sup>

Die teenoorgestelde geld *in die algemeen* vir die wisselende kapitaalbehoefte.<sup>2)</sup>

Wat is die juiste kombinerings van ledekapitaal (ledebydraes) en vreemde kapitaal uit 'n kapitaalkoste-oorgpunt?<sup>3)</sup> By die beantwoording van hierdie vraag moet eerstens in gedagte gehou word dat die mening in hoofstuk 5 uitgespreek is dat die sitruskoöperasies rente teen billike koerse aan lede behoort te betaal op hulle opbetaalde aandelekapitaal en hulle bydraes tot die verwante kapitaal omdat daar onewewigtigheid in die bydraes van die individuele lede tot hierdie kapitaal bestaan. Uit 'n koste-oorgpunt sal dit vir die koöperasie voordelig wees om vreemde kapitaal aan te trek solank die rentekoerse daarvan laer as die rentekoerse op ledekapitaal is. Boshoff<sup>4)</sup> skryf in hierdie verband: „Uit 'n suiwer koste-oorgpunt gesien, kan die totale behoefte aan kapitaal uit leningskapitaal (vreemde kapitaal) bestaan indien die koste daarvan goedkoper is as die koste

- 
- 1) Kyk hoofstuk 2, p.57 vir 'n bespreking van die beginsel en moontlike uitsonderings op die reël.
  - 2) *Ibid.*, p.57-58 en Boshoff, C.H., *op.cit.*, p.84-85.
  - 3) Let daarop dat daar in hoofstuk 2, p.58 e.v. gesoek is na die juiste kombinerings van eie kapitaal met vreemde en halfvreemde kapitaal. By die koöperasie word gesoek na die juiste kombinerings van ledebydraes (eie + verwante kapitaal) en vreemde kapitaal omdat die koöperasie primêr daarop ingestel is om ekonomiese voordele aan sy lede te bied en nie om die rentabiliteit op eie kapitaal te maksimeer nie. Die kapitaal van die lede wat in die koöperasie steek moet dus so doeltreffend moontlik aangewend word.
  - 4) Boshoff, C.H., *op.cit.*, p.87.

van die eie kapitaal".<sup>1)</sup>

Die gebruik van vreemde kapitaal is egter nie net uit 'n koste-oogpunt vir die koöperasie en dus vir sy lede voordelig nie. Dit hou ook uit 'n ander oogpunt vir die lede voordele in. Die *meeste* boere is naamlik nie finansieel sterk nie en moet baie dikwels kapitaal teen relatief hoë rentekoerse leen en volgens alle aanduidings is die meeste boerderye ook swak gefinansier<sup>2)</sup>. Deur in 'n groter mate as wat selfs deur hulle eie koste-oorewegings toegelaat word van vreemde kapitaal gebruik te maak kan die sitruskoöperasies veel bydra tot 'n verlaging in die kapitaalkoste en 'n verbetering van die finansieringsdoelmatigheid van hulle lede se boerderye.<sup>3)</sup> Boshoff<sup>4)</sup> skryf in hierdie verband soos volg: „Baie boere kan dikwels nie die kapitale investering op hulle plase uit eie kapitaal finansier nie. Dit help dus nie veel dat die lid sy geld vir die koöperasie moet gee en hyself moet sy kapitale toerusting op die plaas ten duurste uit lenings finansier nie. Die besparende voordele van die koöperasie word daardeur grootliks verminder .. By koöperatiewe finansiering word die mees ekonomiese kapitaalstruktuur van die koöperasie dus mede-beïnvloed deur die gewenste kapitaalstruktuur van die res van die lid se aktiwiteite. So gesien kan die gebruikmaking van leenkapitaal dus koöperatief korrek wees".

Vir die koöperasie en sy lede is die gebruik van vreemde kapitaal dus meesal uit 'n suiwer koste-oogpunt voordelig. Die ander oorewegings waarop ons hierna let, plaas egter baie definitiewe grense op die gebruik van vreemde kapitaal deur die sitruskoöperasies. Die uitgangspunt by die sitruskoöperasies

- 1) Let daarop dat Boshoff ook die verwante kapitaal tot die eie kapitaal van 'n koöperasie reken.
- 2) Die Kommissie van Ondersoek na die Landbou, *op.cit.*, hoofstuk 2.
- 3) Dit moet hier in gedagte gehou word dat die individuele lede dikwels hoër rentekoerse op vreemde kapitaal as die koöperasie sal betaal.
- 4) Boshoff, *op.cit.*, p.80.

behoort egter te wees om die maksimum hoeveelheid vreemde kapitaal wat deur die ander oorwegings toegelaat word, te gebruik. Sodoende kan hulle nie net hulle eie kapitaalkoste waarskynlik besnoei nie, maar kan hulle veral die kapitaalkoste van hulle lede se boerderye verminder. Sodoende word ook nie onnodige kapitaaleise aan die lede gestel nie en dit is belangrik omdat baie lede nie in staat is om beskikkingsmag oor 'n voldoende hoeveelheid kapitaal vir die voortsetting van hulle bedrywe in die gewenste omvang te verkry nie.

### 3. Die toekomsverwagtinge of risiko-oorweging

In hoofstuk 2<sup>1)</sup> is die aandag pertinent daarop gevestig dat 'n saak met goeie wins- of toekomsverwagtinge in 'n groter mate as in die teenoorgestelde geval van vreemde kapitaal gebruik kan maak sonder om sy kontinuïteit in gevaar te stel en dat so 'n saak selfs van korttermynkrediet vir die finansiering van die duursame kapitaalbehoefte gebruik kan maak. Beskik die onderneming egter nie oor rooskleurige toekomsverwagtinge nie, dan word hy beperk in sy aanwending van vreemde kapitaal omdat hy onder sodanige omstandighede geen sekerheid besit dat hy sy rente- en/of kapitaalaflossingsverpligtinge sal kan nakom nie en/of dat hy een lening by dié se verval dag met 'n ander sal kan vervang nie en/of dat hy sy leningskapitaal eventueel uit ingehoue winste of afskrywingsbedrae sal kan vervang nie.

Dieselfde beginsel geld ook vir die landboukoöperasies en miskien meer so omdat 'n koöperasie nie primêr ingestel is op die realisering van 'n groot eie wins nie en veral omdat fisiese en prysrisiko's inherent aan die landbou is. Gevolglik besit 'n landboukoöperasie min sekerheid dat hy jaarliks of oor 'n periode 'n voldoende inkomste sal realiseer om sy rente- en kapitaalaflossingsverpligtinge te kan nakom. Daarom behoort landboukoöperasies in die algemeen versigtig te wees by die aanwending van vreemde kapitaal en verwante kapitaal waaraan ver-

---

1) Kyk hoofstuk 2, p.66-67.

pligte rentebetelings en kapitaalaflossings verbonde is.<sup>1)</sup>

Die belangrikheid van die risikofaktor by die kombinerings van die verskillende kapitaalvorme word deur die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede en deur Boshoff erken.

Die Kommissie<sup>2)</sup> skryf byvoorbeeld soos volg: „... 'n versigtige finansieringsbeleid ... beteken dat die winskanse van 'n onderneming by sy stigting en by sy uitbreiding telkens deeglik oorweeg moet word en dat hoe minder seker die kans op of mate van sukses te voorspel is (byvoorbeeld omdat die vraag na die onderneming se produk baie skommel of die konkurrensie sterk is of die ondernemingsleiding nog ervaring mis), hoe groter deel van die duursame kapitaalbehoefte uit eie middele<sup>3)</sup> moet bestaan”.

Boshoff<sup>4)</sup> laat hom onder andere soos volg oor die aspek uit: „Die hoeveelheid permanente kapitaal wat uit eie kapitaal bestaan sal egter by die verskillende tipes koöperasies verskil, afhangende van die aard van die produksieproses en die aard en omvang van die risiko's daaraan verbonde. By 'n koöperasie onder 'n vasteprys-eenkanaalbemarkingskema sal hierdie bedrag aan eie kapitaal noodwendig laer wees as wat dit die geval sal wees by 'n koöperasie wat sonder pryssteun op die ope mark moet meeding. Die finansiering deur eie kapitaal vir hierdie behoeftes sal nog groter wees by 'n koöperasie wat slegs een produk bemark, aangesien die verskeie aktiwiteite mekaar dan nie kan steun nie” en „... die groter wordende bemarkingsrisiko's by landboukoöperasies sal in die toekoms egter 'n al belangriker gewig aan liki-

- 1) Let daarop dat die mening in hoofstuk 5 uitgespreek is dat die sitruskoöperasies verpligte rentebetelings op die verwante kapitaal behoort te maak, maar dat die aflossingstermyn rekbaar behoort te wees.
- 2) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.123.
- 3) Dit moet in gedagte gehou word dat die genoemde Kommissie slegs die interne middele en die opbetaalde aandelekapitaal tot die eie kapitaal van 'n koöperasie reken. Kyk hoofstuk 5, p.173.
- 4) Boshoff, C.H., *op.cit.*, p.87 en 102.

diteitshandhawing by landboukoöperasies toeken. Daarom sal liditeitshandhawing by 'n landboukoöperasie dikwels meer eie kapitaal vereis as wat uit 'n suiwer koste-oogpunt geregverdig is."

Is hierdie risikofaktor ook by die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika teenwoordig? Daar hoef slegs op 'n paar aspekte gewys te word om hierdie vraag bevestigend te kan beantwoord:

a. Sitrusvrugte word kragtens 'n eenkanaalpoelskema bemark en as sodanig geniet dit geen pryssteun nie. Die plaaslike mark is ook nie in staat om die volle sitrusproduksie teen enigsins bevredigende pryse op te neem nie. Gevolglik word 'n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse sitrusvrugte op die gesofistikeerde oorsese marke onder hoogs mededingende toestande bemark. In die jongste tyd gebeur dit ook almeer dat sekere gehaltes en groottes sitrusvrugte vir hierdie oorsese marke onaanvaarbaar geword het en ten einde 'n ooraanbod op die plaaslike mark te voorkom word hierdie sitrusvrugte dan op die plase en/of by die koöperasies vernietig. Voeg hierby die vyandiggesinde wêreldmening, boikotbewegings teen Suid-Afrikaanse produkte en stygende skeepsvragkoste en dit word duidelik dat die bemarkingsrisiko's by die bemarking van sitrusvrugte uiters hoog is. Sekerheid oor voldoende afsetkanale en bevredigende pryse oor die langer termyn bestaan dus gladnie. Afhangende van die graad van mededinging van ander sitrusproduserende lande en die beskikbaarheid van ander mededingende soorte vrugte wissel die pryse wat vir Suid-Afrikaanse sitrusvrugte op die buitelandse marke verkry word, ook aansienlik van jaar tot jaar en self binne dieselfde jaar. Oor die korter termyn is die prysrisiko's dus ook aansienlik.

b. Sitrusvrugte is bederfbaar van aard en die vervoer van die verpakte sitrusvrugte vanaf die koöperatiewe pakhuis na veral die oorsese marke strek normaalweg oor etlike weke. Tydens hierdie periode is die vrugte blootgestel aan bederf en hoe langer die periode duur hoe groter word hierdie risiko. Soos

gesê strek die vervoer normaalweg oor etlike weke. Stakings deur dokwerkers in oorsese hawens is nie 'n ongewone gebeurtenis nie en dit verleng die periode tussen verpakking en aanbieding op die mark nog verder. Sodoende verhoog die bederfrisiko's. Bederf veroorsaak dat die vrugte geen of slegs 'n gedeelte van die „normale" prys op die mark behaal terwyl die kooperasie aanspreeklik bly vir die betaling van die volle vervoerkoste. Die bederfbaarheid van die sitrusvrugte hou dus 'n korttermynprysrisiko in.

c. Die produksie van sitrusvrugte is soos die meeste ander landbouprodukte ook aan die gewone fisiese risiko's van abnormale klimaatsomstandighede, plaë en peste onderhewig. Dit veroorsaak korttermynskommeling in die produksiehoeveelheid en/of kwaliteit van die geproduseerde vrugte. Langdurige droogtes, oormatige reënval of swaar haelstorms kan verder skade aan die sitrusbome veroorsaak en dan neem dit soms etlike jare voordat so 'n beskadigde boom weer sy normale produksiepotensiaal (kwaliteit en/of kwantiteit) lewer.

d. Soos uit die bespreking in hoofstuk 3 geblyk het is die sitruskoöperasies vir hulle inkomste feitlik geheel en al van die bemerking van sitrusvrugte afhanklik. 'n Misoes of swak pryse vir sitrusvrugte kan dus nie in enige noemenswaardige mate deur die inkomste uit ander aktiwiteite gesteun word nie.

Uit die voorgenoemde voorbeelde behoort dit duidelik te wees dat die risikofaktor hom wel deeglik by die sitruskoöperasies laat geld en dat dit 'n belangrike oorweging by die kombinerings van die verskillende kapitaalvorme behoort te wees. Die gevolg van hierdie risikofaktor is dat die sitruskoöperasies versigtig moet wees vir die aanwending van kapitaal waaraan verpligte rentebetelings en kapitaalaflossings verbonde is.

#### 4. Die onafhanklikheidseis en die afnameplig

Boshoff<sup>1)</sup> skryf in hierdie verband soos volg: „Omdat dit by 'n koöperasie nie gaan om opbrengs op kapitaal nie, maar om as magsproep op die mark sekere voordele vir sy lede oor die lang termyn te beding, kan dit uit die aard van die saak nie ruim van buitefinansiering gebruik maak sonder om sy onafhanklikheid ten opsigte van sy doel in gevaar te stel nie" en „Die afnameplig vereis verder dat die koöperasie die hele produksie neem. Hierdie ekstra aktiwiteite kan nie so maklik met lenings gefinansier word nie, omdat daar geen sekerheid bestaan dat die vergrote kapasiteit van die produksieapparaat die volgende seisoen ook ten volle gebruik sal kan word nie. Daar kan byvoorbeeld die volgende jaar 'n totale misoes wees, en die rentelas van die ekstra kapasiteit kan dan maklik finansiële probleme by die betaling daarvan skeep ..."

Die onafhanklikheidsoorweging eis dus dat in 'n groot mate van ledekapitaal gebruik gemaak moet word omdat afhanklikheid van te veel vreemde kapitaal maklik daartoe aanleiding kan gee dat die verstrekkers van die vreemde kapitaal druk op die koöperasie kan uitoefen en hy sodoende nie vry is in sy bewegings wat nodig is om sy doel te bereik nie. Dat dit wel 'n wesenlike probleem kan wees is duidelik en Helm<sup>2)</sup> stel as kriterium vir 'n koöperasie om aan die onafhanklikseis te voldoen dat hy te minste sy vaste bates uit eie kapitaal moet finansier.

'n Ander sy van die saak is egter dat die koöperasie in elk geval nie veel belangstelling van buitekapitaalverstrekkers kan verwag nie en dus in 'n groot mate op sy lede toegewys is vir die verskaffing van sy benodigde kapitaal.<sup>3)</sup>

---

1) *Ibid.*, p.75 en 76.

2) Helm, F.C., *op.cit.*, p.212. Let ook daarop dat Helm slegs die interne middele en die opbetaalde aandelekapitaal tot die eie kapitaal van 'n koöperasie reken.

3) Die aandag is reeds in hoofstuk 5, p.182 op hierdie verskynsel gevestig.

Daar word met die siening van Boshoff oor die invloed van die afnameplig op die koöperasie se finansieringsbeleid saamgestem. Daar moet egter op gelet word dat hierdie 'n morele en nie 'n juridiese plig is nie.<sup>1)</sup> Daar kan egter min twyfel bestaan dat die sitruskoöperasies wel deeglik van hierdie morele afnameplig bewus is en juis daarom vir reserwekapasiteit begroot.<sup>2)</sup>

##### 5. Die aard van die verstrekkers van leningskapitaal

Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede<sup>3)</sup> beklemtoon hierdie aspek wanneer hy skryf: „Dat by die aanwending van die vreemde kapitaal ook gelet moet word op die bron van verkryging, maar dan in die besef dat ook wanneer die kredietgewer by die voortbestaan van die kredietnemende onderneming belang het, toeskietlikheid van sy kant sal afhang van hoe hy die langtermynkanse van die saak sien of hoe sy eie kredietgewers teenoor hom optree...”

In hoofstuk 5 is aangetoon dat die sitruskoöperasies vreemde kapitaal hoofsaaklik vanaf die Landbank aantrek en wel in die vorm van paalementslenings (langtermynkapitaal) en kaskredietlenings (korttermynkapitaal). Die Landbank is ingestel op die finansiering van die landbou en is daarom 'n toegeeflike kredietgewer. Die ruime gebruik van vreemde langtermynkapitaal uit hierdie bron, veral in die beginstadium van 'n koöperasie is dus nie te gevaarlik nie. Daar kan egter nie op die langdurige toegeeflikheid van die Landbank gesteun word nie. Langtermynlenings uit hierdie bron sal mettertyd met eie (of verwante) kapitaal vervang moet word om kontinuïteit en onafhanklikheid te verseker. Die gebruik van kaskredietlenings om die wisselende kapitaalbehoefte mee te finansier hou in die algemeen min gevaar in. Slegs wanneer die pryse van die sitrusvrugte oor 'n

1) Kyk ook hoofstuk 4, p.137 vir 'n motivering van hierdie standpunt.

2) *Ibid.*

3) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.123.

lang periode benede die verpakkingskoste (insluitende rente op kaskredietlenings) daal, kan probleme uit hierdie oord verwag word. Indien pryse egter wel so 'n neiging sou openbaar is die bedryfstak in elk geval tot mislukking gedoem en het die sitruskoöperasies geen funksie meer om te vervul nie.

Korttermynkrediet word verder veral in die vorm van lewensransierskrediet aangetrek. Soos in hoofstuk 5 aangetoon is hierdie tipe krediet uit die oogpunt van die onafhanklikheids-eis gevaarlik.

Leningskapitaal op die lang of tussen termyn word ook van die lede verkry in die vorm van die verskillende tipes verwante kapitaal. Uit die aard van die saak sal die lede oor die algemeen nog meer toegeeflik as die Landbank wees as die koöperasie nie sy rente- en kapitaalaflossingsverpligtinge (juridies of moreel) kan nakom nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat versuim om die verpligtinge na te kom veral in tye van ekonomiese nood sal plaasvind en in sulke tye sal die lede ook waarskynlik in geldnood verkeer. Versuim om die verpligtinge na te kom sal onder sodanige toestande onherstelbare skade in die goeie gesindheid van die lid teenoor die koöperasie veroorsaak. Daarom behoort die koöperasies oor die lang termyn nie te veel van hierdie verwante kapitaal afhanklik te wees nie.

## 6. Die solvabiliteitsoorweging

In hoofstuk 2 is aangetoon dat die solvabiliteit van 'n onderneming betrekking het op die sekerheid wat die verstrekkers van leningskapitaal het dat hulle hul kapitaal by die eventuele ontbinding van die onderneming sal kan terugkry. Die onversekerde skuldeisers se sekerheid hang in hierdie opsig veral van die omvang van die aanwesige eie (risiko-) kapitaal, die aard van die bates waaroor die onderneming beskik en die toekomsverwagtinge af.<sup>1)</sup>

---

1) Kyk hoofstuk 2, p.64 e.v.

Geld die solvabiliteitsoorweging ook by die finansiering van die sitruskoöperasies en indien wel, wat is die solvabiliteitseis by 'n sitruskoöperasie?

Die Kommissie<sup>1)</sup> toon aan dat dit by die koöperasie se finansiering van nog groter belang as by dié van die gewone winsonderneming is. Word daar verder in ag geneem dat die sitruskoöperasies se vaste bates van 'n aansienlike omvang is, dat 'n groot gedeelte van hierdie vaste bates van 'n gespesialiseerde aard is (en dus by likwidasië nie 'n baie goeie verkoopswaarde sal hê nie) en dat die sitrusbedryfstak aan groot produksie- en prysrisiko's onderhewig is, dan is dit duidelik dat die solvabiliteitsoorweging ook by die finansiering van die sitruskoöperasies belangrik is.

Helm<sup>2)</sup> meen dat solvabiliteitshandhawing by 'n koöperasie beteken dat die waarde van die bates dié van die laste moet oorskry. Volgens konserwatiewe bankpraktyk beskik 'n onderneming oor voldoende solvabiliteit indien sy bates ten minste tweekeer sy laste oorskry ( $\frac{\text{Bates}}{\text{Laste}} \geq 2$ ), of anders gestel, wanneer die eie kapitaal ten minste aan die leningskapitaal gelyk is

$$\left( \frac{\text{eie kapitaal}}{\text{leningskapitaal}} \geq 1 \right).$$

Volgens hierdie maatstaf geoordeel en na aanleiding van die gegewens in tabel 5.18<sup>3)</sup> is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid sitruskoöperasies oor gebrekkige solvabiliteit beskik. Slegs vier van die sitruskoöperasies (sitruskoöperasies 6, 8, 20 en 21) se eie kapitaal het aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar die verwante en vreemde kapitaal (dus die leningskapitaal) oorskry.

Hierdie gebrekkige solvabiliteit hou by die meeste sitrus-

- 
- 1) Die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, paragraaf 652.
  - 2) Helm, F.C., *op.cit.*, p.211.
  - 3) Kyk hoofstuk 5, p.331.

koöperasies slegs 'n gevaar vir die belange van die lede in die verwante kapitaal, maar in sommige gevalle<sup>1)</sup> ook vir die gewone onversekerde skuldeisers, in.

Daar kan wel aangevoer word, soos die Koöperatiewe Raad<sup>2)</sup> immers by implikasie doen, dat die solvabiliteitseis by 'n koöperasie is dat die langtermynledebydraes ten minste gelyk aan die vreemde plus die verwante korttermynkapitaal moet wees, omdat dit in elk geval die lede is wat kapitaal gaan verloor of dit nou aandeelkapitaal of verwante kapitaal is. Op enkele uitsonderings na (koöperasies 5 en 15) beskik al die sitruskoöperasies dan oor voldoende solvabiliteit; die verstrekkers van vreemde kapitaal loop 'n baie geringe, indien enige risiko om kapitaal by likwidasië te verloor.

Daar is vroeër in hierdie studie egter reeds by herhaling aangetoon dat die verwante kapitaal nie aan die eie kapitaal gelykgestel kan word nie en dat dit in wese leningskapitaal is. Sommige van die verstrekkers van leningskapitaal aan die meeste sitruskoöperasies loop dus die gevaar om 'n aansienlike deel van hierdie kapitaal by die eventuele ontbinding van die koöperasies te verloor en dit is nie bevorderlik vir die noodsaaklike goeie onderlinge verhouding tussen lid en koöperasie nie. Die uitgangspunt dat dit in elk geval die lid is wat kapitaal gaan verloor of dit aandeelkapitaal of verwante kapitaal is, is ook net in totaliteit geldig. As gevolg van die disproporsionaliteit in die bydraes van individuele lede tot die verskillende kapitaalvorme loop sommige lede die risiko om relatief meer kapitaal te verloor as ander.<sup>3)</sup>

- 
- 1) Hierdie gevalle is by die sitruskoöperasies waar die belange van lede in die roterende ledeheffingsfondse en roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse in die geval van likwidasië saam met gewone onversekerde skuldeisers behandel word.
  - 2) Die Koöperatiewe Raad, *op.cit.*, p.152.
  - 3) Dit moet ook in gedagte gehou word dat die mening in hoofstuk 5 uitgespreek is dat aandele op 'n boomgrondslag gehou moet word en bydraes tot die roterende ledeheffingsfondse op 'n grondslag van betaalvermoë behoort te geskied.

Die verhouding tussen die eie en leningskapitaal as maatstaf vir solvabiliteit hou egter nie verband met die aard van die bates nie. Daar is reeds daarop gewys dat die vaste bates van die sitruskoöperasies by eventuele ontbinding die meeste aan verliese onderhewig sal wees. As gevolg daarvan kan die verhouding tussen eie en leningskapitaal as maatstaf vir solvabiliteit te konserwatief of te liberaal wees. Dit wil dus voorkom asof 'n maatstaf van solvabiliteit wat op die verhouding tussen eie kapitaal en die waarde van vaste bates gegrond is meer realisties sal wees. Sou die eie kapitaal dan voldoende wees om die vaste bates te finansier dan is die verlieskanses van die verstrekkers van leningskapitaal baie gering.

#### 7. Die likiditeitsoorweging

Die likiditeit van 'n onderneming verwys na die vermoë van daardie onderneming om ten alle tye *sy finansiële verpligtinge na buite* te kan nakom en die nodige uitgawes ter voortsetting van sy bedryf in die gewenste omvang te kan aangaan.<sup>1)</sup>

Dit is nodig om op hierdie stadium volkome duidelikheid oor die aard van die sitruskoöperasies se finansiële verpligtinge na „buite“ te verkry.

Hierdie verpligtinge bestaan in die eerste plek uit rente- en/of kapitaalaflossingsverpligtinge teenoor die verstrekkers van vreemde kapitaal op kort en lang termyn.

Tweedens bestaan dit uit die juridiese verpligtinge (rente en kapitaalaflossings) wat voortspruit uit lenings van lede (vrywillige verwante langtermynkapitaal). Derdens en 'n aspek wat dikwels nie ingesien word nie, bestaan dit uit juridiese en/of morele verpligtinge (rente en kapitaalaflossing) wat voortspruit uit die verpligte verwante langtermynkapitaal wat van lede aangetrek word. Daar is 'n juridiese verpligting tot die be-

---

1) Kyk ook hoofstuk 2, p.60 waar die belangrikheid van likiditeitshandhawing aangetoon is.

taling van rente op die koöperasie wanneer en vir solank sy regulasies voorsien vir die verpligte jaarlikse betaling van rente<sup>1)</sup> en vir verpligte kapitaalaflossing na verloop van 'n spesifieke periode vandat 'n betrokke bedrag vanaf 'n lid geïnis.<sup>2)</sup> Daar rus ook 'n juridiese verpligting tot kapitaalaflossing op die koöperasie indien sy regulasies daarvoor voorsien dat die bydraes van 'n lid tot die verpligte verwante langtermynkapitaal by beëindiging van sy lidmaatskap binne, of na verloop van 'n spesifieke periode aan hom terugbetaal moet word.<sup>3)</sup> Selfs waar sodanige juridiese verpligtinge nie bestaan nie, bestaan daar 'n morele verpligting tot die betaling van rente en vir kapitaalaflossing as gevolg van die onewewigtigheid in die bydraes van verskillende lede en gewese lede en ook om uitvoering te gee aan die beginsel dat kapitaaldeelname deur 'n lid met lidmaatskap begin en eindig.<sup>4)</sup> Die verpligte verwante langtermynkapitaal wat vir 'n rekbare termyn aangetrek word, word aangetrek met die veronderstelling dat dit binne 'n redelike tyd (gewoonlik vyf tot tien jaar) in rotasie terugbetaal sal word. As dit nie die geval was nie, is dit baie twyfelagtig of die lede ooit tot die betrokke regulasiebepalings sou toegestem het. Deur aflossing onbepaald te vertraag, word die vertrouwe van lede in hulle koöperasie geskok en dit is nadelig vir die handhawing van die goeie onderlinge verhouding tussen lid en koöperasie. Hoe langer die tydperk wat aflossing vertraag word, hoe groter word die onewewigtigheid tussen die totale bydraes van die verskillende lede omdat hulle onderskeie oesopbrengste nie in dieselfde mate en in dieselfde rigtings verander nie.

- 
- 1) In hoofstuk 5, p.304, is die mening uitgespreek dat rentebetaling op die verpligte verwante langtermynkapitaal verpligtend behoort te wees.
  - 2) Die mening is ook in hoofstuk 5, p.305, uitgespreek dat 'n vaste aflossingstermyn ongewens is.
  - 3) In hoofstuk 5, p.305, is die mening gelug dat die sitruskoöperasies verplig behoort te wees om sodanige terugbetalings te doen.
  - 4) Kyk o.a. hoofstuk 1, p.24.

Vierdens rus daar 'n juridiese of morele verpligting<sup>1)</sup> op die koöperasie om by beëindiging van lidmaatskap 'n lid se belange in die aandelekapitaal van die koöperasie aan hom terug te betaal. As gevolg van die onewewigtigheid in die bydraes van die individuele lede tot die aandelekapitaal rus daar verder 'n morele verpligting op die koöperasie om aan lede rente op hulle opbetaalde aandelekapitaal te betaal indien die koöperasie 'n wins gerealiseer het.

Nou kan daar aangevoer word dat die voorgenoemde rente- en kapitaalaflossingsverpligtinge om twee redes uit 'n likiditeits-oogpunt vir die sitruskoöperasies nie van groot belang is nie, naamlik:

- a. Die verstrekkers van die vreemde kapitaal (hoofsaaklik die Landbank) en die verwante kapitaal is toegeeflike kredietgewers en in tye van geldnood kan betalings verdrag word; en
- b. die kapitaalaflossing in die geval van die verpligte verwante kapitaal en die aandelekapitaal behoort nie probleme te veroorsaak nie omdat daar 'n opvolging van lede en/of kapitaal plaasvind.

In 'n mate is hierdie argumente wel geldig, maar dit hou nie in alle gevalle steek nie.

Vroeër in hierdie hoofstuk<sup>2)</sup> is reeds aangetoon dat die Landbank en die lede van die koöperasies inderdaad toegeeflike kredietverskaffers is. Daar is egter ook aangetoon dat daar nie onbepaald op hierdie toegeeflikheid gereken kan word nie.

In hoofstuk 5<sup>3)</sup> is ook aangetoon dat daar by die koöpera-

- 
- 1) Die mening is in hoofstuk 5, p.266 e.v., uitgespreek dat die sitruskoöperasies verplig behoort te wees om sodanige terugbetalings na verloop van 'n spesifieke aantal jare te maak en in so 'n geval sal dit 'n juridiese verpligting wees.
  - 2) Kyk subparagraaf 5, p.347-348.
  - 3) Kyk hoofstuk 5, p.177.

sies nie noodwendig 'n „opvolging van spaarders“ soos by die publieke maatskappy is nie en dat veral in tye van geldnood 'n opvolging van spaarders waarskynlik nie ten volle sal plaasvind nie. Dit moet verder in gedagte gehou word dat waar 'n lid sy lidmaatskap beëindig hy sy volle belange in die aandelekapitaal en verpligte verwante kapitaal binne 'n spesifieke periode behoort terug te ontvang. Selfs al sou 'n nuwe lid sy plek inneem kan dit etlike jare duur voordat die nuwe lid se belange in die betrokke kapitaalvorme gelyk aan dié van die uittredende lid is. 'n Uittredende lid se belange in die roterende ledeheffingsfonds mag byvoorbeeld uit tien jare se bydraes bestaan en dit kan dus tien jaar neem voordat die nuwe lid se bydraes daaraan gelyk sal wees. Opbetaling van die aandelekapitaal vind ook broksgewys plaas terwyl die uittredende lid sy belang in 'n enkelbedrag terug behoort te ontvang. Dit behoort dus duidelik te wees dat al vind daar 'n opvolging van lede plaas (wat nie noodwendig is nie) daar slegs by wyse van uitsondering 'n onmiddellike opvolging van kapitaal sal plaasvind.

Met die voorgaande in gedagte kan daar nou verder gelet word op die invloed van die likiditeitseis op die kombinerings van die verskillende kapitaalvorme by die sitruskoöperasies.

In hoofstuk 2<sup>1)</sup> is aangetoon dat 'n saak wat nie oor goeie standhoudende winsverwagtinge beskik nie, uit 'n likiditeits-oogpunt die beste doen as hy sy *duursame* kapitaalbehoefte vir die oorgrote deel met eie kapitaal en eventueel met voorkeuraandelekapitaal finansier. Dit is so omdat die termyn van aanwending van die kapitaal dan by die termyn van die beskikbaarheid van daardie kapitaal aangepas is.

Daar is reeds aangetoon dat die sitruskoöperasies aan groot risiko's onderhewig is en dus kan hulle nie hul toekomstige winskans met sekerheid voorspel nie. Die voorgenoemde algemene likiditeitseis is dus op die sitruskoöperasies van toepas-

---

1) Kyk hoofstuk 2, p.62.

sing. In terme van die kapitaalvorme wat tot die beskikking van die sitruskoöperasies staan beteken dit dan dat dit vir die sitruskoöperasies uit 'n likiditeitsoogpunt beskou, die veiligste is om hulle duursame kapitaalbehoefte vir die oorgrote deel met eie kapitaal en eventueel met verwante kapitaal te finansier.

Anders as by die onderneming in maatskappyvorm is die verskillende komponente van die eie kapitaal by die koöperasie egter nie almal op onbepaald lang termyn beskikbaar nie. Die aandelekapitaal is slegs op bepaald lang termyn beskikbaar omdat dit by beëindiging van lidmaatskap aan lede terugbetaalbaar is, of immers behoort te wees.

Om dus te verhoed dat kapitaal terugbetaalbaar is terwyl dit nog in die vaste bates steek (om dus likiditeitsprobleme te voorkom), behoort die kapitaal wat steek in die vaste bates waarin dit gladnie omloop nie (grond) of oor 'n baie lang periode omloop (byv. geboue) ten minste vir 'n groot gedeelte op onbepaald lang termyn tot die beskikking van die koöperasie te wees.<sup>1)</sup> Die vaste kapitaalbehoefte vir investering in grond en geboue behoort met ander woorde ten minste vir 'n groot gedeelte uit interne kapitaal gefinansier te word. Die aandelekapitaal behoort dan hoofsaaklik te steek in vaste bates waaruit die kapitaal oor 'n korter periode as uit geboue vrykom. Sodoende behoort daar nie likiditeitsprobleme by kapitaalaflossing te ontstaan nie. Daar kan aangevoer word dat hierdie vaste bates net sowel met verwante kapitaal gefinansier kan word. Die verwante kapitaal dra egter of behoort altans 'n vaste renteverplichting (rente is betaalbaar of daar 'n wins is of nie) te dra en die termyn van beskikbaarheid daarvan is, soos reeds aangetoon, nog meer onseker as by die aandelekapitaal. Gevolglik kan 'n misoes of 'n opeenvolging van misoes, gepaard met ju-

---

1) Boshoff, C.H., *op.cit.*, p.70, ondersteun die standpunt dat die investering in grond met kapitaal wat permanent tot die onderneming se beskikking is, gefinansier behoort te word.

riediese of morele kapitaalaflossingsverpligtinge likiditeitsprobleme veroorsaak. Dit blyk uit 'n likiditeitsoogpunt dus die veiligste te wees dat die balans van die behoefte aan vaste kapitaal (die vaste kapitaalbehoefte wat nie met interne kapitaal gefinansier is nie) met aandelekapitaal gefinansier behoort te word. Op hierdie wyse word ook met die onafhanklikheidseis soos deur Helm gestel,<sup>1)</sup> die afnameplig soos deur Boshoff gestel<sup>2)</sup> en die solvabiliteitseis<sup>3)</sup> rekening gehou.

Uit 'n likiditeitsoogpunt kan die res van die duursame kapitaalbehoefte (die vlottende komponent van die duursame kapitaalbehoefte) ook met aandelekapitaal gefinansier word. Die finansiële posisie van die lede noodsaak egter dat dit eerder met verwante en/of vreemde langtermynkapitaal gefinansier word. Uit 'n likiditeitsoogpunt is hierteen geen wesenlike besware nie.

Wat die finansiering van die wisselende kapitaalbehoefte betref, is daar uit 'n likiditeitsoogpunt ook geen beswaar dat dit met langtermynkapitaal (eie, verwante of vreemde) gefinansier word nie. Uit 'n kapitaalkoste-oogpunt en 'n uit kapitaalbeskikbaarheidsoogpunt van die lede is dit egter wenslik dat die wisselende behoefte met 'n duur korter as die kritiese termyn met korttermynkrediet (hoofsaaklik verstrekk deur die Landbank<sup>4)</sup>) gefinansier word. Uit likiditeitsoogpunt is hierteen geen besware nie. Wat die finansiering van die res van die wisselende kapitaalbehoefte betref (dus die wisselende behoeftes met 'n duur langer as die kritiese termyn) is dit uit 'n koste-oogpunt verkieslik dat dit met langtermynkapitaal geskied. Uit die aard van die saak is dit uit 'n likiditeitsoogpunt aanvaarbaar dat dit so gedoen word.

Ten slotte word in tabel 6.1 gelet op enkele likiditeitsverhoudings van die individuele sitruskoöperasies aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare.

1) Kyk sub-paragraaf 4, p.346.

2) *Ibid.*, p.346-347.

3) Kyk subparagraaf 6, p.351.

4) Die korttermynkredietfasiliteite wat die Landbank bied is verkieslik bo ander vorme omdat die rentekoerse billik en die Landbank in tye van nood toegeeflik is.

Tabel 6.1

Die likiditeit van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika aan die einde van die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare

Streek/ Sitruskoöperasie	Likiditeitsmaatstawwe <sup>1)</sup>					
	Vlottende verhouding $x : 1$		Vuurproef- verhouding $x : 1$		Kontant- verhouding $x : 1$	
	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70	1968/69	1969/70
<u>Oos-Kaap</u>						
2	10,7	13,0	5,1	7,5	2,5	5,3
6	2,0	1,5	0,5	1,0	0,1	0,9
20	1,7	1,6	0,7	1,0	0,7	1,0
7	2,1	1,9	1,5	1,5	0,3	0,1
14	1,3	3,0	0,7	2,2	0,2	1,2
Gemiddeld per ko- operasie in streek	3,6	4,2	1,7	2,6	0,8	1,7
<u>Wes-Kaap</u>						
9	12,6	3,0	8,4	2,6	3,4	1,8
<u>Oos-Transvaal</u>						
10	1,9	2,1	1,5	1,6	1,2	1,3
4	1,2	1,1	0,6	0,8	0,5	0,7
16	2,4	3,8	1,9	3,1	0,5	1,7
17	4,0	3,1	3,0	2,7	2,7	2,7
1	2,3	2,1	1,7	1,5	1,6	1,3
18	1,9	2,3	1,3	1,6	0,5	1,2
Gemiddeld per ko- operasie in streek	2,3	2,4	1,7	1,9	1,2	1,5
<u>Noord-Transvaal</u>						
21	1,9	5,2	1,6	5,2	0,8	3,4
19	1,3	1,7	1,0	1,1	0,5	0,7
11	1,5	1,9	1,3	1,7	0,7	1,1
15	1,3	1,2	1,1	1,1	0,3	0,4
12	3,6	4,2	2,6	3,6	1,2	1,0
Gemiddeld per ko- operasie in streek	1,9	2,8	1,5	2,5	0,7	1,3
<u>Wes-Transvaal</u>						
8	1,9	1,8	1,6	1,4	1,1	0,9
5	1,0	1,1	0,5	0,6	0,0	0,0
Gemiddeld per ko- operasie in streek	1,5	1,5	1,1	1,0	0,6	0,5
<u>Natal</u>						
3	1,6	1,6	0,7	0,9	0,6	0,7
13	3,8	3,4	1,2	1,9	0,6	1,2
Gemiddeld per ko- operasie in streek	2,7	2,5	1,0	1,4	0,6	1,0
Gemiddeld per ko- operasie vir alle sitruskoöperasies	3,0	2,9	1,8	2,1	1,0	1,4

1) Kyk hoofstuk 2, p.73-75 vir 'n beskrywing van die maatstawwe.

By die vertolking van die likiditeitsverhoudings in tabel 6.1 moet daar deeglik rekening gehou word met die algemene beperkings van 'n finansiële verhoudingsanalise en die besondere afleidingsbeperkings van die onderskeie likiditeitsverhoudings.<sup>1)</sup> Dit blyk uit die tabel dat daar aansienlike verskille tussen die individuele koöperasies en by dieselfde koöperasies tussen die twee jare bestaan in soverre dit die verskillende fasette van likiditeitsmeting betref. Daar is in hierdie verband ook min ooreenkoms tussen die sitruskoöperasies wat in dieselfde streek geleë is. Alhoewel definitiewe gevolgtrekkings op grond van 'n finansiële verhoudingsanalise onmoontlik is, wil dit nogtans voorkom asof die meeste sitruskoöperasies neig om oor 'n oormaat kontant te beskik. By slegs agt van die 21 sitruskoöperasies word die korttermynverpligtinge aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar nie ten volle deur kontant gedek nie en by agtien van die 21 sitruskoöperasies is die kontant in besit voldoende om ten minste 70 persent van die korttermynverpligtinge te delg. Dit wil dus voorkom asof die meeste sitruskoöperasies oor voldoende kontant beskik om die verwante korttermynkapitaal ten minste gedeeltelik onmiddellik te kan terugbetaal.<sup>2)</sup>

Likiditeitshandhawing beteken egter dat 'n onderneming lopend daartoe in staat moet wees om sy verpligtinge te kan nakom en om daardie rede is 'n momentopname van likiditeit soos in die tabel gedoen is nie baie veelseggend nie.

## 8. Slot

In die voorafgaande paragrafe is die moontlike invloede van verskillende oorwegings op die finansieringsbeleide van die sitruskoöperasies bespreek. Na aanleiding van hierdie bespreking is dit nou moontlik om die rol wat die verskillende vorme van kapitaal in die finansiering van die sitruskoöperasies behoort te speel by benadering aan te dui. Dit word in die vol-

1) Kyk o.a. hoofstuk 2, p.72-75 en p.82-83.

2) Kyk hoofstuk 5, p.310-312 waar die gebruik van verwante korttermynkapitaal deur die sitruskoöperasies aangetoon en terselfdertyd afgekeur is.

gende paragrafe gedoen. Die aandag moet egter daarop gevestig word dat dit nie moontlik is om 'n ideale finansieringsbeleid vir elke sitruskoöperasie voor te skryf nie. Dit is slegs moontlik om breë riglyne daar te stel.<sup>1)</sup> Dit bly dan vir elke sitruskoöperasie oor om op grond van sy besondere omstandighede sy eie finansieringsbeleid na aanleiding van hierdie algemene riglyne op te stel. Om doeltreffend te kan funksioneer behoort elke sitruskoöperasie egter oor 'n finansieringsbeleid wat op rasionele gronde berus, te beskik. Die verskillende vorme van kapitaal kan dus nie bloot op 'n lukraak manier gekombineer word nie; die verskillende oorwegings wat hier voor genoem is behoort deeglik by die kombinerings van die verskillende kapitaalvorme in aanmerking geneem te word.

## C. DIE ROL VAN DIE VERSKILLENDE KAPITAALVORME

### 1. Die ledebydraes

#### a. Die eie kapitaal

##### (1) Inleiding

Anders as by die gewone publieke maatskappy is die interne middele en die aandelekapitaal nie beide permanent tot die beskikking van die koöperasies nie. Soos reeds aangetoon is die aandelekapitaal naamlik onder sekere omstandighede aan die lede terugbetaalbaar en in die vorige hoofstuk is die mening uitgespreek dat hierdie terugbetaling by beëindiging van lidmaatskap onder alle omstandighede binne spesifieke tydperke verpligtend

---

1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, paragraaf 649, merk na skrywer se mening in hierdie verband tereg soos volg op: "... Met die oog hierop kan niemand 'n kant en klaar finansieringsplan voorskryf vir 'n bepaalde onderneming in 'n bepaalde bedryfstak op 'n bepaalde oomblik nie; wie dit probeer doen, maak asof hy van die winskansen van die onderneming meer weet as die onderneemingsleiding. Die bedryfsekonoom kan die bedryfslewe slegs attent maak op die oorwegings wat by die uitwerk van 'n finansieringsplan in ag geneem moet word en wys op die konsekwensies van verskillende maniere van doen".

behoort te wees. As kapitaalvorme kan die interne middele en die aandelekapitaal by die sitruskoöperasies dus nie aan mekaar gelyk gestel word nie. Eersgenoemde staan vir 'n onbepaalde lang termyn tot die beskikking van die koöperasies, terwyl laasgenoemde slegs vir 'n bepaalde lang termyn beskikbaar is. Aan elke soort behoort dus 'n bepaalde rol in die finansiering toegeken te word.

(2) Die eie kapitaal op onbepaald lang termyn (interne middele)

Die vereiste omvang van die interne middele by die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika behoort in verband gebring te word met die omvang van hulle investering in vaste bates waarin die kapitaal of gladnie of slegs oor 'n baie lang periode omloop; dus hulle kapitaalinvestering in grond en geboue. Soos reeds aangetoon funksioneer die sitruskoöperasies in 'n baie riskante bedryfstak en so 'n koppeling tussen die omvang van die interne middele en die kapitaalinvestering in grond en geboue sal onder sodanige omstandighede rekening met die likiditeitseis en dus met die kontinuïteit van die koöperasies hou.

Wat is die huidige verband tussen die omvang van die interne kapitaal en die kapitaalinvestering in grond en geboue by die sitruskoöperasies? Hierdie huidige verband word in tabel 6.2 aangetoon.

Tabel 6.2

Die verband tussen die omvang van die interne kapitaal en die kapitaalinvesterings in grond en geboue by die sitruskoöperasies aan die einde van 1969/70 finansiële jaar

Streek/ Sitruskoöperasie	Interne kapitaal ÷ Investering in grond en geboue
<u>Oos-Kaap</u>	
2	0,44
6	0,75
20	1,35
7	0,66
14	2,06
Gemiddeld per koöperasie in streek	1,05
<u>Wes-Kaap</u>	
9	1,09
<u>Oos-Transvaal</u>	
10	1,01
4	0,02
16	0,23
17	0,62
1	0,30
18	4,35
Gemiddeld per koöperasie in streek	1,09
<u>Noord-Transvaal</u>	
21	0,33
19	0,27
11	0,13
15	0,54
12	0,69
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,39
<u>Wes-Transvaal</u>	
8	0,71
5	0,11
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,41
<u>Natal</u>	
3	0,37
13	0,19
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,28
Gemiddeld per koöperasie vir alle sitruskoöperasies	0,77

Dit blyk uit tabel 6.2 dat daar aansienlike verskille tussen die sitruskoöperasies bestaan in soverre dit die verband tussen hulle investerings in grond en geboue en die omvang van hulle interne kapitaal aanbetref. In die tabel is die sitruskoöperasies volgens bestaansjare binne elke streek gerangskik. Die sitruskoöperasies in die Oos-Kaap finansier oor die algemeen gesproke 'n relatief groot gedeelte van hulle investering in grond en geboue met interne kapitaal - vir elke een rand investering in grond en geboue beskik die koöperasies gemiddeld oor R1,05 interne kapitaal. Tussen die individuele koöperasies in die streek wissel die interne kapitaal tussen R0,44 (koöperasie 2) en R2,06 (koöperasie 14) vir elke een rand investering in grond en geboue.

Gemiddeld per koöperasie geneem, verkeer die koöperasies in Oos-Transvaal in min of meer dieselfde posisie; R1,09 interne kapitaal vir elke een rand investering in grond en geboue. Die verskille tussen die koöperasies is egter baie groter as wat die geval by die koöperasies in die Oos-Kaap is en die meeste koöperasies in hierdie streek beskik oor relatief minder interne kapitaal as die koöperasies in die Oos-Kaap.

Die koöperasies in Noord-Transvaal, Wes-Transvaal en Natal beskik ook oor relatief min interne middele in vergelyking met hulle investerings in grond en geboue en in al die streke skyn daar geen positiewe korrelasie tussen bestaansjare en die verband tussen die omvang van die interne middele en die kapitaalinvestering in grond en geboue te bestaan nie.

Wat behoort die verband tussen die interne kapitaal en die investering in grond en geboue te wees? Elke sitruskoöperasie het sy eie, unieke omstandighede en 'n finale antwoord is daarom moeilik. Sekere grense kan egter afgebaken en riglyne daar gestel word.

Oor die boonste grens kan daar min twyfel bestaan. Daar kan naamlik geen rede gevind word waarom die omvang van die in-

terne kapitaal die investering in grond en geboue te bowe moet gaan nie; *op die uiterste* kan van die sitruskoöperasies verwag word om sorg te dra dat die omvang van die interne kapitaal gelyk aan die investerings in grond en geboue is. Die onderste grens kan in verband gebring word met die bedryfstaknorm aangesien dit 'n gemiddelde aanduiding is van hoe die verskillende koöperasies die riskantheid van die bedryfstak beoordeel. *Dit beteken dus dat die primêre sitruskoöperasies hulle finansieringsbeleide daarop behoort toe te spits om hulle investerings in grond en geboue met tussen ongeveer 75 en 100 persent met eie kapitaal op onbepaald lang termyn (interne kapitaal) te finansier.* Uit die aard van die saak sal dit nie vir al die koöperasies moontlik en wenslik wees om die nodige aanpassings binne 'n kort periode te maak nie, want dit sal buitensporige opofferings in die vorm van onmiddellike prysgawe van prysvoordele deur die lede verg. Die langtermynfinansieringsplanne behoort egter op hierdie doelwit toegespits te wees.

Vervolgens word in tabel 6.3 aangetoon wat die praktiese implikasies van die toepassing van hierdie kriteria op die sitruskoöperasies sal wees.

Tabel 6.3

Die mate waarin die primêre sitruskoöperasies hulle interne kapitaal aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar sou moes verhoog om 75 persent dekking en volle dekking van hulle investering in grond en geboue deur interne kapitaal te verseker

Sitruskoöperasie	Verhogings in die interne kapitaal			
	Vir 75% dekking van grond en geboue		Vir 100% dekking van grond en geboue	
	Absolute verhoging R'000	Persentuele verhoging %	Absolute verhoging R'000	Persentuele verhoging %
1	69	153	107	237
2	12	72	22	129
3	13	101	22	167
4	163	4 279	218	5 737
5	70	563	98	784
6	1	½	94	34
7	36	14	137	51
8	5	5	35	40
9	(-69)	N.v.t.	(-18)	N.v.t.
10	(-26)	N.v.t.	(-1)	N.v.t.
11	26	461	37	649
12	2	9	12	45
13	17	302	24	436
14	(-11)	N.v.t.	(-9)	N.v.t.
15	10	39	21	86
16	50	224	74	332
17	13	21	38	61
18	(-18)	N.v.t.	(-17)	N.v.t.
19	83	174	126	265
20	(-10)	N.v.t.	(-6)	N.v.t.
21	65	129	103	206

Die gegewens in tabel 6.3 spreek grotendeels vanself. Vyf van die primêre sitruskoöperasies (koöperasie 9, 10, 14, 18 en 20) beskik reeds oor 'n surplus interne kapitaal bo hulle investering in grond en geboue. Hierdie surplusse wissel tussen ± R1 000 en ± R18 000. Volgens die voorgaande kriteria beskik hierdie koöperasies dus oor 'n oormaat interne kapitaal. Die res (sestien) van die sitruskoöperasies se beskikbare interne kapitaal is onvoldoende om 75 persent van hulle investering in grond en geboue te finansier. Ten einde hierin te kan slaag

moet die individuele koöperasies hulle huidige (1969/70) interne kapitaal verhoog met bedrae wat wissel vanaf ± R1 000 (koöperasie 6) tot ± R163 000 (koöperasie 4) of, anders gestel, moet die huidige interne kapitaal verhoog word met tussen 'n half persent en 4 279 persent. Ten einde 'n 100 persent dekking van die investering in grond en geboue te verseker moet die interne kapitaal aansienlik meer verhoog word.

(3) Die eie kapitaal op bepaald lang termyn (opbetaalde aandelekapitaal)

Helm<sup>1)</sup> stel dit as 'n langtermyndoelwit dat koöperasies moet poog om *ten minste* hulle vaste bates met eie kapitaal te finansier. Die woorde „ten minste“ impliseer dat die strewe dus 'n oorskot van eie kapitaal bo die investering in vaste bates moet wees. So 'n eis lyk onnodig konserwatief, beide uit 'n likiditeits- en 'n solvabiliteitsoogpunt, maar veral uit die oogpunt van die finansiële posisie van die lede gesien. *Die mening is derhalwe dat die sitruskoöperasies daarna moet streef om hulle vaste bates met eie kapitaal te finansier, maar dat die omvang van die eie kapitaal beperk moet word tot die investering in vaste bates; daar moet dus nie 'n oorskot van eie kapitaal bo vaste bates bestaan nie.* Indien in ag geneem word dat die grond en geboue grotendeels uit interne kapitaal gefinansier behoort te word en dat die res van die investering in vaste bates dus uit aandelekapitaal kom, dan is dit duidelik dat daar uit hierdie oord nie likiditeitsprobleme na vore behoort te tree nie; die termyn van die beskikbaarheid van die kapitaal is baie nou aangepas by die termyn van aanwending. Vroeër in hierdie hoofstuk is ook aangetoon dat die grootste verliese by eventuele ontbinding gewoonlik by die realisasie van die vaste bates te voorskyn tree. 'n Beleid waar die vaste bates met eie kapitaal gefinansier word, voorsien dus ook voldoende vir die solvabiliteit van die sitruskoöperasies. Ook wat die onafhanklikheidseis en die afnameplig betref, is daar min beswaar teen so 'n beleid in te bring.

---

1) Kyk ook paragraaf 4, p.346.

In watter mate voorsien die eie kapitaal van die sitruskoöperasies tans in hulle investerings in vaste bates en wat sal die implikasies van die toepassing van die bogenoemde kriterium op die opbetaalde en uitgereikte aandelekapitaal van die sitruskoöperasies wees? Antwoorde op hierdie vrae word met behulp van tabelle 6.4, 6.5 en 6.6 verstrek.

Tabel 6.4

Die verband tussen die eie kapitaal en die kapitaalinvestering in vaste bates by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Streek/ Sitruskoöperasie	Eie kapitaal ÷ Investering in vaste bates
<u>Oos-Kaap</u>	
2	0,64
6	1,24
20	1,30
7	0,50
14	0,84
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,90
<u>Wes-Kaap</u>	
9	0,76
<u>Oos-Transvaal</u>	
10	1,00
4	0,12
16	0,33
17	0,40
1	0,45
18	0,98
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,55
<u>Noord-Transvaal</u>	
21	0,79
19	0,27
11	0,20
15	0,50
12	0,42
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,44
<u>Wes-Transvaal</u>	
8	1,56
5	0,23
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,90
<u>Natal</u>	
3	0,36
13	0,25
Gemiddeld per koöperasie in streek	0,31
Gemiddeld per koöperasie vir alle sitruskoöperasies	0,63

Die gegewens in tabel 6.4 vereis min bespreking. Twee van die sitruskoöperasies in Oos-Kaap (koöperasies 6 en 20) een in Oos-Transvaal (koöperasie 10) en een in Wes-Transvaal (koöperasie 8) beskik oor 'n totale eie kapitaal wat groter of gelyk aan hulle investerings in vaste bates is. Die res (sewentien) van die sitruskoöperasies skiet in dié opsig tekort. In die algemeen gesproke is die ouere koöperasies beter daaraan toe as die jongeres, alhoewel daar geen sprake van 'n volkome positiewe korrelasie tussen die bestaansjare en die voltoening aan die betrokke kriterium is nie. Die koöperasies in die Oos-Kaap voldoen in die algemeen beter aan die kriterium as die koöperasies in die ander streke. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die koöperasies in hierdie streek gemiddeld vir 'n langer tydperk as elders bestaan en dus meer geleentheid vir die opbouing van 'n sterke eie kapitaal gehad het. Die invloed van een aspek, naamlik die mag van die gewoonte in 'n besondere streek, kan egter baie maklik onderskat word.

Tot dusver is daar reeds twee riglyne of kriteria gestel waarna die sitruskoöperasies in hulle finansieringsbeleide behoort te streef:

- (a) Hulle behoort te poog om tussen 75 persent en 100 persent van hulle investering in grond en geboue uit interne kapitaal te finansier; en
- (b) hulle behoort te poog om hulle investering in vaste bates met eie kapitaal te finansier.

Word daar nou veronderstel dat die sitruskoöperasie wat nog nie oor voldoende interne kapitaal beskik om 75 persent van hulle investering in grond en geboue te finansier nie, wel hulle reserveringsbeleid op hierdie einddoel toespits en verder dat die koöperasies wat reeds hierdie mikpunt oorskry het (koöperasies 9, 10, 14, 18 en 20)<sup>1)</sup> die verdere uitbreiding van interne kapitaal staak, dan beteken dit dat die rol van die aandelekapitaal by die sitruskoöperasies soos volg behoort

1) Kyk tabel 6.2, p.361.

te wees:

(a) By die sestien sitruskoöperasies waar die interne kapitaal nog onvoldoende is om 'n 75 persent dekking van die investering in grond en geboue te verseker, behoort die opbetaalde aandelekapitaal te voorsien vir die totale investering in vaste bates minus 75 persent van die investering in grond en geboue.

(b) By die vyf sitruskoöperasies waar die interne kapitaal reeds 75 persent van die investering in grond en geboue oorskry behoort die opbetaalde aandelekapitaal te voorsien in die totale investering in vaste bates minus die huidige (1969/70) omvang van die interne kapitaal.

Sou die sitruskoöperasies aan die toepaslike kriterium wil voldoen dan sal hulle die veranderings soos in tabel 6.5 aange-  
toon word, in hulle opbetaalde aandelekapitaal moet aanbring.

Tabel 6.5

Veranderings nodig in die huidige (1969/70) omvang van die opbetaalde aandeelkapitaal van die primêre sitruskoöperasies om die opbetaalde aandeelkapitaal gelyk te bring aan óf die totale investering in vaste bates minus 75 persent van die investering in grond en geboue óf die totale investering in vaste bates minus die huidige (1969/70) omvang van die interne kapitaal<sup>1)</sup>

Sitruskoöperasie	Benodigde veranderings in opbetaalde aandeelkapitaal	
	Absolute verandering R'000	Persentuele verandering %
1	+69	+104
2	+31	+52
3	+20	+356
4	+114	+330
5	+135	+280
6	(-174)	(-28)
7	+244	+2 221
8	(-121)	(-51)
9	+74	+704
10	+1	+1
11	+33	+346
12	+67	+281
13	+45	+307
14	+3	+550
15	+30	+195
16	+90	+196
17	+126	+421
18	+1	+11
19	+233	+335
20	(-11)	(-45)
21	(-30)	(-34)

Dit blyk uit tabel 6.5 dat vier sitruskoöperasies (koöperasies 6, 8, 20 en 21) in terme van die voorafgaande kriteria

- 1) By koöperasies 9, 10, 14, 18 en 20 moet die opbetaalde aandeelkapitaal gelyk aan die totale investering in vaste bates minus die huidige omvang van die interne kapitaal gebring word omdat die huidige omvang van die interne kapitaal reeds 75% van die investering in grond en geboue oorskry en omdat die oorskot interne kapitaal nie onder lede verdeel kan word nie.

reeds oor 'n oorskot opbetaalde aandelekapitaal beskik. So 'n oorskot is nie verdedigbaar nie en hierdie koöperasies behoort die geleentheid gegun te word om hierdie oorskot aan lede terug te betaal en/of in verwante langtermynkapitaal te omskep. Die res van die primêre sitruskoöperasies behoort hulle opbetaalde aandelekapitaal te verhoog met absolute bedrae wat wissel tussen  $\pm$  R1 000 (koöperasies 10 en 18) en  $\pm$  R244 000 (koöperasie 7). Uitgedruk as persentasie van die bestaande opbetaalde aandelekapitaal beteken dit verhogings van tussen een persent en 2 221 persent.

Soos wat die geval by die interne kapitaal was, sal hierdie verhogings in die aandelekapitaal nie onmiddellik kan geskied nie, maar daar behoort geleidelik na hierdie doelwit gestreef te word.

Hierdie aansienlike verhogings in die opbetaalde aandelekapitaal beteken nie noodwendig dat 'n uitbreiding van die uitgereikte hoeveelhede aandele moet plaasvind nie. In hoofstuk 5 is die mening uitgespreek dat die koöperasies daarna behoort te streef om 75 persent van die nominale waarde van hulle aandelekapitaal binne tien jaar vanaf stigting op te roep.

In plaas daarvan om dus sonder meer die nodige verhogings in die opbetaalde aandelekapitaal deur middel van addisionele aandele-uitgiftes te in, behoort die betrokke sitruskoöperasies eers addisionele oproepe op die bestaande uitgereikte aandele te doen. Dit is interessant om daarop te let dat die vier sitruskoöperasies wat reeds oor 'n surplus aandelekapitaal beskik, juis van die koöperasies is wat 'n relatief groot gedeelte van die nominale waarde van hulle aandele opgeroep het.

In tabel 6.6 word die veranderinge in die huidige hoeveelhede uitgereikte aandele wat nodig sal wees om aan die voorafgaande kriteria (volle dekking van vaste bates deur interne en opbetaalde aandelekapitaal en 'n 75% opbetaalde aandelekapitaal) te voldoen, aangetoon.

Tabel 6.6

Vereiste veranderinge in die hoeveelhede uitgereikte aandele deur die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar ten einde die koöperasies in staat te stel om aan sekere kriteria vir doeltreffende finansiering te voldoen

Sitruskoöperasie	Veranderinge in die hoeveelhede uitgereikte aandele	
	Absolute verandering R'000	Persentuele verandering %
1	(-245,1)	(-73)
2	+4,7	+8
3	(-11,1)	(-40)
4	+9,9	+11
5	+18,4	+18
6	(-84,6)	(-22)
7	+115,3	+210
8	(-139,2)	(-64)
9	+3,6	+7
10	(-15,6)	(-21)
11	(-19,3)	(-40)
12	(-25,3)	(-30)
13	(-33,9)	(-46)
14	(-0,6)	(-19)
15	(-11,2)	(-27)
16	(-133,9)	(-60)
17	+29,1	+39
18	(-22,3)	(-84)
19	+57,9	+40
20	(-6,2)	(-27)
21	(-70,7)	(-65)

Dit blyk uit tabel 6.6 dat voldoening aan die voorgenoemde kriteria sal beteken dat veertien van die 21 sitruskoöperasies hulle huidige uitgereikte hoeveelhede aandele sal moet verlaag. In absolute getalle sal die verlagings wissel tussen  $\pm 600$  aandele (koöperasie 14) en  $\pm 245\ 000$  aandele (koöperasie 1). Relatief tot die huidige uitgereikte hoeveelhede aandele sal die verlagings tussen  $\pm 19$  persent (koöperasie 14) en  $\pm 84$  persent (koöperasie 18) wissel. Vir sewe van die 21 primêre sitruskoöperasies sal voldoening aan die kriteria 'n verhoging in hulle huidige hoeveelhede uitgereikte aandele beteken. In absolute

getalle sal dit verhogings van tussen  $\pm 115\ 300$  aandele (koöperasie 7) en  $\pm 3\ 600$  aandele (koöperasie 9) beteken. Koöperasie 7 sal die grootste persentuele verhoging in sy huidige uitgereikte hoeveelheid aandele moet aanbring ( $\pm 210\%$ ) terwyl koöperasie 9 slegs 'n sewe persent verhoging sal hoef aan te bring.

b. Die verwante kapitaal

(1) Die verwante langtermynkapitaal

Die huidige rol van die verwante langtermynkapitaal in die finansiering van die sitruskoöperasies kan uit die gegewens in tabel 6.7 afgelei word.

Tabel 6.7

Die rol van die verwante langtermynkapitaal in die finansiering van die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Streek/ Sitruskoöperasie	Eie kapitaal ÷ Investering in vaste bates	Langtermynledebydraes (Eie + verwante langtermynkapi- taal) ÷ Investering in vaste bates
<u>Oos-Kaap</u>		
2	0,64	1,42
6	1,24	1,45
20	1,30	1,30
7	0,50	1,40
14	0,84	1,83
Gemiddeld per koöpe- rasie in streek	0,90	1,48
<u>Wes-Kaap</u>		
9	0,76	1,03
<u>Oos-Transvaal</u>		
10	1,00	1,66
4	0,12	1,34
16	0,33	1,22
17	0,40	1,24
1	0,45	1,23
18	0,98	2,02
Gemiddeld per koöpe- rasie in streek	0,55	1,45
<u>Noord-Transvaal</u>		
21	0,79	1,33
19	0,27	0,99
11	0,20	1,66
15	0,50	1,02
12	0,42	1,07
Gemiddeld per koöpe- rasie in streek	0,44	1,21
<u>Wes-Transvaal</u>		
8	1,56	1,78
5	0,23	0,49
Gemiddeld per koöpe- rasie in streek	0,90	1,14
<u>Natal</u>		
3	0,36	1,37
13	0,25	1,88
Gemiddeld per koöpe- rasie in streek	0,31	1,63
Gemiddeld per koöpe- rasie vir alle si- truskoöperasies	0,63	1,37

Dit blyk uit tabel 6.7 dat op vier uitsonderings na (koöperasies 6, 20, 10 en 8) al die sitruskoöperasies verwante langtermynkapitaal aanwend vir die finansiering van vaste bates. So finansier koöperasie 2 sy vaste bates uit 64 persent eie kapitaal en 36 persent verwante langtermynkapitaal, terwyl daar ook nog 'n 42 persent oorskot van verwante langtermynkapitaal bo die investering in vaste bates is wat aangewend word ter finansiering van die investering in vlottende bates. Drie sitruskoöperasies wend nie verwante langtermynkapitaal ter finansiering van hulle vlottende kapitaalbehoefte aan nie. Sitruskoöperasie 20 beskik nie oor sodanige kapitaal nie, terwyl die eie plus verwante langtermynkapitaal in die gevalle van koöperasies 19 en 5 onvoldoende is om in die vaste kapitaalbehoefte te voorsien. Sitruskoöperasie 19 finansier sy investering in vaste bates uit 27 persent eie, 72 persent verwante en een persent „ander“ kapitaal, terwyl koöperasie 5 sy vaste kapitaalinvestering uit 23 persent eie, 26 persent verwante en 51 persent „ander“ kapitaal finansier. Daar bestaan verder aansienlike afwykings tussen die koöperasies in dieselfde streke, alhoewel daar 'n neiging tot 'n groter oorskot van langtermynledebydraes bo die investering in vaste bates by sommige streke (Oos-Kaap, Oos-Transvaal en Natal) as in ander (Noord-Transvaal en Wes-Transvaal) te bespeur is. Daar is verder geen beduidende korrelasie tussen die bestaansjare van die koöperasies in die verskillende streke en die oorskot van langtermynledebydraes bo die kapitaalinvestering in vaste bates nie.

Wat behoort die rol en omvang van die verwante langtermynkapitaal by die sitruskoöperasies te wees?

By 'n bespreking van die rol en omvang van die verwante langtermynkapitaal is dit nodig om 'n onderskeid te tref tussen „verpligte“ en „vrywillige“ verwante langtermynkapitaal.

(a) Die verpligte verwante langtermynkapitaal

Soos uit die vorige besprekings geblyk het, bestaan die verpligte verwante langtermynkapitaal by die primêre sitruskoöperasies tans hoofsaaklik uit die roterende ledeheffingsfondse (twintig van die 21 koöperasies) terwyl twee van hierdie koöperasies ook van die roterende uitgestelde bonusbetalingsfonds gebruik gemaak het.

Daar is reeds aangetoon dat die sitruskoöperasies oor die lang termyn daarna behoort te streef om hulle vaste bates ten volle met eie kapitaal te finansier en nie met verwante langtermynkapitaal, wat in wese leningskapitaal is nie. Die meeste sitruskoöperasies beskou die verwante langtermynkapitaal egter as substituuat vir die eie kapitaal en dit is in wese foutief omdat die koöperasies dan die likiditeits- en solvabiliteits-eise verwaarloos en ook omdat so 'n optrede nie heeltemal met die afnameplig en die onafhanklikheidseis te versoen is nie.

In die beginjare van die bestaan van 'n koöperasie, voordat hy geleentheid gehad het om 'n voldoende eie kapitaal op te bou, is dit in orde om die verwante langtermynkapitaal te gebruik om die vreemde kapitaal wat aanvanklik deur alle koöperasies vir die finansiering van 'n gedeelte van die vaste bates aangewend is, te vervang en selfs om noodsaaklike uitbreidings mee te finansier. Dit is tewens verkieslik bo lenings van derdes omdat dit ten minste vanaf die lede kom en die lede is in tye van nood meer toegeeflik. Die betrokke koöperasies behoort egter hulle eie kapitaal geleidelik uit te bou en namate dit plaasvind moet die verpligte verwante langtermynkapitaal verminder word sodat dit uiteindelik uiters vir die finansiering van 'n gedeelte van die vlottende bates hoef te dien.

Die gemaklikheid waarmee hierdie verpligte verwante langtermynkapitaal geïen word, die relatiewe lae koste daaraan verbonde en die feit dat die lede nie ongeneë teen bydraes van hierdie aard skyn te wees nie, het egter by die sitruskoöperasies daartoe gelei dat die uitbouing van 'n voldoende eie kapi-

taal verwaarloos is en dat hierdie koöperasies te afhanklik is van kapitaal wat wesenlik leningskapitaal bly. Gevolglik dra die lede wel voldoende (waarskynlik te veel) tot die kapitaal van die koöperasies by, maar grondliggend bly die koöperasies gevaarlik gefinansier, waardeur hulle kontinuïteit bedreig word.

Oor die lang termyn behoort die rol van die verpligte verwante langtermynkapitaal dus slegs die finansiering van 'n gedeelte van die vlottende bates te wees. Watter deel daarvan behoort met die verpligte verwante langtermynkapitaal gefinansier te word? Oor die wisselende gedeelte van die vlottende kapitaalbehoefte kan daar min twyfel bestaan. Dit behoort, soos vroeër reeds aangetoon, oor die algemeen met korttermynkrediet gefinansier te word. Die verpligte verwante langtermynkapitaal behoort dus slegs vir die finansiering van die permanente vlottende kapitaalbehoefte in aanmerking te kom.

Vroeër in hierdie hoofstuk is die aandag daarop gevestig dat die gebruik van vreemde kapitaal beide vir die lede se bedrywe, en uit 'n koste-oogpunt, vir die koöperasies en dus ook vir die lede voordelig is. Wanneer daar dus eers vir die voortbestaan van die koöperasie gesorg is, is alles verder ten gunste van die gebruik van vreemde kapitaal. Die voorafgaande voorstelle dat die eie kapitaal vir die finansiering van die vaste bates behoort te voorsien, het reeds rekening gehou met die voortbestaansmoontlikhede van die sitruskoöperasies, maar gesien die besondere riskantheid en wisselvalligheid van die sitrusbedryfstak, *is die mening dat daar wel van verwante langtermynkapitaal gebruik gemaak behoort te word om gedeeltelik in die behoefte aan permanente vlottende kapitaal te voorsien, maar dat die aantrekking daarvan eventueel tot 'n maksimum van ongeveer twintig persent van die sitruskoöperasies se onderskeie investerings in vaste bates beperk behoort te word.* Wat verder vir die finansiering van die permanente vlottende kapitaalbehoefte nodig mag wees, behoort óf uit vrywillige verwante langtermynkapitaal óf uit vreemde langtermynkapitaal voorsien te word.

Die mening is naamlik dat daar 'n verband behoort te bestaan tussen die investering in vaste bates en die behoefte aan permanente vlottende kapitaal om daardie vaste produksie-apparaat te kan benut en dat die maksimum omvang van die verpligte verwante langtermynkapitaal wat aangewend behoort te word, daarom uitgedruk kan word as 'n persentasie van die investering in die vaste bates. In 1969/70 was daar by die sitruskoöperasies gemiddeld R1,37 langtermynledebydraes per kooperasie teenwoordig vir elke R1,00 investering in vaste bates; dus 'n 37 persent oorskot bo die investering in vaste bates. Sou die bedryfstaknorm dus as korrek aanvaar word en sou die vaste bates ten volle met eie kapitaal gefinansier word, dan beteken dit dat die verwante langtermynkapitaal 37 persent van die investering in vaste bates moet bedra ten einde in die behoefte aan permanente vlottende kapitaal te voorsien.

As gevolg van die feit dat die verwante langtermynkapitaal so maklik geïen word, is die mening egter dat sommige sitruskoöperasies 'n onnodige en onproduktiewe investering in vlottende bates het. Die groot wisselinge wat daar van jaar tot jaar by dieselfde koöperasies in die verhouding van vaste tot vlottende bates bestaan, bevestig in 'n mate die gevolgtrekking.<sup>1)</sup> Veranderinge in die waarde van die vaste bates is nie soseer vir die verskille verantwoordelik nie, maar wel veranderinge in die waarde van die vlottende bates. Daar kan dus min twyfel bestaan dat daar ruimte vir rasionalisasie in die aanwending van vlottende bates deur die sitruskoöperasies bestaan. Daar is ook min twyfel dat baie van hierdie koöperasies hulle wisselende kapitaalbehoefte gedeeltelik met verwante langtermynkapitaal finansier omdat hulle nie rente of 'n baie lae rente op hierdie fondse aan hulle lede betaal. As hulle korttermynkrediet sou aanwend sou die koste vir die koöperasie dus waarskynlik hoër wees. Hierdie koöperasies vergeet egter skynbaar dat hulle lede daardie langtermynkapitaal waarskynlik uiters winsgewend in hulle eie boerderye kan aanwend en dat hulle nou óf 'n kapitaaltekort het óf kapitaal ten duurste moet leen. Die

1) Kyk tabel 4.6, p.145.

bedryfstaknorm is om verskeie redes dus waarskynlik te liberaal.

In die praktyk sal voldoening aan die voorafgaande kriterium beteken dat die eie kapitaal plus die verpligte verwante langtermynkapitaal ongeveer 120 persent van 'n koöperasie se investering in vaste bates bedra. Aanvanklik sal die grootste gedeelte van hierdie kapitaal uit die verpligte verwante langtermynkapitaal bestaan, maar namate die koöperasie sy eie kapitaal deur middel van winsinhouding en addisionele aandele-oproepe verhoog sal die verpligte verwante langtermynkapitaal pro rata afgelos word totdat dit eventueel 'n maksimum van slegs ongeveer twintig persent van die investering in vaste bates bedra.

Indien hierdie voorstel geïmplementeer sou word, sal dit die huidige omvang van die gebruik van verpligte verwante langtermynkapitaal deur die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika soos volg beïnvloed:

Tabel 6.8

Veranderings nodig in die omvang van verpligte verwante langtermynkapitaal by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar ten einde die omvang daarvan gelyk te stel aan twintig persent van die koöperasies se investerings in vaste bates

Sitruskoöperasie	Veranderings in die omvang van die verpligte verwante langtermynkapitaal	
	Absolute verandering R'000	Persentuele verandering %
1	-146,0	-74
2	-70,7	-74
3	-41,8	-80
4	-319,6	-84
5	+12,3	+30
6	-7,3	-5
7	-393,5	-78
8	-5,7	-12
9	-330,5	-84
10	-86,8	-70
11	-93,7	-86
12	-54,1	-69
13	-118,2	-88
14	-16,2	-80
15	-24,9	-61
16	-143,9	-78
17	-147,7	-76
18	-23,8	-81
19	-224,3	-72
20	+7,0	-
21	-57,7	-63

Dit blyk uit tabel 6.8 dat slegs twee van die primêre sitruskoöperasies in terme van die bogenoemde kriterium nie oormatig op die gebruik van verpligte verwante langtermynkapitaal steun nie. Koöperasie 5 behoort naamlik sy verpligte verwante langtermynkapitaal met ± R12 300 te verhoog, wat sal beteken dat hy sy huidige gebruik van hierdie tipe kapitaal met ± 30 persent sal moet uitbrei. Koöperasie 20 maak tans nie van verpligte verwante langtermynkapitaal gebruik nie en kan ± R7 000 van hierdie tipe kapitaal aanwend.

Die ander sitruskoöperasies behoort almal hulle gebruik van verpligte verwante langtermynkapitaal met bedrae wat wissel tussen ± R393 500 (koöperasie 7) en ± R5 700 (koöperasie 8) in te kort. In verhouding tot die huidige gebruik van hierdie fondse sal dit vermindering van tussen 88 persent (koöperasie 13) en vyf persent (koöperasie 6) beteken.

(b) Die vrywillige verwante langtermynkapitaal

Die vrywillige verwante langtermynkapitaal bestaan uit kapitaal wat die lede vrywillig vir 'n lang termyn aan die sitruskoöperasies leen. Ten tye van die opname vir hierdie studie het, soos reeds aangetoon, slegs een van die primêre sitruskoöperasies van hierdie kapitaalbron gebruik gemaak. Soos ook reeds aangetoon kan hierdie tipe kapitaal deur die koöperasies saam met langtermynlenings ter aanvulling of in die plek van verpligte verwante langtermynkapitaal vir die finansiering van die permanente vlottende kapitaalbehoefte gebruik word.

Alhoewel hierdie tipe kapitaal in vergelyking met die verpligte verwante langtermynkapitaal heelwat hoër rente dra en in die algemeen uit die oogpunt van die lede beter voorwaardes bied, word dit relatief min gebruik. Dit beklemtoon slegs die feit dat die lede nie oor 'n oormaat kapitaal beskik nie of dat hulle hulle oormaat kapitaal elders teen beter voorwaardes kan belê. Dit versterk die argument teen die groot gebruik van verpligte verwante langtermynkapitaal wat tot dusver deur die meeste primêre sitruskoöperasies gemaak is. As die lede 'n oormaat kapitaal gehad het en as die voorwaardes by die koöperasies so gunstig was dan sou die lede immers meer kapitaal vrywillig tot die beskikking van hulle koöperasies gestel het.

(2) Die verwante korttermynkapitaal

Na wat reeds vroeër by verskeie geleenthede oor die verwante korttermynkapitaal geskryf is, hoef daar op hierdie stadium nie veel bygevoeg te word nie. Om praktiese redes is dit verstaanbaar dat die primêre sitruskoöperasies van tyd tot tyd

oor beperkte hoeveelhede van sodanige kapitaal sal beskik. Die gebruik van hierdie tipe kapitaal hoort egter nie tuis in die finansieringsplanne van die koöperasies nie omdat dit geld is wat die lede onmiddellik toekom. Soos reeds aangetoon kan die lede, as hulle oor 'n oormaat kapitaal beskik, dit vrywillig tot die beskikking van die koöperasies plaas. Waar die primêre sitruskoöperasies dus wel hierdie tipe kapitaal doelbewus vir hulle finansiering aanwend behoort hulle dit onmiddellik te vervang met korttermynkrediet van die Landbank, handelsbanke of handelskrediteure.

c. Slot

Die netto effek van voldoening aan die voorgenoemde kriteria op die omvang van die verpligte langtermynledebydraes<sup>1)</sup> by die primêre sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar, word ten slotte in tabel 6.9 aangetoon.

---

1) Die verpligte langtermynledebydraes bestaan uit die eie kapitaal plus die totale verwante langtermynkapitaal minus lenings van lede.

Tabel 6.9

Die netto invloed van voldoening aan die gestelde kriteria vir doeltreffende finansiering op die omvang van die verpligte langtermynledebydraes by die sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar

Streek/ Sitruskoöperasie	Netto invloed op verpligte langtermynledebydraes	
	Absolute verandering R'000	Persentuele verandering %
<u>Oos-Kaap</u>		
2	-27,1	-15,7
6	-180,6	-17,2
20	-3,5	-7,7
7	-113,1	-14,5
14	-12,9	-34,5
<u>Wes-Kaap</u>		
9	-256,6	-41,0
<u>Oos-Transvaal</u>		
10	-86,3	-27,8
4	-43,4	-10,3
16	-4,5	-1,8
17	-8,5	-3,0
1	-7,6	-2,5
18	-23,2	-40,5
<u>Noord-Transvaal</u>		
21	-22,6	-9,9
19	+90,8	+21,2
11	-34,2	-27,6
15	+14,6	+18,1
12	+15,0	+11,7
<u>Wes-Transvaal</u>		
8	-121,8	-32,7
5	+218,1	+214,2
<u>Natal</u>		
3	-8,9	-12,6
13	-56,2	-36,3

Dit blyk uit tabel 6.9 dat vier van die primêre sitruskoöperasies (koöperasies 5, 12, 15 en 19) in terme van die voorge-

noemde kriteria hulle verpligte langtermynledebydraes sou moes uitbrei met bedrae wat wissel tussen  $\pm$  R218 000 (koöperasie 5) en  $\pm$  R14 600 (koöperasie 15) of met tussen 11,7 persent (koöperasie 12) en 214,2 persent (koöperasie 5) van hulle huidige verpligte langtermynledebydraes. Die res (sewentien) van die primêre sitruskoöperasies beskik in terme van die gestelde kriteria oor 'n oormaat langtermynledebydraes wat wissel tussen  $\pm$  R256 600 (koöperasie 9) en  $\pm$  R3 500 (koöperasie 20). In verhouding tot hulle huidige gebruik van hierdie kapitaal behoort hierdie koöperasies hulle verpligte langtermynledebydraes met tussen 1,8 persent (koöperasie 16) en 41,0 persent (koöperasie 9) te verlaag.

Daar bestaan 'n mate van ooreenkoms tussen die meeste sitruskoöperasies wat in dieselfde streek geleë is. Drie van die vyf koöperasies in die Oos-Kaap behoort byvoorbeeld hulle verpligte langtermynledebydraes met onderskeidelik 15,7 persent, 17,2 persent en 14,5 persent te verlaag, vier van die ses in Oos-Transvaal behoort insgelyks verminderings wat wissel tussen 1,8 persent en 10,3 persent aan te bring, terwyl drie van die vyf koöperasies in Noord-Transvaal die verpligte langtermynledebydraes behoort te verhoog met tussen 11,7 persent en 21,2 persent. Afgesien van die onderlinge invloed van die koöperasies op mekaar in die formulering van beleid, is dit moeilik om enige ander oorsake vir hierdie neigings te vind, aangesien die bestaansjare klaarblyklik geen invloed het nie.

Indien daar in ag geneem word dat die primêre sitruskoöperasies almal in 'n mindere of meerdere mate van verwante korttermynkapitaal gebruik maak,<sup>1)</sup> en dat hierdie bron aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar  $\pm$  R1,7 miljoen tot die kapitaal van die koöperasies bygedra het en dat die mening is dat die gebruik van hierdie kapitaalbron sover prakties moontlik gestaak moet word, dan is dit duidelik dat die netto invloed van voldoening aan die voorgenoemde kriteria 'n aansienlike vermindering in die ledebydraes tot die kapitaal van die meeste ko-

1) Kyk tabelle 5.16 en 5.18, p.312 en 331.

operasies sal wees. By die meeste koöperasies behoort die eie kapitaal egter uitgebrei te word, wat groter kontinuïteit as wat tot dusver die geval was, sal verseker.

## 2. Die vreemde kapitaal

Na wat reeds geskryf is, hoef daar min oor die rol van die vreemde kapitaal by die sitruskoöperasies bygevoeg te word.

Twee van die sitruskoöperasies (koöperasie 5 en 19) beskik tans (1969/70) nie oor voldoende langtermynledebydraes om hulle kapitaalinvesterings in vaste bates daaruit te finansier nie.<sup>1)</sup> Geeneen van hulle gebruik egter korttermynkrediet ter finansiering van hierdie vaste bates nie. Sitruskoöperasie 5 het aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar 'n verhouding van vaste bates tot langtermynkapitaal van 1,00 : 1,09 gehad, terwyl die ooreenstemmende verhouding vir sitruskoöperasie 19 1,00 : 1,20 was. Vreemde langtermynkapitaal het dus vir die tekort in langtermynledebydraes gekompenseer. Elf van die oorblywende negentien sitruskoöperasies beskik ook oor vreemde langtermynkapitaal wat vir die gedeeltelike finansiering van die vlottende kapitaalbehoefte voorsien. Al die koöperasies beskik verder oor vreemde korttermynkapitaal vir die gedeeltelike finansiering van die vlottende kapitaalbehoefte.

In terme van die voorafgaande kriteria en opmerkings is dit duidelik dat vreemde langtermynkapitaal slegs tydelik vir die finansiering van vaste bates by die sitruskoöperasies aangewend behoort te word; dit wil sê totdat die koöperasies geleentheid het om dit met verwante en eventueel met eie kapitaal te vervang. Die eventuele rol van die vreemde langtermynkapitaal behoort dus beperk te word tot die finansiering van die permanente behoefte aan vlottende kapitaal vir sover as wat die verwante langtermynkapitaal nie daarin voorsien nie en afhangende van omstandighede, tot die gedeeltelike finansiering van die wisselende kapitaalbehoefte. Die korttermynkrediet, verkieslik in die

1) Kyk tabel 6.7, p.373.

vorm van Landbankkaskredietrekenings, behoort slegs vir die finansiering van die wisselende kapitaalbehoefte wat nie vir finansiering deur middel van vreemde langtermynkapitaal kwalifiseer nie, aangewend te word.

#### D. SAMEVATTING

Die finansieringsbeleid van 'n koöperasie verwys na die beleid wat die koöperasie volg of behoort te volg by die kombinering van die verskillende kapitaalvorme inagnemende die besondere aard en omvang van sy kapitaalbehoefte. Die probleem is hoe hierdie kapitaalvorme gekombineer moet word om vir 'n gesonde balans tussen die sitruskoöperasies se kontinuïteit- en ekonomiteitstrewes te sorg.

Om 'n antwoord op hierdie probleem te vind behoort die koöperasies hulle te laat lei deur die kapitaalkoste-, likiditeits- en solvabiliteitsoorwegings. Hierbenewens speel die toekomstverwagtinge van elke koöperasie, die aard van die verstrekkers van leningskapitaal, die onafhanklikheidseis by en die afnameplig van die koöperasie ook 'n rol.

Na aanleiding van hierdie oorwegings is sekere kriteria of riglyne vir 'n doeltreffende finansieringsbeleid by die sitruskoöperasies neergelê.

Die invloed van voldoening aan die gestelde kriteria op die huidige kapitaalstrukture van die primêre sitruskoöperasies kan soos volg saamgevat word:

Tabel 6.10

Vereiste aanpassings in die kapitaalstrukture van die primêre sitruskoöperasies aan die einde van die 1969/70 finansiële jaar om aan die gestelde kriteria vir 'n doeltreffende finansieringsbeleid te kan voldoen

Streek/ Sitruskoöperasie	Benaderde persentasiesamestelling van totale kapitaal													
	Interne middele		Opbetaalde aandele		Totale eie kapitaal		Verpligte verwante langtermynkapitaal		Totale verpligte langtermynledebydraes		Ander kapitaal <sup>1)</sup>		Totaal	
	1969/70	Kriterium	1969/70	Kriterium	1969/70	Kriterium	1969/70	Kriterium	1969/70	Kriterium	1969/70	Kriterium	1969/70	Kriterium
<u>Oos-Kaap</u>														
2	8	14	28	43	36	57	44	11	80	68	20	32	100	100
6	16	17	37	26	53	43	10	9	63	52	37	48	100	100
20	35	35	37	20	72	55	0	11	72	66	28	34	100	100
7	23	26	1	22	24	48	43	9	67	57	33	43	100	100
14	36	36	1	9	37	45	45	9	82	54	18	46	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	23	26	21	24	44	50	29	10	73	60	27	40	100	100
<u>Wes-Kaap</u>														
9	29	29	1	10	30	39	50	8	80	47	20	53	100	100
<u>Oos-Transvaal</u>														
10	24	24	20	20	44	44	30	9	74	53	26	47	100	100
4	1	34	7	31	8	65	79	13	87	78	13	22	100	100
16	6	19	12	37	18	56	51	11	69	67	31	33	100	100
17	13	16	7	35	20	51	43	10	63	61	37	39	100	100
1	10	25	14	29	24	54	42	11	66	65	34	35	100	100
18	27	27	7	8	34	35	36	7	70	42	30	58	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	14	24	11	27	25	51	47	10	72	61	28	39	100	100
<u>Noord-Transvaal</u>														
21	21	47	35	24	56	71	38	14	94	85	6	15	100	100
19	7	20	11	47	18	67	49	14	67	81	33	19	100	100
11	3	14	4	19	7	33	48	7	55	40	45	60	100	100
15	11	15	7	20	18	35	18	7	36	42	64	58	100	100
12	14	15	12	48	26	63	41	12	67	75	33	25	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	11	22	14	32	25	54	39	11	64	65	36	35	100	100
<u>Wes-Transvaal</u>														
8	14	15	39	19	53	34	8	7	61	41	39	59	100	100
5	3	18	10	40	13	58	9	12	22	70	78	30	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	9	17	24	29	33	46	9	10	42	56	58	44	100	100
<u>Natal</u>														
3	13	26	5	24	18	50	51	10	69	60	31	40	100	100
13	3	11	7	29	10	40	64	8	74	48	26	52	100	100
Gemiddeld per koöperasie in streek	8	19	6	26	14	45	58	9	72	54	28	46	100	100
Gemiddeld per koöperasie vir alle sitruskoöperasies	15	23	15	27	30	50	38	10	68	60	32	40	100	100
Totaal alle sitruskoöperasies R'000	1 353,6	1 988,1	1 502,7	2 483,0	2 856,3	4 471,1	3 181,2	894,2	6 037,5	5 365,3	3 115,7	3 787,9	9 153,2	9 153,2

1) Sluit in vrywillige verwante langtermynkapitaal, vreemde lang- en korttermynkapitaal en die minimum aan verwante korttermynkapitaal wat om praktiese redes nie onmiddellik uitbetaalbaar is nie.

Die gegewens in tabel 6.10 vereis min toeligting en daar word met enkele opmerkings volstaan.

1. In absolute terme sal voldoening aan die kriteria wat in hierdie hoofstuk gestel is die volgende gesamentlike invloed op die sitruskoöperasies in Suid-Afrika hê:

	Interne kapitaal	Aandele- kapitaal	Verpligte verwante langter- mynkapi- taal	Ander kapitaal
	R	R	R	R
Huidige omvang	1 353 600	1 502 700	3 181 200	3 115 700
Aanbevole omvang	1 988 100	2 483 000	894 200	3 787 900
Verskil (+ of -)	+634 500	+980 300	-2 287 000	+672 200

Die netto invloed van voldoening aan die kriteria is dus toenames van onderskeidelik R634 500, R980 300 en R672 200 in die interne kapitaal, opbetaalde aandelekapitaal en ander kapitaal (vrywillige langtermynlenings van lede, vreemde lang- en korttermynkapitaal en verwante korttermynkapitaal) en 'n vermindering van R2 287 000 in die verpligte verwante langtermynkapitaal (roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse en roterende ledeheffingsfondse); dus 'n totale vermindering van R672 200 in verpligte langtermynledebydraes.

2. In relatiewe terme en gemiddeld per koöperasie vir alle sitruskoöperasies in Suid-Afrika, sal voldoening aan die kriteria die volgende invloed hê:

	Interne kapitaal	Aandele- kapitaal	Verpligte verwante langter- mynkapi- taal	Ander kapitaal
Huidige %	15	15	38	32
Aanbevole %	23	27	10	40
Verskil (+ of -) %	+8	+12	-28	+8

Gemiddeld per koöperasie vir alle sitruskoöperasies sal die onderskeie bydraes van die interne kapitaal, aandelekapitaal en

ander kapitaal tot die totale kapitaal vanaf vyftien persent na 23 persent, vyftien persent na 27 persent en vanaf 32 persent na 40 persent toeneem, terwyl dié van die verpligte verwante langtermynkapitaal sal daal vanaf 38 persent tot tien persent van die totale kapitaal, 'n netto daling vanaf 68 persent na 60 persent in die belang van verpligte langtermynledebydraes tot die totale kapitaal.

3. Die bogenoemde totale syfers vir alle koöperasies en die gemiddelde persentasies per koöperasie verberg aansienlike verskille tussen die individuele koöperasies en tussen die gemiddeldes vir die koöperasies in die verskillende streke, maar individuele verduidelikings skyn onnodig te wees, in die lig van wat vroeër reeds geskryf is.

4. Die groot swakheid in die huidige finansiële strukture by die oorgrote meerderheid van die sitruskoöperasies is 'n te groot afhanklikheid van die verpligte verwante langtermynkapitaal. In plaas daarvan dat die koöperasies hierdie tipe kapitaal aangewend het vir die tydelike en gedeeltelike vervanging van vreemde kapitaal totdat voldoende eie kapitaal opgebou kon word, skyn die posisie te wees dat die meeste koöperasies hierdie kapitaal beskou as 'n permanente substituuat vir eie en vreemde kapitaal. *In verband met die permanente substitusie van eie kapitaal deur verpligte verwante langtermynkapitaal merk die Kommissie*<sup>1)</sup> tereg soos volg op: „Met die oog op dié moeilikhede (van te min eie kapitaal) word dan na 'n oplossing gesoek in die skepping van allerlei ledefondse. Maar omdat die meeste daarvan die karakter van lenings het, los hulle die vraagstuk van die stabiliteit van die eie kapitaal nie op nie. Die koöperasie bly maar altyd sit met die probleem dat hy nie ... 'n meer of minder groot stuk kapitaal het nie wat op onbepaald lang termyn tot sy beskikking staan“.

*In verband met die substitusie van vreemde deur verpligte*

---

1) Die Kommissie van Onderzoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, *op.cit.*, p.133.

*verwante langtermynkapitaal*; kapitaalkoste-oorwegings en veral die finansiële posisie van die boerelede maak dit ongewens.

5. Uit 'n konserwatiewe solvabiliteitsoogpunt beskou wat ten minste gelyke dele eie en ander kapitaal vereis, laat die finansiële strukture wat aan die hand gedoen is by 'n aantal sitruskoöperasies nog heelwat te wense oor. Die finansiële strukture voorsien egter vir 'n volle dekking van vaste bates deur eie kapitaal en aangesien dit juis die vaste bates is wat die grootste verliesmoontlikhede by ontbinding inhou, loop die verstrekkers van ander kapitaal as die eie, min risiko's. Die gestelde kriteria hou in elk geval ten volle rekening met die veel belangriker likiditeitsoorweging.

---

## HOOFSTUK 7

ALGEMENE SAMEVATTING

1. Op 1 Januarie 1971 was daar 32 primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings geregistreer. Hierdie koöperasies kan in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik die groep wat as hoof funksie (en meesal enigstel funksie) die verteenwoordiging van hulle lede op die Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Sitrusbeurs Beperk het en die groep wat as hoof funksie die uitvoering van fisiese sitrusbemarkingsfunksies namens hulle lede het. In die lig van hulle beperkte omvang en die feit dat hulle nie aktief aan die sitrusbemarkingsproses deelneem nie, is die eerste groep, bestaande uit elf sitruskoöperasies, vir die doeleindes van hierdie studie buite rekening gelaat.

2. Die oorblywende 21 sitruskoöperasies is ondernemings wat deur sitrusprodusente gestig is met die hoofdoel om op 'n gesamentlike, vrywillige, kontinue en transaksiegrondslag die winsgewendheid van hulle (die deelnemende lede se) onderskeie sitrusbedrywe te verhoog. Ten einde hierdie verhoogde winsgewendheid aan die deelnemende lede se bedrywe te bied, verrig al die betrokke sitruskoöperasies sitrusbemarkingsfunksies en een of meer addisionele funksies (sitrusproduksiefunksies, verskaffing van boerderybenodigdhede en diverse dienste soos die bewerking van boorde en die voorsiening van werkswinkel- en kwekerydienste) volgens die ekonomiteitsprinsipe vir en namens die lede. Deur die betrokke funksies aan die sitruskoöperasies oor te dra hoop die lede om ekonomiese voordele in die vorm van prysvoordele en verhoogde tegniese doeltreffendheid te behaal b6 die wat deur individuele optrede moontlik sou wees.

3. Of 'n koöperasie in sy doelstellings sal slaag, word hoofsaaklik bepaal deur die onderlinge verhouding wat tussen lede en koöperasie heers. Die skepping en handhawing van goeie onderlinge verhoudinge bring regte en verpligtinge vir beide die

lede en die koöperasie mee en hierdie regte en verpligtinge vind ook beslag in die finansiering van die koöperasie. Die koöperasie as onderneming, moet naamlik sorgdra dat hy veilig (uit die oogpunt van kontinuïteit) en voordelig (uit die oogpunt van ekonomiese voordele aan lede) gefinansier is. Op die lede rus weer die verpligting om voldoende kapitaal teen billike voorwaardes tot die beskikking van die koöperasie te stel. Kritiek is in die verlede dikwels uitgespreek teen die feit dat die lede en/of koöperasies hulle verpligtinge in hierdie verband nie na wense nakom nie en dat die koöperasies gevolglik nie behoorlik in hulle doelstellings kan slaag nie. Die studie het ten doel gehad om te bepaal of die bogenoemde kritiek ook op die finansiering van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika van toepassing is en om waar nodig, riglyne vir die verbetering van die huidige situasie aan te dui:

4. Om in hierdie doel te kon slaag is

a. 'n studie van toepaslike finansierings- en koöperatiewe literatuur gemaak om as vergelykingsmaatstaf en verwysingsraamwerk vir die beoordeling van die finansieringsdoelmatigheid van die primêre sitruskoöperasie in Suid-Afrika te dien;

b. die benodigde inligting vanaf die primêre sitruskoöperasies deur middel van persoonlike besoeke en uitgestuurde vraelyste verkry en hierdie inligting is waar nodig verder aangevul deur inligting verkry vanaf die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings;

c. die verkrygte inligting verwerk en binne die raamwerk van die probleemstelling (doel van die studie) geïnterpreteer.

5. Alhoewel daar verskeie faktore is wat normale verskille in die absolute en relatiewe omvang van die kapitaalinvesterings deur die onderskeie sitruskoöperasies tot gevolg het (verskille in funksies wat verrig word en die relatiewe belang van die funksies, bestaansjare, vestigingsplekke, ledetalle, sitrusvariëteite, sitrusboomgetalle, potensieële oesopbrengste per sitrusboom, algemene beleid en ekonomiese en tegniese oorwegings) en alhoewel 'n verhoudingsanalise in die algemeen en ook omdat

dit op die boekwaardes van bates gegrond is, aan afleidingsbeperkings onderhewig is, het die gesamentlike resultate van 'n aantal verhoudingsmaatstawwe daarop gedui dat 'n aantal sitruskoöperasies oor- of onder-gekapitaliseer is. Dit beteken dat die betrokke koöperasies nie hulle funksies op die mees ekonomiese of tegniese doeltreffendste wyse uitvoer nie en kan in die geval van oorkapitalisering beteken dat die koöperasies oormatige kapitaaleise aan die lede stel waardeur die lede van kapitaal ontnem word wat in hulle eie bedrywe of elders meer winsgewend aangewend kan word. Die betrokke koöperasies behoort hulle kapitaalinvesterings in heroënskou te neem en waar nodig (en moontlik) stappe te doen om dit op 'n meer rasionele grondslag te plaas. 'n Behoorlike begrotingsbeheerstelsel is 'n belangrike hulpmiddel om kapitaalinvestering doeltreffender te maak.

6. Die vorme van kapitaal tot beskikking van die primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika kan soos volg ingedeel word:

a. Ledebydraes

- (1) Eie kapitaal
  - (a) Op onbepaald lang termyn  
(interne middele)
    - (i) Ingehoue winste
      - Algemene reserwefonds
      - Gebeurlikheidsreserwes
      - Geheime reserwes
    - (ii) Onverdeelde winste
    - (iii) Afskrywingsbedrae
  - (b) Op bepaald lang termyn  
(aandelekapitaal)
- (2) Verwante kapitaal
  - (a) Op lang termyn
    - (i) Roterende ledeheffingsfondse
    - (ii) Roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse
    - (iii) Lenings van lede

b. Vreemde kapitaal

- (1) Op lang termyn
  - (a) Landbankpaaiementslenings
  - (b) Ander lenings
- (2) Op kort termyn
  - (a) Landbankkaskredietrekenings
  - (b) Handelsbanke
  - (c) Handelskrediteure

(b) Op kort termyn  
 (Bedrae aan lede verskuldig  
 vir omsetbonusse, rente op  
 aandele en produkte gelewer).

7. Daar is weinig kritiek teen die voorwaardes en metodes waarop die sitruskoöperasies interne middele opbou en kan opbou uit te sreek. In terme van latere gevolgtrekkings behoort *verbeurdverklaarde* aandelegelde, roterende ledeheffingsfondse en roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse egter as potensiële bronne vir die opbouing van die algemene reserwefondse te verval. Uit 'n ondersoek van die afskrywingsbeleide wat deur die onderskeie sitruskoöperasies gevolg word, wil dit voorkom asof sommige van hierdie koöperasies oor geheime reserwes as gevolg van oormatige afskrywings op vaste bates, beskik. Alhoewel 'n mate van konserwatisme in hierdie opsig meriete het, kan die doelbewuste skepping van geheime reserwes nie ondersteun word nie.

8. Anders as by die gewone publieke maatskappy waar die opbetaalde aandelekapitaal, soos die interne middele, vir 'n onbepaalde lang termyn tot die beskikking van die onderneming staan, is die opbetaalde aandelekapitaal by die sitruskoöperasies aan skommelings onderhewig omdat dit onder sekere omstandighede (soos by afsterwe en staking van bedryf) aan die lede terugbetaalbaar is. Die opbetaalde aandelekapitaal is dus in wese slegs vir 'n bepaalde (nie spesifieke) lang termyn tot die beskikking van die sitruskoöperasies. Dit is korrek dat dit so is omdat kapitaaldeelname by 'n koöperasie in beginsel met lidmaatskap begin en eindig en ook om ten volle uitvoering aan die vrywilligheidsbeginsel te gee. Daarom behoort al die sitruskoöperasies onder normale omstandighede 'n lid se belange in die aandelekapitaal by bedanking, uitsetting, afsterwe of staking van sy sitrusbedryf in die omgewing wat deur die betrokke koöperasie bedien word, ten volle binne 'n spesifieke tydperk aan hom terug te betaal. Ter beskerming van die posisie van ander lede en die verstreckers van vreemde kapitaal en ook om

ontrouheid deur lede te ontmoedig, behoort die terugbetalingsperiode in die geval van bedanking en uitsetting langer as in die ander gevalle gestel te word.

9. Die nominale waarde van die aandele wat deur twintig van die sitruskoöperasies uitgereik word, is twee rand per aandeel waarvan twintig sent by aansoek betaalbaar is en die res, met sekere beperkings, op tye en in groottes soos deur die onderskeie rade van direkteure vereis. By die meeste van hierdie twintig sitruskoöperasies is daar egter min of geen aandeeloproepe gemaak nie. Omdat die lede steeds aanspreeklik bly vir die betaling van die onopbetaalde gedeeltes van hulle aandele benadeel 'n groot onopbetaalde aandelekapitaal hulle kredietwaardigheid en finansiële onderhandelingsvermoë na buite en dit is daarom die mening dat die sitruskoöperasies 75 persent van die nominale waarde van hulle aandele binne tien jaar vanaf uitreiking behoort op te roep. Die 25 persent onopgeroepte gedeelte behoort voldoende te wees om as sekuriteit vir lenings te dien en laat ook 'n mate van buigsaamheid aan die koöperasies oor. Die een oorblywende koöperasie reik aandele met 'n nominale waarde van een rand elk uit, welke bedrag ten volle by aansoek betaalbaar is.

10. Die meeste sitruskoöperasies vereis dat hulle lede aandele op 'n transaksiegrondslag moet hou en dit is uit 'n praktiese en koöperatiewe oogpunt te ondersteun. Die begrip „transaksiegrondslag" word egter op verskillende maniere vertolk terwyl die skaal van aandeelhouding tussen die koöperasies wat dieselfde vertolking aan die begrip transaksiegrondslag heg, ook verskil. Die regulasies in verband met aandeelhouding is by heelwat van die sitruskoöperasies ook vaag, vir verskillende vertolkings vatbaar en skep verder geleentheid vir diskriminasie tussen lede wat in soortgelyke omstandighede verkeer. Die doel van aandeelhouding op transaksiegrondslag is om sorg te dra dat die lede tot die aandelekapitaal van 'n koöperasie bydra in verhouding tot die kapitaalbehoefte wat deur hulle lidmaatskap van die koöperasie geskep word. Gesien uit die oogpunt van die beïnvloeding van die kapitaalbehoefte deur die lid is die si-

trusboomgetalle waaroor die lid beskik en die potensiële oesopbrenge per sitrusboom die belangrikste faktore. Alhoewel die verskillende grondslae van aandeelhouing wat tans by die sitruskoöperasies in gebruik is almal sekere voor- en nadele het, is die mening derhalwe dat al die sitruskoöperasies die aandeelhouing van hulle lede op die getal sitrusbome waaroor elke lid beskik, moet grond en dat die skaal van sodanige aandeelhouing in die regulasies van die betrokke koöperasies vasgelê behoort te word. In die skaal van aandeelhouing behoort daar ook gedifferensieer te word tussen sitrusbome van verskillende ouderdomme en variëteite omdat laasgenoemde twee aspekte 'n invloed op die potensiële oesopbrenge per boom en dus op die kapitaalbehoefte het. Watter grondslag van aandeelhouing egter ookal in gebruik is, die regulasies van elke sitruskoöperasie behoort sodanig opgestel te wees dat dit ten minste voorsien vir die stabiliteit van die aandeelkapitaal en die gelyke en regverdigte behandeling van lede en dit moet ook aan die lid sekerheid verskaf in verband met sy maksimum toekomstige aanspreeklikheid met betrekking tot aandeelhouing in die betrokke koöperasie.

11. Al die sitruskoöperasies wat aandeelhouing op 'n transaksiegrondslag vereis (en almal behoort) behoort addisionele stemreg op 'n transaksiegrondslag aan lede toe te ken, want dit lyk alleen regverdig te wees dat die lid met die grotere belange ook die grotere seggenskap in die leiding moet hê. Alhoewel die Wet op Koöperatiewe Verenigings die „waarde van die besigheid" per lid as die enigste grondslag vir die toekenning van addisionele stemreg magtig, wyk sommige van die sitruskoöperasies reeds van hierdie bepaling af en die sitruskoöperasies behoort toegelaat te word om in hulle regulasies die toekenning van addisionele stemreg na eie goeddunke te reël. Omdat dit onder sekere omstandighede misbruik in die hand werk, behoort stemming deur middel van volmagte egter tot uiters twee of drie per lid beperk te word.

12. Die koöperasie-aandeel gee net 'n beperkte aanspraak op wins aangesien die koöperasie in beginsel winsverdeling op transaksiegrondslag doen. Die winsuitkering op aandele (rente op

opbetaalde aandelekapitaal) word wetlik tot agt persent per jaar en deur die Modelregulasies tans tot ses persent per jaar beperk. Slegs sewe van die sitruskoöperasies het in 1969/70 rente op die opbetaalde aandelekapitaal aan hulle lede betaal teen koerse wat gewissel het tussen agt en 4,5 persent per jaar. Omdat daar 'n wanbalans tussen die aandeelhouding van individuele lede en die kapitaalbehoefte wat deur hulle lidmaatskap geskep word, bestaan en omdat groter vrywillige aandeelhouding in sommige gevalle aangemoedig behoort te word en ook omdat die lid wat aandeelkapitaal tot die beskikking van die koöperasie stel, behoorlike vergoeding vir sy kapitaalrisiko behoort te ontvang, behoort al die sitruskoöperasies jaarliks rente op aandelekapitaal aan lede teen die maksimum toelaatbare koers van agt persent per jaar te betaal.

13. Die verpligte verwante langtermynkapitaal bestaan by die sitruskoöperasies veral uit die roterende ledeheffingsfondse, maar in 'n mindere mate ook uit roterende uitgestelde bonusbetalingfondse. Die bydrae van lede tot die roterende ledeheffingsfondse word deur die sitruskoöperasies bereken volgens 'n vaste bedrag per eenheid gelewerde produk en/of volgens 'n persentasie van die netto opbrengs van die gelewerde produk. Hoewel beide grondslae meriete het, word die „persentasie van die netto opbrengs" as grondslag vir die berekening van bydraes van lede tot die roterende ledeheffingsfonds verkies omdat hier met verpligte bydraes gewerk word en hierdie grondslag die betaalvermoë van die lede in aanmerking neem.

14. Die koste van die kapitaal wat deur middel van die roterende ledeheffingsfondse geïen word, is vir die sitruskoöperasies die rente wat hulle daarop aan lede betaal. Sommige van die sitruskoöperasies se regulasies maak tans nie vir die betaling van rente aan lede op hulle belange in die koöperasie se roterende ledeheffingsfondse voorsiening nie. In die gevalle waar sodanige voorsiening wel gemaak word, is dit opvallend dat die betaling van die jaarlikse rente in heelwat gevalle opsioneel en nie verpligtend is nie. Dit is

verder ook opvallend dat waar daar wel vir rentebetalinge voorsien word, slegs sekere maksimum rentekoerse, maar geen minimum rentekoerse neergelê word nie. Dit beteken dat 'n koöperasie, selfs al is rentebetaling jaarliks verpligtend, enige koers tussen nul en die maksimum koers kan betaal. Die huidige posisie by die sitruskoöperasie is dus dat hulle hier oor 'n uiters goedkoop vorm van kapitaal beskik, so goedkoop dat dit in die meeste gevalle neerkom op 'n uitbuiting van sekere lede en alle gewese lede wat nog belange in die fonds het. Die mening is derhalwe dat elke sitruskoöperasie verplig moet wees om aan lede jaarliks rente op hulle belange in die roterende ledeheffingsfonds te betaal en wel teen 'n koers wat nie met meer as een persent van die heersende rentekoers van die Landbank op paaiementslenings behoort af te wyk nie.

15. Die opbrengs van die roterende ledeheffingsfondse is op bepaald lang termyn tot die beskikking van die koöperasies aangesien dit na 'n spesifieke periode en/of by die plaasvind van 'n sekere toekomstige gebeurtenis aan die lid terugbetaalbaar is. Uit die oogpunt van die lid gesien, is sy belange in die roterende ledeheffingsfonds egter redelik vas, alhoewel minder so as in die geval van sy opbetaalde aandelekapitaal. Hoewel die belange van 'n lid in hierdie fonds slegs by enkele van die sitruskoöperasies oordraagbaar aan 'n ander lid is, kan hy dit in die gewone loop van omstandighede na 'n aantal jare (spesifiek vermeld of wanneer die koöperasie finansiëel daartoe in staat is) in rotasie begin terugkry. Gewoonlik kan hy dit by dood, staking van bedryf, vertrek uit die omgewing, en, in die meeste gevalle, by bedanking en uitsetting ook eenmalig of in rotasie ten volle terugkry. By enkele koöperasies loop die lid egter die risiko om sy kapitaal wat in hierdie bron steek, geheel of gedeeltelik te verbeur en by die meeste sitruskoöperasies is die posisie verder dat terugbetaling in elk geval volgens diskresie van die rade van direkteure onbepaald vertraag kan word. Met volle inagneming van die belange van die koöperasie en ander lede en die aard van die bydraes van lede tot die roterende ledeheffingsfondse (verpligte lenings aan die koöperasie) behoort die sitruskoöperasies die volgende riglyne te volg:

a. Geen spesifieke termyn behoort vir die terugbetaling van lede se belange in die roterende ledeheffingsfondse onder normale omstandighede gestel te word nie; die termyn behoort rekbaar te wees.

b. By afsterwe, staking van die sitrusbedryf in die gebied wat deur 'n besondere koöperasie bedien word en by bedanking of uitsetting, behoort die belange van 'n lid in die roterende ledeheffingsfonds onmiddellik ten volle terugbetaal te word indien die betrokke raad van direkteure, gesteun deur die ouditeure, van mening is dat die koöperasie finansieel daartoe in staat is. Terugbetaling behoort in elke geval nie later te geskied as wat die geval sou gewees het indien die persoon lid van die koöperasie sou gebly het nie of wanneer hy onder soortgelyke omstandighede terugbetaling van sy belange in die aandeelkapitaal sou terugontvang nie, watter een van die laasgenoemde twee tydstippe ookal eerste sou wees.

16. Die roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse van die sitruskoöperasies stem in beginsel ooreen met die roterende ledeheffingsfondse behalwe dat eersgenoemde uit teruggehoue omsetbonusse opgebou word. In breë trekke geld dieselfde opmerkings vir die roterende uitgestelde bonusbetalingsfondse as dié wat by die roterende ledeheffingsfondse gemaak is.

17. Lenings van lede (vrywillige verwante langtermynkapitaal) is van min belang by die sitruskoöperasies en ten tye van die opname vir hierdie studie het slegs een van die koöperasies oor sodanige lenings beskik, wat 'n aanduiding is dat die lede van die koöperasies nie in staat of bereid is om fondse op hierdie wyse tot die beskikking van hulle koöperasies te plaas nie. Die voorwaardes waarop die betrokke sitruskoöperasies lenings van lede kan aangaan is in breë trekke dieselfde as dié wat in die Modelstatuut vervat is en is aan weinig kritiek onderhewig.

18. Die sitruskoöperasies beskik almal oor verwante korttermynkapitaal in die vorm van bedrae aan lede verskuldig vir sitrusvrugte aan die koöperasies gelewer en hierdie bedrae is in heel-

wat gevalle van aansienlike omvang. Die doelbewuste terughou-  
ding van sodanige verskuldigde bedrae kan op geen gronde onder-  
steun word nie aangesien dit onder alle omstandighede die goeie  
verhoudings tussen lede en koöperasies skend.

19. Vreemde kapitaal word hoofsaaklik deur die sitruskoöpera-  
sies op die lang en kort termyn van die Landbank en op die kort  
termyn ook van handelsbanke en leweransiers aangetrek. Afge-  
sien van die streng sekerheidseise, veral in soverre dit die  
persoonlike aanspreeklikheid van lede betref en die inmenging  
van die Landbank in die sake van die koöperasies, is die voor-  
waardes waarop die koöperasies kapitaal van die Landbank kan  
verkry, billik. Dit sitruskoöperasies moet egter waak teen  
die oormatige gebruik van handelsbank- en leweransierskrediet  
aangesien dit duur is en ook maklik in tye van skaarste ingetrek  
kan word. Leweransierskrediet het die verdere nadeel dat 'n  
koöperasie wat daarvan gebruik maak sy onderhandelingsvermoë aan  
bande kan lê wanneer hy in 'n te groot mate van die kredietfasi-  
liteite van een of meer leweransiers afhanklik word.

20. Die finansieringsbeleid van 'n koöperasie verwys na die be-  
leid wat gevolg word by die kombinerings van die verskillende be-  
skikbare kapitaalvorme inagnemende die besondere kapitaalbehoef-  
tes van die betrokke koöperasie. 'n Doelmatige finansierings-  
beleid vereis dat oorweging aan die invloede van die volgende  
faktore geskenk word by hierdie kombinerings van die verskillende  
kapitaalvorme:

- a. Die kapitaalkoste-oorweging;
- b. die toekomsverwagtinge of risiko-oorweging;
- c. die onafhanklikheidseis en die afnameplig;
- d. die aard van die verstreckers van leningskapitaal;
- e. die solvabiliteitsoorweging; en
- f. die likiditeitsoorweging.

21. Word die moontlike invloede van hierdie faktore op die hui-  
dige finansieringsbeleide van die primêre sitruskoöperasies ont-

leed, dan lei dit tot die gevolgtrekking dat hierdie koöperasies in die algemeen oor te min eie kapitaal op beide bepaald en onbepaald lang termyn beskik. Hierteenoor beskik die meeste sitruskoöperasies oor 'n oormaat verpligte verwante langtermynkapitaal. Die netto posisie in die algemeen is dat die sitruskoöperasies, as gevolg van die oormatige aanwending van verpligte verwante langtermynkapitaal, buitensporige kapitaaleise aan die lede, wat meesal reeds onder 'n kapitaaltekort gebuk gaan, stel.

22. Die mening is gevolglik dat die sitruskoöperasies hulle langtermynfinansieringsbeleide daarop behoort in te stel om:

- a. Hulle kapitaalinvesterings in grond en geboue met tussen 75 persent en 100 persent uit interne middele te finansier;
- b. die res van hulle kapitaalinvesterings in vaste bates met aandelekapitaal (eie kapitaal op bepaald lang termyn) te finansier; en
- c. die verpligte verwante langtermynkapitaal slegs aan te wend ter gedeeltelike finansiering van hulle behoefte aan duursame vlottende kapitaal en wel tot 'n maksimum van ongeveer twintig persent van hulle kapitaalinvestering in vaste bates. Die res van die duursame vlottende kapitaalbehoefte behoort met vreemde en/of vrywillige verwante langtermynkapitaal gefinansier te word, terwyl die wisselende vlottende kapitaalbehoefte, afhangende van wat die goedkoopste is, met korttermynkrediet (verkieslik vanaf die Landbank) en/of vreemde langtermynkapitaal en/of vrywillige verwante langtermynkapitaal gefinansier behoort te word.

23. Voldoening aan die voorgenoemde kriteria behoort daartoe by te dra dat die primêre sitruskoöperasies beter in hulle doel (die verhoogde winsgewendheid van hulle lede se sitrusbedrywe op 'n gesamentlike, vrywillige, kontinue en transaksiegrondslag) as wat tans die geval is, sal slaag.

---

BIBLIOGRAFIEBOEKE

1. Abma, E. 1962. *Leiding en leden in landboucoöperaties*. Meppel, Boom en Zoon.
2. Allwright, Winston, J. *Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Sitrusbeurs Beperk, sy geskiedenis, beleid en prestasies*. Pretoria.
3. Archer, Stephen H. en Charles A. D'Ambrosio. 1966. *Business finance; theory and management*. New York, MacMillan.
4. Bakken, Henry H. 1963. *Basic concepts, principles and practices of cooperation*. Wisconsin, Mimir Publishers.
5. Ball, Richard E. en Z. Lew Melnyk. 1967. *Theory of managerial finance; selected readings*. Boston, Allyn & Bacon.
6. Bedi, R.D. 1962. *Theory, history and practice of co-operation*. Meerut, International Publishing House.
7. Bogardus, Emory S. 1960. *Problems of cooperation*. Wisconsin, Cooperative League of the U.S.A.
9. Bonnievale, Joseph H. et.al. 1959. *Organizing and financing business*. Joseph H. Bonnievale, Lloyd E. Dewey and Harry M. Kelly, 6th ed. New Jersey, Prentice-Hall.
10. Castle, Emery N. et.al. 1972. *Farm business management; the decision-making process*. Emery N. Castle, Manning H. Becker and Frederick J. Smith, 2nd ed. New York, Macmillan.
11. Cilliers, J.A. 1965. *Inleiding tot die ontleding en vertolking van finansiële state*. Pretoria, Van Schaik's.
12. Cohen, J.B. en S.M. Robbins. 1966. *The financial manager; basic aspects of financial administration*. New York, Harper & Row.
13. Connor, L.R. 1949. *Statistics in theory and practice*. London, Pitman.
14. Cooke, Gilbert W. en Edwin C. Bomeli. 1967. *Business financial management*. Boston, Houghton Mifflin Company.
15. Curran, Ward S. 1970. *Principles of financial management*. New York, McGraw-Hill.
16. Die Koöperatiewe Raad. 1966. *Inleiding tot die koöperasiewese*. Pretoria, Koöperasiepers.
17. Digby, Margaret. 1967. *The world co-operative movement*. London, Hutchinson.

18. Erdman, Henry E. en Grace H. Larsen. 1965. *Revolving finance in agricultural cooperatives*. Wisconsin, Mimir Publishers.
19. Flink, Salomon J. en Donald Grunewald. 1969. *Managerial finance*. New York, Wiley & Sons.
20. Gerstenberg, Charles W. 1953. *Financial organization and management of business*. 3rd ed. New York, Prentice-Hall.
21. Guthmann, Harry G. en Herbert E. Dougall. 1952. *Corporate financial policy*. 2nd ed. New York, Prentice-Hall.
22. Harderwijk, E.D. 1961. *Handleiding voor bestuurders van coöperaties*. Antwerpen, N.V. uitgevers.
23. Helm, F.C. 1968. *The economics of co-operative enterprise*. London, University of London Press.
24. Howard, B.B. en M. Upton. 1953. *Introduction to business finance*. New York, McGraw-Hill.
25. International Labour Office. 1957. *An introduction to co-operative practice*. Geneva.
26. International Labour Office. 1956. *Co-operation - a worker's education manual*. Geneva.
27. Kaarletho, P. 1956. *On the economic nature of cooperation*. Stockholm.
28. Meij, J.L. *Leerboek der bedrijfseconomie*. 4de druk. Deel II. 'S-Gravenhage. N.V. Uitgevers.
29. Miller, Raymond W. 1964. *A conservative looks at co-operatives*. Ohio, University Press.
30. Polak, N.J. 1950. *Enige grondslagen voor de financiering der onderneming*. Haarlem, Bohn.
31. Rädcl, F.E. en H.J.J. Reynders. red. 1965. *Inleiding tot die bedryfseconomie*. Pretoria, Van Schaik's.
32. Reynders, H.J.J. red. 1971. *Finansiële bestuur*. Pretoria, Van Schaik's.
33. Roy, E.P. 1964. *Cooperatives today and tomorrow*. Illinois, Interstate Printers & Publishers.
34. Smith, L.P.F. 1961. *The evolution of agricultural co-operation*. Oxford, Basil Blackwell.
35. Surridge, B.J. en Margaret Digby. 1958. *A manual of co-operative law and practice*. Cambridge, Heffer & Sons.
36. Weston, Fred J. en Eugene F. Brigham. 1970. *Managerial finance*. 3rd ed. London, Holt, Rinehart & Winston.
37. Weston, Fred J. 1966. *The scope and methodology of finance*. New Jersey, Prentice-Hall.

ARTIKELS

1. Don, Yehuda. "Economic analysis of agricultural co-operation". *Yearbook of agricultural co-operation*. 1960. Oxford, Basil Blackwell.
2. Phillips, R. "Economic nature of the co-operative association". *Journal of farm economics*. Vol.35, 1953.
3. Rädcl, F.E. "What is wrong with profit maximisation?" 1972-73. *Gevorderde bemerkingsvraagstukke* (studiegids). Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika.
4. Robotka, F. "A theory of cooperation". Abrahamsen, M.A. en C.L. Scroggs. ed. 1957. *Agricultural co-operation; selected readings*. Minneapolis, University of Minnesota Press.
5. Robotka, F. "A theory of cooperation". *Journal of farm economics*. Vol.29, Febr. 1947.
6. Savage, J.K. "Comment on economic nature of the cooperative association". Abrahamsen, M.A. en C.L. Scroggs. ed. 1957. *Agricultural cooperation; selected readings*. Minneapolis, University of Minnesota Press.
7. Westwick, C.A. "The use of ratios in measuring asset utilization". *The accountant*. 23 Desember 1967.

PROEFSKRIFTE, VERHANDELINGS, SKRIPSIES EN STUDIEGIDSE

1. Aucamp, C.F. 1966. *Koöperatiewe denke*. (Ongepubliseerde M.Comm.-verhandeling). Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch.
2. Boshoff, C.H. 1971. *Die finansiering van landboukoöperasies in Suid-Afrika*. (Ongepubliseerde D.Comm.-proefskrif). Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.
3. Coetzee, F.J.J. 1957. *Landboukoöperasies in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering*. (D.Comm.-proefskrif). Leiden.
4. Herbst, W. 1974-76. *Gevorderde finansiële vraagstukke*. (Studiegids). Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika.
5. Jacobs, D.J.L. 1966. *Die aard van koöperasie*. (Ongepubliseerde M.Comm.-skripsie) Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.
6. Rädcl, F.E. 1971-73. *Marknavorsing A*. (Studiegids 1). Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika.

JAARVERSLAE, VERSLAE EN WETTE

1. *Derde (Finale) Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Landbou.* RP.19/72. Pretoria, Departement Landbou-ekonomie en -bemarking.
2. *Die Landbankwet.* (Wet no.13 van 1944). Pretoria, Staatsdrukker.
3. *Die Wet op Koöperatiewe Verenigings 1939.* (Wet no.29 van 1939, soos gewysig deur Wet no.46 van 1944 en Wet no.44 van 1960). Pretoria, Staatsdrukker.
4. *Jaarverslag van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, 1971.* Pretoria, Land- en Landboubank van Suid-Afrika.
5. *Jaarverslag van die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking vir die tydperk 1 Julie 1969 tot 30 Junie 1970.* RP.23/71. Pretoria, Departement Landbou-ekonomie en -bemarking.
6. *Jaarverslag van die Sitrusraad.* 1970/71. Pretoria, Sitrusraad.
7. *Report of the Financial Policy Committee.* 1951. London, Co-operative Union Ltd.
8. *Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede.* RP.78/1967. Pretoria, Departement Landbou-ekonomie en -bemarking.

ANDER

1. *Finale rekeninge en balansstate vir die 1968/69 en 1969/70 finansiële jare ten opsigte van 31 primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika.*
  2. *Modelstatuut vir Koöperatiewe Landboumaatskappye met beperkte aanspreeklikheid.* 1972. Pretoria, Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.
  3. *Regulasies van 31 primêre sitruskoöperasies in Suid-Afrika.*
-

NAAM- EN ADRESLYS VAN DIE PRIMÊRE  
SITRUSKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA SOOS OP  
1 JANUARIE 1971

1. Barberton Co-operative Citrus Co. Ltd.  
Posbus 137  
Barberton  
Oos-Transvaal
2. Border Citrus Co-operative Co. Ltd.  
Posbus 105  
Fort Beaufort  
K.P.
3. Elands Valley Citrus Co-operative Co. Ltd.  
Pk. Airlie  
Oos-Transvaal
4. Goedehoop Sitruskoöperasie Bpk.  
Goedehoop  
Citrusdal  
K.P.
5. Hazyview Koöperatiewe Sitrusmaatskappy Bpk.  
Posbus 12  
Hazyview  
Oos-Transvaal
6. Integrity Citrus Growers Co-operative Ltd.  
Posbus 125  
Tzaneen  
Transvaal
7. Karino Koöperatiewe Sitrusmaatskappy Bpk.  
Posbus 39  
Karino  
Oos-Transvaal
8. The Kat River Co-operative Citrus Co. Ltd.  
Posbus 28  
Fort Beaufort  
K.P.
9. Keiskama Citrus Co-operative Co. Ltd.  
Pk. Alice  
K.P.
10. Koedoe Koöperatiewe Sitruspakhuis Bpk.  
Posbus 100  
Letaba  
Transvaal

11. Koonap River Citrus Co-operative Co. Ltd.  
Posbus 27  
Adelaide  
K.P.
12. Laer Letaba Sitruskoöperasie Bpk.  
Posbus 64  
Letsitele  
Transvaal
13. Letaba Estates Co-operative Citrus Co. Ltd.  
Posbus 3044  
Braamfontein  
Transvaal
14. Letsitele Koöperatiewe Sitrusmaatskappy Bpk.  
Posbus 22  
Letsitele  
Transvaal
15. Loskopdam Sitruskoöperasie Bpk.  
Posbus 234  
Marble Hall  
Transvaal
16. Lowlands Citrus Exporters Co-operative Co. Ltd.  
Posbus 41  
Hectorspruit  
Transvaal
17. Lydenburgse Sitruskoöperasie Bpk.  
Posbus 7  
Burgersfort  
Transvaal
18. Magaliesbergse Koöperatiewe Sitrusmaatskappy Bpk.  
Posbus 6  
Reddingshoop  
Transvaal
19. Malelane Sitruskoöperasie Bpk.  
Posbus 68  
Malelane  
Oos-Transvaal
20. Mkusi Falls Koöperatiewe Sitrusmaatskappy Bpk.  
Mahlangasie  
Vryheid  
Natal
21. Muden Co-operative Co. Ltd.  
Pk. Muden  
Natal

22. Natal Co-operative Fruit Export Co. Ltd.  
Posbus 248  
Eshowe  
Natal
  23. Patensie Koöperatiewe Sitrusmaatskappy Bpk.  
Posbus 16  
Patentie  
K.P.
  24. Potgietersrusse Sitruskoöperasie Bpk.  
Posbus 436  
Potgietersrus  
Transvaal
  25. Rustenburg Co-operative Packhouse Ltd.  
Posbus 191  
Rustenburg  
Transvaal
  26. Sundays River Citrus Co-operative Co. Ltd.  
Addo  
K.P.
  27. Tropicsun Citrus Co-operative Ltd.  
Posbus 301  
Louis Trichardt.  
Transvaal
  28. Tzaneen Subtropical Fruit Co-operative Ltd.  
Posbus 9  
Politsi  
Transvaal
  29. Uitenhage District Citrus Growers' Co-operative Co. Ltd.  
Posbus 54  
Amanzi  
Uitenhage  
K.P.
  30. Westend Co-operative Citrus Co. Ltd.  
Alkmaar  
Oos-Transvaal
  31. The White River Fruitgrowers' Co-operative Co. Ltd.  
Witriver  
Oos-Transvaal
  32. Zebediela Co-operative Co. Ltd.  
Posbus 3044  
Braamfontein  
Transvaal
-

VRAEBOOG

BYLAE II

1. NAAM .....

ADRES .....

.....

.....

2. JAAR WAARIN KOÖPERASIE GESTIG IS 19.....

3. FINANSIËLE JAAR EINDIG .....

(Byvoorbeeld 28 Feb.)

4. GETAL LEDE

	EINDE 1968/69	EINDE 1969/70
<input style="width: 100px; height: 20px;" type="text"/>		<input style="width: 100px; height: 20px;" type="text"/>

5. AKTIWITEITE DEUR KOÖPERASIE VERRIG  
(Dui aan met „x“)

- |                                   |   |
|-----------------------------------|---|
| (a) Sitrusverpakking              | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (b) Voorsien boerderybenodigdhede | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (c) Sitrusverwerking              | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (d) Werkswinkel                   | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (e) Dienste                       |   |
| (i) Pluk                          | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (ii) Vervoer                      | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (iii) Massavervoer                | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (iv) Tegniese dienste             | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (v) Kwekery                       | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (f) Ander (Spesifiseer asb.)      |   |
| (i)                               | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (ii)                              | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (iii)                             | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (iv)                              | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |
| (v)                               | <input style="width: 80px; height: 20px;" type="text"/> |

6. OMSET

	1968/69	1969/70
(a) Totaal	<input style="width: 100px; height: 20px;" type="text"/>	<input style="width: 100px; height: 20px;" type="text"/>
(b) Sitrusbemarking	<input style="width: 100px; height: 20px;" type="text"/>	<input style="width: 100px; height: 20px;" type="text"/>
(c) Sitrusverwerking	<input style="width: 100px; height: 20px;" type="text"/>	<input style="width: 100px; height: 20px;" type="text"/>

	1968/69	1969/70
(d) Boerderybenodigdhede	R	R
(e) Ander	R	R

7. SITRUSVARIËTEITE HANTEER

(Dui asb. aan of die syfer wat u verstrek, in ponde, kilogram 15kg-eenhede, 30lb.-eenhede, 40lb.-eenhede, 40lb. - of 50lb. plukkiste ens. is.)

	Totale hoeveelheid	
	1968 seisoen	1969 seisoen
(a) Nawels		
(b) Valensias		
(c) Suurlemoene		
(d) Pomelos		
(e) Proteas		
(f) Disas		
(g) Ander (spesifiseer) .....		
(h) Totaal		

8. DUUR VAN SITRUSVERPAKKINGSEISOEN .....  
(Byvoorbeeld - April/September)

9. AANTAL INGESKREWE SITRUSBOME

1968/69	1969/70
[ ]	[ ]

10. BENADERDE KAPASITEITSBESETTING VAN VERPAKKINGSMASJIENE

1968/69	1969/70
[ ] %	[ ] %

11. BENADERDE PERSONEELBEHOEFTE

	Permanent	Maks.
(a) Blank	[ ]	[ ]
(b) Nie-blank	[ ]	[ ]

12. BATES EN LASTE

I BATES

Teen boekwaarde

A. Vaste

	1968/69	1969/70	Normale waarde- vermindering
(a) Grond	R	R	%
(b) Geboue	R	R	%
(c) Masjinerie	R	R	%

	1968/69	1969/70	Normale waarde- vermindering
(d) Voertuie	R	R	⊗
(e) Meubels	R	R	⊗
(f) Gereedskap	R	R	⊗
(g) Plukkiste	R	R	⊗
(h) .....	R	R	⊗
(i) .....	R	R	⊗
(j) .....	R	R	⊗
(k) .....	R	R	⊗
Totale vaste bates	R	R	
Kosprys van bogenoemde indien moontlik	R	R	

B. Vlottend

	1968/69	1969/70
(a) Handelsvoorraad		
(b) Pakmateriaal voorraad		
(c) Ander voorraad		
(d) Debiteure - Lede		
Debiteure - Ander		
(e) Poeldebiete		
(f) Kontant en bank		
(g) Ander bates (spesifiseer)		
(i) .....		
(ii) .....		
(iii) .....		
(iv) .....		
(v) .....		
<b>C. <u>TOTALE BATES VOLGENS</u></b>		
<b>    <u>BALANSSTAAT</u></b>		

II LASTE

A. AANDELE

	1968/69	1969/70
(a) Getal uitgereik		
(b) Nominale waarde per aandeel	R.....	.....
(c) Opgeroep per aandeel	R	R
(d) ⊗ Rente op aandele betaal	⊗	⊗

	1968/69	1969/70
(e) Netto opbetaalde aandele- kapitaal	R	R
<b>B. LEDEFONDSE</b>		
(a) Ledeheffings	R	R
(b) Roterende ledeheffing	R	R
(c) Uitgestelde bonusbetalings	R	R
(d) Roterende uitgestelde bo- nusbetalings	R	R
<b>C. RESERWES</b>		
(a) Algemene Reserwe	R	R
(b) Ander (spesifiseer)		
(i) .....	R	R
(ii) .....	R	R
(iii) .....	R	R
<b>D. LENINGS VAN LEDE</b>	R	R
<b>E. ONVERDEELDE SURPLUS</b>	R	R
<b>F. LANGTERMYNLENINGS</b>		
(a) Landbank	R	R
(b) Ander	R	R
<b>G. KORTTERMYNLENINGS</b>		
(a) Landbank	R	R
(b) Oortrokke bank	R	R
(c) Ander	R	R
<b>H. KREDITEURE</b>		
(a) Handels	R	R
(b) Poelkrediete	R	R
(c) Ander	R	R
<b>I. ANDER LASTE (spesifiseer)</b>		
(a)	R	R
(b)	R	R
(c)	R	R
<b>J. TOTALE LASTE SOOS PER BALANSSTAAT</b>	R	R

13. TOEKOMS

Wat is u voorspelling aangaande die toekoms van sitrus vir die volgende 5-10 jaar?

VRAAG .....

MEDEDINGING .....

KOSTE .....

PRYS .....

14. Indien moontlik sal dit waardeer word indien u my van die volgende stukke kan voorsien:

(a) 'n Afskrif van u koöperasie se bestaande regulasies.

(b) Afskrifte van u koöperasie se balansstate en finansiële rekeninge vir die finansiële jare geëindig ..... en .....

(c) Afskrifte van die direkteursverslae aan lede vir die finansiële jare geëindig ..... en .. ..